

L A T Y N O N D E R W Y S

in

SUID - AFRIKAANSE SKOLE

(1839 - 1947)

deur

W. N. COETZEE M.A., M. Educ.

'n Akademiese proefskrif
voorgelê ter verkryging
van die graad

D O C T O R P H I L O S O P H I A E

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

(POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEITSKOLLEGE VIR C.H.O.)

P R O M O T O R:

PROF. J. CHRIS COETZEE, M.A., M. Ed., D. Phil.

-----0000000-----

(1)
INHOUDSOPGAWE.

Bladsy.

Voorwoord.

AFDELING 1.

Hoofstuk 1.

'n Kort oorsig van Latynonderwys in Europa en Amerika	1 - 25.
(a) Duitsland	1 - 10.
(b) Holland	10 - 13.
(c) Engeland	14 - 21.
(d) Amerika	21 - 24.
Samevatting	24 - 25.

AFDELING II.

'n Historiese oorsig van Latynonderwys in Suid - Afrikaanse skole	26 - 161.
---	-----------

Hoofstuk II.

Latynonderwys in Kaapland tot 1872	26 - 68.
--	----------

(1) Die periode van privaat inisiatief (1714 - 1839)	26 - 46
(2) Die beginjare van die departement van onderwys	46 - 68.
(a) Departementele skole	46 - 53.
(b) Normal Seminary	53 - 54.
(c) S.A. College	54 - 58.
(d) Privaatskole	58 - 61.
(e) Board of Examiners	62 - 64.
(f) Die Universiteit van Londen	64 - 68.

Hoofstuk III.

Latynonderwys in Kaapland van 1874 tot 1947.	69 - 123.
--	-----------

1. Die periode van universiteitsoorheersing	69 - 99.
(a) Departementele skole	69 - 77.
(b) Colleges	77 - 80.
(c) The University of Cape of Good Hope	80 - 86.
(d) Onderwyspersoneel	86 - 99.
2. Die periode van departementele eksamens	99 - 108.
Samevatting	108 - 110.

/(ii) Hoofstuk

Hoofstuk IV.

Latynonderwys in Transvaal, Oranje - Vrystaat en Natal	111 - 161.
1. Transvaal	111 - 134.
(a) Die periode van die Republiek ...	111 - 113.
(b) Die periode van die kroonkolonie.	113 - 120.
(c) Die periode van universiteits- oorheersing	120 - 125.
(d) Die periode van departementele- eksamens ,.....	125 - 134.
2. Die Oranje-Vrystaat.	135 - 149.
(a) Die republikeinse periode	135 - 138.
(b) Die periode 1902 - 1947	138 - 149.
(c) Skooleksamens	143 - 149.
3. Natal	149 - 158.
Samevatting	158 - 161.

Hoofstuk V.

'n Kritiese bespreking van die plek van Latyn in die leerplan van die middelbare skole in die Unie van Suid-Afrika	162 - 202.
(a) Die taak van die middelbare onderwys	162 - 176.
(b) Die waardes wat Latynaanbied ...	176 - 183.
(c) Praktiese faktore wat die vas- stelling van die leerplan beïn- vloed	184 - 189.
(d) Die huidige leerplanne	189 - 195.
(e) Redes vir die agteruitgang van Latyn	195 - 198.
(f) Die plek wat Latyn behoort in te neem	198 - 201.
Samevatting	201 - 202.

AFDELING III.Hoofstuk VI.

'n Historiese oorsig van die leërgange in Latyn	203 - 251.
(a) Die onderwyser as ontwerper van die leërgang	203 - 205.
(b) Die "Third Class Certificate" ...	205 - 206.
(c) Die eksamens van Universiteit van Kaap die Goeie Hoop	206 - 211.
(d) Die matrikulasieraad	211 - 221.
(e) Junior sertifikaat van Universi- teit van Suid-Afrika	221 - 222.
(f) Kaapse departementele eksamens ..	222 - 235.

(iii)

(g) Transvaalse departementele eksamens	235 - 244.
(h) Vrystaatse departementele eksamens	244 - 248.
Samevatting	248 - 251.

Hoofstuk VII.

'n Kritiese bespreking van die huidige leergange	252 - 282.
(a) Praktiese faktore wat die leergang beïnvloed	252 - 265.
(b) Prinsipiële stellings vir samestelling van die leergang	265 - 268.
(c) 'n Kritiese bespreking van huidige leergange	268 - 273.
(d) Die samestelling van 'n ideale leergang	273 - 281.
Samevatting	282.
Epiloog	283 - 288.
Belangrikste prinsipiële stellings gebesig	289 - 291.
Bibliografie	292 - 299.

V O O R W O O R D.

Hierdie studie is 'n voortsetting van my M. Educ-verhandeling: "Latynonderwys in Kaapland tot 1839." Daarom is die eerste periode van die geskiedenis van Latynonderwys in Kaapland oorsigtelik behandel maar tog volledigheidshalwe ingesluit. Hiermee is die probleem egter nog lank nie uitgeput nie want behalwe kleiner onderdele van kurrikulum- en leerstof-probleme (hoewel belangrik genoeg) bly daar nog die byna onmeetlike terrein van die metode van Latynonderwys oor. As hierdie studie maar net kan dien om die bal aan die rol te sit, was dit die moeite werd.

My hartlike dank aan die outoriteite van die provinsiale onderwysdepartemente en die matrikulasieraad vir toegang tot dokumente wat betrekking het op die probleem van Latynonderwys en eksamens, asook vir die gebruik van departementele boekerye.

Die studie van die geskiedenis van Latynonderwys en die posisie van Latyn in ons middelbare skole het my gebring tot skynbaar revolusionêre gevolgtrekkings. My vyftienjarige ervaring van Latynonderwys op die middelbare skool onderskraag hierdie beskouings egter tenvolle en ek verstout my om te sê dat die grootste persentasie van Latynonderwysers, om nie eers van leerlinge te praat nie, 'n nuwe visie sal verwelkom.

Aan prof. dr. J. Chris Coetzee betuig ek my opregte dank dat hy ingewillig het om as promotor op te tree en my probleme en studie met soveel simpatie bejeen het..

/ Sy onvermufbare

Sy onverwufbare wetenskaplikheid en grenslose ondernemingsgees was 'n welkome rigsnoer en onweerstaanbare inspirasie.

Ook wil ek langs hierdie weg my dank betuig aan prof. dr. F. Postma vir die vormende leiding gedurende my studiejare in die klassieke en aan almal wat vir hierdie studie hulle belangstelling getoon het.

Graag wil ek ook erkentlik wees teenoor die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing vir 'n ad hoc toekenning om die onkoste aan hierdie studie verbonde te help bestry.

Maar bo alles vir krag ontvang om temidde van veelvuldige werksaamhede nog hierdie studie te voltooi

solī Deo gloria.

A F D E L I N G I.

HOOFSTUK I.

'N KORT OORSIG VAN LATYNONDERWYS IN EUROPA EN AMERIKA.

(a) DUITSLAND.

Gedurende die middeleeue was daar hoofsaaklik twee soorte skole wat vir middelbare onderwys voorsiening gemaak het: klooster- en katedraal- of domskole. Die onderwys in hierdie skole het drie stadia behels:

- (1) gedurende die eerste stadium het die leerlinge Latyn geleer lees en skryf.
- (2) Die tweede stadium het onderrig in die sewe "artes liberales" ingehou (drie "artes formales" of "sermonicales" grammatika, retoriek en dialektiek, en vier "artes reales", rekenkunde, meetkunde, musiek en sterrekunde.)¹⁾ Die onderwys van Latynse grammatika het geskied aan die hand van die grammatika's van Donatus en Priscianus. Verder is Latynse outeurs uit die klassieke en Christelike periodes bestudeer, en Vergilius het veral 'n belangrike rol gespeel.²⁾ Retoriek is volgens Cicero se "De Inventione" en dialektiek volgens Boetius se geskrifte bestudeer.³⁾
- (3) Die derde stadium en uiteindelijke mikpunt was teologie waaraan al die ander wetenskappe diensbaar was. Die klassieke skrywers moes hier plek maak vir die "patres", en het dus eintlik alleenlik gedien om die nodige kennis van die Latynse taal aan te bring.

1) Hierdie uitdrukking was in gebruik sedert die vyfde eeu toe die Christelike skrywers die antieke kennis so ingedeel het.

2) F. Paulsen : German Education, Past and Present, 17.

3) Ibid.

Die opkoms van die universiteite gedurende die tweede helfte van die middeleeue het die posisie van Latyn nog stewiger gemaak want nou het dit die medium geword van alle wetenskaplike denke en ontwikkeling, en in die fakulteit van lettere van die universiteite was Latyn die voorwerp van studie.

Die vernuwing van belangstellings en waardes wat die renaissance meegebring het, het ook sy weerklanke in die skole gevind. In die plek van formele grammatika (gewoonlik die Doctrinale van Alexander de Villa dei) het nou 'n verkorte handleiding en die lees van klassieke outeurs gekom. Suid-Duitsland het hierin die voortou geneem. Die humaniste, onder leiding van Desiderius Erasmus, was verantwoordelik daarvoor dat die kerkvaders se geskrifte deur klassieke Latyn in die skole vervang is.

Hoewel die kerkhervorming aanvanklik die swaartepunt van belangstelling verskuif het, het dit in werklikheid nie die posisie van Latyn assodanig verander nie. Volgens Philippus Melanchton se organisasie van protestantse onderwys het Latyn nie alleenlik sy ereplek behou nie, maar is ook vereer met teksboeke oor Latynse grammatika uit die pen van niemand anders as die beroemde "praeceptor Germaniae" self nie.

Van protestantse kant is daar nou langs die kloosterskole ook "Stadt-Schulen" en "Staat Schulen" gestig. Hulle het onder ^{der} die beheer van die verskillende vorste gestaan en is in al die belangrike dorpe opgerig. Latynse grammatika, die lees van klassieke outeurs en styloefeninge, het die hoofskottel gevorm. Latyn het tewens ook gedien as medium: leerlinge moes Latyn praat en is verbied om Duits te gebruik. Oortreders van hierdie

regulasie moes dit ontgeld, "poenas luet natibus"! Klassieke en spesiaal vir die doel geskrewe Latynse dramas is voor uitgesoekte gehore opgevoer.

Die Jesuite het in hulle kolleges (studia inferiora) ook aan Latyn die ereplek gegee, want aangesien die orde internasionaal was, was Latyn die kommunikasiemiddel. In 1616 was daar al 372 van hierdie¹⁾ kolleges.

Die resultaat van die alleenheerskappy van Latyn op die middelbare skool gedurende die eerste helfte van die sewentiende eeu kan soos volg saamgevat word: gedurende die middeleeue was Latyn die kerktaal en draer van die kerklike kultuur, maar "now the lay aristocracy and a part of the middle classes also acquired the new education, Latin became the language of literature in all its branches, and even the proceedings of the law courts were carried on in Latin, or at least in German Latin."²⁾

Die tweede helfte van die sewentiende eeu het onder die leiding van Ratichius en later Comenius hoofsaaklik drieërlei nuwe gedagtegedinge in die onderwyswêreld na vore gebring: (1) realisme teenoor verbalisme, en dit was veral teen die metodes van die humaniste gemik: "eloquentia" van die humaniste is nou vervang deur "sapientia." (2) Tweedens is die beskouing gehuldig dat te veel waarde aan die klassieke ten koste van die teenwoordige geheg is: daar was selfs 'n ligte reaksie teen die klassieke as alleendraer van die kultuur.

1) F. Paulsen: op. cit., 82.

2) Ibid., 87.

(3) Derdens het 'n nuwe metode van onderwys al hoe noodsaakliker geword. Om die onderwys van Latyn meer prakties te maak het Ratichius die vroegtydige lees van een of ander Latynse skrywer voorgestel, terwyl Comenius die bou van kort sinne en die hou van gesprekke in Latyn voorgeskryf het: albei was dus voorstanders van 'n induktiewe metode as plaasvervanger van die formalisme van die vorige eeue. Selfs aan die universiteite het 'n reaksie teen die metodes van die ou humaniste ontstaan. Onder leiding van Chr. G. Heyne het die studie van Latyn eers te Göttingen en later aan die ander universiteite 'n nuwe impetus en motief gekry: dit het nie meer as doelwit gehad die daarstelling van 'n nuwe Latynse letterkunde nie, maar 'n verdieping in die klassieke literatuur om die eie kultuur te verryk.

Die "Paedagogium" te Halle het aan die begin van die agtiende eeu die voortou geneem om 'n mensliker metode van Latynonderwys te bewerkstellig: die eerste verduidelikings het nou in Duits geskied, nadat die lees en skryf van die moedertaal reeds aangeleer is. Grammatika's is vir beginners ook in Duits geskryf. Verder het Duits en Frans sowel as matesis en sekere natuurwetenskappe 'n plek in die leerplan van die middelbare skool gekry. Tydens die regime van Frederick die Grote was daar die groot "Aufklärung", wat 'n nuwe gees en inhoud aan die skole gegee het. Ewe onverwags het die studie van Grieks herleef, en selfs 'n tydelike voorsprong op Latyn behaal.

In 1747 het J.J. Hecker van Halle die eerste "Ökonomisch-mathematische Realschule" gestig. In hierdie skool is die nadruk op natuurwetenskaplike en praktiese vakke gelê, maar Latyn is nie heeltemaal uitgeskakel nie;

Grieks is egter vervang deur Duits en Frans. Hierdie skool het al spoedig sy invloed laat geld en het veral ook gedien as kweekskool van toekomstige onderwysers.

Die "Philantropinum" van J.B. Basedow in 1774 te Dessau gestig is belangrik vir nog 'n nuwe metode van Latynonderwys, die sogenaamde direkte metode.

In 1788 is die eerste skooleindeksamen die "Abiturienten-Examen" ingestel.¹⁾ Dit het vir die eerste maal 'n duideliker skeidslyn tussen die gebied van die skool en die van die universiteit getrek.

Die einde van die agtiende eeu staan gekenteken aan die opkoms van die naturalisme onder leiding van J.J. Rousseau en die sogenaamde neo-humanisme wat die Griekse kultuur as ideaal gestel het. Aan die begin van die negentiende eeu het W. von Humboldt by hierdie gesindheid in die skoolwese aangesluit toe hy die Pruisiese onderwysstelsel hervorm en die grondslag van die populêrste middelbare skool, die "Gymnasium", gelê het. Von Humboldt is ondersteun deur Süvern en later ook Johannes Schulze. Die doelwit van die "Gymnasium" was drieërlei: (1) die kontak met die klassieke kultuur moes die jeug met idealisme besiel; (2) die moderne kultuur moes aan die leerlinge tuisgebring word; (3) die beste natuurwetenskaplike kennis moes aangebied word. Vir hierdie doel is 'n "examen pro facultate docendi" ingestel om te dien as afronding van die onderwysprofessie.

Terselfdertyd het Süvern 'n nuwe leerplan vir die "Gymnasium" opgestel. Die vier vakke, Latyn, Grieks,

1) Vir verdere bespreking hiervan sien bladsy 9.

Duits en matesis is as gelykwaardig beskou. Vir tien jaar lank het die leerling in die "Gymnasium" Latynonderwys ontvang. Die aantal ure per week per vak was soos volg:¹⁾

Latyn	76
Grieks	50
Duits	44
Matesis	60.

Daarbenewens is Latyn, en veral Grieks, volgens die opvatting van die neo-humaniste onderrig.

Belangrik is ook die hervorming van die eindeksamen in 1812. 'n Volledige kennis van die klassieke is as 'n absolute vereiste gestel. Vir Latyn het 'n opstel en 'n "viva voce" eksamen die finale toets gevorm. 'n Sekere aantal skole is uitgesoek om inskrywings te mag doen vir hierdie eksamen en hulle is vereer met die naam "Gymnasium", terwyl die ander skole "Progymnasia", "Burger-Schulen" en "Real-Schulen" genoem is. Sedert 1834 was hierdie eksamen die enigste poort wat tot die universiteite toegang verleen het. Johannes Schulze het die "Gymnasium" nog verder gebou tot die enigste tipe van middelbare skool (Einheits-Schule) volgens sy program van studie wat in 1837 gepubliseer is. Hiermee het hy 'n poging aangewend om in dieselfde skool onderrig in 'n groot verskeidenheid van vakke moontlik te maak.

Mettertyd egter het die behoeftes van die tyd hul eise gestel, sodat die leerplan van die "Gymnasium" nie meer algemene tevredenheid gegee het nie. In 1859 is 'n tweede program van studie gepubliseer; dit was die begin van 'n tweede soort skool, "Realgymnasium", toe nog

1) F. Paulsen : op. cit., 200.

"Realschule I Ordnung" genoem. Hiermee is die ideaal van 'n "Einheits-Schule" ook die kop ingeslaan, en is die grondslag gelê vir 'n dualistiese stelsel in die middelbare onderwys. Voortaan sou daar 'n skerp mededinging wees tussen "Gymnasium" en "Realgymnasium".

'n Derde program van studie is in 1882 gepubliseer, maar dit het ook nie bevrediging gegee nie, omdat die leerplan van die "Gymnasium" oorlaai was. In hierdie jaar het nog 'n derde tipe middelbare skool die lig gesien: dit was die "Ober-Realschule", wat geen Latyn of Grieks in sy leerplan ingesluit het nie.

Op 'n konferensie in Desember 1890 het Keiser Wilhelm II die voorstanders van die tradisionele "Gymnasium" kwaai aangeval: "First of all a national basis is wanting. The foundation of our gymnasium must be German. It is our duty to educate men to become young Germans and not young Greeks or Romans. We must relinquish the basis that has been the rule for centuries, the old monastic education of the Middle Ages, when Latin and a little Greek were most important. These are no longer our Standard, we must make German the basis and German composition must be made the centre round which everything revolves."¹⁾

Die uitslag van die konferensie is beliggaam in die nuwe program van studie van 1892. Daarvolgens is die aantal ure wat aan die studie van Latyn bestee moes word van 77 na 62 verminder en die Latynse opstel in die "Abiturient-Examen" is vervang deur 'n Duitse opstel. Aan studente van die "Realgymnasium" is egter nog nie toegang tot die universiteit verleen nie.

1) Peter Sandiford : Comparative Education, 143.

Maar ook hierdie nuwe skema het nie 'n oplossing gebied vir die eintlike probleem nie en daarom was dit ook van korte duur. Na 'n tweede konferensie in 1900 is in 1901 in totale nuwe weg ingeslaan. Die monopolie van die "Gymnasium" is vernietig, en 'n gevorderde middelbare onderwys is gelykwaardig tussen klassieke, semi-klassieke en non-klassieke skole verdeel. In die toekoms sou daar drie soorte skole wees: (1) die "Gymnasium", met Grieks en Latyn as twee van die belangrikste vakke in die leerplan; (2) die "Realgymnasium", met Latyn alleenlik as 'n basis om moderne tale te bestudeer; (3) die "Ober-Realschule" sonder Grieks en Latyn in die leerplan. Aldrie hierdie soort skole bied 'n negejarige middelbare skoolkursus en berei leerlinge voor vir die eindeksamen wat toegang tot die universiteite verleen, met die proviso egter dat vir toelating tot die fakulteite van teologie en medisyne Latyn 'n voorvereiste is.

Middelbare onderwys vir meisies het gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu besondere belangstelling geniet, maar het eers in 1908 'n vaste beslag gekry. Tot dertienjarige leeftyd is daar in al die meisieskole 'n gemeenskaplike leerplan, maar op hierdie leeftyd volg differensiasie. Dogters wat nie 'n akademiese loopbaan in vooruitsig stel nie, gaan na die "Lyzeum" en "Oberlyzeum". Latyn en Grieks vorm nie 'n deel van die leerplan van hierdie skool nie. Dogters wat toegang tot 'n universiteit verlang gaan na die "Studienanstalt", wat in drie afdelings verdeel is ekwiwalent met die "Gymnasium", "Realgymnasium" en "Ober-Realschule" se leerplanne. In die eerste twee afdelings word Latyn op dertienjarige leeftyd begin en vir

ses jaar lank bestudeer. Aangesien hierdie dogters ook die "Abiturient-Examen" aflê, moet hulle dus binne ses jaar die nodige standaard behaal, terwyl seuns 'n kursus van nege jaar het.

Die "Abiturient-Examen" is wel 'n publieke eksamen met vaste leergange, maar word in elke skool afsonderlik voor 'n eksamenkommissie afgelê. Hierdie eksamenkommissie bestaan gewoonlik uit die omgangsinspekteur van skole, die skoolhoof en die onderwysers van die "oberprima"-klas. 'n Kandidaat word dan volgens bevinding van die eksaminatore as "Reif" of "Unreif" bestempel.

Om 'n idee te kry van die omvang van die Latynse leeswerk wat leerlinge gedurende hulle negejarige studie voltooi gee ons hier net 'n opgawe van die laaste vier¹⁾ jaar se voorgeskrewe leeskursus in die "Gymnasium".

Untersecunda: (7 uur per week lesse waarvan 4 uur aan leeswerk bestee word).

Livius, Boek XXI

Vergilius : Aeneis, Boek VI

Obersecunda: (6 uur per week lesse waarvan 5 uur aan leeswerk bestee word).

Livius : Boek XXII

Cicero : Sextus Roscius.

Vergilius : Aeneis Boek IV en uittreksels uit die ander boeke.

Unterprima: (6 uur per week lesse, waarvan 5 uur aan leeswerk bestee word).

Tacitus : Historiae I, 1-51

Cicero : Briewe (uittreksels)

Horatius : Carmina I - IV (uittreksels).

1) James Russel : German Higher Schools, 255 e.v.

Horatius : Epodi, 2.

Horatius : Epistulae I, 2.

Oberprima: (6 uur per week lesse waarvan 5 uur aan leeswerk bestee word).

Tacitus : Annales I en deel van II.

Tacitus : Germania.

Cicero : Pro Sestio.

Horatius : Epistulae I, 17-20, II, 1-3.

Horatius : Saturae I (uittreksels) II,
6 en 8.

Selfstandige lees uit Sallustius, Livius
en Curtius.

(b) HOLLAND.

Voor die reformasie was daar in Holland die gewone middeleeuse dom- en kloosterskole. Soos reeds genoem het Latyn hierin 'n baie belangrike plek ingeneem. In die laat middeleeue het die burgerlike stand ook skole opgerig wat "Stadscholen" of "Raadscholen" genoem is. Omdat Latyn in hierdie skole die hoofvak was, is hulle "Latynsche Scholen" genoem.

Hoewel die Calvinistiese reformasie die verspreiding van skole en uitbreiding van die onderwys ontsaglik veel gebaat het, en op die verskillende sinodes (veral dié van 1618-1619) baie tyd bestee is aan onderwysaangeleenthede, het die karakter van die Latynse skole nie verander gedurende hierdie periode en die res van die sewentiende eeu nie. Selfs die nuwe gesindheid wat met die Franse rewolusie versprei is, het aanvanklik geen vat op die middelbare onderwys van Nederland gekry nie, want toe in 1815 volgens "Koninklike Besluit", die Latynse skole 'n re-

organisasie ondergaan het en as doelstelling die volgende bepaal is: "Als de trap van het hooger onderwys en als ingezonderheid bestemd voor diegenen, welke, na aanvanklik door het lager en middelbaar onderwys te zyn beschaafd geworden, nu verder tot eenen of anderen geleerden stand in de maatschappy zullen worden opgeleid,"¹⁾ het Latyn sy sentrale plek in die leerplan behou. Weliswaar het daar 'n beweging ontstaan om die kurrikulum meer rekbaar te maak, maar die waarde en noodsaaklikheid van Latyn is nooit in twyfel getrek nie.

In 1838 is die Latynse skool te 'S-Gravenhage omgeskep in 'n gimnasium met twee afdelings, die een vir literêre en die ander een vir natuurwetenskaplike vakke. In die eerste afdeling het die studie van Latyn baie aandag gekry, maar in die tweede afdeling het die nadruk op moderne tale as ondersteuning van die wetenskappe geval, hoewel Latyn nie uitgeskakel is nie.

Die keerpunt in die middelbare onderwys het egter in 1863 gekom met die aanname van die middelbare onderwyswet deur Thorbecke opgestel. Hiervolgens is naas die gimnasium 'n tweede soort middelbare skool, die hoërburgerskool, opgerig. Dit het 'n dualisme in die onderwysstelsel geskep, want "In de hoogere burgerschool is het hoofdoel niet, ter bevordering der wetenschap, maar voor de maatschappy en algemeene praktische vaardigheid te bekwaamen."²⁾

Soos verwag kan word het die gimnasia baie skade gely deur die stigting van hierdie soort skole, want aan die een kant was nog die bestaande Latynse skole, en aan die anderkant die hoërburgerskole wat die destydse moderne

- 1) Koninklike Besluit Nr. 14 van 2 Augustus 1815, soos aangehaal in Pelzer Die reëling vir en die organisasie van die laer, middelbare en hoër onderwys in Nederland, 130.
- 2) Soos aangehaal deur Pelzer: op. cit., 134.

rigting (die realisme) beliggaam het. In 1876 het daar egter verligting gekom vir die gimnasia met die aanname van die hoër-onderwyswet. Die kwynende Latynse skole is omgeskep in gimnasia met die sesjarige kursus. Volgens die wet sou die gimnasium in sy hoogste klasse voorsiening maak vir twee rigtings, A en B genoem, om aan te sluit by twee groepe van fakulteite aan die universiteit: die fakulteite van godgeleerdheid, lettere en regsgeleerdheid aan die een kant, en die fakulteite van die natuurwetenskappe en medisyne aan die ander kant. Maar, hoewel die veronderstelling was dat die gimnasium leerlinge vir die universiteite sou voorberei, het die praktyk tog bewys dat leerlinge van die hoërburgerskole ook op die universiteit beland. Eindelik is in 1917 deur wetgewing vasgelê dat leerlinge wat die vyfjarige B-kursus aan die hoërburgerskole deurloop en die eindeksamen afgelê het, ook tot sekere fakulteite aan die universiteite toegang sou verkry. Hierdie sertifikaat is dan gelykgestel aan die B-sertifikaat van die gimnasium.

'n Poging om differensiasie van vakke so laat as moontlik uit te stel, is bewerkstellig in die stigting van die eerste "lyceum" in 1910. Die doelwit van hierdie soort skool is om die beste van die gimnasium en van die hoërburgerskool in een skool te verenig. In plaas van 'n sesjarige klassieke opleiding, bied die lyceum 'n vierjarige kursus aan. Die gimnasium-afdeling se leerlinge word egter aan dieselfde toets onderwerp as die leerlinge van die A-afdeling van die gimnasium, en die praktyk bewys dat hulle nie agterstaan by hierdie leerlinge nie.

Sedert 1863 het die posisie van Latyn in die middel-

bare skool se leerplan dus geleidelik verswak, totdat dit vandag nog net gevind word in die gimnasium A en B kusse en in die lyceum se gimnasium-kursus. In die gimnasium geniet die studie van Latyn in die A-kursus die voorrang. Gedurende die ses leerjare word aan Latyn byna driemaal soveel ure onderwys gegee as aan die moedertaal, en aan Grieks en Latyn saam word gedurende die ses jaar 19 uur meer tyd bestee as aan die vier moderne tale saam.¹⁾ Selfs in die B-afdeling word nog aan Latyn en Grieks tien meer lesure gewy as aan die natuurwetenskaplike vakke.²⁾ Daar is egter 'n sterk beweging op tou om die tyd aan die klassieke gewy in die B-kursus te verminder, en selfs Grieks uit die leerplan van die B-kursus te weer.³⁾ In die eindeksamen (wat 'n staatseksamen is), lê leerlinge van afdeling B wat die klassieke betref eksamen af net in Griekse epiese poësie en Latynse prosa. In afdeling A bestaan die eksamen in Latyn uit die afdelings: (a) die vertaling en verklaring van prosa; (b) die vertaling en verklaring van poësie; (c) die vertaling van moeiliker prosa of moeiliker poësie. Leerlinge van die lyceum se gimnasium-afdeling word aan dieselfde toets onderwerp.

In die hoërburgerskole, middelbare meisieskole en handelskole word geen Latynonderwys gegee nie.

1) Pelzer : op. cit., 167.

2) Ibid.

3) Volgens verslag van die "Commissie in zake aansluiting tussen Middelbaar en Gymnasiaal en het Hooger Onderwys, 147.

(c) ENGELAND:

Toe Alfred koning van Engeland geword het in 871 is hy getref deur die uiters benarde toestand waarin die onderwys van sy land verkeer het. "So general was its decay among the English people that there were very few on this side of the Humber who could understand their services in English, or translate a letter from Latin into English." ¹⁾ Hy het egter dadelik reëlings getref om onderwys te bevorder en skole gestig om kinders Engels te leer, "and further let those afterwards learn Latin who will continue in learning." ²⁾

In die tiende eeu is talle klooster- en domskole gestig. Om te sorg vir genoeg kinders om deel te neem aan die sangdienste van die Roomse Kerk is "Chantry Schools" in die lewe geroep. Dit het die klooster^{rde}skole vrygestel om op meer gevorderde^{rde} werk te konsentreer. Weens die inhoud van die onderwys in hierdie skole, nl. Latynse grammatika, is hulle mettertyd "Grammar Schools" genoem. ³⁾ Vir tenminste 600 jaar het hierdie skole voorsiening gemaak vir middelbare onderwys. In die gevorderde afdelings is onderrig gegee in die sewe "artes liberales".

Die eerste universiteite in Engeland is in die twaalfde eeu te Oxford en Cambridge gestig. 'n Deeglike kennis van Latyn was die enigste toelatingsvereiste.

Die renaissance, en veral die humanisme, het ook sy invloed in die Engelse universiteite en "Grammar Schools" laat geld hoewel langsaam en gepaard met teenstand.

Desiderius Erasmus het van 1510 tot 1514 self lesings aan

1) A.F. Leach : Educational Charters and Documents, 23.

2) Ibid, 25

3) E.P. Cubberley : The History of Education, 277.

die universiteit te Cambridge gegee en handboeke geskryf om die studie van die klassieke te bevorder.¹⁾ Toe John Colet in 1510 aan die hoof van "Saint Paul's Church" te staan kom het hy die skool van die kerk hervorm en aan die hoof gestel 'n sekere William Lily, skrywer van 'n bekende teksboek, "Lily's Latin Grammar", wat vir baie jare in gebruik was naas die grammatika van Donatus. In die plek van die gebroke Latyn van die monnikke is klassieke Latyn in hierdie skool onderrig. Al spoedig het sommige van die ander "Grammar Schools" die voorbeeld van die "St. Paul's Grammar School" gevolg.²⁾ Ook in die nege "Great Public Schools", (waarvan sewe "boarding schools" was) so genoem omdat hulle losser van kerkbeheer gestaan het, was die nuwe houding teenoor die klassieke Latyn merkbaar. Die volgende aanhaling skets die oorheersende waarde van 'n deeglike kennis van Latyn in die sestiende eeu.³⁾ "The learned professions required a competent knowledge of Latin for more directly than than now. A need for Latin was not confined to the church and the priest. The diplomatist, the lawyer, the civil servant, the physician, the naturalist, the philosopher, wrote, read, and to a larger extent spoke and perhaps thought in Latin A merchant, or a bailiff of a manor, want it for his accounts; every town clerk or guild clerk wanted it for his minute book."

Weens die feit dat Hendrik VIII met die Roomse kerk gebreek het, het die reformasie aanvanklik nie so'n geweldige ommekeer in Engeland bewerkstellig nie. Die

1) De Copia verborum et rerum, Adagia, Colloquies.

2) Daar was toe al omtrent 300 "Grammar Schools".

3) A.F. Leach : English Schools at the Reformation, soos aangehaal in Cubberley, The History of Education, 282.

sluiting van kloosterskole het die stigting van nuwe "Grammar Schools" aan die hand gewerk. Hulle was almal van die humanistiese tipe en het die kern gevorm van Engelse middelbare onderwys tot in die negentiende eeu.

Onder leiding van John Milton en John Locke het die idees van die realisme baie langsaam in die "Grammar Schools" deurgesypel, dit is meestal opgemerk aan die verbreding van die leerplan om meer praktiese vakke in te sluit. Vir 'n dertigtal jare het die "Grammar Schools" 'n teenvoeter gehad in die sogenaamde "Academies", maar na die "Toleration Act" van 1689 is hulle weer by die "Grammar Schools" ingelyf.

Gedurende die agtiende eeu was daar aansienlike bedrywigheid in Engeland wat laer onderwys betref, maar middelbare onderwys het feitlik onveranderd voortgegaan. Eers in 1869 is daar na aanbevelings van die "Public Schools Commission" van 1861 en die "Schools Inquiry Commission" van 1864 die "Endowed Schools Act" passeer waardeur alle staatsondersteunde skole onder 'n toesig geplaas is. Die rapport van 'n sentrale onderwyskommissie onder voorsitterskap van James Bryse in 1894 het ook die opkoms van die ander tipe middelbare skool, die "Public School", en die verval van die "Grammar Schools" aangetoon. Volgens hierdie kommissie is 'n "General Board of Education" onder 'n verantwoordelike minister aanbeveel "to consider the best methods of a well organized system of secondary education in England."¹⁾ Verder het die kommissie ook die stigting van skoolrade en die aanstelling van omgangsinspekteurs vir middelbare skole voorgestel.

1) Royal Commission on Secondary Education, vol. I, 299.

Hierdie aanbevelings is in die "Board of Education Act" van 1899 en die "Education Act" van 1902 beliggaam. Hiervolgens is alle staats- en staatsondersteunde onderwys onder staatskontrole geplaas. Wat Latynonderwys betref was dit die begin van agteruitgang om die volgende redes: (1) Baie van die "higher departments" van laerskole is hierdeur in staat gestel om "Secondary Schools" te word. In hierdie skole was daar geen tradisie vir die klassieke tale nie, en gevolglik het Latyn en Grieks meer teenstand as bewilling in hierdie skole ondervind. (2) Baie van die "Grammar Schools" het in finansiële moeilikheid beland en moes rigtings inslaan waarvolgens die meeste toelae verkry kon word. Gewoonlik is daardeur skerp afbreuk aan die onderwys van Latyn en Grieks gedoen. (3) Aangesien so 'n klomp middelbare skole meteens in die lewe geroep is, was dit baie moeilik om onderwysers met 'n klassieke opleiding te vind vir al die skole.

Afgesien van hierdie redes is die tydgees in die twintigste eeu ten gunste van beklemtoning van die natuurwetenskappe en praktiese vakke in die skole sodat Latyn al meer en meer op die agtergrond geraak het.

Volgens die regulasies van die "Board of Education" was sekere vakke in alle "Secondary Schools" verpligtend: "The English Language and Literature, at least one other language than English, History, Geography, Mathematics, Physical Science and Drawing."¹⁾ In 1904 is die regulasies so verander "that where two languages other than English were taken and Latin was not one of them,

1) Report of the Committee to inquire into the position of classics, 63.

the Board would require to be satisfied that the omission¹⁾ of Latin was for the advantage of the school."

'n Klein wysiging is in 1906 aangebring: "A curriculum including two languages other than English but making no provision for instruction in Latin will only be approved where the Board are satisfied that it is to the educational advantage of the school that Latin should be omitted."²⁾ Dit is so gefinterpretateer dat Latyn uit die leerplan van 'n skool gelaat kan word alleenlik wanneer daar 'n ander skool met Latyn binne bereik van leerlinge is.

In 1917 het die "Board of Education" voorsiening gemaak vir die finansiële ondersteuning van "Advanced Courses" in staatsondersteunde skole. Die onderwerpe vir studie is in drie groepe verdeel: "(1) Classics, (2) Modern Studies, (3) Science and Mathematics."

Ongelukkig kom dit in die praktyk gewoonlik daarop neer dat net een van die drie in 'n skool geneem kan word, en om verskillende redes besluit die outoriteite dan dat dit of "modern studies" of "Science and Mathematics" moet wees. Gevolglik is daar in die hele land net 35 skole wat die gevorderde studie in die klassieke aanbied.³⁾

Vir die jaar 1920 vind ons die volgende statistieke⁴⁾ ten opsigte van Latyn in seunsskole:

-
- 1) Report of the Committee to inquire into the position of Classics, 60.
 - 2) Ibid.
 - 3) Ibid, 60.
 - 4) Ibid, 44.

161 skole maak voorsiening vir Grieks en Latyn in hulle leerplan.

360 skole maak net voorsiening vir Latyn.

91 skole maak geen voorsiening vir Grieks of Latyn nie.

Die aantal seuns wat Latyn leer was 44.3%.

In November 1919 het die Britse regering 'n sterk kommissie aangestel "to inquire into the position to be assigned to the Classics in the Educational System of the United Kingdom, and to advise as to the means by which the proper study of these subjects may be maintained and improved."¹⁾ Die bevinding van die kommissie soos in die rapport van 1923 was: "(1) In the Public Schools Greek and Latin occupy no preponderant or undue position. (11) The position of Latin, though in some schools not discouraging, in others presents very disquieting features."²⁾ Vir alle toekomstige maatreëls word dan die volgende sobere drieërlei doelwit gestel: "(1) To secure for the Classics (Greek or Latin or both) at a sufficiently early stage a substantial position in the general education of pupils in Public and Secondary Schools. (2) To provide full opportunity for all pupils with requisite tastes and aptitudes to carry the study of both languages to the highest point which they are qualified to attain. (3) To bring those (including adults) who are and must, for good reason or of necessity remain ignorant of the classical spirit."³⁾

Dit lyk asof hierdie pogings met sukses bekroon is,

1) Ibid., 1

2) Ibid., 269

3) Board of Education : Report of Committee on differentiation of the curriculum for boys and girls, 133.

want in 1929 skryf D.A. Macuanhton, Skoolinspekteur van die klassieke, in 'n memorandum: "Latin has strengthened its position. There are few schools in which it is not taught and their number is decreasing."

'n Verdere kommissie is in 1920 deur die "Board of Education" aangestel om onder andere ondersoek in te stel: "Whether greater differentiation is desirable in the curriculum for boys and girls respectively in Secondary Schools." Die verslag van hierdie kommissie is ook in 1923 gepubliseer en hoewel dit hoofsaaklik te doen het met differensiasie tussen die kurrikula vir seuns en vir meisies, raak dit die probleem van die klassieke ook dikwels aan. Die volgende bevinding van die kommissie is besonderlik insiggewend: "Partly owing to the early traditions of girls' schools described in Chapter I, Classics and Mathematics have not the same assured position in most schools for girls as they hold in boys' schools, whereas, on the other hand, in girls' schools, more time and attention were from the first devoted to English subjects and modern languages. These considerations, coupled with differences in quality and the methods of teaching, largely account for the fact that girls do not, as a rule, attain the same standard in Classics and Mathematics as boys"²⁾

En tog is dit opmerklik dat die twee grondleggers van meisieskole in die vyftiger jare van die negentiende eeu in Engeland, Frances Buss en Dorothea Beale albei die waarde van Latyn ingesien en in hulle leerplan ingesluit.³⁾

-
- 1) Board of Education: Memorandum on the Present Position of Latin and Greek in Grant-aided Secondary Schools in England, 13.
 - 2) Board of Education: Report of Committee on differentiation of the curriculum for boys and girls, 133.
 - 3) Ibid., 24 e.v.

Skooleksamens: Vir leerlinge in Engelse skole bestaan daar hoofsaaklik drie eksamens: (1) "Entrance Examination," "First Examination", en "Second Examination". Die "Entrance Examination" word afgelê wanneer kinders van die "Preparatory School" na die "Public School" gaan op 'n gemiddelde ouderdom van 13 jaar. Hierdie eksamen sluit in 'n vraestel oor Latyn wat gewoonlik verpligtend is. Die "First Examination" of "School Certificate" word deur sewe "University Examining Bodies" en deur die "Central Welsh Board" beheer, en word op die gemiddelde ouderdom van 16 jaar afgelê. Geen vakke is verpligtend nie, en 'n klein minderheid bied Latyn aan. Die "Second" of "Higher Certificate Examinations" is bedoel vir leerlinge in die sesde vorm en word gewoonlik op agtienjarige leeftyd afgelê. Dit sluit by die "Advanced Courses" aan, en is bedoel as voorbereiding vir die universiteit.

Dan is daar nog die verskillende toelatingseksamens van die universiteite, waarvan die "Responsions" van Oxford, die "Previous Examination" van Cambridge en die "London Matriculation" die belangrikste is. Al hierdie eksamens sluit Latyn in. Die verskillende "Scholarship" eksamens oefen ook 'n geweldige invloed uit; in hierdie opsig loop Oxford en Cambridge voor, veral ten opsigte van hulle "Scholarships in Classics."

(d) AMERIKA.

Kragtens die feit dat die meeste inwoners van Amerika in die stigtingsjare van Engeland en Holland afkomstig was, moet ons verwag dat hulle stelsel van middelbare onderwys identies sou wees met die van die

moederlande. Die eerste skole in middelbare onderwys was dan ook "Latin Grammar Schools", waarvan die "Latin School" van Boston (1635) een van die eerstes was. Daarna is talle van hierdie skole gestig waar die behoefte daarvoor ontstaan het. Die leerplan het byna uitsluitlik uit Grieks en Latyn bestaan.¹⁾

Aan die begin van die agtiende eeu het die onderhoud van hierdie skole baie moeilik begin word. Gedurende die rewolusie-tydperk het die meeste van hierdie skole tot niet gegaan. Cubberley sê daarvan die volgende: "The Colonial Latin grammar school had been almost entirely an English Institution and never well suited to American needs."²⁾

Baie belangrik vir Latynonderwys was ook die stigting van die "colleges", waarvan Harvard (1636) die eerste was. Teen 1769 was daar nege "colleges". Tot aan die begin van die agtiende eeu was Latyn die medium. So lui een van die ou reëls: "Scholars shall, under no consideration, use their mother tongue within the limits of the college, unless summoned to deliver in English an oration or some other public exercise."³⁾

As teenvoeter vir die "Latin Grammar Schools" is in 1751 die eerste "Academy" in Philadelphia deur Franklin gestig volgens model van die Engelse "Academie" en al spoedig het baie ander gevolg. In 1850 was daar 6,085 "Academies" in die V.S.A.⁴⁾ Al hierdie skole het deur privaat inisiatief tot stand gekom. Die leerplan het 'n menigte vakke ingesluit, waaronder ook Latyn.

1) W.A. Smith : Secondary Education in the United States, 10.

2) Cubberley : The history of education, 656.

3) Ibid., 12.

4) Ibid. 27.

Dit het egter die voordeel gehad dat dit nie so ingehok was tussen die "elementary school" en "college" soos die "grammar school" nie.

Die "Public High School" het sy eerste verskyning in 1821 met die stigting van die "Boston English High School" gemaak. Hierdie skool het aanvanklik voorsiening gemaak vir die leerlinge wat nie na 'n "college" wou gaan nie, maar sedert 1840 het dit 'n dubbele funksie begin vervul toe al meer en meer druk daarop uitgeoefen is om leerlinge ook vir die "colleges" af te rig.

In die negentiger jare van die negentiende eeu was daar 'n beweging om die leerplan van die "public high school" te reorganiseer en om Latyn meer op die agtergrond te skuif. In 1892 het die "National Council" 'n komitee van tien aangestel "to investigate the scope of nine leading secondary subject fields - Latin, Greek, English, modern languages, mathematics, physical sciences, biological sciences, social studies and physical geography."¹⁾ Konferensies is oor die verskillende vakke gehou, maar die vrugte van hierdie ondersoek was skraal. Uiteindelik het die beweging uitgeloop op groter differensiasie, nie alleenlik wat vakke betref nie, maar ook skole. In 1909 is die eerste "Junior High Schools", en 'n bietjie later die "Senior High Schools" gestig. Die "Public High School" het egter die mees populêre skool gebly.

Hoewel Latyn nie 'n verpligte vak in die Amerikaanse middelbare skole is nie, is dit 'n keusevak (elective subject) en volg 'n redelike aantal leerlinge die kursus sodat dit vyfde op die lys van vakke staan soos blyk uit die volgende gegewens vir 1910:²⁾

1) Smith : op. cit., 69.

2) Comparative Education, 68.

Study.	Rank.	Percentage of Students enrolled.
Rhetoric	1	57.1
English Literature	2	57.09
Algebra	3	56.85
History	4	55.03
Latin	5	49.05
Geometry	6	30.87
German	7	23.69.

Die volgende gegewens is ook interessant: In 1866-1867 het 90% van die middelbare skole voorsiening gemaak vir die onderwys¹⁾ van Latyn en in 1906-1911 het 98%.

Die eerste twintig jaar van die twintigste eeu het ek 'n venynige propaganda teen Latyn beleef. Die "Classical League" het daarop 'n ondersoek van geweldige omvang in alle aspekte van die onderwys van die klassieke laat instel en die bevindige daarvan in die bekende "Report of the Classical Investigation" in 1924 gepubliseer. Hierdie deeglike studie van so'n belangrike onderwerp het baie daartoe bygedra om meer helderheid ook die doel, inhoud en metode van Latynonderwys aan vriend en vyand te verskaf.

Samevatting: Gedurende die middeleeue het die kerk deur middel van sy dom- en kloosterskole vir middelbare onderwys gesorg. Met die reformasie het die burgers ook skole gestig waarin Latyn nes by kerk-skole so nie die enigste, tog wel die belangrikste studieprojek was. Die renaissance en humanisme was verantwoordelik vir die terugkeer tot die klassieke Latyn. Die tweede helfte van die sewentiende eeu het die opkoms van die realisme en die agtiende eeu die naturalisme beleef. Die weer-

1) Uhl : Secondary School Curricula, 187.

klanke daarvan vind ons in die middelbare skole in die opsig dat meer vakke, veral in die natuurwetenskaplike rigting, in die leerplan ingesluit is.

Die negentiende eeu het egter die meeste veranderings in die verskillende skoolstelsels meegebring. Die belangrikste rede hiervoor moet gesoek word deels in die nasionale bewuswording van die meeste volkere en deels in die opkoms van die midde- en werkerstand. Dit het 'n groter omvang aan die onderwys gegee, maar ook uiteenlopende behoeftes. Die probleem van die negentiende en eerste helfte van die twintigste eeu was om eenheid in nasiebou en tog differensiasie in onderwys te gee. In Duitsland en Holland het dit gelei tot die stigting van gedifferensieerde skole; Engeland en Amerika het die probleem grotendeels probeer oplos met differensiasie in dieselfde skool. In die twintigste eeu is daar ook nog vanuit Amerika die sterke stroom om aan praktiese vakke in die middelbare skool voorkeur te gee bo die sogenaamde "tradisionele" vakke. Laasgenoemde het die posisie van Latyn in die leerplan meer benadeel as die gewone proses van differensiasie.

A F D E L I N G II.

'n Historiese oorsig van Latynonderwys in Suid-Afrikaanse Skole.

HOOFSTUK II.

1. LATYNONDERWYS IN KAAPLAND TOT 1873.

1. Die periode van privaat inisiatief (1714-1839).

Die eerste georganiseerde Latynonderwys aan die Kaap het in die "Latynsche School" van ds. L. Slicher plaasgevind. Hierdie skool is in 1714 gestig, en het tot 1730 bestaan, maar reeds in 1723 is ds. Slicher as tweede predikant van die Kaapse gemeente en in 1725 as herder van die Drakensteinse gemeente bevestig. Volgens 'n toespraak van ds. A. Faure met die heropening van die **Athenaeum** op 3 Februarie 1835, was die **gebrek** aan belangstelling in die middelbare en hoër onderwys die oorsaak van ds. Slicher se bedanking as rektor van die Latynse skool: "Doch hoe kortstondig was haar bestaan! De beroemde Rector, tot dat bepaald einde uit de Nederlanden herwaats gezonden, bleef niet lang in de bediening. Zoo gering was het getal kweekelingen, die **zynar** zorg en vorming werden toevertrouwd, dat hy genoodtzaak werd, de bediening van onderwyser der jeugd te verwisselen met de herderlyke¹⁾ zorg over de landelyke gemeente van Drakenstein."

Na die sluiting van die eerste Latynse skool in 1730 moes die bevolking aan die Kaap vir 63 jaar sonder 'n inrigting vir middelbare onderwys klaarkom, want eers in 1793 is die tweede Latynse skool met 'n sekere Cornelius Josias van Baak as "praëceptor" te Graavestraat geopen. Hierdie skool het onder toesig van die

/27 skolarge

1) Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, XII, 64.

skolarge gestaan. Volgens die "Instructie voor den Praeceptor der Latynsche School" moes in hierdie skool deur die "Praeceptor" net Latyn en Grieks onderrig word: "de Praeceptor der Latynsche School zal zich eenig en alleen bepalen by het doceeren van de Latynsche en de eerste beginselen van de Griekse Taalen."¹⁾

Die tweede Latynse skool het in alle waarskynlikheid tydens die eerste Britse besetting van die Kaap (1795-1803) bly bestaan, want in 1803 tref de Mist die skool in volle swang aan, maar nou met 'n sekere Hendricus Joseph Ignatius Klein as "conrektor". Die promosieplegtigheid in September 1803 is deur de Mist bygewoon, en hy was so in sy skik met die werk van Klein dat laasgenoemde van staatswege 'n "buitengewoone gratificatie van een Honderd Gaapse Ryksdaalders" ontvang het.²⁾

In de Mist se skoolorde, opgestel 11 September 1804, en gepubliseer op 9 Maart en 18 Mei 1805, word met artikels 27 tot 30 spesiale voorsiening gemaak vir die Latynse skool. Onder andere word in artikel 27 die volgende interessante bewering¹⁾ gemaak: "De Kunde in Latynsche en Grieksche Taalen, de meest op alle andere Taalen toepasselyke vaste regelen, die de Jongelingen in de School worde ingeprènt - de voor alle de volgende bedryven en in alle standen van het leven zo nuttige en ongevoelig aanwinnende kennis in de geschiedenissen der Romeinsche en Grieksche volken, en in de groote en beroemde daaden hunner Helden en Staatsmannen, vormen in eene welgeregelde Maatschappij /28 die Classe ...

1) Instructie voor den Praeceptor der Latynsche School, artikel I (Res. Pol. Raad 1794 I (4 Feb.) C. 105, p p. 383-293).

2) Notalen de Mist, VIII, B.R. 110, p. 61.

die Classe van Burgeren, aan welke in ryperen jaaren gewigtige deelen van het publiek Bestuur kunne worden aanbetrouwd.¹⁾"

Van de Mist se goeie voornemens het nie veel teregekome nie, want in 1806 vind die tweede en finale besetting van die Kaap deur die Engelse plaas. Graaf Caledon, die eerste Engelse Goewerneur aan die Kaap, het egter dadelik sy belangstelling getoon, en rig op 6 Maart 1807 'n brief aan die skoolkommissie om informasie in te win oor die onderwysomstandighede aan die Kaap. In sy antwoord aan die goewerneur maak die sekretaris, eerw. Hesse, die volgende opmerking:

"A Latin School, under management of a Prorektor, Ignatius Klein by name, in which Latin is taught almost exclusively of every other science, agreeable to the Instruction drawn up by the former Schoolarchs for the Latin praceptor But of Latin scholars there are no more than from 6 to 8."²⁾

Op 25 Januarie 1808, na herhaalde advertensies open 'n sekere dr. Halloran, kapelaan van die Britse troepe aan die Kaap, 'n skool vir middelbare onderwys. In een van sy advertensies kondig hy sy op te rigte skool soos volg aan: "Dezelve zullen in de onderscheiden Takken van Classieke, Matematische en Commerciele Weetenschappen onderweezen worden."³⁾ In 'n brief aan Viscount Castlereagh skryf Halloran op 17 Januarie 1809: "I shall beg leave only to add, that I have formed in this Colony an Establishment for the Education of youth in Classical, Mathematical and Commercial . . .

1) Skoolorder art. 27 soos gepubliseer in "Kaapsche Courant" van 9 Maart 1805.
2) Letters received, C.O. 7, 1 April 1807.
3) Kaapsche Stads Courant en Africaansche Berigter, 19 Desember 1807.

mercial Learning, which had long been a desideratum." ¹⁾

Na die dood van Klein op 9 Januarie 1810 in die jeugdige ouderdom van 43 jaar, ²⁾ het die skoolkommissie onmiddelik die pos van rektor vir die Latynse skool geadverteer. Dit skyn of geen aansoeke ontvang is nie, en dat dr. Halloran gevra is om aansoek te doen.

Die resultaat van die onderhandelinge tussen die skoolkommissie en dr. Halloran was dat die Latynse skool en die inrigting van dr. Halloran saangesmelt is.

Die bestaan van die nuwe skool wat op 18 Junie 1810 geopen is, was egter van korte duur, want op 10 Desember 1810 is 'n verbanningsbevel teen dr. Halloran deur die hof uitgereik. Die benaming van die nuwe skool is nogal veelseggend: in die Hollandse deel van die koerant word dit "Publieke Latynse School" (d.w.s. voortsetting van die Hollandse tradisie) en in die Engelse deel van die koerant "Public Grammar School" genoem (d.w.s. 'n oorgang na die Engelse stelsel).

Nou het daar 'n soektog na 'n hoof van die Latynse skool of "Grammar School" plaasgevind. Op 4 Julie 1811 is Lord Caledon na Engeland met die belofte aan die skoolkommissie om self 'n rektor onder die prinsgesinde Hollanders te soek. Uiteindelik kon hy sy belofte nakom en is 'n sekere F.E. Turr deur Lord Bathurst, die koloniale sekretaris, gestuur na die Kaap, waar hy in Desember 1812 aangekom het. Sir John Cradock, die opvolger van Lord Caledon, rig egter 'n persoonlike brief aan Turr, en meld daarin onder andere: "It is to promote and establish the cultivation of the English language to
/30 the

1) Theal : Records of the Cape Colony 1806 - 1809, vol. VI., 449.

2) Doodberig in Kaapsche Courant, 13 Jan. 1810.

the greatest extent, among your pupils of the Higher Rank, and as foundation upon which they will in future life best make their way not only within this Territory, but beyond its limits, in the general Range as common subjects of H.M. Dominion From these reasons I candidly confess, that I originally wished to have placed an English Gentleman in your situation."¹⁾

In sy advertensie stel Turr die volgende leerplan in vooruitsig;²⁾ (a) Latynse grammatika, sintaksis en prosodie; (b) praat, lees en skryf van die moedertaal; (c) Grieks; (d) fabelkunde, (e) ou en nuwe aardrykskunde; (f) Romeinse en Griekse oudheidkunde; (g) Algemene en Bybelgeskiedenis; (h) retorika.

Turr se skool is op 13 Januarie 1813 in Roelandstraat geopen. Spoedig, egter, was daar 'n twisgeding tussen hom en die skoolkommissie, hoofsaaklik oor die reëling van skoolure en die aanstelling van 'n assistent. Al die pogings van die goewerneur om die saak in die reine te bring het misluk, en op 24 Januarie 1814 het Turr kennis gekry dat sy kontrak beëindig is.³⁾ Dit beteken dus dat Latynonderwys na 'n onderbreking van drie jaar slegs vir een jaar onderleiding van 'n gekwalifiseerde onderwyser kon voortgaan.

Op 29 Januarie 1814, onmiddelik na die ontslag van Turr, het die skoolkommissie die pos van "Rector Gymnasii" in die "Kaapsche Stads Courant" geadverteer,⁴⁾ en toe geen aansoek ontvang is nie, is op 9 Mei 1814 'n brief aan die Goewerneur gerig om toestemming te vra /31 om

-
- 1) Letter Book, C.O. 1470, 2 Nov. 1812.
 - 2) Kaapsche Stad Courant, 19 Des. 1812.
 - 3) Letter Book, C.O. 1472, 24 Jan. 1814.
 - 4) Kaapsche Stads Courant, 29 Jan. 1814.

om iemand vir die betrekking in Holland te soek. Onder
andere sê die skoolkommissie: ¹⁾ "these endeavours however
to find out and to obtain a proper person for the vacant
situation have proved fruitless, and in the meantime
a remaining opportunity of obtaining private instruction
in the ancient languages has ceased also." ²⁾

Die goewerneur betuig sy instemming met die gedagte
om iemand in Holland te kry, en stem selfs toe om
onkoste in verband met die saak te bestry. ³⁾ Hierop
het die skoolkommissie aan 'n sekere dr. Werninck in
Holland geskryf en gevra om iemand aan te beveel.

Terwyl hierdie onderhandelings van die skoolkom-
missie aan die gang was, het die goewerneur deur middel
van Lord Bathurst, die koloniale sekretaris, 'n soektog
na meer predikante aan die gang gesit. Lord Bathurst
het ook kontak met dr. Werninck gekry en uiteindelik is
'n sekere Jan Christoffel Berrangé, predikant te
Bloemendal, aanbeveel. Ds. Berrangé, 'n Kapenaar van
geboorte, het op tienjarige leeftyd na Holland gegaan.
Hy was dus baie gewillig om na die Kaap terug te keer,
en, hoewel nog in Holland, het hy reeds op 14 Junie
1814 begin salaris trek as predikant van die Kaap.

Ds. Berrangé was dus op die punt om na die Kaap
te kom, toe die brief van die skoolkommissie aan dr.
Werninck arriveer het. Hy het dadelik die inhoud
daarvan aan ds. Berrange bekendgemaak, en laasgenoemde
was baie gretig om die betrekking van "Rector Gymnasii"
te aanvaar. In dier voege is ook aan Lord Bathurst
/32 geskryf

1) Letters received, C.O. 153, 9 Mei 1814.

2) 'n Priwaatskool van Turr of die skool van 'n sekere
Pahud.

3) Letter Book, C.O. 1473, 13 Mei 1814.

geskryf en hy het die aanbeveling aan die Kaapse goewerneur gedoen dat Ds. Berrangé 'n geskikte persoon ¹⁾ vir die hoofskap van die gimnasium is.

Eers op 14 November 1815 kon die skoolkommissie aan die goewerneur (nou Lord Charles Somerset) berig dat ds. Berrangé arriveer het; 'n bevestiging van sy aanstelling deur die goewerneur is aangevra. Tot verbasing van die skoolkommissie het die goewerneur egter op 21 November 1815 ~~soos~~ ²⁾ volg geantwoord: "H.E. apprehends there must be a mistake with respect to the nomination of Mr. Berrangé, which will be apparent to the Members of the Bible and School Commission, when they peruse the enclosed copy of a Despatch from Earl Bathurst date 14th June, 1814; from this communication it is clear, that Mr. Berrangé was appointed to the clerical duties of this Colony long before the application from the Bible and School Commission."

Ds. Berrangé is vervolgens as predikant na Swellendam gestuur. Alle verdere pogings van ds. Berrangé en die skoolkommissie het gestrand op die onwrikbare voorneme van die goewerneur om 'n Engelssprekende as hoof van die gimnasium aan te stel. Op 2 Julie 1816 is hierdie standpunt in 'n brief van die koloniale sekretaris (Kaap) aan die skoolkommissie baie ³⁾ duidelik gestel: "I am directed by H.E. to state his decision that the School Master presiding over the Latin School should be a perfect Master of the English Language and recommends strongly a person should be sent /33 for

1) Het Nderduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, dl. IV, p. 127.

2) Letter Book, C.O. 1475, 21 Nov. 1815.

3) Letter Book, C.O. 1475, 2 Julie 1816.

for from some of the Great Public Schools in England. This Colony being now an integral part of the British Empire, he considers it essential that a course of education should be adopted competent to prepare the young men for the Public Service of the Colonial Government, the Army and the Navy, and by which in cases where parents wished to send their children to Europe for a more improved education than a limited Society can be supposed to admit of, the children should lose no time by a change of System."

Hierdie gedagte word verder uitgebou in 'n brief van Lord Charles Somerset aan Lord Bathurst op 1 September, 1816:¹⁾ "Such are here, in the first instance, the establishment of a Grammar School upon a liberal and enlightened footing, which with the aid this enviable climate affords, would attract the youth of the first families in India, and would naturally add greatly to the prosperity of this place." Hierop het Lord Bathurst geantwoord dat hy nie kan aanbeveel dat amptenare in Indië hulle kinders na die Kaap stuur nie, want "it is apprehended that the rising generation would gradually become alienated from the Mother Country by being deprived of all opportunities of forming friendship and connections, except with each other, and would thus become insulated in their affections, habits and attachments."²⁾ 'n "Academy" vir die Kaapse jeug is egter nie ontmoedig nie.

Vanaf Januarie 1814 (na die ontslag van Turr) tot Junie 1821 was daar dus geen voorsiening vir middelbare /34 onderwys

1) Despatch Book, C.O. 440, p. 141

2) Despatches received, C.O. 1303, No. 153

onderwys aan die Kaap nie. Vroeg in Junie 1821 rig 'n sekere George Hough, M.A., "Chaplain" te Kaapstad, 'n brief aan Sir Ryfane Donkin, die waarnemende goewerneur, en bied sy dienste aan as hoof van die gimnasium. Die goewerneur was baie ingenome met sy aanbod, en skryf soos volg aan die skoolkommissie: ¹⁾ "The importance of a Seminary of this nature is as obvious that it is quite unnecessary to debate upon it and it has been so long the subject of regret that there were no means of affording classical instruction to the Youth of this Colony on the spot, that he entertains no doubt that you will feel with Him the benefit likely to accrue to this place from your closing with mr. Hough's propositions."

Die skoolkommissie berig op 7 Junie dat mnr. Hough aangestel is, ²⁾ en verkry ³⁾ die goedkeuring van die goewerneur op 15 Junie. ³⁾ In die "Kaapsche Stads Courant" van 23 Junie 1821 is die onderrig aan die heropende gimnasium of "Grammar School" bestempel as "Classical and Scientific Education." ⁴⁾ Die goewerneur was baie ingenome met sy aanbod, en skryf hierdie skool se bestaansduur was egter ook kort, want teen die einde van 1823 was die hoofskap van die "Grammar School" weer vakant soos blyk uit 'n skrywe van 'n sekere Fairbairn aan die Goewerneur op 21 Oktober 1823.

Dat dit egter gedurende hierdie maer jare van middelbare onderwys nie ontbreek het aan hoe ideale nie, word bewys nie alleenlik uit die brief van Lord Charles

735 Somerset

~~Die skoolkommissie berig op 7 Junie dat mnr. Hough~~

- 1) Letter Book, C.O. 1481, p. 427.
- 2) Letters Received, C.O. 295, 7 Junie 1821.
- 3) Letter Book, C.O. 1481, p. 438.
- 4) Letters Received; Memorials, C.O. 373, No. 375.

Somerset aan Lord Bathurst nie, ¹⁾ maar veral ook uit 'n brief van ds. A. Faure, wat in 1817 aangestel is as predikant aan die Kaap. Hy skryf nog vanuit Nederland aan Lord Bathurst soos volg: ²⁾ "As your Lordship has not thought proper to appoint me to the charge of any particular church, I beg leave to submit to your Lordship's consideration, having with others long experienced the great want of it, the importance and propriety of establishing in South Africa a college for the education of young men for the church, (onderstreping deur my) which would save them the trouble and expense of a voyage to Europe and a residence of several years at the University of this Country. My course of studies having led me to pay attention to the eastern as well as western languages and other branches of science, I should feel peculiarly happy in rendering every assistance in my power in carrying such a plan into execution. Should your Lordship approve of it, and think proper to grant unto me the appointment of Professor, which will not at all hinder me from exercising the functions of clergyman, I would then beg leave to mention at the same time to your Lordship the name of Mr. van OORDT, a member of this University, a man of great literary attainments, as a colleague to me in such an arduous task."

Hierdie plan het egter deur die mat geval omdat ds. Faure na Graaff-Reinett gestuur is, maar toe hy in 1822 as derde predikant van Kaapstad bevestig is, het hy en sy kollega, ds. Berrangé, saamgespan en 'n inrigting vir middelbare onderwys geopen. Die naam van die skool

/36 Riebeeck's

1) Sien p. 33.

2) Theal : Records of the Cape Colony, vol. XI, p. 258.

"Riebeeks Instituut", is veral treffend as ons in aanmerking neer dat die skool opgerig is na Lord Charles Somerset se berugte proklamasie op 6 Julie 1822.

In die eerste uitgawe van "Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift" in 1824, bepleit ds. Faure weer die stigting van 'n kweekskool hier te lande, maar hierdie skool sou eers baie later verwesenlik word. Die "Riebeeks Instituut" het bestaan tot die stigting van die Athenaeum in 1829, maar na die dood van ds. Berrangé in 1827 moes ds. Faure alleen aangaan. Die volgende interessante verslag oor die werksaamhede van die skool het in "Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, dl. II p. 289 verskyn: "Dit Instituut, den naam dragende van den eersten Grondlegger dezen Volksplanting, staat onder het onmiddellyke opzigt van den Wel-Eerwaarde Heer A. Faure en den Wel-Eerwaarde Heer ds. Berrangé. Op den 22 July had er een examen plaats in de tegenwoordigheid van de ouders en voogden der pupillen. De leerlingen werden onderzocht in de Nederduitsche, Engelse, Latynsche, Grieksche en Hebreeuwsche talen, de reken, meet- en aardrykskunde, en vervaardigden eenige Latynsche temata, welke hun ad aperturam libri door den Hoog-Ed. Actb. Heer Sir John Truter werden opgegeven. Er bevinden zich op dat Instituut (waarvan eenigen door het Educatie Fonds aldaar besteed) die zich op de Theologie, andere die zich op de regsgeleerdheid en niet weinige die zich op de geneeskunde en het natuurkundig vak zullen toeleggen, ook hebben sommigen reeds eenige vorderingen in de voorbereidende studien daaromtrent gemaakt."

Teen die einde van 1823 is nog 'n derde inrigting

vir middelbare onderwys naas die "Grammar School" en "Riebeeks Instituut" gestig. Op 21 Oktober 1823 het 'n sekere John Fairbairn, so pas uit Skotland, 'n brief aan die goewerneur gerig en homself aangebied as hoof van die "Grammar School".¹⁾ Toe die goewerneur egter antwoord "H.E. expects a person from England to fill the situation in question,"²⁾ het Fairbairn aansoek gedoen "to request from your Excellency permission to prosecute his original design of establishing a Private Academy in this Colony."³⁾ Hierdie versoek is op 26 November 1823 toegestaan.⁴⁾ Op 1 Desember 1823 is die "Academy" dan deur die here Fairbairn en Pringle in "Harrington House" te Kaapstad geopen. Reeds in 1824 het Pringle hom onttrek en nadat Fairbairn as redakteur van die "South African Commercial Advertiser" met die goewerneur in botsing gekom het, en nadat daar uiteindelik 'n hoof vir die "Grammar School" gevind is, het die "Academy" doodgeloop.

Na die bedanking van ~~rev.~~ Hough as hoof van die "Grammar School", het Lord Charles Somerset dadelik pogings aangewend om 'n geskikte hoof in Engeland te vind. In sy brief aan die koloniale sekretaris op 29 Oktober 1823, skryf hy soos volg:⁵⁾ "The increasing population at this place calls aloud for the means of a good classical Education upon a plan consistant with the circumstances of the community.... What I have now to solicit is your Lordship's authority to establish a
/38 public

-
- 1) Letters Received, Memorials, C.O. 373, No. 375.
 - 2) Ibid. (agterop in potlood geskryf).
 - 3) Letters Received, Memorials, C.O. 373, No. 391.
 - 4) Letter Book, C.O. 1486, 26 November 1823.
 - 5) Despatch Book, C.O. 1442m No. 58.

public school for classical learning under such advantages and emoluments from the Colonial Government, as shall induce a clergyman of the Established Church of England (this I think very material here) and of the first rate abilities for instruction to undertake the task. The establishment of a Grammar School of this nature is rendered the more imperative here as there are not more than 4 or 5 families in the Colony who possess the means of sending their sons to Europe for education."

Na verdere onderhandelings is uiteindelik 'n geskikte hoof in die persoon van rev. E. Judge, M.A., gevind. Opmerklik is die feit dat rev. Judge deur die goewerneur en nie deur die skoolkommissie aangestel is nie. Die "Grammar School" het hiermee 'n staatsinstelling geword! Die volgende verwelkoming van Judge in "Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift"¹⁾ is dan ook kensketsend: "Op den 2 Mei arriveerde alhier, de Eerw. Heer. Eder Judge, van de Episcopale Kerk, door het Government in Engeland tot Master van de Classieke School alhier aangesteld. Van deze aanstelling heeft de school Commissie' geene aanschryving gekregen, zoo dat het nog niet bekend is of de Eerw. Heer Judge even gelyk vroeger, de Eerw. Doctor Halloran, de Wel. Ed. Heer Turr, en de Eerw. Heer Hough, onder 't bestuur en opzigt dier Commissie staan zal. De Heer Judge heeft reeds zyne school geopen, en men kan de aankomst van hem, wiens talenten hoog geroemd worden, niet anders dan hoogst belangryk voor deze volksplanting beschouwen, daar wy den hoop mogen opvatten, dat deze aanleiding zal geven tot

/39 het

1) Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, dl. 2 (Junie 1825) p. 208.

het opsigten van het zoo lang gewenscht Athenaeum of Hooge School, buiten welke ook het Gymnasium geen grooten opgang zal maken.

Die skool van Judge is in die "Kaapstads Courant" of "The Cape Town Gazette and African Advertiser" as die "Cape Classical School" geadverteer en die leerplan is soos

1) volg aangedui: "The subjects of Instruction in the Cape Classical School will be Greek, Latin, English, Geography and History, both ancient and Modern, Writing, Arithmetic, and the Mathematics, together with composition in English and the Classical languages, and also lectures on the principles of Morality and the Evidences of the Christian Religion."

The "Cape Classical School" moes onder leiding van Judge goeie ondersteuning gekry het, want alreeds in 1826 het hy vir 'n "Classical Assistant" geadverteer. 2) In 1828 is op aanbeveling van die Goewerneur, Sir Lawry Cole met Judge onderhandelings aangeknoop om sy skool by die op te rigte Athenaeum of "South African College" in te lyf. Hy het egter sekere voorwaardes gestel, o.a. dat hy sy salaris van £300 per jaar behou ten gunste van die professorale salaris van £200 per jaar! 3)

Op 1 Oktober 1829 het Judge sy nuwe betrekking as professor in die klassieke tale en Engels aan die pas-gestigte Athenaeum of "South African College" aanvaar. Ongelukkig het daar al dadelik verskil ontstaan oor die gee van kategetiese onderwys al dan nie binne die mure van die Athenaeum, en toe die aandeelhouers op 'n ver-

/40 gadering

1) Kaapstads Courant of the Cape Town Gazette and African Advertiser, 21 Mei 1825.

2) Ibid. 6 Januarie 1826.

3) Letter Book, C.O. 1589, 16 Julie 1828.

gadering van 24 Maart 1830 besluit dat geen kategetiese onderwys binne die Athenaeum toegelaat sou word nie, het Judge uit protes bedank as professor en by die goewerneur aansoek gedoen om weer as hoof van die "Grammar School" aangestel te word. Hierdie versoek is deur die Goewerneur op 1 Julie 1830 toegestaan, maar net tot verstryking van die oorspronklike kontrak op 2 Mei 1831. So is die "Grammar School", of soos Judge lief was om dit te noem, "Cape Classical School", weer op 1 Oktober 1830 geopen. Sedert 2 Mei 1831 het dit opgehou om 'n staatskool te wees, en het dit maar 'n povere bestaan as 'n privaatskool gevoer. Judge is dan ook al in Februarie 1832 as "acting Chaplain" te Wynberg en in 1839 as "Chaplain" te Simonstad aangestel. Hierdie jaartal kan ongetwyfeld as die einde van die "Grammar School" aangeneem word.

Die ideaal van die inrigting vir hoër sowel as middelbare onderwys is reeds al in die plan van die Skolarge in 1790 geneem, en is daarna in die skoolorde van de Mist sterk op die voorgrond geplaas. Lord Charles Somerset en ds. A. Faure het dieselfde gedagtes gekoester. Met die koms van Judge het die hoop weer opgeflikker, maar die "Cape Classical School" het nie aan die hoë verwagtings voldoen nie, sodat verdere kraginspanning nodig geblyk het.

Op 14 Oktober 1828 is 'n vergadering van belangstellendes in die oprigting van 'n Athenaeum onder voorsitterskap van sir John Truter in die konsistorie van die Nederduitsch Gereformeerde Kerk te Kaapstad gehou. 'n Organiserende komitee is gekies, en die morele ondersteuning van die goewerneur, sir Lowry Cole, is verkry. Daarop is 'n maatskappy gestig en aandele is verkoop.

In April 1829 is die "Prospectus for the Establishment of a College at the Cape of Good Hope" gepubliseer en op 4 Junie 1829 het die aandeelhouers hulle eerste "Raad" gekies. Drie professore is aangestel, nl. rev. E. Judge, M.A., vir die klassieke tale en Engels, ds. A. Faure vir Hollands en die klassieke tale (Hollands medium) en rev. J. Adamson vir matesis. Op 1 Oktober 1829 het die openingsplegtigheid in die Hollandse kerk plaasgevind. Weens konfessionele moeilikheid het Judge al spoedig bedank en is rev. John Pears, M.A., in sy plek aangestel. Ds. Faure moes ook na 'n kort werktyd weens swak gesondheid bedank, en sy plek is deur ds. A. Changuion opgevul. Die volgende goewerneur, sir Benjamin D'Urban, was die inrigting baie goed gesind. Hy het dit finansieel begunstig¹⁾ en selfs in 1838 'n stuk grond ('n gedeelte van die ou dieretuin) aan die inrigting geskenk.

Dat aan die klassieke 'n besondere plek in die Athenaeum of "South African College" toegeken is, blyk uit die reeds genoemde "Prospectus", 'n memorie van dr. James Adamson, 'n "Plan of Instruction" van rev. John Pears en verslae van eksamens.

Artikel II van die "Prospectus" lui soos volg:
"That in consequence of the present state of the Colony it has become necessary to extend and improve the means of instructing the youth by the establishment of a College, in which they shall be able to obtain instruction in all preparatory branches of literature and of science." Dr. James Adamson kenskets die karakter van die inrigting met die volgende woorde:²⁾ "What this instruction was
/42 proposed

1) Sien Higher Education Ordinance, No. 11 van 1837.
2) Letters Received, S.A.C., C.O. 689.

proposed by your Memorialist, with the intention of establishing a course of Education essentially British, so far as circumstances of the Colony admit or justify - and with the exception of one department, which provides instruction in the classical tongues by means of the Dutch language, all its proceedings tend to promote the study and use of the English Tongue."

Dit is veral uit die "Plan of Instruction" van rev. Pears en uit verslae van eksamens soos gepubliseer in die koerante dat ons die onteenseglike bewys kry van die groot rol van die klassieke in die leergange van die inrigting.¹⁾

Uiteindelik staan aan die Kaap vir middelbare en hoër onderwys 'n inrigting wat die storms van die tye sou trotseer en van krag tot krag sou voortgaan. In hierdie lig kan ons ook na jare van harde worsteling, die treffende woorde van ds. A. Faure met die heropening van die Athenaeum in 1835 verstaan:²⁾ " zoo ging het met he hooger onderwys. Zoo ging het met de Latynsche school. Het was als eene windvlaag zyn deze niet daadzaken, u en my welbekend, en deze nopen my, u toe te roepen, 'blyft dit Athenaeum ondersteunen, welks oprigting en zoo veel vreugde heeft verschaft, dat gy openbare vreugdeteekenen aan uwe woningen hebt gegeven, toen hetzelve voor het eerst geopend werd.' Wilt dus doende bewyzen, dat gy eene standvastigheid van karakter hebt bekomen, waardig de goede zaak over welks

/43 bestaan

1) Hierdie twee aspekte word volledig behandel in hoofstuk VI. Sien p. 204.

2) Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, dl. XII, p. 64.

bestaan elk minnaar van zynen geboortegrond zich met regt verheugen moge."

Met die aankoms van die Skotse onderwysers in 1822 is op die platteland met die stigting van die "Government Free Schools" ook geleentheid geskep om middelbare onderwys te ontvang, al was dit maar net in die beginstadium. Veral in die skole van James Rose-Innis, M.A., te Uitenhage, William Robertson te Graaff-Reinet en Archibold Brown, M.A., te Stellenbosch is Latyn wel deeglik onderrig.¹⁾ Dit blyk veral uit die skoolrapporte wat aan die Goewerneur gestuur is en uit verslae van eksamens in die koerante. Rose-Innis se skool is bv. eers "Government Free School", later "English Grammar School" en uiteindelik "Academy" genoem. Die platteland sou egter eers, nes Kaapstad, 'n periode van sporadiese onderwysgeleenthede moes deurmaak. Middelbare onderwys was absoluut afhanklik van 'n onderwyser wat die bekwaamheid en durf gehad het om die "Higher Branches" in sy skool te organiseer.

Samevatting: Twee-en-sestig jaar na die landing van Jan van Riebeek aan die Kaap is die eerste skooltjie vir middelbare onderwys gestig (Slicher). Dit het vir ses-tien jaar lank 'n baie moeilike bestaan gevoer en moes uiteindelik weens min belangstelling gesluit word.

Drie-en-sestig jaar later is 'n tweede poging aangewend (C.J. van Baak). Vermoedelik het hierdie skool vir ses-tien jaar ononderbroke aan die elementêre behoeftes voorsien. Met die dood van Ingatius Klein in 1810 het
/44 daar

1) Volgens Coetzee : Latynonderwys in Kaapland tot 1839, XI.

daar egter 'n nuwe faktor bygekom om die voortbestaan van die middelbare skooltjie te bemoeilik, nl. die goewerneurs se beleid van verengelsing. Na die kortstondige hoofskap van dr. Halloran moes die skooltjie alweer vir twee jaar gesluit bly om net vir een jaar onder leiding van Turr aan die gang te kom. Daarna het dit weens die goewerneur se besluit om juis 'n Engelssprekende hoof te soek vir sewe jaar gesluit gebly, tot 'n lid van die skoolkommissie, rev. H. Hough, dit vir twee jaar aan die gang gehou het. Vervolgens moes dit weer vir twee jaar gesluit bly totdat dit as staatskool aan rev. E. Judge toevertrou is. Vanaf 1825 tot 1829 het die skool taamlik floreer, maar in 1829 is dit by die Athenaeum ingesluit om egter weer in 1830 as aparte skool geopen te word. Vir agt maande het dit nog as staatskool bestaan maar daarna het dit tot 1839 as privaatskool 'n sukkelbestaan gevoer.

Die twintigerjare het nog twee ander middelbare skole die lig laat sien, nl. dl. A. Faure en G. Berrangé se "Riebeeks Instituut", wat bestaan het tot die stigting van die Athenaeum in 1829, en Fairbairn en Pringle se "Academy", wat egter 'n kort lewensduur geniet het.

Met die stigting van die Athenaeum of "South African College" in 1829 het die middelbare onderwys eintlik vir die eerste keer 'n vaste beslag in Kaapstad gekry. Hoewel nog 'n privaat-onderneming (maatskappy), het dit op breë grondslag gerus, en met bekwame onderwysers aan die roer, kon dit moeilikhede oorkom.

Die period van Latynonderwys voor 1839 kan soos

"45 volg

volg gekenmerk word:

1. Dit was afhanklik van privaat inisiatief.
2. Dit was byna uitsluitlik beperk tot Kaapstad, behalwe op 'n paar plekke in die "Government Free Schools" sedert 1822.
3. Dit was uiters wisselvallig en is soms versteur deur allerhande beuselagtighede, bv. Turr se bedanking oor skoolure.
4. Dit het tydens die tweede Britse besetting die speelbal geword van bymotiewe.
5. Dit het mank gegaan aan die gebrek aan opgeleide onderwysers.

Die swak ondersteuning wat die middelbare onderwys gedurende hierdie periode ontvang het kan aan die volgende redes toegeskryf word:

1. Die klein bevolking aan die Kaap. Die blanke bevolking syfer vir 1715 word aangegee as 1,886, en in 1806 as 26,159.¹⁾
2. Die verspreidheid van die bevolking en die nomadiese lewe op die platteland het georganiseerde onderwys, wat kon 'n mate van konsentrasie vereis, baie bemoeilik.
3. Die Koloniale kompleks het daartoe meegewerk dat "intelligentia" makliker van die moederland ingevoer kon word. Plaaslike opleiding is derhalwe ook as minderwaardig beskou.
4. Tot 1829 was die skooltjies wat opgerig is, so elementêr van aard dat iemand wat studie ernstig opgeneem het, tog maar na die buiteland moes gaan;
/46 Studente

1) Olenbrander : Afkomst der Boeren : 106 en 108.

Studente het gevolglik verkies om liewers direk na die Europese universiteite te gaan. Hierdie kompleks is tot laat in die negentiende eeu nog gewaar.

5. Die skole was 'n finansiële risiko en dus baie duur vir die arm- of middestand. Selfs die Athenaeum het gedreig om in duie te stort, totdat die Goewerneur dit finansiëel begunstig het.

2. DIE BEGINJARE VAN DIE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS:
(1839 - 1873).

(a) Departementele Skole:

Die jaar 1839 staan gekenmerk as een van die belangrikste in die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika, omdat dit die geboortjaar was van (1) georganiseerde onderwys deur die staat; en (2) die instelling van 'n departement van onderwys met die verantwoordelike amptenaar aan die hoof daarvan.

Die aanstelling van ses Skotse onderwysers en die daarmee gepaard gaande oprigting van die "Government Free Schools" in 1822, die aanstelling van Judge in 1825 as 'n staatsbesoldigde hoof van die "Grammar School" en die ondersteuning van staatsweë aan die Athenaeum volgens die "Higher Education Ordinance" van 1837, was die aanduidings dat die onderwys aan die Kaap organisatories van karakter sou verander. In 1837 het die koloniale sekretaris (Kaap), Colonel (Later sir John) Bell, 'n memorandum saamgestel oor die skole in die provinsie.¹⁾ Dit is aan die Goewerneur, sir Benjamin D'Urban, oorhandig, en hy het dit weer voorgelê aan sir /47 John

1) Letters Despatched, C.O. 11, 1838, Enclosure I.

John Hershel, 'n bekende Engelse astronoom, wat destyds aan die Kaap werksaam was. Laasgenoemde het in twee briewe sy suggesties aan die Goewerneur bekendgestel.¹⁾

Op 18 Februarie 1838 het John Fairbairn ook 'n "memorandum for the advancement of Education at the Cape" aangebied. Al hierdie gedagtes en wenke is uiteindelik verwerk en saamgevat in 'n finale memorandum "Government Memorandum on Education", gedateer 23 Mei 1839. Hiervolgens het 'n fundamentele reorganisasie van die onderwys plaasgevind. Die vernaamste veranderings was die volgende:

- (1) Die werk van die bybel- en skoolkommissie verval en word met aansienlike uitbreiding aan die "General Superintendent of Public Education" oorgedra.
- (2) Die stigting van staatskole word aangemoedig onder die naam van "Government Established Free Schools".
- (3) Staatskole word ingedeel in "First Class Schools" en "Second Class Schools". Eersgenoemde skole is alleenlik in die groter sentra opgerig en het voorsiening gemaak vir laer en middelbare onderwys. "Second Class Schools" het voorlopig geen middelbare onderwys gegee nie, Latyn en Grieks is as verpligtend gestel vir die "Higher Branches" in "First Class Schools".
- (4) 'n "Normal School", om aan die behoeftes van opgeleide onderwysers te voorsien, is in vooruit sig gestel en in 1842 geopen. Dit het egter nooit floreer nie en is in 1860 gesluit. Gedurende sy /48 bestaan

1) Letters Despatched, C.O. 11, 1838, Enclosure II.

bestaan het die "Normal School" o.a. ook Latyn aangebied.

(5) Plaaslike skoolkommissies is verantwoordelik gestel
1)
vir die afneem van eksamens.

(6) Die "General Superintendent" moet persoonlik die inspeksie van skole waarneem (seker een van die belangrikste bepalings).

Die stigting en organisering van "First Class" skole het die middelbare onderwys in die groter sentra en op die platteland 'n stoot vorentoe gegee. Die volgende twee tabelle dui dit goed aan:

(a) "Government Established Schools." 2)

No. of 1st Class Schools.	Year.	Giving superior instructions.	Percentage of Scholars receiving Superior instruction.
12	1843	9	4 %
17	1856	12	6
17	1859	12	8
16	1860	8	8

(b) Die S.G.O. rapport van 1859 bied die volgende gewens:

<u>Skool.</u>	<u>Getal leerlinge wat Latyn neem.</u>
Normal School	8
Wynberg	47
Stellenbosch	10
Worcester	23
Grahamstown	6
Fort Beaufort	3
Graaff-Reinet	9
Somerset-Oos	3
Colesberg	2
Uitenhage	10
Port Elizabeth	9
	<u>130.</u>

/49 Die

1) Vergelyk omsendbrief van J. Moore Craig, waarn. sekretaris van die Regering aan die skoolkommissies op 18.2.1842.
 2) Report of Commission to enquire into and report upon the Government Educational System of the Colony, 1863, p.XLIII

Die hoë ideale wat van die "1st Class Schools" gekoester is, het nooit werklikheid geword nie. Verskillende oorsake het daartoe bygedra. Die belangrikste hinderpaal was die ekstra skoolgeld van £1 per kind per kwartaal vir die onderrig in die "Higher Branches". Hoewel die skole dus die naam van "free" gedra het, was die eintlike middelbare onderwys nie gratis nie. Verder was dit vir een onderwyser 'n onmoontlike taak om sonder hulp laer en middelbare onderwys waar te neem. Die taalmedium, belangeloosheid aan die kant van die ouers, swak bywoning van die skool as gevolg van 'n tekort aan arbeid, gebrekkige skooluitrusting en skoolboeke, het natuurlikerwys 'n remmende invloed op die groeikrag van die middelbare onderwys uitgeoefen.¹⁾

Die gekose komitees van ondersoek na die onderwys in 1854 en 1857 het geen noemenswaardige veranderings in die stelsel teweeggebring nie, maar in 1863 is 'n deurtastende ondersoek gedoen deur 'n gekose komitee onder voorsitterskap van regter Watermeyer. Die bevinding van die kommissie oor die vooruitgang van middelbare onderwys word met die volgende woorde weergegee:²⁾

"From the statements made in evidence before the Commission,
/50 it

- 1) Volgens rapporte van onderwysers aan die S.G.O. soos voorgelê aan 'n verkose komitee: "Appendix to the report of the select Committee appointed to consider the subject of Education, Cape of Good Hope, 1857, pp. 1 - 11.
- 2) Report of Commission to enquire into and report upon the Government Educational system of the Colony, 1863, p. XLII.

It appears that whilst the attendance in Government Schools has not, on the whole, perceptibly declined of late years, the number enjoying superior instruction in some of the Higher branches, Latin, Greek, Mathematics or Physics - has increased."

Die Watermeyer-kommissie het o.a. die volgende aanbevelings gedoen: (1) Die afskaffing van die "Government Established Free Schools" en die oprigting van "Aided Undenominational Public Schools" op 'n £ vir £ basis. (2) Die invoering van bevoegde onderwysers vir die groot skole. (3) Die kurrikulum van dorpskole van die tweedeklas moet ook Latyn en elementêre stel- en meetkunde insluit. (4) Die kurrikulum vir eerste-klas skole moet voorsiening maak vir Grieks, Latyn, Engels, geskiedenis, elementêre ~~ma~~tesis en die beginsels van natuurkunde.¹⁾

Die onderwyswet van 1865 was die vrug van hierdie kommissie se ondersoek. Volgens aanbeveling is die "Established Schools" mettertyd vervang deur die "Undenominational Public Schools". Laasgenoemde skole het nou ook meer ruimte gebied vir middelbare onderwys. Die verdeling in "First Class" en "Second Class" skole is behou, maar in albei soorte skole is afdelings vir sekondêre vakke ingeruim. Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die omvang van Latynonderwys in hierdie skole teenoor dié van die "Government Established Free Schools".²⁾

/51 Jaartal , . . .

1) Ibid, p. LXXVI.

2) S.G.O. Rapporte van 1862, 1864, 1865, 1866 en 1868, 1870, 1880.

Jaartal.	Aantal Leerlinge wat Latyn neem in "Established Schools."	Aantal leerlinge wat Latyn neem in "State-Aided Schools" (Bestaan al sedert 1843 maar in 1865 "undenominational Schools" genoem.)
1862	138	43
1864	86	103
1865	100	205
1866	70	274
1868	62	377
1870	54	355
1880		1,451

Die ondersteuning wat die "Established Schools" verkry het, was so aan die daal dat daar in 1868 nog net vier van hierdie skole was; in 1870 was daar nog net drie (Worcester, Somerset-Oos en Uitenhage) en in 1874 het die laaste een (Worcester) verdwyn. Daarteenoor was daar 181 "Undenominational Public Schools" in 1874.¹⁾ Latynonderwys het egter met rasse skrede vooruitgegaan, sodat daar in 1880 1451 leerlinge in "Undenominational Public Schools" Latynonderrig ontvang het. Die platteland het veral gebaat by hierdie nuwe stelsel.

Dat Latyn ongetwyfeld 'n groot deel van die kurrikulum in die sekondêre afdelings van skole uitgemaak het, blyk baie duidelik uit getuienis wat voor kommissies van ondersoek afgelê is. In 1843 skryf J. Rose-Innis, die S.G.O., soos volg:²⁾ "There are twelve first class schools In nine of these schools, classes have been formed for the higher branches (especially classics and /52 Mathematics

1) Rowan : Our Educational system, 1878.

2) Colony of the Cape of Good Hope - Educational returns, 1838 - 1856.

Mathematics) which have been attended by 69 pupils, who pay a quarterly fee of £1."

In 1854 getuig Rose-Innis soos volg voor die Fairbairn-kommissie:¹⁾

"Q. What qualifications are required from the teachers in the Government Schools?"

"Dr. R.I.- To conduct the course of instruction laid down in the Government Minute of 23rd May, 1839."

"Q. Does that course comprise"

"Dr. R.I. - Yes, and in addition, instruction in Classics and science."

"Q.- What do you mean by Classics?"

"Dr. R.I.- Latin and Greek."

Hierby sluit dr. Dale, die opvolger van Rose-Innis, pragtig aan in sy getuienis voor die Watermeyer-kommissie in 1863:²⁾

"Q.- What qualification is required of a first-class teacher?"

"Dr. Dale: According to the scheme laid down at the introduction of the system in 1839, it was expected that a first class teacher should be competent to give instruction in classics; that is, Latin and Greek, mathematics, including subjects of a high range, physical science and French. Practically very few, if any, men can be found to combine excellence in so many branches; a first class teacher is practically a man who can give instruction in the elements of classics and mathematics."

/53 In

-
- 1) Report from the Select Committee on the Government Educational System, 1854, pp. 6-7
 - 2) Report of a Commission appointed to enquire into and report upon the Government Education System of the Colony, 1863, p. 37.

In verband met tweedeklas skole getuid ¹⁾ Dr. Dale voor dieselfde kommissie:

"Q: You spoke first now of "superior elementary education", what do you consider that to imply?"

"Dr. Dale: A school that will enable ^a young man to prepare for the examination of the public services, where a fair knowledge of Latin, and an elementary knowledge of mathematics may be attained."

"Q: and the "ordinary education?"

"Dr. Dale: That would not include Latin or Mathematics."

In sy rapport van 1859 stel die S.G.O. die volgende leerplan vir eersteklas skole: ²⁾ "In first class schools the following additional subjects are provided for: Classics, elements of Mathematics, mensuration and surveying, Physical Science, elements of Modern Languages."

Volgens die bepalings van die onderwyswet van 1865 was Latyn egter verpligtend in alle eersteklas skole en ³⁾ toelaatbaar in tweedeklas skole.

(b) Normal Seminary (1842-1860):

Hierdie skool is in die memorandum van 1839 in vooruitsig gestel, maar het eers in 1842 begin fungeer. Latyn is een van die vakke wat aangebied is, soos blyk uit werkrooster, waarop 'n Latynperiode van 45 minute ⁴⁾ elke dag, (insluitende Saterdag) verskyn. Vanaf 1842 tot 1853 het 61 leerlinge onderrig in die klassieke ⁵⁾ en matesis ontvang. Dit was in ooreenstemming met die ⁵⁴ ideaal

1) Ibid. p. 26.

2) S.G.O. rapport, 1859, p. 7.

3) In 1882 is die leerplan vir tweedeklas skole verander. Sien p. 69.

4) Report of Select Committee, appointed to consider the subject of Education, 1857, p. 73.

5) S.G.O. Rapport, 1854, p. 4.

ideaal wat Rose-Innis, op 27 Januarie 1842 in sy "Government Memorandum : Establishment of a Normal Seminary" gestel het:¹⁾ "It is proper to mention that provision will be made for a course of study of a more and advanced character than that of the model school, the chief branches of which will consist in English, and classical Literature, mental Philosophy, abstract and physical science."

Die mededinging van die "South African College" was egter te sterk vir hierdie skool. So skryf die hoof, Thomas Buchanan, in sy rapport aan die S.G.O. in 1856:²⁾ "The recent enthusiasm displayed in connection with the "College" has no doubt diminished the number who have attended classes for the "higher branches" in the school." Gevolglik het Dr. Rose-Innis al in 1854 aanbeveel dat die "Normal Seminary" by die "South African College" ingelyf moes word.³⁾ In 1859 was die posisie nog onseker, maar in 1860 is die inrigting gesluit.

(c) "South African College:"

Kragtens Ordonnansie 11 van 1837 het die Kaapse goewerment in ruil vir 'n jaarlikse toelaag 'n houvas op die Athenaeum of "South African College" gekry deur die benoeming van twee verteenwoordigers op die "Raad". Origens was dit 'n privaat inrigting van die aandeelhouders. Hierdie staatsondersteuning was egter die redding van die "South African College", hoewel die jare 1841 tot 1847 nog baie moeilikhede opgelewer het.
/55 Daarna

1) Report of Select Committee, 1857, Appendix V, p. 27
2) Report of Select Committee, 1857, p. 1
3) S.G.O. rapport, 1859, p. 4.

Daarna het dit so voor die wind gegaan dat die "Advertiser" bv. op 11 Januarie 1855 in 'n inleidingsartikel die stoute skoene aangetrek het om soos volg te skryf: ¹⁾ "The South African College twentyfive years ago was an experiment. It had to pass through its mutual pains and diseases of infancy and childhood. It now exhibit strength and capacity for the great work it was destined to undertake. We have only to give it food and materials on which to operate and it will repay us all on hundredfold." Verder beveel die "Advertiser" aan dat die "College" omgeskep word in 'n universiteit wat grade kan aanbied.

Aan die einde van 1857 kondig die "Advertiser" in 'n verdere voorwaartse stap aan: ²⁾ "Another step, we understand, is about to be taken in order to complete the system of "Home Education" so warmly recommended by Government more than forty years ago, namely, the establishment of a Board of Examiners in the various faculties, with power into Degrees, in short, a South African University." In 1858 het 'n poging om die "South African College" heeltemal onder staatsbeheer te kry misluk.

In 1873 is die konsep van die hoër onderwyswet bekendgestel. Die senaat van die "South African College" en die personeel van die "Diocesan College" van Rondebosch het 'n gesamentlike bespreking oor die voorgenome wet gehad en die volgende aanbevelings gedoen:

"(1) that the provisions made by act 4 of 1858 to be /56 carried

1) Ritchie : The History of the S.A. College, 1829-1918, p. 216.
2) Ritchie : Op. cit. 166.

carried out on the expiry of the present Board of Examiners, are so cumbrous as to prove practically unworkable and should be superseded by a new act; (2) that the time has come when the Board of Examiners, at present issuing certificates in literature and science, should be succeeded by an Examining University, empowered to confer academical degrees; (3) that the governing body of the University should be sufficiently large to represent educational interests of the whole colony." Hierdie aanbevelings is ingesluit in die hoër Onderwyswet van 1874.

Met die totstandkoming van "The University of the Cape of Good Hope" in 1874 is prof. Cameron, die professor in die klassieke aan die "S.A. College", as registrateur van die nuwe eksaminerende universiteit gekies. In sy plek is James Gill, M.A., van die Graaff-Reinet College aangestel.

In die "S.A. College" het Latyn altyd 'n belangrike, so nie die belangrikste, plek ingeneem. Nie alleenlik is die vak baie sterk beklemtoon in die "prospectus" nie, maar ook is die feit dat tot 1842 twee uit die vier professore Latyn doseer het 'n onteenseglike bewys dat die onderrig van Latyn in die skool ernstig opgeneem is. Die verslae van publieke eksamens, gehou voor die kommissie van beheer, gee ook 'n baie helder beeld van die omvang van die studie van Latyn.

Met die bedanking van prof. Changuion teen die einde van 1842 het daar 'n einde gekom aan die gebruik van Hollands as medium vir die bestudering van die

klassieke. Voortaan is dit deur die professor in "English Classics" en Engels waargeneem, maar in 1859 is hierdie twee poste geskei en is James Cameron as die eerste suiwer professor in klassieke tale aangestel.

Van 1858 tot 1873 het die studente van die "S.A. College" aan die eksamens van die "Board of Examiners" meegedaan, en die volgende sertifikate, ¹⁾ waarvoor Latyn 'n verpligte vak was, behaal:

First Class Certificate in Science and Literature	5
Second Class Certificate in Science and Literature	26
Third Class Certificate in Science and Literature	37.

Nogtans is aan baie meer studente, as wat genoemde sertifikate verwerf het, Latyn onderrig. Die volgende tabel gee 'n beter beeld van die aantal studente wat gedurende die periode 1839 tot 1873 aan hierdie inrigting Latyn studeer het: ²⁾

Jaartal.	Aantal Senior Studente.	Jaartal.	Aantal Senior Studente.
1839	35	1849	37
1840	16	1850	46
1841	46	1851	60
1842	38	1852	67
1843	19	1853	69
1844	22	1854	64
1845	45	1855	82
1846	45	1857	108
1847	49	1858	107
1848	38	1859	99
		1860

1) Ritchie : Op. cit. dl. II, p. 805
2) Ibid. p. 848

1860	105	1867	85
1861	112	1868	86
1862	105	1869	83
1863	102	1870	86
1864	100	1871	78
1865	100	1872	85
1866	95	1873	100

Dit is ook noemenswaardig dat die woord "matriculasie" seker vir die eerste maal in die Suid-Afrikaanse onderwys in die "prospectus" genoem is: "Any person, who, in consequence of the plan hereafter described, shall have taken one share in the loan of the "College", shall have the privilege of Matriculating one pupil." Ds. Faure gebruik ook die woord: "de studenten die voor het jaar geimatriculeerd waren, beliepen op omstreeks 130." ¹⁾ Daar bestaan dus geen twyfel dat die eindeksamen van die "S.A. College" die veelbesproke naam "Matriculation" gedra het nie!

(d) Privaatskole:

Die Kerk in Suid-Afrika het nog altyd in die onderwys 'n lewendige belangstelling getoon, beide deur deelname aan die beheer van staats- en staatsondersteunde skole en deur die oprigting van die kerkskole. Die "Church of England" en die Rooms Katolieke Kerk het hulle veral toegelê op die stigting van eie skole. Die belangrikste privaatskole gedurende die periode /59 1839-

1) Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, dl. VII, p. 397.

1839-1874 was die volgende: Diocesan College te Rondebosch (1849); St. Andrew's College te Grahamsstad (1856); Grey Institute te Port Elizabeth (1856); Graaff-Reinet College te Graaff-Reinet (1860); Stellenbosch College (eers genoem Gimnasium en later Victoria College (1866); Gill College te Somerset-Oos (1869), Good Hope Seminary te Kaapstad (1872) en Huguenot Seminary te Wellington (1873).

Dat die omvang van privaatskole gedurende hierdie tyd geweldig groot was, kan uit die volgende tabelle in 1862 gesien word:

1)
(a)

Plek.	Staats- en staats- ondersteunde skole.	Leerlinge.
Kaapstad	16	4953
Stellenbosch	3	975
Paarl	4	673
Swellendam	4	382
Grahamstown	6	425
Somerset-Oos	3	239
Graaff-Reinet	2	-

(b)

Plek.	Privaatskole.	Leerlinge.
Kaapstad	43	1435
Stellenbosch	10	194
Paarl	11	335
Swellendam	1	129
Grahamstown	25	640
Somerset-Oos	2	105
Graaff-Reinet	10	278.

/60 Hoewel

1) Report of a Commission appointed to enquire into and report upon the Government Education System of the Colony, 1863, p. Liii

Hoewel hierdie leerlinge op verre na nie almal Latynonderwys ontvang het nie, kry ons tog 'n indruk van die sterk mededinging aan die kant van die privaatskole.

Die volgende tabel gee 'n weergawe van die aantal leerlinge wat in 1861 in privaat inrigtings Latynonderwys ontvang het:

Sentrum.	Skool.	Aantal leerlinge wat Latyn neem.
Kaapstad	Barrack Street	20
	S.A. College	111
	St. George's Grammar School	68
	St. Mary's Academy (Rooms)	22
	Diocesan College	77
Stellenbosch		47
Paarl	Gimnasium	55
Swellendam	Grammar School	30
	English Grammar School	15
Fort Beaufort		6
Uitenhage		20
Port Elizabeth	Grey Institute	30
Grahamstown	Shaw College (vroeër Wesleyan Grammar School).	38
	St. Andrew's College	
	St. Aiden's Seminary (Rooms)	13
	Alice Grammar School	12
Graaff-Reinet	Brown's School	25
	Graaff-Reinet College	57.

Al hierdie skole was die vrug van 'n strewe na middelbare en hoër onderwys, en is min of meer geskoei op die lees van Engeland se kerkskole. Latyn het 'n belangrike plek in die kurrikulum van hierdie skole in- /61 geneem

1) Report of a Commission to enquire into and report upon the Government Education System of the Colony, 1863, appendix VII, p. 81.

geneem. Dit blyk ook o.a. uit die getuienis van dr. Robertson van Swellendam voor die ondersoekkommissie van 1863:¹⁾

"Q.- What is the nature of the instruction given there (i.e. in the Grammar School)."

"Dr. Robertson:- Greek and Latin, mathematics, history, geography, and the various branches of a sound English education."

"Q.- Then the superior instruction given at that school is of the same nature as the superior instruction given at the Government School?"

"Dr. R.: I have never seen instruction given in the Government School of a more advanced nature than that given in the Grammar School. I do not remember, at least, having been called upon for many years to examine pupils in the Government School in Greek and Latin!"

In 1859 is na jare van voorbereiding die Teologiese Seminarium van die Nederduits Gereformeerde Kerk te Stellenbosch gestig. 'n Tiental jare later het die Gereformeerde Kerk sy Teologiese Skool te Burgersdorp geopen. Elkeen van hierdie inrigtings het 'n literariese afdeling gehad, hoofsaaklik vir die ou tale, en elke literariese afdeling het weer sy eie voorbereidende klasse georganiseer. In hierdie twee inrigtings is 'n ernstige studie van die klassieke gemaak, soos later blyk uit die uitslae van eksamens van die "University of the Cape of Good Hope."

/62 Board

1) Ibid. p. 52.

(e) Die "Board of Examiners." (1858-1873).

Hoewel die verskillende "Colleges", waaronder veral die "South African College" vir middelbare en hoër onderwys voorsiening gemaak het, het die behoefte aan standardisering en kontrolering van die werk in die "Colleges" in die vyftiger jare sterk na vore getree. Daar moes 'n sentrale eksaminerende liggaam wees, volgens getuienis van dr. A. Changuion voor die "Parliamentary Select Committee on Education" in 1853 en soos na oorweging deur hierdie komitee aanbeveel. Die goewerneur sir John Grey, was die saak besonderlik goedgesind en het bowendien eers-handse kennis van gelyksoortige omstandighede in Australië en Nieu-Seeland gehad. Grootliks deur sy aanmoediging is op volgens model van die Universiteit van Londen ¹⁾ 'n eksaminerende liggaam, die sg. "Board of Examiners" kragtens akte nr. 4 van 1858 ²⁾ daargestel. Aanvanklik het die "Board of Examiners" hom net op die hoër onderwys en staatsdiens toegespits. Hiervoor is die "1st Class Certificate in Literature and Science" en 'n "2nd Class Certificate in Literature and Science", gelykstaande aan M.A. en B.A. van die Universiteit van Londen en 'n "Public Service Certificate" ingestel. Daar was wel nog 'n "Preliminary Examination" maar dit was as 'n eindeksamen vir primêre onderwys bedoel. Daarteenoor het die kursus vir die "1st Class Certificate" en die "Second Class Certificate" groten-deels uit 'n studie van die klassieke bestaan. Vir die "Public Service Examinations" is, wat Latyn betref, die /63 volgende.....

1) Report of Board of Examiners, 1863, 10.
2) Government Notice Bo. 602, 1858.

1) volgende verwag: "A knowledge of the Latin language, sufficient to enable the candidate to translate with accuracy and ease a passage from any book of Caesar's Commentaries de Bello Gallico, answering such questions on etymology and syntax as the passage may suggest." Vir die eerste eksamen in 1859 is Caesar: de Bello Gallico, Bk. I dan ook voorgeskryf.

In 1863 het die "Board of Examiners" twee voor-²⁾stelle ter oorweging gehad. Die eerste was prof. Cameron van die "S.A. College" en het nog 'n sertifikaat, gelykstaande aan die matrikulasie van die Universiteit van Londen, beoog. Die ander voorstel was van die "Educational Board of the diocese of Grahamstown" tot dien effekte dat die "Public Service Examination" uitgebrei moes word om kandidate van die hoërskole in te sluit, min of meer soos die "middle-class examinations" in Engeland. Die tweede voorstel is verwerp ten gunste van die eerste.

Volgens akte nr. 4 van 1863³⁾ is die "Third Class Certificate in Literature and Science" ingestel om min of meer gelykstaande aan matrikulasie van die Universiteit van Londen te wees. Volgens dieselfde akte is die skriftelike eksamens vir die "Public Service Examination" gestaak. Die eerste eksamen vir die "Third Class Certificate" het egter eers in 1865 plaasgevind. Die leerplan is net soos by die "First" and "Second Class Certificates" in drie afdelings ingedeel:

/64 (1)

1) Report of Board of Examiners, 1860, 75.
2) Report of Board of Examiners, 1863, 9.
3) Government Notice, 22 February, 1864.

(i) "Languages, Literature and History; (ii) Mathematics; (iii) Physical Science. Afdeling (i) het vir 'n groot gedeelte 'n studie van Latyn en Grieks behels.

Volgens aktes 18 van 1860 en 4 van 1863 is aan die "Board of Examiners" mag verleen om ook op plekke behalwe Kaapstad eksamens af te neem.

In 1873 is die "Board of Examiners" ontbind ten gunste van die "University of the Cape of Good Hope." Gedurende sy vyftienjarige bestaan het die "Board of Examiners" 8 "First Class", 54 "Second Class" en 170 "Third Class Certificates" uitgereik:¹⁾

(f) Die Universiteit van Londen:

Die instelling van die "Board of Examiners" het aan die plaaslike behoeftes voorsien, maar vir studente wat oorsee moes gaan vir verdere studie was daar nog baie moeilikhede in die weg. Die geleentheid was wel daar om die voorbereidende studie aan die Kaap te doen, maar die probleem was om vrystelling van matrikulasie van die Universiteit van Londen te verkry. Vanaf sy opening op 1 Oktober 1828 het die Universiteit van Londen hom veral toegelê op die eksaminering van kandidate vir die verskillende grade. Sy toelatings-eksamen "Matriculation" genoem, kon op enige plek in Engeland afgelê word, en weens die groot aanvraag daarvoor is hierdie vergunning uitgebrei na die Britse kolonies. Die vraestelle is deur die koloniale kantoor aan die plaaslike goewerneur gestuur, en deur hom is

/65 dit

1) Kidd : Higher Education in Cape Colony, 13.

dit weer oorhandig aan 'n betroubare opsiener.¹⁾
Dit blyk egter volgens 'n verslag van 'n "Special
Committee on Colonial Examinations" op 9 Februarie
1897 dat hierdie koloniale eksamens eers in 1865 begin
is: "The Registers stated that the Colonial Examinations
began in Mauritius in 1865 and a few years afterwards
were extended to other colonies."²⁾

Reeds in hulle rapport van 1860 het die "Board
of Examiners" aanbeveel dat erkenning van hulle ser-
tifikate deur die Universiteit van Londen verkry moes
word. Dit het egter misluk en hoewel die "Dean" van
Kaapstad tydens sy besoek aan Engeland in 1867 persoonlik
met die outoriteite van die Universiteit onderhandel
het om die erkenning van die sertifikate te verkry.
het die Universiteit geweier om selfs van die aange-
bode hulp van die "Board" om as plaaslike opsieners op
te tree vir die eksamens van die Universiteit te aanvaar.³⁾
In 1871 skryf die S.G.O. dan ook: "These examinations
are in no way connected with the Cape Board of
Examiners",⁴⁾ en in 1873: "As the Senate of the
London University recognises no agency here, and passed
by the Board of Examiners"⁵⁾

Die aantal kandidate vir die Londense matriku-
lasie was egter maar altyd skraal. Aangevuur deur die
afsydige houding van die Universiteit van Londen het
die S.G.O., dr. Dale, onmiddellik na die stigting van
/66 die

-
- 1) Report of Board of Examiners, 1867, IX.
 - 2) Letters Received, C.O. 2099, 9 Februarie 1897.
 - 3) Report of Board of Examiners, 1867, IX
 - 4) Letter Book, S.G.E., 12/1, 14 Oktober 1871.
 - 5) Letters Despatched, S.G.E., 12/1, 21 November 1873.

die "University of the Cape of Good Hope" in 1873, by die koloniale sekretaris, Londen, aangedring om die "Colonial Examinations" te staak.¹⁾ Dit is egter nie gedoen nie, ten spyte van die feit dat die S.G.O. openlik propaganda teen hierdie eksamens gemaak het. So skryf hy bv. aan een Slater, wat aansoek gedoen het om die matrikulasie - eksamen van die Universiteit van Londen aan die Kaap af te lê: "My own experience in the matter is that the system has been vexatious and unsatisfactory, after all the trouble and delay entailed by the last Matriculation Examination, no Candidate in the Colony passed."²⁾

In 1897 het die toestand egter so ontwikkel dat die Universiteit 'n kommissie aangestel het om ondersoek in te stel na die hou van die eksamens in die kolonies.³⁾ Hierdie kommissie se aanbeveling dat die eksamens voortaan alleenlik in die kolonies wat geen universitêre inrigting het nie gehou moes word, is deur die senaat van die Universiteit van Londen aanvaar en aan die koloniale sekretaris (Londen) voorgelê,⁴⁾ Op sy beurt het die Koloniale Sekretaris omsendbriewe aan al die koloniale sekretarisse gestuur om die opinies in die Kolonies te toets.⁵⁾ Op 23 Februarie 1899 antwoord die registrateur van die "University of the Cape of Good Hope" namens die vise-kanselier: "he has directed me to say that the number of candidates for the London University Examinations desiring to be examined in this Colony is so small that /67 there ,,,.

1) Letter Book, S.G.E., 4 Aug. 1873.

2) Letters Despatched, S.G.E., 12/1, 21 Nov. 1873.

3) Report of Special Committee on Colonial Examinations, Letters Received, C.O. 2099, 9 Feb. 1897.

4) Letters Received, C.O. 2099, 5 April, 1897.

5) Letters Received, C.O. 2099, 17 Des. 1898.

there does not appear to be sufficient reason for urging the continuance of the present system of holding these examinations in the Colony." Die Kaapse regering het by wyse van 'n minute, onderteken deur John X. Merriman, op 28 Februarie soos volg laat weet: "They do not think there is sufficient reason to urge the continuance of the present system of holding these examinations in the Colony."

Hoewel daar tot in 1904 nog aan enkele kandidate fasiliteite verskaf is om die eksamens van die Londense Universiteit aan die Kaap af te lê, het dit na 1899 geen noemenswaardige rol gespeel in opvoedkundige aangeleenthede aan die Kaap nie.

Samevatting: Gedurende die periode 1839 - 1873 het middelbare onderwys aan die Kaap 'n vaste beslag begin kry. In die "Government Established Free Schools" van die eersteklas en in sommige van die tweedeklas het die onderwys van Latyn 'n sentrale plek ingeneem. Na die aanname van die onderwyswet van 1865 het hierdie skole langamerhand plek gemaak vir die "Undenominational Public Schools". Volgens wet was Latyn 'n verpligte vak in alle eersteklas skole en 'n toelaatbare vak in tweedeklas skole, en statistieke bewys dat Latynonderwys in hierdie skole 'n fenominale vooruitgang beleef het.

Die "Normal Seminary" het van sy stigting in 1842 tot sy sluiting in 1860 'n beskeie aandeel aan Latynonderwys gehad, hoewel die inrigting nooit floreer het nie. In Kaapstad het die "South African College" veral die middelpunt van onderwys in die klassieke geword. Aanvanklik was daar selfs twee professore vir

die klassieke: een vir Engels en een vir Hollands-medium. In hierdie inrigting het Latynonderwys gedurende die periode onder bespreking sekerlik die meeste tot sy regte gekom en het volgens verslae van eksamens 'n besondere hoë peil bereik.

In privaatskole en "Colleges" is daar veral op die platteland baanbrekerswerk vir middelbare onderwys gedoen. Terwyl daar in 1861 in die "S.A. College" 111 leerlinge was wat Latyn geneem het, was daar in die-¹⁾ selfde jaar 535 Latynleerlinge in privaatskole.

Die stigting van die "Board of Examiners" in 1858 en veral die instelling van die "Third Class Certificate" in 1865 het 'n bepaalde orde en mikpunt aan die middelbare onderwys gegee. Die feit dat leerlinge van die "S.A. College" slegs 37 van die 170 "Third Class Certificates" wat van 1865 tot 1873 uitgereik is, verwerf het, is 'n bewys dat daar in wyer kringe gebruik gemaak is van die fasiliteite deur die "Board of Examiners" aangebied.

Die direkte invloed van die Universiteit van Londen, veral deur die vereistes van sy "Matriculation" was wel nie van so'n groot omvang nie, maar indirek het dit ⁱⁿ tweërlei opsig daadwerklik 'n stempel geplaas op die onderwysstelsel aan die Kaap: (1) Die standaard en vereistes van die Londense "Matriculation" het gedien as model vir die "Third Class Certificate" en (2) Die Universiteit van Londen self saam met sy matrikulasiesstelsel het gedien as model vir die oprigting van die "University of the Cape of Good Hope" in 1874.
/69....

1) Vgl. tabel op bl. 60.

HOOFSTUK III.

LATYNONDERWYS IN KAAPLAND VAN 1874 TOT 1947.

1. Die periode van universiteitsoorheersing:
(1874 - 1920).

(a) Departementele Skole:

Die "First Class Public Undenominational Schools" het by uitstek in die grotere dorpe die draers geword van die middelbare onderwys. Behalwe in meisieskole was Latyn 'n verpligte vak in alle eersteklas skole. Langsamerhand het dit ook 'n tradisionele vak in tweedeklas skole geword, en hoewel daar pogings aangewend is om dit verander te kry, het Latyn eerder al hoe dieper ingeslaan.

In 1879 het die de Villiers-kommissie 'n aanbeveling gedoen dat Latyn uit die tweedeklas skole geweier moes word: "These subjects may, in our opinion, be fitly curtailed, by permitting the omission of the Latin language and plane Geometry in second class schools"¹⁾ In 1882 is dan ook bepaal dat Latyn in die tweedeklas skole uitgelaat mag word "where instruction in one special subject, chemistry, geology, mineralogy, Botany, animal physiology, principles of agriculture, and in a modern language, other than English, is provided."²⁾ Dit het beteken dat Latyn vervang kon word deur Hollands! En tog het dit nêrens³⁾ gebeur nie, soos die volgende statistiek bewys:

/70 Jaar

-
- 1) Report of a commission appointed in accordance with a resolution of the house of assembly, to inquire into and report upon the working of the Education acts in force in this colony, 1879, xxviii
 - 2) Cape of Good Hope: The Education acts and the regulations of 1898, 31
 - 3) Educational statistics to illustrate the progress of the aided-school system in this colony, 1883, 18.

<u>Jaar.</u>	<u>Aantal leerlinge wat Latyn neem.</u>
1880	1451
1883	1587
1890	2583.

'n Verdere poging om die oorwig van Latyn in die middelbare afdeling te stuit vind ons in die spesiale rapport van inspekteur D. Ross in 1883. Hy skryf soos volg:¹⁾ "In one first class school I found seven pupils present in the senior division, under a principal, engaged at the moment in a written Greek examination, and this school had four Latin classes (onderstreep deur my). In a second school with 40 pupils present and three adult teachers, I found a Virgil class; but the pupils were as nearly as possible ignorant of Latin and the merest rudiments of its grammar. Latin was found in the programme of most schools of the first class, whilst the pupils were as frequently imperfectly grounded in ordinary subjects." Hy toon dan verder aan dat in 1883 die volgende inrigtings voorsiening maak vir middelbare onderwys wat orals Latyn ingesluit het.²⁾

6 "colleges"
63 "First class Schools."
116 "Second Class Schools."

Dan skat hy dat 4,000 kinders in die hoër klasse in privaatskole onderwys ontvang.³⁾ Uiteindelik beveel hy dan ook 'n inkorting van die leerplan deur die weglating van Latyn and Grieks aan.⁴⁾ Dat Latyn sy posisie behou ten spyte van die weerstand van die hoofinspekteur /71 van

-
- 1) Preliminary report on the state of Education in the Colony of the Cape of Good Hope by Donald Ross, inspector general of colleges and schools, 19.
 - 2) D. Ross: preliminary report, 17.
 - 3) Ibid., 14.
 - 4) Ibid., 26.

van skole blyk uit die rapporte van inspekteurs R. Rowan en J. Samuel in 1886.¹⁾ Inspekteur Samuel rapporteer onder die hoof: "Latin and Greek" : "The Matriculation Examinations are closely followed. It is generally a pleasure to examine in these subjects, as they are taught by well qualified teachers, who have the interests of their pupils at heart."

Die volgende statistiek toon ook die groot aandeel van Latyn in die leerplan, want ons moet in aanmerking neem dat leerlinge in die primêre klasse ook bygereken is:²⁾

Persentasie leerlinge wat Latyn leer:

1e klas skole vir seuns:	55%
1e klas skole vir meisies:	7%
2e klas skole	28%

Dit blyk dus dat aan die begin van die negentigerjare met die aftrede van dr. Dale as S.G.O., die departement van onderwys voorsiening gemaak het vir skole waarin middelbare onderwys kon plaasvind. Die voorsiening van die onderwyserpersoneel het ook aanmerklik verbeter. In 1879 is die "Middelklas Sertifikaat" ingestel, met matrikulasie as vereiste hiervoor vanaf 1892. In 1892 was die toestand van personeel soos volg:³⁾

40%	van die skoolhoofde was gegraduateerd.
17%	van die skoolhoofde het 'n onderwyssertifikaat.
14%	van die skoolhoofde het matrikulasie.
14%	van die assistente gegraduateerd.
4%	van die assistente het onderwyssertifikaat.

Die tyd was nou ryp om aandag te gee aan die interne /72 organisasie

1) Rapporte S.G.O. 1886, XLII en XLVIII.
2) S.G.O. Rapport, 1888, 17.
3) S.G.O. Rapport, 1892.

organisasie van die skole en veral aan die leerplan. Soos blyk uit die rapport van die rondgaande inspekteurs in 1883, het die skole wat middelbare vakke betref geen voorgeskrewe kursusses gehad nie. Elke onderwyser het maar gerieflikheidshalwe sy leerlinge in 'n "junior" en "senior division" ingedeel, en die eintlike rigtinggewende faktor was die "School Higher" en "Matriculation" eksamens van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop: ¹⁾ "There is no prescribed curriculum for the higher schools. Individual teachers have devised courses for their several schools: but the usual practice is simply to have a class preparing for the "School Higher" and a class preparing for the "Matriculation" examination."

Die nuwe S.G.O. Thomas Muir het die probleem dadelik ingesien en pogings aangewend om 'n oplossing te vind. Hierin is hy sterk ondersteun deur die rondgaande inspekteurs van skole. So rapporteer inspekteur Clarke in 1894: ²⁾ "The prevailing desire is to strain after the certificate of some public examination, and the generality of parents seem to regard the time their children pass at school as unprofitable unless it is occupied in the attempt to pass something..... I find in at least one school an attempt being made to prepare a candidate for the Intermediate examination."

Die aangewese weg was die instelling van 'n eie kurrikulum. In 1894 kon die S.G.O. al aankondig dat die "South African Teachers' Association" hom ook ten gunste ...

1) S.G.O. Rapport, 1892, 15.
2) S.G.O. Rapport, 1894, 27.

gunste van 'n eie kurrikulum verklaar het en daadwerklike hulp belowe het.¹⁾ In 1895 word aangekondig dat 'n komitee vir die doel deur die S.A.T.A. aangestel is. In 1898 is vordering gerapporteer en in 1899 is die nuwe kurrikulum by wyse van 'n pamflet bekendgestel. Hiervolgens is die leerplan ingedeel in 'n "Elementary School Course" tot by std. VII, en 'n "High School Course" wat sou insluit stds. I tot V en dan oorgaan na die sekondêre standerds A tot D. (tans bekend as std. IX). Die "Elementary School Course" het geen Latyn ingesluit nie en is dus nie hier ter sprake nie. Treffend van die "High School Course" is die feit dat dit tot Std. IV identies was met die "Elementary School Course", maar in std. V was daar egter 'n byvoeging: "Latin (or modern language) Introductory instruction. This subject will not be specially examined."²⁾ Daarna het die "High School" standerds A tot D gevolg. In 1912 is std. E bygevoeg.³⁾

Die instelling van die "High School Course" was ongetwyfeld 'n voorwaartse stap in die koördinerings van die middelbare onderwys. So getuig inspekteur Ely oor die onderwys van Latyn: "The institution of the High School Curriculum is having a very beneficial effect upon the method of teaching these languages. The grounding in grammar will of necessity have to be much sounder than is has been in the past."

Hierdie reëling van 1899 het organisatories 'n
/74 tweeledige

-
- 1) S.G.O. Rapport, 1894, XIV.
 - 2) Cape of Good Hope Teachers' Annual, 1900, 77.
 - 3) S.G.O. Rapport 1912, 6.

tweeledige uitwerking gehad: dit het eerstens 'n herindeling van skole meegebring, want sommige van die "First Class Schools" in die groter sentra sou voortaan as "High Schools" bestempel word, en tweedens het die "High School Course" die klasindeling nie net van "High Schools" maar ook van "First" en "Second Class Schools" bepaal. Voortaan sou middelbare leerlinge in alle skole in klasse A, B, C en D ingedeel word. Daar was egter ook nog 'n ander doelwit met die instelling van die "High Schools". Dit was om 'n masjinerie te hê om middelbare onderwys uit die hande van die "Colleges" te neem; m.a.w. hierdie skole moes spesiaal toegerus wees om leerlinge vir die matrikulasië-eksamen voor te berei. Volgens statistieke blyk dit dat die "High Schools" dan ook spoedig die voortou hierin geneem het:

<u>Matriculation Statistics. Cape Colony.</u>				
	¹⁾ <u>1902</u>	²⁾ <u>1904</u>	³⁾ <u>1909</u>	⁴⁾ <u>1911</u>
High Schools	177	317	460	407
Other aided Schools (1st & 2nd class)	52	71	128	116
Colleges	19	25	-	-
Private Schools	38	42	67	78
Private Students	<u>16</u> 302	<u>28</u> 483	<u>34</u> 689	<u>22</u> 623

As ons in aanmerking neem dat Latyn 'n verpligte vak vir matrikulasië was beteken dit terselfdertyd soveel senior Latynleerlinge. Tewens, met 'n georganiseerde klasindeling en vaste leerplan, het die "High Schools" die /75 onderwys

-
- 1) The Education Gazette, 13 Maart 1903.
 2) Ibid., 22 Februarie 1905.
 3) Ibid., 3 Februarie 1910.
 4) Ibid., 1912.

onderwys van Latyn sekerlik bevorder. 'n Verdere stimilus vir doeltreffender onderwys was die aanstelling in 1899 van twee inspekteurs vir middelbare onderwys: inspekteur Milne vir die Oostelike-provinsie, en inspekteur Craib vir die Westelike-provinsie. In 1906 is mnr. W.A. Russel as spesiale inspekteur vir hoërskole aangestel. Laasgenoemde het veral belanggestel in die onderwys van Latyn. Hy is ook die ontwerper van die vakonderwyser-stelsel in die sekondêre afdeling. Voorheen was die klasstelsel in swang. ¹⁾

'n Poging om die greep van Latyn op die leerplan te laat verslap is in 1904 aangewend toe 'n skoolkursus vir "Girls' High Schools" opgestel is met letterkunde en moderne geskiedenis as alternatiewe vir Latyn en matesis. Aangesien ook hierdie skole aangewese was op matrikulasie as eindeksamen, het dit nie veel verskil gemaak aan die aantal leerlinge wat tog Latyn geneem het nie. Ook is tweedeklas skole in 1904 gewaarsku om nie kandidate vir matrikulasie op te lei nie, ²⁾ maar volgens statistieke het hulle tot die nuwe indeling van die skole in 1917 nie aan die versoek voldoen nie.

In Maart 1916 was daar al 49 "High Schools" (24 vir seuns, 18 vir meisies en 7 gemengd). ³⁾ Dit was duidelik dat die ou indeling van skole volgens die onderwyswet van 1865 en die reëling van 1899 nie meer aan die vereistes van die middelbare onderwys en die behoeftes van die tyd voorsien het nie. Daarom het Charles Murray die waarnemende S.G.O., (dr. Muir het ¹⁷⁶ in

1) S.G.O. Rapport 1910, 11.

2) The Education Gazette, 13 Maart 1903 en 22 Feb. 1905.

3) The Education Gazette, 22 Junie 1916.

in 1915 afgetree) volgens Ordonnansie 23 van 1917

'n nuwe poging aangewend om 'n indeling van skole te

1)
maak:

A. Middelbare skole: 1. Tenminste 35 leerlinge bo std. V.
2. Hoërskole 70 leerlinge bo std. V.

B. "Intermediate" skole tot by std. VII.

C. Primêre skole tot std. VI.

Hierdie indeling het egter nie eers geleentheid gehad om goed in werking te tree nie, toe in 1920 volgens Ord.

8 'n totale herindeling plaasgevind het.

Teen 1920 het die Kaapse onderwysdepartement dus daarin geslaag om nie alleenlik skole vir die middelbare onderwys beskikbaar te stel nie, maar ook om so te sê alle sekondêre onderwys in departementale skole saam te trek. In hierdie opsig was die "High Schools" tot 'n groot mate 'n sukses. Maar die verwagtings wat van die "High School Course" gêkoester is, het op die rots van eksterne beheer van die eksamens skipbreuk gely. Dieselfde toestand wat daar voor die instelling van die "High Schools Course" was, het nog onverminderd voortgeduur. In 1907 skryf die S.G.O. in sy rapport: "The High School Course allows a considerable amount of freedom in the choice of subjects. The great majority of the scholars, however, prepare for the Matriculation examination of the Cape University, and take a course combining the following six subjects: Latin, English, Dutch, History, Mathematics and one of these sciences: Physics, Chemistry or Botany".

/77 Met

1) The Education Gazette, 20 September 1917.

Met die instelling van die "High School Course" in 1899 was alle liggame wat geraadpleeg is ten gunste daarvan om die beheer van eksamens te laat in die hande van 'n eksterne liggaam soos die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop.¹⁾ Maar al spoedig het die konsekwensies van so'n eksterne beheer duidelik geblyk. Dit het uitgeloop op 'n verbete stryd tussen die departement van onderwys deur middel van sy S.G.O. en die beherende outoriteite van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop. Die kronkeldraaie van hierdie konflik word onder 'n aparte hoof bespreek.²⁾

B. Die "Colleges".

Die verskillende kolleges wat voor 1874 deur privaat inisiatief ontstaan het en wat hulle veral toegelê het op die sg. "hoër" onderwys, het in 1874 'n vaste beslag gekry deur die aanneme van die "Higher Education Act of 1874" (No. 24). Hierdeur het hulle 'n vaste toelaag van £200 per jaar per professor, asook ondersteuning vir die oprigting van geboue gekry. Die volgende vyf inrigtings het aanvanklik aan die vereistes van hierdie wet beantwoord: "The South African College", te Kaapstad, "The Diocesan College", te Rondebosch, "The Stellenbosch (later Victoria) College" te Stellenbosch, "Grey College", te Port Elizabeth, en "Gill College" te Somerset-Oos. Hierdie "Colleges" het opleiding gegee vir matrikulasie sowel as vir die verskillende grade van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop. Dit het hulle al dadelik in botsing met
/78die

1) Board of Education : Special reports on the systems of Education in Cape Colony and Natal, 1901, XV
2) Sien bl. 91 e.v.

die departementele skole gebring, en tot die negentiger jare was daar 'n skerp kompetisie tussen die "Colleges" en die eerste- en tweedeklas skole. Vyf jaar na die passering van die "Higher Education Act" rapporteer die de Villiers-Onderwyskommissie soos volg:¹⁾ "There exists considerable diversity of opinion as to whether these objects have been fully attained by the colleges which at present receive aid. The chief objection raised against them is that, instead of preparing young men for the degrees in the faculties of arts, law and medicine, they are made to serve the same purposes as the first-class schools, by preparing students for their matriculation examination at the university. In this way they interfere, in some instances, with the operation and success of first-class schools, the higher classes of which ought to prepare for matriculation." Die kommissie beveel dan aan dat die standaard van die skole verhoog word om aan die opleiding vir matriculasie te voldoen, en dat die "Colleges" net²⁾ universitêre onderrig gee.

Van hierdie aanbeveling het egter niks gekom nie. In 1893 kla die S.G.O. in sy rapport³⁾ "The practice of sending pupils away prematurely to College before the time when College instruction can be beneficially received, has unhappily been very prevalent for some years past. The consequence has been that in the First and Second class schools the teacher has been /79 unable

-
- 1) Report of Commission appointed to enquire into and report upon the working of the Education acts in force in this colony, 1879-1880, 14.
 - 2) Ibid., XXVIII.
 - 3) S.G.O. Rapport, 1893, 14.

unable to keep together an upper class whose pupils had made any considerable progress in the study either of mathematics of a language."

Die toenemende aandeel aan die voorbereiding vir matriculasie deur die "Colleges" word deur die volgende syfers aangedui:

Aantal Leerlinge vir Matriculasie.

	<u>1883</u>	<u>1884</u>	<u>1891.</u>
S.A. College	70	61	93
Diocesan College	50	55	66
Stellenbosch College	43	72	86
Grey College	19	17	16
St. Andrews College	22	35	35

Uiteindelik het daar egter 'n keerpunt gekom. Die "Victoria College" was die eerste om te besluit dat vanaf Julie 1894 die laagste van die twee klasse, wat vir die matriculasie voorberei, uit die "College" sou verdwyn en by die plaaslike "First Class school" ingelyf sou word. In werklikheid het matriculasieklasse eers in 1898 uit die "Victoria College" verdwyn. Die "S.A. College" het gevolg in 1899 en in 1909 was daar geen "College" meer wat matriculasie-werk gedoen het nie. Sommige moes noodwendig terugval na die "High School" status, soos bv. "Diocesan College", "St. Andrews College", "Grey College", maar die ander het hulle na afskaffing van die matriculasieklas alleenlik op universitêre werk toegelê.

Vir solank as hulle matriculasie-klasse gehad het, was die "Colleges" die bakermat van gevorderde Latyn-onderwys, omdat dit as 'n "sine qua non" beskou is.

Dit blyk ook uit inspekteur J.H. Brady se 1884 rapport
wat o.a. die aantal ure bestee aan Latyn soos volg aandui: ¹⁾

	<u>Matriek 1.</u>	<u>Matriek 11.</u>
S.A. College	7 uur p.w.	7 uur p. w.
Stellenbosch	7 uur p.w.	6 uur p.w.
Diocesan College	8 uur p.w.	6 uur p.w.
St. Andrews' College	8 uur p.w.	6 $\frac{3}{4}$ uur p.w.

Tot 'n groot mate is hierdie erfenis aan die "High Schools" of "First Class Schools" oorgedra.

C. "The University of the Cape of Good Hope."

Die gebreke waaraan die "Board of Examiners" uiter-
aard mank gegaan het, is aan die begin van die sewen-
tiger jare sterk gevoel. So skryf die S.G.O. in 1872
in 'n memorandum aan die regering dat die tyd ryp geword
het vir 'n "Examining University." ²⁾ Hierdie ideaal is
verwesenlik toe volgens wet nr. 16 van 1873 die
"University of the Cape of Good Hope" tot stand gekom
het. Dit was 'n bloot eksaminerende universiteit, en
het self geen doseerwerk gedoen nie. Die "Colleges" was
daarvoor verantwoordelik. Maar die universiteit het
dadelik sy verskillende eksamens ingestel en leer-
planne vasgestel. Deur die "University Extension Act"
van 1875 is die raad van die Universiteit ook gemagtig
om eksamens buite die grense van die Kaap-kolonie af
te neem. Deur die "Royal Charter" in 1879 het die ek-
samens en grade van die Universiteit status gekry binne
die Verenigde Koninkryk.

Die skool-eksamens wat deur die "University of the
Cape of Good Hope" ingestel en beheer is, was die
/81 volgende

1) Supplement to the Annual Report of the S.G.E. 1885, 10.
2) S.G.O. Rapport, 1872, 6.

volgende:

1. "School Elementary Examination". Hierdie eksamen is op 4 Maart 1874 op voorstel van dr. Dale die S.G.O. ingestel: "after repeated requests made by teachers who were mainly connected with private schools".

Aanvanklik het dit gladnie Latyn ingesluit nie, maar later is "Elementary Latin" as een van die "optional subjects" toegelaat.¹⁾ Kragtens die noodsaaklikheid van Latyn in die hoër eksamens, soos hieronder verder sal blyk, het Latyn mettertyd tog 'n plek in die leerplan van die "Cape Elementary" verower. Die eksamen is egter in 1907 afgeskaf.

11. "The School Examination for Honours" (later "School Higher"). In 1880 is nog 'n skooleksamen ingestel wat "The School Examination for Honours" genoem is. Die vakke vir hierdie eksamen is soos volg ingedeel:

GROUP 1 Literature. i Latin.
 ii English Language and Literature.
 iii French.
 iv German or Dutch.

GROUP 11 i Arithmetic and Algebra.
 ii Geometry.
 iii Outlines of inorganic
 Chemistry.
 iv The elements of Physics of
 Physical Geography.

'n Kandidaat moes tenminste twee (en nie meer as drie) vakke uit elke groep neem nie. Dit is opmerklik dat hierdie indeling van vakke op voorstel van dr. Dale, die S.G.O., aangeneem is! Hoewel Latyn nie as 'n verpligte vak gestel is nie, blyk dit somer met die eerste oogopslag dat dit by die keuse van vakke sterk aanspraak /82 sou ...

1) U.C. of Cape of Good Hope, Calender, 1893.

sou hê, veral met die oog op matrikulasie. Hierdie eksamen is as 'n vooreksamen vir matrikulasie beskou.

In 1887 is die "School Examination for Honours" dan ook deur die bekende "School Higher" vervang. Wat die indeling van vakke en vereistes betref het daar die volgende veranderings plaasgevind: (a) Geskiedenis is by groep 1 geplaas; en (b) Engels en rekenkunde word as twee verpligte vakke gestel. Latyn se posisie is dus nie verander nie. In 1906 getuig 'n gekose komitee¹⁾ met regter H.S. van Zyl as voorsitter soos volg:

"The School Higher Examination has maintained its popularity, an increasing number of pupils enter for it yearly, and there seems to be a consensus of opinion amongst teachers that it should not be abolished. It is a very useful examination, not only because it forms a convenient stepping stone to Matriculation, but also because it is very general in its scope, and as such is eminently adapted for pupils not wishing to take up Latin and Mathematics Your Committee are not prepared to recommend that the Department should take over the control of the School Higher Examination."

Die "School Higher" is in 1910 op sy beurt weer deur die "University Junior Certificate Examination" vervang. In werklikheid was dit maar net 'n ander benaming, waarskynlik om dit in ooreenstemming te bring met die pas ingestelde "Senior Certificate Examination", en dus ook 'n poging om die eksamens lossers van die matrikulasie-eksamen te maak. Prakties het dit geen /83 verandering

1) Cape of Good Hope, Report of the Select Committee on Education, 1906, 1X.

verandering wat Latyn as 'n opsionele vak betref mee-gebring nie. Hierdie eksamen het voortbestaan tot die "University of the Cape of Good Hope" deur die Universiteit van S.A. vervang is; laasgenoemde het dit behou en beheer dit vandag nog. Selfs hierdie verandering het nie die plek van Latyn in die kurrikulum verander nie.

Hoewel kandidate vir die "School Examination for Honours" en sedert 1837 vir die "School Higher" nie verplig was om Latyn te neem nie, gee die volgende syfers 'n idee van die groeiende ondersteuning wat dit geniet het sedert die instelling daarvan tot die laaste "School Higher" eksamen in 1909:¹⁾

Jaartal.	Aantal kandidate wat vir die eksamen ingeskryf het.
1880	24
1885	88
1890	284
1895	639
1900	1186
1905	1379
1906	1558
1907	1735
1908	2199
1909	2336

III. "Matriculation": Oorspronklik met sy instelling in 1874 bedoel as 'n toelatingseksamen vir die studie van universitêre kursusse, het die matrikulasië-eksamen van die "University of The Cape of Good Hope" al dadelik 'n tweede, en miskeïn nog belangriker, taak vervul deur te dien as 'n skoolleind-eksamen. Hierdie tweeledige doel was inderdaad die kern van die stryd wat mettertyd om die matrikulasië-eksamen gewoed het. Dit moet egter /84 baie

1) Cape of Good Hope University Calendar, 1903-1904 en 1910-1911.

baie goed benadruk word dat die matrikulasie-eksamen aanvanklik aan 'n baie groot leemte in die middelbare onderwys voorsien het. Daar was wel die tweedeklassertifikaat van die "Board of Examiners", maar dit was aan soveel beperkings onderhewig dat feitlik maar net 'n paar skole daarvan gebruik kon maak. Die matrikulasie-eksamen, met sy omvattende organisasie, was die mikpunt en stimulus waarna die skole gesoek het. Gedurende die jare 1875 tot 1899 (met die instelling van die "High School Course") het die matrikulasie-eksamen 'n bykans onberekenbare stukrag aan die middelbare onderwys gegee.

Uit die staanspoor is aan Latyn 'n prominente plek verleen in die leerplan vir die matrikulasie-eksamen. Dit is as 'n verpligte vak gestel, en daarby nog die volgende bepaling:¹⁾ "Candidates shall not be approved by the examiners unless they have shown a competent knowledge in each of the following subjects:

- i. The English language, English history and modern geography.
- ii. The Latin language.
- iii. Arithmetic.
- iv. Algebra.
- v. Geometry. "

Hierdie regulasie ten opsigte van Latyn is gehandhaaf ten spyte van veranderings wat vakkeuse en groeperings betref. In 1898 bv. is die groeperings in die "New Regulations" gedoen volgens "Compulsory" en /85 "Optional

1) University of the Cape of Good Hope, Calender, 1875, 48.

"Optional" subjects.¹⁾ Latyn verskyn egter weer onder die "Compulsory subjects".

Die "High School Course" wat in 1899 in werking gestel is, was tot 'n sekere mate as 'n teenvoeter vir die matrikulasie-eksamen bedoel. Dit was egter nie in staat om die geweldige invloed van die matrikulasie-eksamen enigsins te verminder nie. In 1906 skryf die S.G.O.:²⁾ "The Matriculation examination of the Cape University takes the place of the inspector's individual examination in the upper standards."

In 1906 is die matrikulasie-eksamen baie deeglik onder soeklig geplaas deur 'n gekose komitee waarvan regter H.S. van Zyl die voorsitter was. Getuienis is van die universiteits-owerhede en van die departement van onderwys volledig ingewin. Dr. Muir, het gewys op die moeilikheid wat die verpligte vak Latyn vir meisies oplewer, veral ten opsigte van dié wat in die onderwysprofessie wil gaan:³⁾ "But where the University, in my opinion, makes a mistake is in forcing women to take the very same examination as men. A greater number of women just now would enter the teaching profession if the university did not insist on Latin. I have been holding back for some time, hoping that the university would do something when I was in England last year the university had this question of giving an alternative against it, and not only so - but I learned quite recently that they decided not to raise the question again for some length of time.
/86 woman

1) Ibid., 1896-97, LXV.

2) Report S.G.E. ; 1906, 16.

3) Cape of Good Hope : Report of Select Committee on Education, 1906, 10.

woman teacher in the world elsewhere is asked to submit to that without an alternative.

Hierteenoor het prof. Ritchie namens die universiteit soos volg getuig:¹⁾

"Question: If you put the School Higher Examination under the Department, then the curriculum would be entirely at the mercy of Dr. Muir?"

"Prof. Ritchie: Yes."

"Question: Do you think that desirable?"

"Prof. Ritchie: Theoretically it would be bad, but at present we never make any changes at the university in these school examinations without consulting Dr. Muir, that is a sine qua non. Our aim has been to act in complete harmony with the Department, and whenever any change is proposed in school examinations, we carefully consult Dr, Muir."

"Question: With regard to a leaving examination, what do you think of that?"

"Prof. Ritchie: The university is now trying to put into shape a leaving certificate examination. The idea is to get an examination which will stand pretty much in the question of the matriculation examination as a sort of end of school life, but at the same time meet the requirements of the commercial class who do not intend to go on with university work."

In September 1906 het die S.G.O. dan ook die volgende memorandum van W. Thomson, die registrateur van /87 die ...

1) Ibid., 85.

die "University of the Cape of Good Hope" ontvang: ¹⁾

"School Leaving Certificate".

- i. That it is desirable that a Leaving Certificate be instituted.
- ii. That the examinations for this certificate be merely a qualifying and not a competitive one.
- iii. That the examination for this certificate be generally of the standard of Matriculation Examination, and that in subjects which are common to both examinations the papers be identical.
- iv. That the subjects for the School Leaving Certificate be as follows:

1. English. (Two papers) or Dutch.
2. One of the following Modern languages:

Dutch	Kaffir
English	esuto
Frenh	Sechuana.
German.	
3. History and related Physical and Political geography.
4. Arithmetic.
5. One of the following sciences: Physics, chemistry, general elementary science, botany, zoology.
6. Two of the following:
 - (a) Latin
 - (b) Mathematics
 - (c) a Second modern language
 - (d) Elementary agricultural science.
 - (e) Commercial arithmetic and Bookkeeping
 - (f) Domestic economy
 - (g) Music. "

In 1907 vind ons in die verslag van 'n gekose komitee waarvan H.E.S. Freemantle die voorsitter was 'n baie eienaardige en selfs paradoksale antwoord op hierdie voorstel van die universiteit om 'n skooleind-eksamen daar te stel. Ons wil vooraf die aandag daarop vestig dat die S.G.O. se eintlike beswaar teen Latyn was, en /88 dat ...

1) Cape of Good Hope : Select Committee on Education, 1907, Appendix iii.

dat, in die voorgestelde kursus van die universiteit Latyn 'n opsionele vak is en dat die begeerde handelsvakke ingesluit is.

Die Freemantle-kommissie rapporteer dan soos volg: ¹⁾
"In the higher standards greater elasticity is desirable. At the present time adequate provision is not made for this. This is due to the influence of the Matriculation Examination and the absence of a School Leaving Certificate Examination, and secondly to the fact that hitherto the curriculum has been fixed not only in its general lines, but also in its details by the Department of Education.

The University has for some time had under consideration the establishment of a school-leaving certificate. Its intention apparently was that the examination should not only be on the same lines as the Matriculation Examination, but should be actually the same examination, with the substitution of alternative subjects for Latin and mathematics. When this scheme was almost completed, a difference of view arose between the University and the Minister responsible for Education, as shown in the correspondence referred to your Committee. Your Committee strongly recommend that there should be an alternative course for Matriculation in the Cape of Good Hope University, involving an equal amount of preparation and mental training with that required by the present course, but substituting alternatives for Latin and mathematics, suitable to the requirement of students of both sexes who do not desire to take the existing course, and that either

/89 course

course should be accepted by the Department as a qualification preliminary to the Second-class Teachers' Certificate." Verder word ook aanbeveel dat plaaslike komitees kurrikula kies wat by die omgewing aanpas.

'n Baie ingrypende beginsel, wat later weer bespreek sal word, is hier vir die eerste keer as aanbeveling neergelê, nl. dat plaaslike skoolkommissies verantwoordelik is om die middelbare skoolvakke vir die betrokke skool volgens die behoeftes van die omgewing te kies.¹⁾

Die universiteit het hierop geantwoord deur in 1910 wel 'n skoolleerplan-eksamen, "Senior Certificate Examination" genoem, in te stel. In die leerplan hiervoor word Latyn en Matesis as opsionele vakke gestel langs 'n tweede moderne taal, Engels of Hollandse letterkunde, landbou of 'n tweede natuurwetenskap, boekhou, huishoudkunde, musiek en tekene. Uit statistiese gegewens blyk dat sommige kandidate vir die senior sertifikaat tog, desnieteenstaande, Latyn gekies het!²⁾ Na suksesvolle aflegging van die senior sertifikaat-eksamen in die eerste of tweede klas kon 'n kandidaat hom kwalifiseer vir matriculasie op die volgende voorwaardes:³⁾ "provided that in so doing they take four matriculation subjects (which must include) those subjects not already taken for the Senior Certificate) and obtain in each subject 30 per cent of the marks and an aggregate of 40% of the marks of the four subjects taken by them." "90 Dit ...

1) Report of Select Committee on Education, 1907, Vl.

2) Sien tabel bl. 95

3) University of the Cape of Good Hope, Calender, 1910 -11.

Dit is dus heeltemaal duidelik dat die universiteit hierdie eksamen aanvanklik nie as gelykstaande met matrikulasie beskou het nie. Vir die landmeters en myneksamens is die senior sertifikaat egter dadelik as ~~gekwalifiseerd~~¹⁾ verklaar.

Nieteenstaande 'n howige veldtog het die "University of the Cape of Good Hope" voet by stuk gehou met die vereistes vir sy matrikulasie-sertifikaat tot en met 1917 toe die laaste matrikulasie en senior sertifikaat-eksamens onder sy patronaat plaasgevind het.

Volgens wet nr. 12 van 1916 is die matrikulasie-eksamen geplaas onder beheer van 'n matrikulasieraad wat sou bestaan uit verteenwoordigers van die universiteite en die verskillende departemente van onderwys en die onderwysprofessie. Die een "steen des aanstoots" nl. die matrikulasie-eksamen alleenlik in die hande van die universiteit was, is dus verwyder deur 'n kompromie: die verantwoordelikheid sou in die toekoms deur die universiteit en die onderwysprofessie gedeel word! Dit is dan teweens ook 'n nuwe fase, wat, soos dit soms voorkom, tog alleenlik net in diè opsig van die vorige verskil dat die botsing tussen akademiese en opvoedkundige belange nou nie meer 'n langafstand- maar 'n handgemeengeveg sou wees.

Wat Latyn op die middelbare skool betref was dit ook 'n keerpunt: die eksamenvereistes vir matrikulasie is sodanig verander volgens die eerste, die sg. "interim" regulasies dat Latyn nie meer 'n verpligte vak was nie, maar nou langs Frans en Duits gestel is.

/91 Siedaar ...

1) Ibid;, 244:

Siedaar die ontstaan van die later so bekende tweespalt: Latyn of Duits!: Volgens die "New Regulations" wat in 1920 in werking getree het, is nog 'n verdere onreg gedoen: Grieks is in dieselfde groep geplaas as 'n keusevak teenoor Latyn! Dit was die laaste strooitjie in die tragiese ondergang van Grieks in die middelbare skool.

Die eerste matrikulasie-eksamen onder die matrikulasieraad is in Desember 1918 geskryf en daarna in Junie en Desember van elke jaar tot die Junie-eksamens in 1923 afgeskaf is. Soos uit die statistieke blyk was daar alreeds in 1918 'n dertigtal kandidate wat nie Latyn aangebied het nie. Sedertdien het die gaping tussen die getal inskrywings en getal Latyn-kandidate steeds groter geword.

Hierdie kentering in die groepering van vakke in die eerste leerplan van die matrikulasieraad is egter die vrug van 'n geweldige veldtog teen die "tradisionele" matrikulasie-kursus, en wel eintlik teen Latyn en matesis. Vir 'n beoordeling van die plek van Latyn in die kurrikulum vir die middelbare skool is dit nodig om enkele fases in hierdie stryd aan te stip, want dit gee ook lig op die verloop van omstandighede lateraan. Ons bepaal ons alleenlik by die direkte of indirekte aandiel van die departement van onderwys. Thomas Muir, die S.G.O. in die Kaap-kolonie, was 'n vurige voorstander vir 'n verandering in die matrikulasie-leerplan. Sy gevleuelde woorde voor die gekose komitee in 1906

/92 het

het skel deur onderwyslokale dwarsdeur die land geklink: "That examination (i.e. Matriculation) is the first thing that, in my opinion, should be changed."¹⁾

Op 24 Mei 1907 het dr. Muir voor 'n "Federal Conference on Education" 'n oorsig gegee van die funksie van laer en middelbare onderwys en gewys op die aanvegbaarheid van die leerplan soos toe in swang.²⁾ Op 28 November 1907 publiseer die "Education Gazette" onder die opskrif "Latin in Secondary Schools" die ontevredenheid van die Engelse publiek oor Latyn as 'n verpligte vak: "Notwithstanding the concessions made in England in recent years in the direction of prescribing alternative for Latin the crusade against the giving of undue preference to this subject still continues. Additional bitterness has recently been imported into the discussion by the publication of the considerations which have weighed with the board of Education in deciding to make Latin compulsory in Secondary schools. These considerations are a study of Latin is an essential part of a complete modern education. No study of the development of European institutions is possible without a knowledge of Latin, for in it are contained the records of the development of Law, religion and thought. Latin is an essential instrument for the educated use of the vocabulary of the English language, and a knowledge of it is necessary to any scientific study of the Romance languages."

Om as bolwerk te dien teen die aanstormende aanvalle
/93 teen

1) Cape of Good Hope, Report of Select Committee, 1906, 186.
2) The Education Gazette, 25 July, 1907.

teen Latyn is op heel beskeie wyse in 1908 onder leiding van mnr. J.G.R. Lewis, M.A. 'n "Classical Association" vir Suid-Afrika gevorm. Prof. W. Ritchie is tot eerste president en mnr. Lewis as sekretaris gekies. Prof. Sonnenschein, die sekretaris van die Britse "Classical Association" het die doel van die vereniging baie sober gestel: ¹⁾ "i) the maintenance of Classical studies in our schools, though always with due regard to the claims of other subjects; and ii) the improvement of methods of teaching."

"Humanistic Education without Latin" is die tema van 'n artikel van mnr. A.C. Benson in "Cornhill" soos aangehaal deur "The Education Gazette". ²⁾ Die hoofargument is dat Latyn alleenlik waarde het as dit intensief bestudeer word, en aangesien daar reeds so baie vakke is, is 'n intensiewe studie onmoontlik en vervál hierdie argument. Dr. Rouse van Perse Grammar School het hierop 'n kostelike repliek gelewer. ³⁾

As ons in aanmerking neem dat dr. Muir self 'n Skot was, is die volgende stukkie subtile propaganda van hom in "The Education Gazette" tipies ⁴⁾ "Scotch!!"

"Latin for Matriculation: The recognition of the value of modern languages for the purposes of discipline and culture, apart altogether from their practical value, is making steady headway in Europe. The latest

✓/94 indi- ...

-
- 1) The Education Gazette, 9 April 1908.
 - 2) Ibid., 14 April 1910.
 - 3) Ibid., 28 Julie 1910.
 - 1) The Education Gazette 4 June, 1910.

indication of this is a moan from Scotland that 'under the new Arts Ordinance it will be possible to take the M.A. degree without either Latin or Greek.'

'n Lesing deur prof. Hoernlé, gepubliseer in die November-uitgawe van die "South African Journal of Science", is soos volg in "The Education Gazette" op-¹⁾ gesom: "(i) The real education value of the classics lies in the thorough knowledge and enjoyment of ancient Philosophy, history, literature and art. (ii) The linguistic studies have little value except as a preliminary to this appreciation of the master-pieces of the ancient mind. (iii) All who never get beyond the linguistic stage, or whose classical education remains mainly within the linguistic stage, miss all that makes a classical education worth having." Sy gevolgtrekking is dan die volgende: "Let us drop the languages, but let us continue and increase the study of the master-pieces of Greek and Roman writers in the best translations which our scholars can furnish."

Op 'n konferensie in 1917 byeengeroep deur die waarnemende S.G.O., mr. Charles Murray, is o.a. die volgende besluit geneem: "i. Provision should be made for teaching French or another alternative language in place of Latin, wherever this can be done without undue expenditure to the Government."²⁾

Die volgende statistiek dui die omvang van die /95 eksamens

1) Ibid., 14 December 1911.
2) Ibid., 6 June, 1918.

eksamens onder beheer van die "University of the Cape of Good Hope" op duidelike wyse aan.

UNIVERSITY OF THE CAPE OF GOOD HOPE.

	<u>Matriculation.</u>		<u>Sen. Cert.</u>	
	<u>Cand.</u>	<u>Latin.</u>	<u>Cand.</u>	<u>Latin.</u>
1874	49	49		
1875	58	58		
1876	80	80		
1880	118	118		
1885	228	228		
1890	193	193		
1895	418	418		
1900	770	770		
1902	831	831		
1903	899	899		
1904	1057	1057		
1905	1099	1099		
1906	1266	1266		
1907	1466	1466		
1908	1588	1588		
1909	1542	1542		
1910	1670	1670	55	5
1911	1865	1865	114	6
1912	1680	1680	124	6
1913	1336	1336	138	15
1914	1540	1540	143	7
1915	1609	1609	172	16
1916	1787	1787	167	14
1917	1353	1853	196	25

In privaatskole en deur privaat-studie is ook nogal heelwat gedoen aan Latynonderwys gedurende hierdie periode. Die meeste van die privaatskole was onder beheer van die Roomse of Anglikaanse kerk. Die volgende sporadiese statistiek gee on tenminste 'n idee van die relatief-belangrike plek van privaat inisiatief in die handhawing van Latyn as skoolvak: (Ons moet in gedagte hou dat Latyn 'n verpligte vak vir matrikulasie was).

<u>Cape Colony.</u>	<u>Matriculation.</u>		
	¹⁾ <u>1909.</u>	²⁾ <u>1911.</u>	³⁾ <u>1914.</u>
High Schools	460	407	375.
Other public schools	128	116	74.
Private Schools	67	78	62.
Private study	<u>34</u>	<u>22</u>	<u>8.</u>
	689	623	519.

(d) Onderwyspersoneel:

Die invloed van die onderwyser op die bevordering of uitskakeling van 'n besondere vak word algemeen erken; daarom let ons kortliks op die toestand van die onderwyspersoneel gedurende die onderhawige periode. In 1859 het dr. Dale al die "pupil teacher system" begin. Dit het 'n swaar taak op die skouers van die diensdoende onderwysers gelê. In 1873 is die "Elementary Teachers Diploma" met std. IV as basis ingestel.⁴⁾ In 1878 is die "Normal College" te Kaapstad geopen. In dieselfde jaar is die "Middle Class Certificate" ingestel, min of meer gelykstaande met matrikulasie. Die twee kursusse is soms ook gelyktydig afgelê. Sedert 1892 egter is matrikulasie as voorvereiste vir die verkryging van hierdie onderwys-sertifikaat gestel. Latyn was hier dus 'n verpligte vak. Hoewel hierdie onderwysers nie veel in aanraking gekom het met die onderwys van Latyn in skole nie, is dit tog interessant om te weet dat Latyn sedert 1905 as een van die opsionele vakke gestel is: "Latin /97 was

1) The Education Gazette, 3 Februarie 1910.

2) Ibid., 11 April 1912.

3) Ibid. m 11 Februarie 1915.

4) Stds. I en IV is vir die eerste keer in 1873 ingestel. In 1886 is stds. V, VI, VII bygevoeg.

was this year made available for the first time as an optional subject for pupil teachers, and the examination was thrown open to pupils only. The examiner has sent in a specially interesting report on the work submitted to him.¹⁾ Solank die "Pupil teacher system" in swang gebly het (tot 1920) het Latyn 'n prominente plek as opsionele vak behou, soos blyk uit die volgende gegewens:

Departmental Examinations for pupil teachers.

<u>Latin:</u>	<u>1909.</u>	<u>1910.</u>	<u>1911.</u>	<u>1912.</u>	<u>1913.</u>	<u>1914.</u>	<u>1915.</u>
First Year	514	514	460	317	299	273	283
Second Year	430	309	268	145	200	174	234
Third Year	244	216	179	102	123	100	87.

In 1910 het die departement vir die aanstelling van 'n onderwyser in die sekondêre afdeling van die "High Schools" en "First Class-Schools" 'n graad sowel as 'n onderwysertifikaat vereis.⁴⁾ In 1911 het W.A. Russel, die inspekteur vir "High Schools" in 'n memorandum aan die S.G.O. 'n aparte opleiding vir sekondêre onderwysers aanbeveel,⁵⁾ maar 'n "First Class Certificate" vir onderwysers is eintlik eers in 1913 deur die Unie-Onderwysdepartement ingestel. Die voorvereistes was die B.A.-graad en daarna agtien maande opleiding. Hierdie opleiding is vir middelbare onderwys in besonder bedoel, en aangesien Latyn tot 1917 'n verpligte vak in die B.A. kursus was, was die besit van die eersteklas-sertifikaat gedurende die eerste jare /98 van ...

1) The Education Gazette, 12 Jan, 1905.

2) Ibid., 7 Sept. 1911

3) Ibid., 30 September, 1915.

4) S.G.O. Rapport 1910.

5) S.G.O. Rapport 1911.

6) Rapport sekretaris Unie-Onderwysdepartement, 1917.

van uitreiking terselfdertyd 'n waarborg van deeglike Latynkennis.

Ons vind die volgende interessante gegewens oor die Latynonderwys in 1910.¹⁾

"There are 29 men engaged in teaching classics, chiefly Latin. Of these 9 are graduates of Cambridge University, with honours in Classics, 3 are graduates of Oxford, with honours, 4 graduated at Edinburgh, one with honours, 2 have graduated with honours at Aberdeen, 2 have graduated at Glasgow, 2 at the University of London, 5 at the University of the Cape, one with honours, and 2 have passed in the Intermediate Examination in Arts at the Cape University."

Dit ly geen twyfel dat gedurende hierdie tyd die onderwyspersoneel in die middelbare klasse 'n sterk vooroordeel ten gunste van die klassieke gehad het nie. Dit was so in die ooglopend dat dr. Muir selfs die matrikulasie-sondebok in 1912 vir 'n oomblik vergeet het om 'n verwykende vinger na die Skotse jakkals te wys: "Comparatively speaking, a very large proportion of our pupils takes Latin-the total number reaching nearly 10,000 - a traditional consequence of the fact that most of the earlier teachers in the Cape come from Aberdeen University and the North East of Scotland."²⁾

Dit was egter nie net die matrikulasie-eksamen van die "University of the Cape of Good Hope" wat in die jare 1874-1917 sy stempel op die skole afgedruk het nie, maar die vereistes vir die verskillende grade ten opsigte van /99 Latyn ...

1) S.G.O. Rapport, 1910, 11

2) Ibid., 1912, 63.

Latyn. Met sy instelling het die B.A.-kursus uit drie afdelings bestaan: "(a) Language, Literature and History, (b) Mathematics; and (c) Physical Science." Afdeling (a) het merendeels 'n studie van Latyn en Grieks behels terwyl 'n kennis van die klassieke as verpligtend vir afdeling (b) en (c) gestel is. In 1883 is die "Intermediate B.A." ingestel met Latyn maar nie Grieks as verpligte vak, maar in dieselfde jaar is bepaal dat Latyn en Grieks nie meer verpligtend vir afdelings (b) en (c) van die B.A.-kursus sou wees nie.. In 1885 is nog 'n graad "B.A.-honours" ingestel, met 'n kennis van Grieks en Latyn verpligtend. Teen hierdie ereplek van Latyn in universitêre kursusse het daar mettertyd verset gekom, sodat Latyn in 1910 as opsionele vak vir "Intermediate B.A." gestel is en sedert 1913 kon Latyn of Grieks in afdeling (a) van die B.A. kursus geneem word. In 1917 het 'n verdere verandering plaasgevind toe die loergange vir die B.A. Graad in vier groepe verdeel is: (i) Latyn en Grieks verpligtend; (ii) Latyn of Grieks; (iii) Latyn en Grieks opsioneel; (iv) Geen Latyn of Grieks nie.

2. Die periode van departementele eksamens (1920-1947).

Die ou klassifikasie van skole in "High Schools", "First", "Second" en "Third Class Schools" het baie moeilikhede begin oplewer. Daar was gedurige oorvleueling en die skeidslyne kon in sommige gevalle moeilik getrek word. Volgens ord. 23 van 1917 het die waarnemende S.G.O. **mr.** Charles Murray, 'n poging aangewend om 'n beter klassifikasie te kry. Hy het drie soorte skole daargestel nl. "Secondary", "Intermediate" en "Primary
/100 Schools....

1) Schools". "Secondary Schools" is weer in twee groepe verdeel: (i) dié met tenminste 35 leerlinge bo std. V en (ii) "High Schools" met 70 leerlinge bo std. V. "Primary Schools" sou ook std. VII insluit. Dit blyk al dadelik dat dit nie 'n doeltreffende indeling was nie, want die oorvloeiingsproses sou daardeur eerder bestendig word. Hierdie indeling is egter nie lank in die praktyk toegepas nie want die volgende S.G.O. dr. W.J. Viljoen, is dadelik getref deur sekere onreëlmatighede en het onmiddelik die saak laat ondersoek.²⁾ Die vrug hiervan was die bekende ordonansie 8 van 1920, waardeur 'n meer praktiese klassifikasie van skole bewerkstellig is. Volgens hierdie ordonnansie is skole verdeel in drie hoofgroepe nl. hoërskole, sekondêre-skole en laerskole. Die beginsel is ook neergelê dat die graad van die skool sy kurrikulum bepaal: d.w.s. dat alleenlik in hoërskole leerlinge tot std. X onderrig kon word; in sekondêre skole alleenlik tot std. VIII en laerskole alleenlik tot std. VI. Alle sekondêre onderwys sou dan eers in std. VII begin. Ordonnansie 3 van 1920 se klassifikasie is gehandhaaf in die bekende gekonsolideerde onderwys-ordonnansie, nr. 5 van 1921, wat teenwoordig nog die basis van indeling van skole in die Kaapprovinsie vorm. In Januarie 1922 het die nuwe klassifikasie in werking getree.

Ten spyte van die feit dat sekondêre onderwys volgens hierdie bepalinge uit die laerskool geweer is, moes die S.G.O. in 1927 weer 'n adviserende komitee onder voor-

/101 sitterskap ...

1) The Education Gazette, 20 September 1917.

2) Verslag konferensie skoolinspekteurs, The Education Gazette, 18 Maart 1920.

sitterskap van prof. G.G. Cillie aanstel om toestande te ondersoek. Die aanbeveling van hierdie komitee was soos volg:¹⁾ "U komitee stem ooreen met die rapport van die S.G.O. dat 'n kursus van twee jaar voldoende is om Matesis, Latyn en Wetenskap te onderwys tot die standaard van Junior Sertifikaat."

Die beheer van die departement van onderwys oor hierdie skole is vierledig: (i) direk, (ii) deur die inspekteur van skole; (iii) deur die skoolraad; (iv) deur die skoolkomitee, wat die ouers veteenwoordig.²⁾

Latynonderwys is en word sedert 1922 in beide sekondêre sowel as hoërskole verskaf, onderworpe egter aan sekere praktiese beperkings. Van departementsweë word dit nogtans nie direk aan bande gelê nie.

Skooleksamens: Op 9 Julie 1917 het 'n konferensie, byeenge-roep deur die waarnemende S.G.O., mr. Charles Murray, en bestaande uit verteenwoordigers van die S.A.O.U. en S.A.T.A., opleidingsskole en inspekteurs van onderwys, in Kaapstad begin. Dit het geduur tot 13 Julie 1917, is vervat van 7 tot 17 Januarie 1918, en het 'n laaste sessie gehad van 25 tot 28 Maart 1918. Die hoofonderwerp vir bespreking was die skoolkurrikulum. Belangrike besluite is geneem waarvan die volgende betrekking het op die onderhawige saak:³⁾ "(i) Provision should be made for teaching French or another alternative language in place of Latin wherever this can be done without undue expenditure to the Government. (ii) This conference expresses the view that Public School Examinations should be conducted by the /102 authority ...

1) Vir verdere bespreking van hierdie saak sien hoofstuk V.
2) Verslag van adviserende komitee insake onderwys, 1927, 53
3) The Education Gazette, 6 Junie 1918.

authority responsible for Elementary and Secondary Education: (iii) Latin or the alternative modern language should not be commenced in Std. V as arranged at present in the High School Course, but should be introduced in std. VI or High School std. A. (iv) That the Department be requested to consider the matter of what public school examinations should be instituted and to take steps in preparation for the institution and conduct of such examinations." In werklikheid was hierdie uitgebreide konferensie 'n monsterring van die onderwyspersoneel vir die instelling van 'n departementele skool-kurrikulum en departementele eksamens. Op 27 Desember 1918 voorspel die nuwe S.G.O. dr. W.J. Viljoen, dan ook voor die S.A.O.U. te Paarl 'n vierjarige sekondêre kursus.¹⁾

In sy rapport oor die werksaamhede van die jaar 1918 stel die S.G.O. die instelling van departementele eksamens in vooruitsig:²⁾ "It is the intention of the department to institute at an early date a junior secondary certificate for pupils who have had a two year's course of secondary study, and a senior certificate for those who have taken the four year's course Hitherto the only available channel of secondary education has been that which culminated in the matriculation examination, which in consequence was looked on as the be-all and end-all of post-primary education."

Die vasberade S.G.O. het dadelik die nodige masjinerie geskep vir die doel. 'n Eksamenkommissie, genoem die departementele eksamenkommissie, bestaande uit ver-
/103 teenwoordigers. . . .

1) The Education Gazette, 23 Januarie 1919.

2) S.G.O. Rapport, 1918, 8.

teenwoordigers van die twee onderwysersverenigings (S.A.O.U. en S.A.T.A.), die inspektoraat en die administrasie, is dadelik in die lewe geroep. Reeds in 1920 is 'n konsep-leerplanne gepubliseer vir oorweging deur onderwysers. Twee departementele eksamens genoem junior sertifikaat en senior sertifikaat is in vooruitsig gestel. Kronologies moes die junior sertifikaat die senior sertifikaat voorafgaan, maar in verband met laasgenoemde moes ook nou die moeisame weg om goedkeuring van die matrikulasieraad vir vrystellingdoeleindes aan die verskillende universiteite te verkry hewandel word. Hierdie goedkeuring het gepaard gegaan met die voorwaarde:¹⁾ "That the candidate passes in six subjects and that the subjects taken satisfy matriculation options."

Die reëlings vir 'n eie departementele eksamen het so flink gevorder dat in Februarie 1921 aansoeke gevra is vir eksaminatore vir die eerste departementele eksamen aan die einde van 1921. Die kurrikulum vir die junior sertifikaat het die volgende behels:²⁾ (i) eerste taal; (ii) tweede taal; (iii) natuurwetenskap - enige twee van die volgende: (a) biologie, (b) fisika en gemie, (c) higiëne en geografie, (iv) geskiedenis en aardrykskunde; (v) (a) rekenkunde of huishoudelike rekenkunde, (b) higiëne en fisiologie (indien nog nie geneem nie), of matesis, of naaldwerk, of teken, of musiek, of huishoudkunde; (vi) 'n derde taal of twee van die laaste vier onder 5(b).

/104 'n Heel

1) S.G.O. Rapport, 1924, 36.

2) Education Gazette, 16 Junie 1921.

'n Heel beskeie plekkie is dus aan Latyn gegee. Voortaan sou hy hom moes handhaaf nie alleenlik teen 'n hele groep moderne tale soos Frans, Duits, en die kaffertale nie, maar ook teen praktiese vakke soos hierbo genoem. Dit bring onwillekeurig die S.G.O. se sinistêre ¹⁾ waarskuwing van twee jaar tevore in herinnering:

"One of the principal of those protected subjects, such as Latin and Greek, which are sanctioned by tradition but which cannot really be regarded as essential in every case."

In verband met die kursus vir die senior sertifikaat-eksamen is 'n baie ambisieuse ideaal gekoester. Die kurrikulum sou aanvanklik voorsiening maak vir ses verskillende kursusse wat elkeen 'n bepaalde beroeps- of professionele rigting verteenwoordig. Die ses kursusse is die volgende: (i) 'n algemeen seuns-; (ii) 'n algemene meisies-; (iii) 'n akademiese, (iv) 'n kommersiële. (v) 'n plattelandse en (vi) 'n huishoudkundige kursus. Van hierdie ses kursusse het alleenlik die akademiese en die huishoudkundige kursusse Latyn as 'n opsionele vak toegelaat. Reeds in Oktober van dieselfde jaar verskyn 'n aankondiging dat die konsep vir die senior kursus gewysig is. Die aantal kursusse is nou beperk tot viernl. (i) 'n algemene; (ii) 'n meisies-; (iii) 'n akademiese en (iv) 'n kommersiële kursus. Alleenlik in die akademiese is die derde taal verpligtend. In die kursus vir meisies is Latyn as 'n keusevak ingevoeg;

/105 in die

1) S.G.O. Rapport, 1918, 20.

in die kommersiële kursus kon 'n derde taal geneem word,¹⁾ maar nie Latyn nie. In Desember van dieselfde jaar verskyn nogeens 'n kennisgewing van departementsweë oor die vier kursusse, maar nou kon Latyn alleenlik in die akademiese kursus aangebied word.²⁾ Dit is dus duidelik dat hier 'n senuwee-oorlog teen Latyn gevoer is! Wat die daadwerklike uitwerking daarvan was kan afgelei word uit die statistieke van die eksamen gedurende die eerste paar jaar. Veelseggend is ook die berisping van die S.G.O. in 1924 aan die adres van die kleinere skole om nie so vas te hou aan die akademiese kurrikulum nie, want:³⁾ "It is wholly bookish."

In Desember 1923 het die eerste eksamen vir die senior sertifikaat plaasgevind. Altesaam het 21 skole inskrywings vir die eksamen gestuur; 14 daarvan het Latyn-kandidate gehad. Van die 262 kandidate het 96 Latyn aangebied.⁴⁾ Al spoedig egter het dit geblyk dat die aanbieding van vier kursusse in die middelbare afdeling van die skole 'n ideaal is wat alleenlik benader kan word na gelang die praktiese beperkings minder druk is. In 1925 het die stelling daarvan in die handboek vir die junior en senior sertifikaat-eksamens alreeds die vorm van 'n vae aanbeveling aangeneem, en uiteindelik is dit heeltemaal weggelaat.

Die strewe na die volkome en vrye ontwikkeling van middelbare onderwys sonder die beperkende en oorheersende mag van publieke eksamens het al hoe sterker op die voorgrond getree. In 1927 het die S.G.O. vrystelling /106 van die

1) The Education Gazette, 20 October, 1921.

2) Ibid., 17 December, 1921.

3) S.G.O. Rapport, 1924, 35.

4) The Education Gazette, 5th November, 1923.

van die junior sertifikaat-eksamen in hoërskole in vooruitsig gestel. Daardeur, so het hy gemeen, sou meer vryheid wat die keuse en veral ook inhoud van vakke betref, bewerkstellig word. Hierdie keuse om leerlinge vry te stel van die junior sertifikaat-eksamen is inderdaad ook volgens 'n kennisgewing op 7 November 1929 aan hoërskole verleen, maar dan op voorwaarde dat die volgende vakke in die kurrikulum ingesluit moes wees; die eerste taal, 'n tweede taal, natuurwetenskap en 'n vorm van matesis. (Dit mag rekene ook wees).

Die departement van onderwys het nou wel sy eie eksamens in eie kurrikula beheer, maar die ysterhand van die matrikulasieraad het nog steeds geknel. Die leer-gange vir die senior sertifikaat-eksamen moes deur die matrikulasieraad gekeur word en die leerplan moes aan sekere vereistes voldoen.¹⁾ Besware teen die sg. starheid van die matrikulasië-eksamen is ook deur die onderwys-departemente van die ander provinsies geopper. In Julie 1928 is 'n onderwyskonferensie deur die minister van onderwys byeengeroep. Die deurslag opinie van die konferensie was dat die provinsiale departemente geskik is om hulle eie eksamens te hou, maar dit moes binne sekere perke vrystelling van matrikulasië verkry. Hierop antwoord die S.G.O. ewe optimisties:²⁾ "If the views of this conference are carried out, then leaving examinations will pass more and more under the control of the departments while the Joint Matriculation Board (or some similar body) will prescribe the conditions for the recognition of /107 these

1) vgl. S.G.O. Rapport, 1934, 37 en 39.

2) Ibid., 1928, 27.

these examinations for the entrance to the university institutions. The freedom thus accorded to the departments- and of course the responsibility - will be reflected in the work and curricula of the schools." As 'n antiklimaks hierteenoor staan die bevel van die departement van onderwys dat vanaf 1933 alle departementele skole verplig word om hulle kandidate vir die departementele junior en senior sertifikaat-eksamens voor te berei en nie vir die eksamens onder beheer van die matrikulasieraad nie.¹⁾

Die werklike vasstelling van die kurrikulum in die hoër en sekondêre skole binne die raamwerk van die vereistes vir die junior en senior sertifikaat-eksamens is teoreties aan die plaaslike skoolkomitees oorgelaat. Die prosedure in verband hiermee is soos volg deur die departement vasgelê:²⁾ "In general the Department is satisfied to leave the choice of curriculum to the school committee, subject to the approval of the school board. In arriving at its choice, the committee will as a rule be guided largely by the advice of the principal who in turn will naturally have consulted the circuit inspector. The Department proposes to intervene only when it is certain that the curriculum chosen is quite unsuited to local conditions and requirements. Whenever a change is contemplated in the curriculum of a secondary or high school, the principal should notify the circuit inspector of the change before its actual introduction."

/108 Die

1) Vir verdere besonderhede i.v.m. die beheer van die matrikulasieraad sien hoofstuk VI.
2) The Education Gazette, 20 Oktober 1926.

Die volgende statistiek dui die gestadige agteruitgang van Latyn in die middelbare skole van die Kaapprovinsie aan:-.

STATISTIEKE : KAAPPROVINSIE.

<u>Senior Sertifikaat.</u>			<u>Junior Sertifikaat.</u>	
<u>Jaar.</u>	<u>Aantal Kan-</u> <u>didate.</u>	<u>Latyn-Kan-</u> <u>didate.</u>	<u>Aantal Kan-</u> <u>didate.</u>	<u>Latyn-Kan-</u> <u>didate.</u>
1925	925	420	2677	1317
1926	1050	408	3820	1800
1927	1260	535	4388	1845
1928	1476	606	4755	1857
1929	1632	578	4738	1700
1930	1823	610	4961	1700
1931	1961	631	5474	1656
1932	2117	599	5726	1701
1933	2519	766	6134	1863
1934	3026	1058	6323	1849
1935	3165	1082	6742	1806
1936	3275	1055	7367	1981
1937	3621	1095	7866	1746
1938	3843	1161	8526	1716
1939	3969	1002	8775	1653
1940	4271	936	8955	1525
1941	4329	897	9150	1337
1942	4338	777	9178	1417
1943	4236	673	9568	1331
1944	4484	747	10,016	1497
1945	4531	696	10,533	1644
1946	4901	694	10,675	1802
1947	4733	706		

Samevatting: Tot in die negentiger jare was die "First" en "Second Class Schools" die bakermat van Latynonderwys op skool. Die "Colleges" het ook 'n groot aandeel daaraan gehad veral ten opsigte van voorbereiding vir die matrikulasie-eksamen. In 1899 het daar nog 'n baie sterk element bygekome nl. die sg. "High Schools". Die interne organisasie van die klasse en die inhoud van die onderwys, selfs ook die keuse van vakke, is egter groten-deels beïnvloed deur die eksterne beheer van kwalifiserende eksamens. Hierdie eksamens was sedert sy stigting in 1873 in die hande van die "University of the Cape of Good Hope." Vir die laere eksamens, "School Elementary" en "School Examination for Honours", was

Latyn 'n opsionele vak, maar vir "matriculation" was Latyn verpligtend. Hierteen het die geweldige verset gekom; veral van die kant van die departement van onderwys. In 1910 is gevolglik naas die "matriculation" 'n skoolleind-eksamen, "Senior Certificate" ingestel. Vir hierdie eksamen was Latyn 'n opsionele vak. In 1918 het die eerste matrikulasië-eksamen van die nuutgestigte matrikulasieraad plaasgevind. Latyn is nie meer as 'n verpligte vak gestel nie, maar die agitasie teen Latyn is daardeur eerder aangevuur as verminder.

Intussen het daar aansienlike verbetering in die opleiding van onderwysers gekom. Ongemerkt het Latyn as opsionele vak vir hom 'n plek in die kurrikulum vir kwekeling-onderwysers verower.

Aanvanklik is vir die verwerwing van universiteitêre grade Latyn as sine qua non gestel, maar ook hier moes die outoriteite uiteindelik swig en sekere toegewings doen, sodat die "University of the Cape of Good Hope" aan die einde van sy bestaan alleenlik in sekere afdelings van die B.A. kursus Latyn as verpligtend gestel het. Die wederkerige uitwerking daarvan op die keuse van vakke vir die matrikulasië-eksamen van die matrikulasieraad was vermoedelik baie sterk, maar is moeilik berekenbaar.

Gedurende die periode 1920-1947 staan die onderwys in die Kaap-provinsie vir die doel van hierdie studie gekenmerk aan die volgende: (1) Die herindelings van skole het laer en middelbare onderwys organisatories duidelik geskei en vir elke dorp of digbewoonde plek voorsiening vir middelbare onderwys gemaak. Dit kan in baie opsigte die demokratiseringsperiode in ons onderwys-

geskiedenis genoem word. (ii) Die instelling van departementele eksamens het 'n tweërlei doelwit beoog: (a) om los te kom van die eksterne beheer van eksamens; en (b) om vir die skole 'n kurrikulum te gee wat, volgens die sienswyse van die departement van onderwys, beter sou aanpas by die behoeftes van die plaaslike gemeenskappe en die eise van die tyd; (iii) hierdie "vrymakingsproses" van die skole het die departement uiteraard in botsing gebring met die matrikulasieraad, hoewel sedert sy instelling die matrikulasieraad al hierdie toegewing gemaak het om Latyn nie meer as 'n verpligte vak vir matrikulاسie of vrystelling van matrikulاسie te eis nie. (iv) Hierdie periode staan ook gekenmerk vir 'n voortsetting van die oorlog teen Latyn as skoolvak. Die instelling van die departementele eksamens en gevolglik beter beheer ook die kurrikulum in die skole het baie geleentheid geskep om die posisie van Latyn in sommige skole te ondermyn of om dit selfs te verban.

-----oo0oo-----

HOOFTUK IV.

LATYNONDERWYS IN TRANSVAAL, ORANJE-VRYSTAAT EN NATAL.

1. TRANSVAAL:

(a) Die periode van die "Zuid-Afrikaanse Republiek:"

Die eerste onderwyswet van die "Zuid-Afrikaanse Republiek" is in Februarie 1866 aangeneem, maar dit het geen voorsiening gemaak vir middelbare onderwys nie. In wet nr. 4 van 1874¹⁾ het daar in die opsig 'n verbetering gekom. Daarin is skole verdeel in drie klasse: wykskole, distrikskole en gimnasia. Laasgenoemde sou die draers wees van middelbare en hoër onderwys. Die eerste gimnasium sou te Pretoria opgerig word, daarna een te Potchefstroom en later in die ander stede en dorpe. Die inhoud van die onderwys in die gimnasia sou insluit Hollands, Engels, Frans, Duits, Latyn, Grieks, rekenkunde, meetkunde, stelkunde, skeikunde, landbou, dierkunde, geologie, mineralogie, tegnologie, aardrykskunde, geskiedenis, sterrekunde, logika, musiek en tekene. Voorwaar 'n ambisieuse opset!

Hierdie wet, wat deur die staatspresident, ds. Th. F. Burgers, geloods is, het egter eers in 1876 in werking getree. Die eerste superintendent van onderwys, W.J. Gorkum, het 'n poging aangewend om die eerste skool vir middelbare onderwys, die Gimnasium te Pretoria, van stapel te stuur. In Holland het President Burgers in hoof gevind vir die gimnasium, nl. dr. J.P. Jorissen, maar hy het op aanbeveling van die Transvaalse verteenwoordiger aan die Kaap bedank. Gedurende Mei is alreeds 'n skoolkommissie /112 vir die

1) Soos gepubliseer in die Staatskoerant van 4 November, 1874.

vir die op te rigte gimnasium gekies.¹⁾ Kennis is gegee dat die skool op 1 Julie 1876 sou open. Daar het vertraging gekom, maar toe dit kort daarna tog geopen is, het dit 'n inskrywing van drie klein seuntjies op die rol gekry. Die oorsaak vna hierdie mislukking kan hoofsaaklik toegeskryf word aan: (I) Die liberale gesindheid van die superintendent, van Gorkum; (II) die feit dat aan Engels 'n baie ondergeskikte plek toegeken is; (III) die personeel sou uit rou Hollanders bestaan; en (IV) die meeste mense het verkies om hulle kinders volgens tradisie na die Kaapse "Colleges" te stuur. Engelssprekendes en Engelsgesindes het tewens ook 'n opposisieskool georganiseer, genoem "Pretoria Academy", wat alreeds op 3 April geopen is, en onder die hoofskap van 'n sekere J. Lawrie, wat in Heidelberg 'n skool vir laer en middelbare onderwys gehad het. Die Roomse "Loreto Convent School" het ook middelbare onderwys verskaf. Op 28 Julie 1877 moes die Gimnasium alweer gesluit word na 'n jaar van feitlik doellose bestaan.

In 1880 het die waarnemende Superintendent, ds. H.S. Bosman, in sy verslag melding gemaak van die noodsaaklikheid van die oprigting van 'n hoërskool vir seuns in Pretoria en te Potchefstroom.²⁾

Onder leiding van die nuwe superintendent, ds. S.J. du Toit, is wet nr. I van 1882 passeer. Hierin is voorsiening gemaak vir middelbare en hoër onderwys. Die daad is hy die woord gevoeg en reeds in 1883 is die "Normaal School" met W. Louis as hoof geopen. Daar was.
/113 'n in-

1) Lugtenburg : Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, 109.

2) Coetzee : Onderwys in Transvaal, 45.

'n inskrywing van 15 leerlinge. Die leerplan het Grieks en Latyn ingesluit. In 1889 was daar al 173 leerlinge en die skool is langamerhand "Gimnasium" genoem. Volgens wet nr. 8 van 1892 is die "Normaal" offisieel verander na "Gimnasium". Op 15 Augustus 1893 is die nuwe gimnasium met dr. H. Reinink as rektor geopen. Volgens die wet sou daar vier departemente wees: 'n klassieke, 'n natuurwetenskaplike, 'n opvoedkundige en 'n landboukundige. Die toelatingsstandaard is gestel op Std. VI. Dr. Reinink was self verantwoordelik vir die klassieke. Die medium was Hollands, en daardeur het hy baie ondersteuning verloor. Baie ouers het verkies om hulle kinders te laat voorberei vir die ou Kaapse matrikulasie. Daar was dan ook privaatskole wat hulle hierop toegelê het soos bv. "Marist Bôthors" en "Jeppe's Grammar School". Laasgenoemde is deur die ontevrede immigrante opgerig en in stand gehou.

Aan die einde van 1898 is die eerste eindeksamen aan die gimnasium afgeneem deur 'n kommissie bestaande uit dr. N. Mansvelt (die Superintendent), J.C. Smuts ('n staatsprokureur) en M. Francke, die myninspekteur. Die eksamen het die volgende vakke ingesluit: Latyn, Grieks, Hollands, Engels, Frans, Duits, geskiedenis, wiskunde, plantkunde, dierkunde, natuurkunde en skeikunde. Al vyf kandidate het geslaag en vier het na Nederland vertrek vir verdere studie.

(b) Die periode van die Kroonkolonie (1902-1907).

Die oorlogsjare (1899-1902) het natuurlik alles ontwrig en na die sluiting van vrede moes daar feitlik weer 'n nuwe begin gemaak word. Op 25 Februarie 1902 is 'n nuwe ordonnansie, nr. 7 van 1902, deur die Wetgewende Raad goed-

gekeur. Hierdeur is 'n departement van Openbare Onderwys met 'n direkteur van Onderwys aan die hoof daarvan in die lewe geroep. Verder is daar ook bepalings vir die oprigting van skole vir middelbare onderwys. Hiervan sê die eerste direkteur, Fabian Ware:¹⁾ "The regulations in regard to secondary schools embody several important principles. No attempt is made to lay down rigid courses of study as in the case of primary schools. Indeed, the regulations directly affect only the three highest forms. Their aim is rather to set a common standard for secondary education in the Colony without imposing any rigid uniformity and without interfering with the variety in individual development which is one of the chief features of the British secondary school system."

Twee sertifikaat-eksamens word ook in vooruitsig gestel: "Lower Certificate" en "Leaving Certificate".²⁾ Die volgende mooi ideaal word vir hulle gestel:

"Under the regulations greater importance is attached to sound education and instruction extending over the whole school year in accordance with the detailed syllabus of work approved for each school by the Education Department, than to the production of so much knowledge upon a given date regardless of the means by which such knowledge has been acquired."

Ten opsigte van middelbare onderwys sê die direkteur: "The Department has hitherto provided the means for secondary education, by establishing and maintaining fee-

/115 paying

1) T.E.D.; Report for the School Year January to December, 1903, 6.

2) Ibid.

paying secondary schools in the chief provincial centres, and High Schools in Pretoria and Johannesburg." ¹⁾ Die "High Schools" was die volgende: "Pretoria High School for Boys, Pretoria High School for Girls, Johannesburg High School for Boys, Johannesburg High School for Girls, Jeppestown High School for Boys and Girls." Die "Secondary Schools" was die volgende: Heidelberg, Germiston, Mayfair, Klerksdorp, Krugersdorp, Potchefstroom, Middelburg, Pietersburg, Rustenburg, Standerton, Ermelo, Volksrust, Wakkerstroom en Zeerust. Volgens verdere gegewens blyk dit dat in 10 van die 14 "Secondary Schools", Latyn as vak doseer ²⁾ is en deur altesaam 220 leerlinge geneem is. Die verskil tussen die "High Schools" en "Secondary Schools" was dat die "High Schools" uitsluitlik vir middelbare onderwys ingerig was, (toegangsouderdom is bepaal op 10 jaar) terwyl die "Secondary Schools" soos volg beskryf is: "The district fee-paying schools bear the name of secondary, but educationally, in the majority of cases they differ from elementary schools only in respect of the slightly larger proportion of scholars in the upper classes taking higher subjects, and the right which they possess of teaching Latin and Greek". ³⁾ Die kurrikulum vir die "High Schools" het die volgende ingesluit: Bybelgeskiedenis, Engels, twee of meer ander tale (waarvan Latyn gewoonlik een was), matesis, geskiedenis en aardrykskunde, 'n wetenskap, tekene, sang ⁴⁾ en liggaamsoefeninge.

/116 Op

-
- 1) T.E.D., Report, 1903, 35.
 - 2) Ibid., 37
 - 3) Ibid., 37
 - 4) Ibid., 39.

Op 18 Julie 1903 het 'n "High Schools Inspection Committee" 'n baie leersame verslag gelewer oor wat onder sekondêre onderwys verstaan moet word; o.a. word die volgende interessante stellings gemaak:¹⁾ "It is our view that a pupil should have the secondary school with such developed capacity and such mental equipment as will enable him, to proceed readily to the more specialised courses But we are emphatically of opinion that such a potentiality for further progress will not be secured by premature specialisation within the secondary school. This must always aim at all round development, and such is the object of the curriculum which are recommend in paragraph 8 ... We believe that the best equipment in the long run for life in this Colony is secured if the pupil leaves school with an appreciation of literature, with a good store of general and accurate knowledge, with a variety of interests and, above all, with faculties, both physical and mental, so developed and braced that they will carry him on when the direct stimulus of the teacher and the school has been removed We hasten to add that it should encourage corporate feeling, and thus prepare him for membership of a community and the duties of citizenship."

Die volgende kurrikulum word dan voorgestel:²⁾

"Minimum Curriculum: We wish to state that we consider the following subjects at least should form the substantive part of the curriculum of every secondary school: English, two other languages (at least),
/117 Mathematics'

1) T.E.D., Report, 1903, 41.
2) Ibid.

Mathematics, Geography, History, Drawing, Drill, Needlework for Girls. The majority of the Committee is of opinion that one of the languages taught should necessarily be Latin"

Dieselfde komitee beveel ook 'n eenvormigheid van klassifikasie van leerlinge in standerds aan: "We think that the time has come for the standard of attainment represented by each form to be fixed, at any rate to the extent that parents and others should be able to ascertain what position in a particular form means, we suggest that for the present the equivalent of a Matriculation standard should be connoted by Form Upper V, and that a syllabus of work for each of the lower forms should be drawn up."¹⁾

In sy "Regulations in regard to Government Secondary Schools" gee die direkteur die volgende betekenisvolle beskrywing van 'n "Secondary School": "A secondary school shall be a school which each year successfully presents a satisfactory percentage of its pupils for the Lower Certificate Examination of the Transvaal Education Department or for the matriculation examination of the University of the Cape of Good Hope, the qualifying percentage to be determined upon the general results of these examinations for the period 1903-6"²⁾

Hier het ons dus 'n skreeuende teenstelling tussen die idealisme van die "High Schools Inspection Committee" en die praktiese beleid van die direkteur van onderwys.

Die klasse vir die "Secondary School" is soos volg /118 ingerig

1) T.E.D., Report, 1903, 41.
2) Ibid., appendix N.

ingerig: Vorms I (ouderdom tien jaar), II, III, laer IV, hoër IV, laer V, hoër V en VI. Die gewone prosedure is dat 'n leerling 'n jaar lank in een vorm bly: hierdie indeling word belangriker in die lig van moderne beskouings.

Om aan te sluit by sy verdeling in klasse, en om die nodige inhoud en stimilus aan die onderwys in die "Secondary Schools" te gee, het die departement van onderwys baie wyslik 'n eie eksamen- en sertifikaatstelsel ontwerp. Daar sou naamlik twee sertifikate wees: die "Lower Certificate" en die "Leaving Certificate". Aan die einde van vorm laer V moes alle leerlinge hulle vir die "Lower Certificate" en aan die einde van vorm VI vir die "Leaving Certificate" aanmeld. Die standaard van vorm hoër V sou die van die matrikulasië-eksamen van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop wees.¹⁾ Daar is dus 'n jaar post-matrikulasië onderwys in vooruitsig gestel - weer baie interessant in die lig van hedendaagse ontwikkelings op die gebied. Hierdie ideaal is nooit verwesenlik nie want hoewel die "Lower Certificate" in werking getree het, het van die "Leaving Certificate" niks gekom nie.

Ook wat die kurrikulum vir hierdie twee sertifikate betref is 'n baie verstandige reëling gemaak: Die vakke vir die twee sertifikate is in twee groepe verdeel: "Compulsory" en "Optional" subjects. Verpligte vakke vir die "Lower Certificate" en "Leaving Certificate" is: Engels, 'n ander moderne taal, matesis (insluitende /119 rekenkunde

1) T.E.D. 1903, appendix N.

rekenkunde, stelkunde en meetkunde). Die opsionele vakke vir albei eksamens is: Latyn, Grieks, 'n derde moderne taal, natuurwetenskap, plantkunde, geskiedenis en aard-¹⁾rykskunde, handwerk, tekene, musiek en huishoudkunde.

Die enigste beperking wat ten opsigte van die opsionele vakke is die volgende: "In regard to optional subjects these should be so selected and the time table and syllabus of work so arranged as to preclude the necessity of dividing a form into more than two sections. More credit will be attached to good work, in a few subjects than to a superficial acquaintance with many."²⁾

Om hierdie kurrikulum nog aantrekliker te maak is die inhoud vir die verskillende vakke aan die skole oorgelaat en dit is bepaal dat die hoofde van skole aan die einde van elke jaar vir die volgende jaar 'n opgawe om die volgende besonderhede te verskaf sou stuur: opsionele vakke wat geneem sal word; die voorgeskrewe boeke vir die taalvakke, die tyd aan die verskillende vakke bestee, die metode van onderwys wat toegepas sou word. Van elke vak moes daar ook 'n gedetailleerde leergang bygevoeg word. Die eksamens sou deur die verskillende vakonderwysers onder toesig van 'n persoon³⁾ of persone deur die direkteur benoem afgeneem word. Aan privaatskole is die geleentheid gestel om aan hierdie eksamens mee te doen.⁴⁾

Dit is veral noemenswaardig dat volgens die regulasies vir skoolkommissies daar geen mag aan skoolkommissies
/120 verleen

1) Ibid.

2) Ibid.

3) T.E.D., 1903, appendix N.

4) Ibid.

verleen is om 'n kurrikulum vir die skool op te stel
1) nie. Die Departement van Onderwys het hier die hef in
eie hande gehou.

Hoewel daar alreeds in 1903 op 'n inspekteurskonfer-
ensie beswaar gemaak is teen die sekondêre afdelings by
primêre skole, 2) het die stelsel gebruiklik geword en
selfs die onderwyswet van 1907 oorlewe. 3) In 1905 is daar
nog 'een "High School" bygevoeg en wel te Potchefstroom.

Selfs in sommige van die C.N.O. skole van 1902
tot 1907 het Latyn ook 'n plek op die kurrikulum gekry,
want daar was van hierdie skole wat sekondêre afdelings
gehad het en wat selfs kandidate vir die "School Higher"
en "Matriculation" eksamens voorberei het. 4)

In 1907, voor die aanname van die nuwe onderwyswet
was daar al sewe "High Schools". Volgens 'n verslag van
die "High Schools Committee" is Latyn in al hierdie skole
onderrig. 5)

(c) Die periode van Universiteitsoorheersing:

Met die verlenging van selfbestuur het die minister
van onderwys, Generaal J.C. Smuts, dadelik 'n onderwyswet
opgestel en geloods. Dit is die bekende wet nr. 25 van
1907, dat vandag nog die basiese wet is vir onderwysadmini-
strasie in Transvaal. In hoofstuk IV, artikel 23, word
spesiale voorsiening gemaak vir middelbare onderwys: "The
minister may from time to time establish or maintain
secondary schools or preparatory departments thereof or
secondary departments attached to primary schools." Hier-
/121 volgens

1) Ibid., appendix I

2) Ibid., 37

3) Sien bl. 124...

4) A.K. Bot. - 100 jaar onderwys in Transvaal, 71.

5) T.E.D. 1907, 73.

volgens is die ou gebruike en instelling dus net weer voortgesit, maar in ander opsigte het daar wel verandering gekom: die "High Schools" het as 'n klas verdwyn en is vir alle praktiese doeleindes van die wet onder die groep "Secondary schools" ingeskakel hoewel die benaming om historiese redes nog gebruik is en selfs so die oorhand gekry het, dat ons later net hoor van "High Schools" en "Secondary Departments". In 'n "schedule" is 'n lys van 23 skole wat voorsiening sou maak vir middelbare onderwys geproklameer, hieronder is ook die vroeëre "High Schools". Volgens art. 57 word die oorspronklike "High Schools" asook die normaalskool en T.U.K. nie onder beheer van skoolrade maar van beheerrade geplaas met die reg om direk met die departement te onderhandel.

Weereens is dit opmerklik dat ook volgens hierdie wet geen mag aan skoolkomitees gegee is om enige beslissing te doen oor die kurrikulum in die skool nie.

In die direkteur se verslag van 1908 vind ons die volgende skynbare teenstrydigheid: Eerstens kla hy oor die onvoldoende ondersteuning wat die "High Schools" kry: "there is a natural tendency to send a boy or a girl to the school where the parent or brother or sister has been, and it will be some time before the Transvaal High Schools will be able to hold their own against this tradition, which accounts for the annual exodus of many secondary pupils to the older colonies." ¹⁾ Tog vind die direkteur stof tot dankbaarheid: "The High Schools are doing well indeed. This is shown alike by the successes gained in the Cape University and departmental examinations, /122 and by , , , ."

1) T.E.D. 1908, 4.

and by the report of the Inspection Committee. A revision of the regulations governing the curriculum and the examinations is necessary, particularly in order that the special need of girls and of boys who do not wish to follow the course which matriculation at the Cape University necessitates."¹⁾

Uiteindelik was daar 'n flinke aanvraag vir middelbare onderwys op die platteland sodat op 'n skoolraads-konferensie, gehou van 30 September tot 2 Oktober 1908, 'n poging aangewend is om sekondêre afdelings by die "Town and Village Schools" te kry. Hierdie poging het misluk maar die volgende besluit was egter 'n vingerwysing vir die toekoms: "The conference recommend that secondary education be provided in all suitable town schools."²⁾

Aan die begin van 1909 het nuwe regulasies in verband met middelbare onderwys in werking getree. Dit het hoofsaaklik tweërlei van aard: (1) dit het die sekondêre onderwys definitief of 'n vyfjarige basis geplaas, d.w.s. vorms I tot V. Middelbare vakke moes nie voor vorm I ingevoer word nie, en die skoolkursus moes eindig met matrikulasie; (2) die kurrikulum is so gewysig "to make the curriculum wider and more elastic in order that it might be possible to develop schools in which the courses followed are in closer relation to the national needs and the national future."³⁾ Vier tipes van middelbare kurrikula word dan aan die hand gedoen: die professionele, die wetenskaplike, die tegniese en die kommersiële.
/123 Alleenlik

1) T.F.D. 1908, 28.
2) T.E.D., 1908, 180.
3) T.E.D. 1910, p. 76.

Alleenlik in die eerste soort sou Latyn toegelaat word. Die professionele kursus word vergelyk met die kursus van die Duitse "Gymnasium", en die wetenskaplike met die Duitse "realschule". Die hoofsaak in die nuwe regulasies is dat 'n keuse tussen Latyn en 'n moderne taal toegelaat word.¹⁾ Hoewel daar nog nie veel van hierdie nuwe keuse gebruik gemaak is nie, moedig die direkteur egter skole aan om dit te doen: "Rekbaarheid zal op het eerste en voornaamste punt verzekerd worden daar 'n leerling, die zulks verkiest, gelegenheid te geven 'n moderne taal in plaats van Latyn te stellen. Onder de ander bepalingen was dit reeds mogelyk, maar het gebruik om de school in te richten met het Kaapse matrikulate-examen as einddoel van de hoogste klas, had het gevolg Latyn feitelik voor alle leerlingen verplicht, te stellen. Onder de nieuwe bepalingen moet 'n keus gelaten worden tussen Latyn en 'n derde moderne taal. buiten en behalve Engels en Nederlands."²⁾

In dieselfde regulasies is skole verbied om kandidate voor te berei vir die "School Higher" eksamen van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop.³⁾ Die skool-sertifikaat eksamen is in die plek daarvan gestel.

In 1911 is die kwessie van middelbare afdelings by laerskole weer bespreek op 'n skoolraadskonferensie. 'n kommissie ad hoc het 'n rapport ingedien ten effekte dat hierdie middelbare afdelings afgeskaf en dat vir middelbare onderwys op die groter sentra gekonsentreer moes word.

/124 W.E.C.

1) Ibid., p. 77

2) T.O.D. Lagere en Middelbare Scholen Bepalingen en Leergangen, 1909, 13.

3) Ibid., 14.

W.E.C. Clarke, wat in 1912 as inspekteur vir middelbare onderwys aangestel is, het daarteenoor in sy verslag van 1912 die volgende stelling gemaak: "Close down the secondary departments, and the pupils will leave school altogether."¹⁾ Daar was toe alreeds 22 skole met middelbare afdelings.²⁾ Gedurende 1913 is vier as hoërskole verklaar.³⁾ Kragtens Ord. 7 van 1914 is middelbare onderwys van skoolgeld vrygestel. Dit het natuurlik 'n baie groter aanloop na die middelbare skole bewerkstellig. In 1915 het die aantal hoërskole op 10 gestaan, maar in 1918 is nog 10 gestig, terwyl nog 11 laerskole middelbare afdelings gehad het.⁴⁾

Dat Latyn 'n verpligte vak ten spyte van die druk daarteen selfs in die middelbare afdelings van laerskole was, blyk uit die volgende: "Het grote struikelblok om sukses in dit vak (Latyn) te behalen is de moeilijkheid om in vorm I en II voldoende tyd te vinden voor het leren van de beginselen. Daar het niet is opgenomen in het leerplan voor het lagere-schoolcertifikaat, verliest het allicht in belangrykheid zowel by de leerlingen als by de onderwyzers. Verder zyn er veel leerlingen in deze twee klassen, die niet van plan zyn verder te gaan dan het lager onderwys, en er niet gemakke⁵⁾lyk toe te krygen zyn belang in het vak te stellen."

/125 Daarteen

1) T.E.D. 1912, 64.

2) Ibid., 130.

3) T.O.D. 1913, 11.

4) T.E.D., 1918, 85.

5) T.O.D. 1912, 131.

Darenteen was 'n faktor wat die gewildheid van Latyn as vak in die hoërskole belemmer het, die medium. Clarke skryf soos volg hieroor: "maar veel van het dieper gaande onderwys word niet begrepen door leerlingen die in 't Engels niet genoeg letterkundige ontwikkeling hebben om het te waardeeren."¹⁾

(d) Die periode van departementele eksamens:

As gevolg van skerp kritiek op die onderwysbeleid gedurende die sitting van die Provinsiale Raad, het die administrateur, A.G. Robertson, op 21 Desember 1917, 'n kommissie benoem "met macht om 't hele sisteem en de administratie van onderwys te onderzoeken voor zover deze Raad (de Provinciale) bevoegd is deze zaak te behandelen."²⁾ Hierdie Kommissie wie se verslag eers in 1920 bekendgemaak is, het wat sekondêre onderwys aanbe-
treef, die toestand nog maar soos vroeër aangetref: d.w.s. laerskole met sekondêre afdelings en middelbare skole, "meestal Hogere Scholen genoemd",³⁾ Van die middelbare skole word die volgende gesê: "Deze Middelbare scholen ... hebben studiekursussen, die voornamelijk samengesteld zyn met het oog op de eksamens van de Gemeenschappelijke Matrikulatie Raad."⁴⁾ Hierdie Kommissie het ook aanbe-
veel die afskaffing van voorbereidende klasse by hoërskole en sekondêre afdelings by laerskole; maar in vergoeding daarvoor uitbreiding van middelbare skole. Daar word dan vyf tipes van middelbare skole voorgestel: (1) algemene middelbare skole; (2) moderne middelbare skole; (3) middelbare landbouskole; (4) middelbare handels,- ambag, - en /126 industriële

1) Ibid.

2) Verslag van de Transvaalse Onderwyskommissie, 5.

3) Ibid, p. 9

4) Ibid.

1)
industriële skole; (5) middelbare huishoudskole.
Die eerste twee tipes sou dan hoofsaaklik wees vir skoliere wat na die universiteit gaan of vir een of ander geleerde professie bekwaam. Vervolgens word daar vir middelbare skole 'n "Raad van Studie" bestaande uit die direkteur en die onderwysers deur die vereniging van onderwysers aan middelbare skole gekies. Die raad van studie in middelbare skole sal ondersteun word deur studiekomitees vir die verskillende vakke. Hierdie stelsel is mutatis mutandis dieselfde as die hedendaagse raad van moderatore en sy studiekomitees, met net hierdie belangrike verskil dat aan hierdie "Raad van Studie" ook die belangrike taak van "om regulaties te ontwerpen betreffende de samestelling van de leergangen (kurrikula) voor alle middelbare scholen"²⁾ sou behartig.

Eindelik word 'n baie belangrike saak ook vir die skoolkurrikulum aangeraak, nl. die uitreiking en beheer van die skoolsertifikate, veral 'n eindsertifikaat. Verskillende besware is teen die matrikulasie-eksamen ingebring. Die belangrikste word hier net kortliks genoem omdat 'n bespreking van die ratio daarvan later gedoen sal word: (1) Die eksaminatore is almal professore, wat nooit skoolonderwys of baie lank gelede gegee het; (2) daar is nie kontrolering met die klaspunte van die kandidate nie; (3) daar is geen mondelinge of praktiese eksamen nie.

Hierdie beskouing van die kommissie is 'n aansluiting by die oorspronklike instelling van eie sertifikate /127 en ook

1) Ibid., . 16.

2) Verslag van onderwyskommissie, 1917, 22.

en ook by wat die direkteur al in 1915 en 1916 in sy rapport gestel het.¹⁾ Selfs in 1917, 'nog voor die bekendmaking van die onderwyskommissie se rapport het die direkteur die volgende optimistiese siening oor 'n eie skooleindsertifikaat gehuldig: "Without undue optimism one ought to be able to look forward to three years in the secondary school for the majority, and they will in time become four, especially as matriculation under the new conditions may well become a goal for all."²⁾

Na 'n interimrapport van die onderwyskommissie in 1918, het die departement van onderwys dadelik voortgegaan om die masjinerie te skep vir die afneem van 'n eie skooleindeksamen. In sy rapport van 1919, kondig die direkteur die instelling van sodanige eksamen aan.³⁾ Eindelik in 1920 is die toestemming van die matrikulasieraad ook verkry: deur aan sekere vereistes en voorwaardes te beantwoord sou die eksamen vrystelling verleen van die matrikulasie aan die verskillende universiteite. Die eksamen is die "middelbare-skool-sertifikaateksamen" genoem en het uit twee dele of trappe (Vorms IV en V) bestaan. Die eerste "trap" van die eksamen is reeds in 1920 afgeneem en in 1921 het die eerste kandidate die eksamen vir die finale sertifikaat afgelê.

Die rede waarom die Transvaalse departement van onderwys so flink was met die instelling van 'n eie skooleindeksamen moet gesoek word by die instelling van eie sertifikaateksamens reeds in 1903.⁴⁾

/128 Skool-

1) T.O. D., 1915, 82, 1916, 24.
2) T.E.D., 1917, 64.
3) T.O.D. 1919, 26.
4) Sien bl. 118.....

SKOOLSERTIFIKAAT-EKSAMEN.

JAAR.	AANTAL SKOLE.	AANTAL SKOLE WAT LATYN AS VAK AAN- BIED.	LATYN-KANDIDATE.
1910	18	16	170/213
1911	21	21	228/265
1912	20	20	222/240
1913	24	23	206/230
1914	24	24	275/321
1915	24	24	298/336
1916	26	26	296/342
1917	28	28	320/398
1918	25	25	308/372
1919	35	35	460/586
1920	41	39	654/882.

Die "Lower Certificate" het sedert 1908 bekend gestaan as die "School Certificate Examination".

Latyn was een van die opsionele vakke vir hierdie eksamen, en hoe algemeen hierdie vak was in die departementele skole wat vir hierdie eksamen inskrywings gestuur het, kan die volgende tabel as bewys dien:

Skoolsertifikaat-eksamen.

Jaar.	Aantal Skole.	Aantal skole wat Latyn as eksamenvak aanbied.	Aantal Latyn-kandidate.
1906	13	9	61/89
1907	10	9	58/90
1908	13	10	90/105
1909	14	13	124/148.

Nogtans was die skoolsertifikaat-eksamen wat aan die einde van die vorm IV jaar afgelê is, geen skooleindsertifikaat in die praktyk nie; dit is gewoonlik aan die einde van vorm V opgevolg deur die matrikulasie-eksamen wat die eintlike skooleindeksamen gevorm het. Daarom is dit te verstaan dat die matrikulasie-eksamen tot 'n groot mate die kurrikulum vir hierdie eksamen bepaal het. Dis juis hierteen wat die direkteur in byna elke jaarverslag te velde getrek het. Al wat dus in 1920 gebeur het was

/129 dat hierdie

dat hierdie eksamen aan sekere standarde, voorwaardes van vakkeuse en kontrole deur die matrikulasieraad onderwerp is en dat dit trap I van die M.S.S.E. geword het. Trap II van die eksamen sou dan die matrikulasie-standaard ewenaar, of lievers, het dan in die plek gekom van die matrikulasie-eksamen wat tog voorheen op die stadium afgelê is. Hoewel die karakter van die eksamen dus verander is, was die M.S.S.E. geen nuwigheid in die departement nie. In hierdie opsig was Transvaal die ander provinsies voor. Dit verklaar ook die rede waarom die organisasie van die M.S.S.E. so flink gegaan het, sodat nog in dieselfde jaar waarin die verslag van die onderwys-kommissie bekendgemaak is, "Trap I" van die eksamen kon plaasvind. "Trap II", of die finale M.S.S.E. het in 1921 plaasgevind.

Die leerplan vir die M.S.S.E. het voorsiening gemaak vir Latyn as vak onder die groep opsionele vakke, maar die opening wat die regulasies van die M.S.S.E. en die nuwe matrikulasie-eksamen, d.w.s. dié van die matrikulasie-raad sedert 1918, gelaat het om Latyn uit die kurrikulum uit te skakel, is gedurigdeur baie sterk onder die aandag van skoolhoofde, onderwysers en leerlinge gebring. Die direkteur van onderwys het hieraan ook ewe lustig meegedoen. In sy rapport oor die werksaamhede van die jaar 1919 skryf hy soos volg:

"Vooral moet melding gemaak word van het aantal leerlingen dat besloten heeft gebruik te maken van de optie, aangeboden onder het nieuwe matrikulatie-skema, om
/130 een ...

1) T.O.D., 1919, . 31.

een moderne taal, in de regel Duits, voor Latyn in de plaats te stellen. Dat is ongetwyfeld gedeeltelik het gevolg van de algemene neiging voor het onderwys en die skolen om in nauw verband te worden gebracht met die eisen van het hedendaagse leven. Het is in die tweede plaats het gevolg van het feit dat hollandsprekende leerlingen sien dat het nauw verband tussen Hollands en Duits als germaanse talen het veel gemakkeliker voor hen maken dan Latyn."

Darenteen gooi mnr. W.E.C. Clarke, die inspekteur van hoërskole, 'n bietjie koue water op hierdie bewerings: "Sommigen, die Duits genomen hebben in plaats van Latyn, denkende dat het veel gemakkeliker zou zyn, werden in hun verwachtingen ten zeerste bedrogen."¹⁾

In 1919 was daar al 22 hoërskole en dertien laerskole met middelbare afdelings. Volgens sirkulêre I van 1921 is 'n definitiewe reëling neergelê dat kleinere skole net klasse tot en met vorm III mag hou.²⁾ Hierdie reëling het gedien as voorloper van die "Intermediate" en latere "junior hoërskole". Teen die einde van 1922 is aan die Rand en Pretoria skole "intermediate" skole genoem, gestig met die doel om voorsiening te maak vir leerlinge wat nie verder as vorm III (Std. VIII) wou studeer nie. Hulle het 'n beperkte leerplan aangebied en Latyn is uit die kurrikulum uitgeskakel.³⁾ Terselfdertyd is dit ook vir die hoërskole op die Rand en Pretoria bepaal dat die oorgang na die middelbare onderwys na std. V sou wees.⁴⁾ Dit is net op die Randse /131 en

-
- 1) T.O.D. 1919, 39.
2) T.O.D., 1920, 25.
3) T.E.D., 1922, 13.
4) Ibid., 14.

en Pretoriase skole van toepassing gebring.

In sy rapport oor 1930 kondig die direkteur van onderwys die stigting van die sogenaamde "junior hoërskole" aan, soos aanbeveel in die verslag van die onderwyskommissie van 1928.¹⁾ Die aangeduide redes vir die mislukking van die "intermediate" skole is opmerklik: "(a) Lack of confidence in their suitability and the adequacy of their curricula and results; (b) Want of linking up with the secondary school system of the Province."²⁾ Die voorgestelde junior hoërskole sou beter aansluiting by die hoërskole vind. Die eerste junior hoërskool is alreeds in 1931 te Pretoria gestig, (Sentrale Junior Hoërskool) maar dit is eers in 1938 opgevolg deur ses ander junior hoërskole. In 1939 is nog twee gestig.³⁾ Vanaf 1935 is daar egter op die platteland die skoolplaas-stelsel ingevoer. In 1938 was daar reeds 8 van hierdie skole. In albei hierdie soort junior hoërskole is Latyn as vak uitgeskakel. Die Transvaalse onderwysdepartement was reeds in 1930 al van voornemens om 'n eie junior sertifikaat-eksamen in te stel, volgens aanbeveling van die onderwyskommissie van 1928,⁴⁾ maar weens omstandighede kon die eerste eksamen eers in 1932 afgeneem word, en is vanaf 1933 as verpligtend gestel vir alle leerlinge in vorm III. Sedert 1935 is dit egter net vir skole wat nie klasse hoër as vorm III insluit,⁵⁾ verpligtend gestel. Al meer en meer hoërskole het sedertdien die eksamen afgeskaf sodat dit vandag byna uitsluitlik tot junior hoërskole beperk is.

/132 Volgens

1) Verslag van onderwyskomitee, 1928, 13.

2) T.E.D. 1930, 11

3) T.O.D. 1938, 14.

4) Verslag van onderwyskomitee, 1928, p. 12.

5) T.O.D. 1935, p. 25, ook Administrateurskennisgewing Nr. 381 van 31 Julie 1935.

Volgens administrateursproklamasie nr. 3 van 1933 is onderwys tot en met sestienjarige leeftyd op std. VIII verpligtend gemaak.

In 1921, met die aftrede van W.E.C. Clarke as inspekteur van hoërskole, is daar aanvanklik twee inspekteurs benoem om hom op te volg nl. T.G. Ligertwood en A.J. de Vos. Op 'n inspekteurs-konferensie in Julie en Desember 1923 is alreeds sodanige wysiging vir inspeksie in hoërskole aanbeveel dat die aparte inspektoraat oorbodig sou wees.¹⁾ Toe mnr. Ligertwood in 1925 die tuig neergelê het, het die ontwikkeling tog in die rigting gegaan dat 'n komitee van skoolinspekteurs hierdie werksaamhede oorgeneem het.

Op 24 en 25 Februarie 1938 is 'n inspekteurskonferensie gehou oor taalonderrig: Taalvakke is in twee groepe verdeel: (a) Engels, Afrikaans en Bantoetale, wat verstaan en gepraat moet word. (b) Frans, Duits, Latyn, Grieks: "Wat die tale van (b) betref, kan dit vir die oorgrote meerderheid van die leerlinge nooit iets anders wees as net die sleutel tot die literatuur en kultuur van ander lande of tye. Die onderwys in hierdie tale het sy doel bereik as die leerlinge na voltooiing van hulle kursus, genot vind in die omgang met digters en geleerdes van ander lande."

Hoewel Latyn as 'n keusevak in die kurrikulum van die hoërskole gebly het, het baie van die skole 'n gestadigde proses van uitskakeling van die vak toegepas.

/133 Dat dit

1) T.E.D., Report 1923, 28 e.v.

Dat dit gebeur het is egter geen wonder nie as ons let op die druk wat van departementsweë teen Latyn uitgeoefen is. Daartoe moet veral gereken word die gedurige vermelding van Latyn in ongunstige sin in die rapporte van die direkteur van onderwys en van die skool-inspekteurs. Op ^{genoemde} inspekteurskonferensie gehou op 24 Februarie 1938 is die volgende opspraakwekkende verklarings in 'n memorandum deur 'n subkomitee (S.R. Ackerman, C. Manne en W.M. de Villiers) oor die sekondêre kurrikulum ¹⁾gedoen:

"(2) We have purposely excluded a classical or modern foreign language from the Junior High and Intermediate Schools. In the Country High Schools, which serve the dual purpose of Junior High en High School, this principle should be strictly applied.

(7) We feel that pupils are often driven by force of circumstances to select Latin, German or French, whereas only pupils with a special aptitude or special need for these subjects should be allowed to take them.

(8) We recommend that small groups taking Latin in Country High Schools be not permitted, but that such groups be removed to a centre to be decided upon by the Department, where this subject is specially taught.

(9) It is admitted that the chief aim of the study of subjects like Latin, French and German is cultural. This aim is best achieved by developing in pupils the desire and the ability to read these languages. This does not necessarily imply that direct or conversational methods in teaching the subjects should not be employed. In our opinion abundance of simple reading matter should be preferred to a few prescribed masterpieces. A minimum of

/134 time

1) T.O.D. : notule raad van moderatore.

time should be devoted to formal grammar and written exercises."

Onderstaande tabel van eksamensyfers gee egter 'n weergawe van die omvang van Latyn op die hoërskool:

STATISTIEK T.O.D. M.S.S.E. EN JUNIOR SERT.

Skondêre Skooleindsertifikaat : Trap II.

<u>JAAR.</u>	<u>KANDIDATE.</u>	<u>LATYN.</u>
1921	519	370
1922	735	422
1923	1056	566
1924	1201	493
1925	1172	442
1926	1219	471
1927	1011	404
1928	1159	461
1929	1167	464
1930	1286	528
1931	1491	582
1932	1692	610
1933	1874	617
1934	1874	645
1935	1923	604
1936	1927	556
1937	2141	663
1938	2243	668
1939	2404	631
1940	2515	634
1941	2350	581
1942	2249	488
1943	2438	483
1944	2511	455
1945	2575	485
1946	2649	516
1947	2854	622

Transvaalse Junior Sertifikaat-eksamen.

1932	2143	649
1933	3504	975
1934	3833	960
1935	3655	885
1936	4139	908
1937	4761	926
1938	4789	820
1939	4535	668
1940	3682	266

2. DIE ORANJE-VRYSTAAT.

(a) Die Republikeinse periode:

Die grondslag vir georganiseerde middelbare onderwys in die Oranje-Vrystaat is gelê toe sir George Grey tydens sy besoek aan Bloemfontein in 1855 besluit het om £2,000 te gee vir die oprigting van 'n middelbare skool. Die N.G. Kerk is gevra en het geredelik toegestem om as trustees op te tree. Die eerste komitee vir beheer van die op te rigte skool het bestaan uit president Boshoff, ds. Andrew Murray en mnr. J.D. Griesel. Op 13 Oktober 1856 is die hoeksteen van die skoolgebou deur president Boshoff gelê, maar die skool, wat "Grey College" ter ere van die milde skenker genoem is, is eers in Januarie 1859 geopen.

In die akte van oordrag van sir George Grey word die volgende bepaal: "In het College ... zal zoo spoedig mogelyk en zoo verre als dit doenlik is, voorziening gemaakt worden om aan studenten en scholieren te verschaffen, bestaande onder anderen uit het onderwys van het Grieksch, Latyn, Hollandsch en Engelsch, en die andere takken van onderwys die nodig zyn tot het opleiding van studenten voor Leeraren van de N.G. Kerk." ¹⁾

Ds. Andrew Murray was die eerste rektor van hierdie inrigting totdat hy in 1860 van standplaas verander het. Na hom was ds. Browne rektor tot die alombekende dr. Brill in 1873 die rectoraat aanvaar het. Hy het die "college" verdeel in 'n hoër of klassieke en 'n laer of voorbereidende afdeling. Volgens besluit van die /136 Volksraad

1) A. A. Linde : Die geskiedenis van die onderwys in die Oranje-Vrystaat, 14.

Volksraad in 1875 is die beheer van 'Grey College aan 'n raad van sewe kuratore opgedra wat o.a. die volgende opdrag gehad het: "Regulation of the Courses of Study in co-operation with the inspector and Rector of the College."¹⁾

Volgens ordonnansie nr. 5 van 1872 is daar 'n normaalskool in verband met Grey College gestig. In ord. nr. I van 1874, artikel 2, is nogeens vasgelê: "Aan het Grey College en de Normaalschool wordt onderwys gegee in de volgende vakken: schryven, rekenen, Hollandsche en Engelsche, Latynsche en Grieksche, Fransche en Hoogduitsche tale en letterkunde."

In 1873 is eerw. John Brebner, M.A. as inspekteur van onderwys aangestel, en in 1891 is die pos verhoog tot die van superintendent van onderwys.

In 1876 is die Eunice Dames Instituut geopen. Dit was 'n staatskool, alleenlik vir meisies bedoel, maar het tog ook voorsiening vir Latynonderrig gemaak, kragtens die feit dat leerlinge vir die matrikulasie-eksamen opgelei is. Uit die verslag van die inspekteur van onderwys oor die diensjaar 1876-1877 blyk dat Grey College floreer het onder leiding van die rektor, dr. Brill, en die "Conrector", J.L. Masson, M.A. In die "hoër" afdeling was daar twee klasse, met elf en sewe leerlinge vir Latyn respektiewelik.

Maar op die platteland is ook langsamerhand voorsiening vir die onderwys van Latyn gemaak. Twee dorpies in Suid-Vrystaat, Philippolis en Smithfield, het hier die

/137 voor- ...

1) Malherbe : Education in S.A., 356.

tou geneem, met drie en tien leerlinge in die "Latyn-¹⁾sche klasse" respektiewelik.

Die inspekteur van onderwys het in 1882 aanbeveel dat Grey College 'n staatskool verklaar moes word: "Er moet één school in het land zyn waar onze zonen zich voor de hoogere examens kunnen voorbereiden." En op 19 September 1882 het dit inderdaad 'n staatskool geword.

Volgens die "School Ordonnantie" van 1891 is die pos van superintendent van onderwys geskep. Hy sou ondersteun word deur 'n inspekteur van onderwys. Grey College en die Eunice Dames Instituut is as hoofinrigtings beskou en sou ook as normaalskole gebruik word. Vir albei inrigtings ~~was~~ die volgende vakke bepaal: "Lezen, schryven, rekenen, de Hollandsche en Engelsche, Latynsche en Grieksche, Franssche en Hoogduitsche taal en Letterkunde." Daar is ook soorte onderwyserseksamens ingestel. Vir die tweede- en eerste-klas eksamens is Latyn as vereiste gestel, maar volgens wet nr. 20 van 1894 sou hierdie vereiste alleenlik vir die eerste-klas-sertifikaat geld.

Die volgende eksamens het gedurende die republikeinse periode van die Oranje-Vrystaat hulle invloed laat geld in die skole: (1) Kaapse matrikulاسie. Die Vrystaatse Volksraad het deelname aan die Kaapse matrikulاسie aangemoedig en 'n prys uitgelooft vir dié kandidaat wat op die honneurslys gekom het. In 1885 is 'n prys van £25 deur 'n sekere J.F.J. van Rensburg van Grey College ver-
/138 ower

1) Verslag van den Staat van het Openbaar onderwys in den Oranje Vrystaat over het Dienstjaar 1876-1877, pp. 21 en 27.

ower. (2) "Examen voor Letteren en Wetenschap", 2e graad. Die Superintendent sê van hierdie eksamen: "Het examen in letteren en wetenschap 2den graad, is grotendeels een schoolexamen, dienende als eene voorbereiding tot het matriculatieexamen der Kaapsche Universiteit," (dus min of meer gelykstaande met "School Higher").

(3) "Onderwyzers-examen"; (4) "Examen voor den Civielen Dienst". Latyn was 'n vereiste vir al hierdie eksamens, en was dus 'n bevoorregte vak in die kurrikulum.

(b) Die periode 1902-1947:

Na die oorlogsjare het die onderwys weer gou reggeruk. Met die stigting van 'n departement van onderwys kragtens die "Public Education Ordinance No. 27 of 1903", met 'n direkteur van onderwys aan die hoof, is twee soorte skole in vooruitsig gestel: "(a) Schools to afford elementary and (where desirable) secondary education in all districts; (b) High Schools. Classes in such subjects as are usually studied in the Universities of the United Kingdom and other countries." Hugh Gunn, die nuwe direkteur van onderwys, kon al in 1904 soos volg rapporteer:¹⁾ "Almost all the larger town schools make provision for Higher Education. Notwithstanding the drawbacks due to the war and other causes, many of them presented candidates for the school Higher Examinations at the Cape University and some for the Matriculation Examination." Daar was in 1903 inderdaad alreeds 20 inskrywings vir matrikulasie en 23 vir "School Higher" uit die Vrystaat.
/139 "Grey....."

1) Report : Director of Education, 1904, p. 15.

Grey College het ongestoord sy vorige werk hervat en sedert 1903 selfs postmatrikulasie-klasse ingestel. Die Eunice Dames Instituut is egter na 'n "High School for Girls" verander. Latyn is darem nog toegelaat as keusevak. Die "Normal School" is ook weer in werking gestel. Die plattelandse skole word soos volg deur die direkteur getipeer: "This system whereby the same school makes provision for Elementary and for Higher Education is that adopted in Scotland where a pupil can pass from a Parish School direct to the University. ¹⁾ It has many advantages in a Colony of this kind where the towns are so small that a sufficient number of pupils cannot be provided for two schools The Department intends to provide High Schools more of the English type in the larger towns, where the school population and the attendance warrant them."

In 1905 het die C.N.O.-skole met die staatskole geamalgameer en kon die onderwys in meer aaneengeslote geleedere bevorder word. Die meeste dorpskole het nou al voorsiening gemaak vir afrigting van kandidate vir die "School Higher" en matrikulasie-eksamens, volgens verslae van die inspekteur van skole. Grey College het in hierdie jaar 'n baie belangrike verandering ondergaan: dit is naamlik verdeel in twee inrigtings: "Grey University College" en "Grey College School". In laasgenoemde was daar 157 leerlinge wat Latyn geneem het. Die "Girls High School" is ook verdeel in "Upper School" en "Lower School".
In die "Upper School" is Latyn onderrig.
²⁾
/140 Die

1) O.R.C. Report of Director, 1904, p. 15.
2) Ibid., 1905, p. 58.

Die onmiddellike teenwoordigheid van 'n universitêre inrigting het spoedig sy invloed op die kurrikulum van die hoërskole laat geld. In 1906 doen die senaat van "Grey University College" die volgende oproep: "It should be impressed upon pupils in the public schools of the Colony that if they wish to be successful in the matriculation and higher examinations, they must not be content with the minimum amount of Mathematics and Latin required for the School Higher examination, but should endeavour to obtain a thorough grounding in the elements of these subjects during their school career. In particular, they should be urged to take Latin as an optional subject in the School Higher Examination."¹⁾

Volgens die tradisionele tweespalt het die departement van onderwys in 1908 hierop geantwoord: "After the elementary stage, every endeavour is made, as far as the qualifications of the staff will allow to train the pupils not only along the lines of the curriculum required for entrance to University courses, but also for a commercial career or for the practical needs of their future.... The proposals put forward by a Committee of the Council (Cape University) will enable pupils in Secondary Schools to take a variety of courses, and will, consequently, assist in adapting the school curriculum more to the practical affairs of life."²⁾ Daarop is 'n paar eksamens ingestel; vir die doel van hierdie studie is net een van belang, nl. die toelatingseksamen tot die universiteitskollege, Dit het Latyn verpligtend gestel.

/141 Artikel ...

1) G.R.C. - Report of Director of Education, 1906, 59.

2) Ibid., 1908, 10.

Artikel 7(b) van wet nr. 13 van 1910 het die reëling in verband met middelbare skole beter gestel, en tog moes die direkteur vir 1912 (sedert 1910 dr. W.J. Viljoen) kla oor die baie laerskole met middelbare afdelings.¹⁾ In dieselfde rapport doen die direkteur die volgende belangrike verklaring: "Ten einde verdere vermenigvuldiging van examens te keer te gaan, heeft het Departement, in stede van een eigen eksamen aan het einde van het tweede jaar van de Middelbare kursus in te stellen, er tot nog toe niet slechts inbewilligd, dat de scholen van deze provinsie deelnamen aan het Junior Certificaat eksamen (voor 1910 "School Higher" genoem) van de Universiteit van de Kaap de Goede Hoop, maar de beskikbare schoolbeursen op de resultaten van dat eksamen uitgeloofd."²⁾ Hy besef die besware teen hierdie eksamen maar meen dat die regstreekse verteenwoordiging van direkteure van onderwys die saak in 'n beter lig stel. Indien die eksamen afgeskaf sou word, sal die Departement sy eie eksamen moet instel. Hierdie ideaal is eers in 1938 verwesenlik.

Die skoolwet van 1908, soos geamendeer deur wette 8 en 13 van 1910 het hierdie skoolkurrikulum bepaal:

"Principal subjects shall mean:

(a) for standards V and VI: English, Dutch, History, Geography, Latin, Arithmetic, Algebra, Geometry.

(b) for every higher standard or class up to and including matriculation: English, Dutch, Latin, Physical
/142 Science

1) Ibid., 1912, 10.

2) O.V.S. Verslag van direkteur, 1912, p. 11

Science, Mathematics, Greek of History." ¹⁾

'n Mens het inderdaad geen vergrootglas nodig om te sien waarvandaan hierdie kurrikulum gehaal is nie! In aansluiting hierby vind ons nog die eienaardige en teenstrydige metode wat die direkteure (dr. Viljoen en sy opvolger, C.F. Schmidt) gebruik om 'n oorsig oor middelbare onderwys te gee: hulle gebruik die uitslae van die eksamens onder beheer van die universiteit of matrikulasieraad! ²⁾

In 1917 is besluit dat in laerskole geen sekondêre vakke onderrig moes word nie. Daar is ook voorbereiding getref vir die stigting van "voortsetting-skole," waarin die sogenaamde "akademiese" vakke uitgesluit sou wees. Dit het geskied deur ordonnansie nr. 9 van 1920.

Hierdie reëling het al . spoedig moeilikhede opgelewer. Ten spyte van die feit dat die departement van onderwys daarna gestreef het om in die "voortsetting"-skole nie vir matrikulاسie te laat oplei nie, het verskillende dorpgemeenskappe al spoedig daarop aangedring dat Latyn en matesis ook as vakke in hulle skole toegelaat moes word. Die resultaat was dat die praktiese vakke doodgeloop en alle skole "matrikulاسie"-skole geword het. In 1927 moes derhalwe 'n herindelung van skole plaasvind. Die toestand het daarna egter nie veel verander nie, want in 1931 het matesis en Latyn alweer die praktiese vakke in die "junior hoërskole" uitgedruk, hoewel hierdie vakke selfs erkenning vir matrikulاسie verkry het. ³⁾

/143 Die

1) School Act 1908 as amended by acts 8 and 13 of 1910, 11.

2) Rapporte 1916, 1917, 1919

3) O.V.S. Verslag van direkteur van onderwys, 1931, 39-45

Die volgende tabel toon dit duidelik aan. ¹⁾

1931.

Alle Departementele, Latyn. Matesis. Duits. Land- Boek- Musiek. Matrikulasie en bou. hou. Skooleind.						
--	--	--	--	--	--	--

6384	2836	5976	1727	477	1060	67
------	------	------	------	-----	------	----

Huishoudkunde Tik en Snel.

244

294.

Sedert hierdie ondervinding was die beleid van die departement van onderwys dat skoolkommissies self die vakke vir hulle skole kies, maar dat die departement veranderings moes goedkeur. Die skole is ook aangemaan om vir die verskillende rigtings voorsiening te maak.

(c) Skooleksamens: Sedert 1920 kry ons soos klokslag die refrein oor die nadele van die matrikulasie-eksamen en die noodsaaklikheid van die instelling van departementele eksamens. In sy rapport oor 1920 stel die direkteur 'n eie provinsiale eindeksamen in vooruitsig. Dit sou staan onder beheer van vier hoofde van eersteklas skole, deur hulle kollegas gekies, vier lede van die administrasie en die direkteur van onderwys as voorsitter. Daar sou twee eksamens wees: een na vier jaar sekondêre onderwys (skooleind) en een 'n jaar later (eintlik matrikulasie-vrystellend). Op 30 September 1920 na die matrikulasie-vrystellingswet (nr. 30 van 1920) is daar 'n konferensie van skoolinspekteurs en hoofonderwysers te Bloemfontein gehou. Met 15 teen 8 stemme is besluit dat /144 'n vierjarige

1) Ibid.

'n vierjarige kursus vir die skoleindsertifikaat en 'n verdere studie van een jaar die voorbereiding vir die universiteit of sogenaamde geleerde professies ingestel sou word.¹⁾ In Mei 1922 is weer 'n konferensie van skoolrade gehou waarop die skema bespreek is. Op 29 September 1922 is in die offisiële koerant regulasies beherende die skoleindsertifikaat uitgevaardig maar op 30 Maart 1923 is dit weer teruggetrek, en daarmee het die eerste poging misluk. Nogtans handel die direkteur baie breedvoerig in sy verslag van 1922 oor die nadele van die matrikulasie-eksamen en matrikulasie-beheer van eksamens.²⁾

Op 'n groot kongres van sekondêre onderwysers in 1923 is ook 'n besluit geneem ten gunste van die provinsiale eksamens. Dit sou dan veral ook "an important step towards the attaining of its majority by the teaching profession" wees.³⁾

Eers in 1928 kon die direkteur, na hierdie teleurstelling, die instelling van 'n eie provinsiale eksamen in vooruitsig stel. Dit was na die onderwyskonferensie wat deur die minister van onderwys, dr. D.F. Malan, in Pretoria byeengeroep is. Na die aanbevelings van die konferensie bespreek is, skryf die direkteur soos volg:⁴⁾

"Ek is oortuig dat, wanneer hierdie skema toegepas word, die tyd aangebreek sal wees om te oorweeg of hierdie Provinsie nie ook sy eie eksamens - Junior Sertifikaat en Skooleind moet afneem nie. Tot nog toe was 'n Pro-

/145 vinsiale

1) O.V.S. Rapport van direkteur van onderwys, 1922, 11 e.v.
2) Ibid.
3) O.V.S. departement van onderwys, E. 2927.
4) Ibid., 1928, 25.

vinsiale eksamen van geen waarde as toelating tot die Universiteite nie tensy dieselfde enge keuse van die matrikulasië-eksamen genoem word, en om aan die veilige kant te wees het al die kandidate wat enigsins kon, die matrikulasiëkeuse geneem Ek is nog altyd van oordeel dat ons middelbare stelsel, ten spyte van ons goeie eksamenresultate, die swakste deel van ons onderwysstelsel is en vir hierdie rede is ek baie bly dat daar op die oomblik goeie hoop is dat 'n bevredigende oplossing op hande is."

In 1929 het die saak 'n stappie verder gevorder: "Die Matrikulasieraad het by sy laaste vergadering besluit dat die nuwe skema die twee bestaande skemas vanaf Desember 1931 sal vervang en dat enige deur die Matrikulasieraad goedgekeurde provinsiale eksamen, wat dieselfde keuse, wat vakke betref, aanbied, erken sal word vir toelating tot die universiteite. Hierdie besluit maak dit nou moontlik vir ons Provinsie om sy eie departementele eksamens in te stel en om daardeur volle kontrole oor die middelbare werk van ons skole in hande te kry. Die departement is van plan om sodra ander werksaamhede dit toelaat, die saak aan te pak en na raadpleging met die inspekteurs en die middelbare skole, 'n skema vir goedkeuring van die administrasie voor te lê." ¹⁾

Op 19 Augustus 1931 het die direkteur van onderwys 'n samespreking met die uitvoerende komitee gehad en op 20 Augustus is magtiging van die administrateur vir die ²⁾ instelling van 'n junior sertifikaat-eksamen verleen.

/146 Op

Y

1) O.V.S. Verslag van direkteur, 1929. 28
2) O.V.S. Departement van onderwys, E. 2927.

Op 22 Augustus het die voorsitters van komitees kennis gekry om met die opstel van leerplanne voort te gaan. Op 12 Oktober het die direkteur aan die administrateur meegedeel dat alles in die haak is. Hy maak egter melding van sekere besware van die onderwysersvereniging ten opsigte van die keuse van vakke. Die versoek van die onderwysersvereniging dat vakke soos bybelgeskiedenis, gesondheidsleer, sang en liggaamsoefening opsioneel moet wees is nie toegestaan nie, want "wat sou dit baat om ons eie kursus in te stel indien dit net so eng en akademies gaan wees as die van die Universiteit van Suid-Afrika."¹⁾

Op 13 Oktober 1931 is die ontwerp-skema deur die uitvoerende komitee goedgekeur. Dit het 'n kursus van agt vakke, waarvan ses verpligtend, voorgestel. Latyn is onder die opsionele vakke ingeskakel. Die beheerraad van die onderwysersvereniging het ook op 28 November 1931 'n omsendbrief aan skoolhoofde en personeellede gestuur as aansporing om die provinsiale stelsel te ondersteun.

Eindelik het die direkteur in 1931 aangekondig dat in Desember 1933 die eerste eksamen vir die junior sertifikaat sou plaasvind. Hy wys dan op vier voordele van die eie eksamen.²⁾ "(1) Die sillabusse is opgestel deur persone wat intiem bekend is met ons behoeftes, en derhalwe is rekening gehou nie net met algemene eise nie, maar met die besondere eise van ons samelewing." (2) 'n

/147 Groter

1) Ibid.

2) Ibid., 1931, 37

Groter aantal vakke kan geneem word. (3) Die skoolrekord van leerlinge word in aanmerking geneem. (4) 'n Mondelinge toets in die twee offisiële tale vorm 'n deel van die eksamen.

In 'n brief van die direkteur van onderwys aan die administrateur op 11 Augustus 1936, word die moontlikheid van 'n eie skoolleind-eksamen gestel: "Ek is hoog in my skik dat dit nou vir ons moontlik is om die hele middelbare kursus onder ons beheer te kry As ons ons eie skoolleksamen het kan ons, binne die perke wat die matriculasieraad gestel het, met absolute vryheid ons eie wense tot uitvoering bring." ¹⁾ Op 25 Augustus 1936 is toestemming vir die daarstelling van so'n eksamen verkry, en op 16 Augustus 1937 is die konsep-skema per administrateurskennisgewing bekendgemaak. Die eksamenvakke sou die volgende wees: Die eerste taal op 'n hoër graad; die tweede taal op 'n hoër of laer graad; een wetenskap; geskiedenis of aardrykskunde of geskiedenis en aardrykskunde of matesis of 'n derde taal (Latyn, Grieks, Frans, ens); en enige twee vakke nie hierbo genoem nie. Op 4 November 1937 het die eksamenraad sy eerste vergadering gehou.

Na menigvuldige organisasie het die departement van onderwys daarin geslaag om in 1939 sy eerste skoolleind-eksamen af te neem. Latyn is onder die groep opsionele vakke geplaas. Die direkteur van onderwys het nog steeds die swaard hanteer teen Latyn en matesis, ²⁾
/148 maar

1) O.V.S. Departement van onderwys, Z. 333 deel I.

2) O.V.S. Verslag van direkteur van onderwys, 1938, 16.

maar dit blyk dat die raad van inspekteurs 'n ander perspektief op die saak gehad het. Hulle noem die populariteit van vakke 'n "saak van baie groot belang, want die raak die hele wese van ons middelbare onderwys Dat die provinsie in die toekoms goeie vrugte sal pluk van hierdie belangstelling is seker, maar dit spyt ons (wat tot die ou garde behoort en wat groot geword het met Latyn) dat daar soveel kinders is wat, met die oog op taalstudie, die vormende waarde van hierdie "doeie taal" mis. Hoewel in matriek die toestand van sake nie so in die ooglopend is nie, is die toeloop na die handelsvakke tog opmerklik. Of die publiek nou maar op hol geraak het met die vak, of dit maar in die teken van die tyd staan, en of die slinger later terug sal swaai is moeilik om te sê, maar ons meen tog dat 'n woord van waarskuwing nodig is." ¹⁾

In die volgende jaar verneem ons nog 'n skeller gevaarsein van die inspekteurs. ²⁾ "Ook vanjaar se opgawes toon 'n toenemende vermindering van kandidate vir matesis en Latyn en 'n vermeerdering vir die twee handelsvakke. As gevolg daarvan dat slegs 'n klein persentasie leerlinge Latyn kies as vak word die voortbestaan van die vak in baie skole ernstig bedreig."

/149 Statistiek

1) Ibid., 1939, 82.

2) Ibid., 1940, 80.

O.V.S. STATISTIEK.

Matriek en Skooleind.

Junior Sertifikaat.

Jaar.	Aantal Kan- didate.	Aantal wat Latyn aan- bied.	Aantal Kan- didate.	Aantal wat Latyn aan- bied.	
1924	627	220	287	1311	
1925	621	223	293	1113	
1926	550	233	309	1113	
1927	495	205	300	1224	
1928	657	233	307	1307	
1929	743	212	365	1469	
1930	786	233	317	1629	
1931	873	225	340	1672	
1932	984	238	332	1702	
1933	1010	202	395	1592	
1934	1054	226	453	1718	
1935	974	232	423	1687	
1936	1025	254	422	1941	
1937	1018	238	418	1953	
1938	1147	290	341	2032	
1939	1140	207	293	2003	
1940	1244	197	280	2060	
1941	1183	176	227	2050	11%
1942	1219	116	237	1990	12%
1943	1119	95	212	1971	11%
1944	1146	139	243	2093	12%
1945	1128	110	257	1969	13%
1946	1175	152	200	2051.	10%
1947					

3. NATAL:

Op 16 Julie 1849 is 'n staatskool te Pietermaritzburg met 'n sekere John Marquard as onderwyser geopen. Hoewel dit 'n laerskool was, is Latyn na skool-¹⁾ ure aan 'n paar leerlinge onderrig. Op 1 Januarie 1850 is 'n dergelike skool te Durban geopen. Toe daar in 1853 aansoeke vir 'n onderwyser te Pietermaritzburg gevra is, moes persone wat gewens het in aanmerking te kom eers 'n eksamen, waarvan Grieks en Latyn 'n onderdeel was, aflê.²⁾ Behalwe hierdie twee skole was daar te /150 Pietermaritzburg ...

1) Steenkamp, L : Onderwys vir blankes in Natal, 42.
2) Ibid., 45.

Pietermaritzburg ook nog 'n privaatskool onder 'n sekere mnr. Phipson wat onder andere ook Latyn doseer het.

Teen die helfte van 1849 het die Natalse regering 'n "Skoolkommissie" aangestel om oor die onderwys te rapporteer. In die "Rules and suggestions for the School Commission at Pietermaritzburg", wat op 9 Augustus 1849 aan die sekretaris van die goewerment oorhandig is, vind ons die volgende aanbevole leerplan vir 'n staatskool: (1) Die geloof en plig van 'n Christen; (2) Lees en skrywe; (3) rekenkunde, meetkunde en stelskunde; (4) aardrykskunde; (5) geskiedenis, veral ou geskiedenis; (6) Engels, en waar verlang, Hollands; (7) Latyn.

Met die verkryging van verteenwoordigende regering in 1856 het die parlement na deeglike ondersoek 'n "Raad van Onderwys"¹⁾ ingestel. Een van die eerste aanbevelings van hierdie liggaam was dat te Pietermaritzburg en Durban hoërskole gestig moes word. In 1859 is die eerste superintendent van onderwys, dr. Robert Mann, aangestel. Nie alleenlik het hy die spil geword waarom die onderwys in die onmiddellike toekoms gedraai het nie, maar sedertdien is die onderwys in 'n vaste koers gestuur soos blyk uit sy jaarlikse verslae.

Al spoedig het dr. Mann 'n leerplan vir die skole opgestel. Dit is egter baie treffend dat hy wat na - primêre onderwys betref hom aangesluit het by die gedagte van die "Realschulen" van Duitsland en 'n suiwere natuurwetenskap- / 151 like

1) Ibid; 53.

like inhoud aan die middelbare skool wou gee. Latyn is dan ook nie eers in hierdie leerplan genoem nie.¹⁾

In 1861 is die twee staatskole te Pietermaritzburg en Durban elkeen in 'n primêre en middelbare afdeling verdeel. Die opdrag van die superintendent hieromtrent was dat Latyn alleenlik aan leerlinge wat verder wou studeer onderrig moes word.²⁾ In Maart 1863 is 'n hoërskool vir seuns as selfstandige inrigting naas die bestaande staatskool te Pietermaritzburg geopen. In hierdie skool is ook onder andere voorsiening gemaak vir die klassieke tale. Te Durban is in 1866 'n begin gemaak met 'n gelyksoortige hoërskool.

Die gemis aan 'n eksamenstelsel is al dadelik gevoel. Onderhandelings is met die Cambridge Onderwysraad gevoer om Natal toe te laat om by hulle in te skakel. Na aanvanklike moeilikhede het die onderwysraad in 1871 toegestem om die eksamens van Natalse leerlinge af te neem. Voordat hierdie proefneming egter werklik uitgevoer is, het die opvolger van dr. Mann, mnr. T.W. Brooks, die aanbeveling gedoen dat liewers van die Kaapse eksamens gebruik gemaak moes word. Dit was ook die gedagte van die onderwyskommissie van 1872.

Wet nr. 16 van 1877 het voorsiening gemaak vir die oprigting van hoërskole in Natal. Hoërskole is vir hierdie doel omskryf as skole waar die leerplan nie hoofsaaklik bestaan uit lees, skryf, reken en ander elementêre vakke nie, maar uit Latyn, Frans, matesis, natuurwetenskap en geskiedenis.³⁾ Die hoërskole sou ook /152 jaarliks

1) Steenkamp; op. cit. 89
2) Ibid., 102.
3) Ibid., 139.

jaarliks deur eksaminatore besoek word. Verder sou hierdie skole op die model van die "English Grammar Schools" geskoei wees: "They will, as far as colonial circumstances allow, correspond with the modern side of a good English Grammar School, and will, while furnishing boys with the knowledge and training necessary for success in life, aim at giving them also that tone of culture and breadth of view which a well-directed and lengthened study of the classics is so well calculated to import. It is expected that these schools will, when necessary, prepare boys to go direct to a university." ¹⁾

Volgens die wet van 1877 is die administrasie van die onderwys aan 'n permanente Raad van Onderwys met 'n superintendent-inspekteur aan die hoof daarvan opgedra.

Die idealistiese siening is egter die volgende jaar ietwat getemper in die verslag van die "Superintendent inspector of schools": "The Headmaster will have uphill work in installing a liking, or even tolerant for classics and other higher subjects in many of our colonial youths and their parents..... The educative value of a classical or mathematical training is not entirely self-evident, while the commercial value of what is called a practical education is seen every day. If it be kept in mind that the chief aim of all school education is to accustom the youth to think correctly, to discriminate carefully, and to work patiently and intelligently the educative power of the classics and mathematics is at one apparent." ²⁾ /153 In die

1) Superintendent-Inspector of Schools, Report 1878, p. 4.
2) Ibid., 1879, p. 16.

In die jaar daarop vind ons selfs 'n krasser toon: "'Small Latin and less Greek' is useful in its way, but it is not necessarily Higher Education. That the study of the classics, if pursued sufficiently far, imports in measure a tone of culture and is an excellent means of mental discipline, goes without saying."¹⁾

Dit is amper onverstaanbaar dat in 1881 weer 'n poging aangewend is om die "Cambridge University Senior and Junior Local Examinations" vir kandidate uit die Natalse skole toeganklik te maak. Die reëlins hiervoor is ook werklik getref en die volgende oproep is gedoen: "it is to be hoped that all secondary schools will avail themselves of this opportunity of measuring their work with that of similar institutions, both in the mother-country and the colonies."²⁾ Die eerste eksamen het in 1882 plaasgevind en inskrywings is ontvang van Hilton College, Pietermaritzburg Hoër, Durban Hoër, Pietermaritzburg Girls' Collegiate, Durban Girls' Collegiate. Sedertdien het die eksamens jaarliks plaasgevind naas die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop se eksamens, wat vanaf 1874 in gebruik was. Daarby was daar ook nog 'n jaarlikse inspeksie deur inspekteurs van skole volgens die 1877 hoëronderwyswet. In 1888 is daar nog 'n eksamen ingestel: "Collective Examination of the most advanced pupils in Schools", en in 1889 is Latyn of matesis as keusevakke vir hierdie eksamen bygevoeg: "The addition of elementary Latin and Mathematics to the ordinary curriculum seems to give general satisfaction."³⁾ In 1889 /154 was

1) Report: Superintendent Inspector of Schools, 1880, 14.

2) Ibid., 1881, 18.

3) Ibid., 1888, 11.

In 1889 was die inskrywings wat Latyn betref soos volg: ¹⁾

Matrikulasie van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop	10
Collective Examination	38
Cambridge Locals	35.

In 1890 is 'n vierde eksamen ingestel nl. die "Oxford Locals", waarvoor daar in 1890 al 20 kandidate was teen 9 van die "Cambridge Locals". Na 1891 is Latyn nie meer ingesluit in die "Collective Examination" nie, maar in 1895 kom dit weer in die lys van vakke voor. Treffend is derhalwe die vermelding van die volgende feit in die 1895 verslag van die superintendent van onderwys (so genoem sedert die instelling van 'n departement van onderwys in 1894) t.o.v. 'n beurs gebaseer op die uitslag van die "Collective Examinations": "The want of Latin disqualified Horace Cartwright."²⁾

Op die platteland het baie van die laerskole mettertyd begin voorsiening maak vir die onderrig van die sogenaamde sekondêre vakke. In 1887 was daar reeds 14 skole waarin die leerlinge 'n elementêre kennis van Latyn opgedoen het.³⁾ Die oorsaak vir die swak vordering van die hoërskole is dan juis ook gesoek in die feit dat vir sekondêre onderwys in ander skole voorsiening gemaak is.⁴⁾ In 1897 is Latyn op groot skaal in die volgende skole doseer: Ladies' College, Durban; Girls' Collegiate School, Pietermaritzburg; Huguenot Branch Seminary, Greytown; Thanet House School, Pietermaritzburg; Stanger Government School; Ladysmith Collegiate School; Boys' /155 Model

1) Ibid., 1889.

2) Report Superintendent of Education, 1895, 6.

3) Ibid., 1887, 3.

4) Ibid.

Model School, Pietermaritzburg; Howick School.

In 1898 het 'n verdere ontwikkeling ten opsigte van skoolksamens plaasgevind. Die raad van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop het op 26 Maart van hierdie jaar besluit dat leerlinge mag inskryf vir die "School Higher" eksamen sonder dat hulle die "Preliminary Examination" afgelê het. Die Natalse onderwysdepartement het daarop besluit: "The Cape School Higher Examination will now, therefore, be substituted in Natal Government Schools for the Oxford Locals."¹⁾

In 1897 was daar 101 en in 1900 reeds 123 kandidate vir hierdie eksamen. In 1900 het leerlinge wat hulle voorberei vir die "School Higher" vrystelling van die "Collective Examination" gekry.²⁾ In dieselfde jaar het elf skole kandidate vir "School Higher" en dertien skole kandidate vir matrikulاسie aangebied.³⁾

Die invloed van die Kaapse eksamens is egter al spoedig net soos in die ander provinsies in al hoe sterker wordende mate die middelbare skole gemerk. In 1904 word die eerste waarskuwende tone van die Superintendent, P.A. Barnett, : "The Department has emphasised its policy of discouraging formal centralised examinations by forbidding the formation of special classes in its school for the Cape "School Higher", and, a fortiori for still meaner testimonies to academical achievement, There is no doubt whatever that the work prescribed by the University of the Cape of Good Hope for these examinations has done a great deal to give a point and
/156 object

1) Report: Superintendent of Education, 1898, 10.
2) Ibid., 1900, 11
3) Ibid., 1901, 9 and 10.

object to school studies, to set up a standard, and to guide teachers; but their dominance in Natal has not only ceased to be necessary but has begun to do a great deal of harm. They tend to perpetuate a mediocre aim and delusive object; their end can be attained by poor and unprofitable methods; and they delude teachers, parents, pupils and the public into satisfaction with mechanical results.¹⁾

Darenteen klink die volgende uitlatings van die Superintendent in 1909 soos 'n verbysterende antiklimaks:²⁾ "Parents should strive to leave their children at school until sixteen years of age, and the Cape School Higher and Matriculation classes must be kept as large as possible." En in 1914 gaan dit selfs 'n trappie verder: "As a rule, only the lower classes of Secondary Schools are now examined by Inspectors, as the University Examinations constitute a sufficient test of the upper classes."³⁾

In 1910 het die "Natal University College" te Pietermaritzburg ontstaan. Dit het sedertdien 'n belangrike rol in die voorbereiding van onderwysers gespeel. Middelbare skole is in 1911 as volg deur die superintendent getipeer: (1) Skole waarvan die kurrikulum op die matrikulasiëksamen aangewese is; (2) vakskole; en (3) plattelandse laerskole met 'n middelbare "top". Van laasgenoemde sê hy verder: "The attempts to establish secondary departments in primary schools in country districts have not been a success numerically, owing to lack of support from the parents. In results, however, they are beginning to rival the higher institutions."⁴⁾ Hierdie "results" is natuurlik behaal in die

1) Ibid., 1904, 4.

2) Report Superintendent of Education, 1909, 5.

3) Ibid., 1914, 6.

4) Ibid., 1911, 6.

"School Higher" en matrikulasie-eksamens, en het gewoonlik Latyn ingesluit.

In die twintiger jare het die gety egter ook in Natal teen Latyn as skoolvak gedraai. So skryf die superintendent, mr. Hugh Bryan, in 1923: "Secondary, or post-primary education should respond in its curricula to the demands of the country. We should be in far closer touch than we are with the commercial, professional, technical and agricultural needs of the Province. A single type of secondary education is an anachronism." ¹⁾ In 1932 word dieselfde saak deur mr. F.D.

Hugo, die superintendent van onderwys, so gestel:

"It should be added that the nature of the courses to be followed is also a matter receiving more and more public attention, the feeling being that the more stress should be laid on the utilisation and vocational aspect of education after the primary stage." ²⁾

Dit is eienaardig dat Natal die gesamentlike stryd van die departemente van onderwys van die Kaap-provinsie, die Oranje-Vrystaat en Transvaal teen die matrikulasieraad ten opsigte van erkenning van provinsiale skooleindeksamens as 't ware van verre aanskou, selfs ten opsigte van die sogenaamde "nuwe vryheid" wat na die onderwyskonferensie van 1928 aan die provinsiale departemente van onderwys gegee is. Ons vind ook nêrens 'n reik-halsende verlange na 'n eie eksamenstelsel nie, hoewel die superintendent van 1928 'n skooleindeksamen in die

/158 algemeen

1) Ibid., 1923, 5.

2) Report of Superintendent of Education, 1932, 4.

algemeen voorspel het,¹⁾ en hom in 1929 verheug het oor²⁾ die groter vryheid van vakkeuse vir meisies.

Die keuse tussen Latyn of Duits volgens die kurrikulum vir matrikulasie het bo verwagting in Natal ook die gevolg gehad dat Latyn op die agtergrond gestel is. In 1933 rapporteer die superintendent al: "Duits neem die plek van Latyn in baie skole en uit 'n ekono-³⁾miese oogpunt is dit klaarblyklik van meer nut."

Privaatskole het ook 'n belangrike rol gespeel in die middelbare onderwys van Natal. Die belangrikste van hulle was Hilton-College (1872) en "Girls' Collegiate" (1878) te Pietermaritzburg, die Hugenote-hoërskool te Greytown (1892), Hermannsburg-hoërskool (1860) veral vir Duits-sprekendes, en die volgende Roomse skole: Holy Family Convent (1873) te Pietermaritzburg,, Holy Family Convent (1876) te Durban, St. Charles College (later Marist Brothers) 1877 te Pietermaritzburg. Berhalwe die Roomse skole het die meeste privaatskole sedert 1910 onder staatsbeheer gekom. In al hierdie privaatskole het Latyn 'n ereplek ingeneem.

SAMEVATTING:

(a) Transvaal: Eers teen die einde van die republikeinse periode het middelbare onderwys in Transvaal effens woers begin kry. Dit was hoofsaaklik aan drie oorsake te wyte: (1) die pioniersomstandighede in die land; (2) die sterk invloed en tradisie van die Kaapse skole; (3) die stelsel en metodes van die Hollandse onderwysers het vir die ouers en kinders vreemd voorgekom.

/159 Die

-
- 1) Ibid., 1928, 3.
2) Ibid., 1929, 4.
3) Ibid., 1933, 17.

Die middelbare onderwys na die vredesluiting van Vereeniging is op Engelse lees geskoei. Die voorstelling van die twee sertifikaat-eksamens, "Lower" en "Leaving Certificate" laat ons baie sterk aan die Engelse "First" en "Second Examination" dink. Die kurrikulum is ook volgens die destydse heersende mening in Engeland vasgestel. Voorlopig is vir middelbare onderwys in die stede deur middel van "High Schools" voorsiening gemaak, maar die platteland het al spoedig getoon dat hy vasberade is om ook aan hierdie voorreg deel te hê, sodat laerskole mettertyd middelbare afdelings gekry, en ten spyte van alle teëmiddels van die departement, behou het.

Twee probleme het die departement van onderwys hoofbrekens gegee: (1) hoe om differensiasie van vakke binne dieselfde skool toe te pas en (2) die onweerstaanbare invloed van die matrikulasie-eksamen op die kurrikulum van die middelbare skool. Die eerste probleem is aangepak deur soveel vryheid van vakkeuse as moontlik te verleen en deur die stigting van "junior-skole", wat 'n kommersiële kurrikulum, en landbouskole wat 'n landboukursus sou aanbied. Die tweede probleem is die hoofgebied deur die instelling van departementele eksamens, waarvan die Middelbare-skool-sertifikaat-eksamen die belangrikste is.

Hoewel Latyn as 'n keusevak in die kurrikulum gedoog is, moes dit geweldige aantygings, selfs van departementsweë, trotseer.

(b) Die Oranje-Vrystaat: Anders as in die Transvaal het middelbare onderwys in die Vrystaat al vroeg 'n vaste gang gekry danksy 'n milde skenking van sir George Grey. Die normaalkollege en Eunice Dames Instituut ..

het ook aan 'n groot behoefte voorsien. Aangesien die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop die eindeksamen was, is die kurrikulum in die verskillende skole volgens die vereistes van die eksamen ingestel en was Latyn 'n verpligte vak.

Die ontstaan van Grey Universiteitskollege in 1905 het 'n betekenisvolle invloed op die onderwys in die Oranje-Vrystaat gehad, ook ten opsigte van Latyn-onderwys. Sedert die verandering in die leerplan soos deur die matrikulasieraad in 1918 gestel, is Latyn egter stelselmatig uitgeskakel. Die direkteur van onderwys en skoolinspekteurs het aan hierdie proses ook meegedoen.

Eie departementele eksamens is eers heelwat later in die Vrystaat as in die Transvaal en Kaap-provinsie ingestel, omdat die direkteur gemeen het dat dit tog nutteloos sou wees om die eksamens af te neem solank die leerplan en leergange deur die eise van die matrikulasieraad beheer sou word. Gevolglik is 'n eie junior sertifikaat-eksamen eers in 1933 en 'n skooleindeksamen in 1938 ingestel. In albei hierdie eksamens is Latyn 'n opsionele vak.

(c) Natal: Die hoërskole te Pietermaritzburg en Durban het reeds vanaf die tweede helfte van die negentiende eeu voorsiening gemaak vir Latynonderwys. Sedert 1877, met die stigting van die Raad van Onderwys, is nog meer skole op die model van die "English Grammar Schools" gestig. Privaatonderwys het egter in Natal 'n besondere rol gespeel en van die beste Latynonderwys in hierdie provinsie is in privaatskole gegee. Plattelandse

dorpe het net soos in die ander provinsies mettertyd sekondêre afdelings gekry.

Eers in 1898 is skole toegelaat om hulle leerlinge voor te berei vir die eksamens van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop. Voorheen is pogings aangewend om van die voorbereidende eksamens van die Universiteite van Cambridge, Oxford and Londen gebruik te maak. Dit saam met die invloed van die matrikulasie-eksamen het Latyn 'n veelgesogte vak gemaak. Sedert die twintiger jare van die twintigste eeu het die gety egter ook in hierdie provinsie teen Latyn gedraai en die departement van onderwys se gewete is in hierdie verband ook nie skoon nie. Dit is egter opmerklik dat Natal nooit daartoe oorgegaan het om eie provinsiale eksamens in te stel nie en nog steeds gebruik maak van die junior-sertifikaatëksamen van die Universiteit van Suid-Afrika in die matrikulasie-eksamen van die matrikulasieraad.

NATAL : STATISTIEKE.

<u>Matrikulاسie.</u>		<u>Junior Sertifikaat.</u>
<u>Jaar.</u>	<u>Latyn.</u>	<u>Latyn.</u>
1935	188	304
1936	156	351
1937	201	280
1938	190	284
1939	182	311
1940	187	277
1941	181	296
1942	160	329
1943	178	347.

/162 Hoofstuk

/162 Hoofstuk

HOOFSTUK V.

'N KRITIESE BESPREKING VAN DIE PLEK VAN LATYN IN
DIE LEERPLAN VAN DIE MIDDELBARE SKOLE IN DIE UNIE
VAN SUID-AFRIKA.

(a) Die Taak van die Middelbare Onderwys:

Om die taak en terrein van die middelbare onderwys te bepaal is 'n baie moeilike. Lang en ingewikkelde definisies is al deur groot opvoedkundige denkers hieroor die wêreld ingestuur, en tog staan dit nog so vaag en onbepaald soos altyd. Die rede vir hierdie skynbare onbegrensdeheid van die begrip "middelbare onderwys" lê opgesluit in die wese van middelbare onderwys self: dit vorm maar net 'n onderdeel van die ontwikkelingsproses waaraan verskillende elemente deelneem en wat dus van verskillende gesigspunte beskou kan word. Die feit dat dit 'n stadium in die groeiproses is maak dit byna onontmoontlik om die grense daarvan te bepaal; so rapporteer 'n komitee oor "Curriculum and Examinations in Secondary Schools" in Engeland:¹⁾ "We have given much thought to the consideration of the right age for transfer to secondary education, having in view the special purpose which distinguishes the primary from the secondary stage. The evidence placed before us and the study of the views of those who have already considered similar evidence convince us that special interests and abilities do in fact often reveal themselves clearly by the age of 10 plus or 11 plus. But this is not true of all children, in many instances the cast of mind, not sufficiently manifested by 11 plus, gradually reveals itself in the next two years or possibly later."
/163 Aangesien

1) Board of Education: Report of the Committee of the Secondary School Examinations Council on Curriculum and Examinations in Secondary schools, 1943, 16.

Aangesien hierdie stadium in die groeiproses binne die puberteits- en onderskeidingsjare val, lei die menigvuldige uitgangspunte van die probleem tot 'n verskeidenheid van gevolgtrekkings en aangebode oplossings; uiteindelik egter bly die begrip "middelbare onderwys" net so onbelynd soos voorheen. Geen wonder dus dat praktiese pedagoë hulle nie waag aan bespiegeling oor middelbare onderwys nie!

Vir die doel van hierdie ^{studie} kan ons onderwys as die doelbewuste oordrag van kultuurgoedere deur 'n volwasse gemeenskap aan 'n onvold~~ende~~^{ende} jeug aan die een kant, en die absorbasie, toeëiening en integrasie van die oorgelewerde kultuurgoedere deur die groeiende en ontwikkelende kinders aan die ander kant beskou. Kultuur weer word in die breedste sin moontlik gebruik om alles wat die menslike gees deur die eeue tot stand gebring het en wat eie is aan 'n bepaalde volk in te sluit.¹⁾ Hierdie oordragingsproses het drie belangrike aspekte: (1) die kultuurinhoud self; (2) die stelselmatigheid van die oordrag en (3) die absorbasie en verwerking van die kultuurgoedere deur die kinders volgens natuurlike vermoëns en spesifieke behoeftes om 'n integrerende persoonlikheid te laat ontwikkel. Die terrein en taak van die middelbare onderwys moet dus /164 in die

-
- 1) Vgl. ook Coetzee: Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, hf. I.
Uhl: Secondary school curricula, hf. IX
Giles, McCutchen en Zechiel: Exploring the curriculum, hf. X
Coetzee: Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, hf. XVI
Raymont: The principles of education, hf. I.
Colvin: An introduction to high school teaching, hf. I
Bagley & Keith: An introduction to teaching, hf. II

in die lig van hierdie feite gesoek word.

Die omvang en aard van die kultuurgoedere sal van land tot land en volk tot volk verskil. 'n Onbeskaafde volk se kultuurgoedere is eenvoudig en word sonder hulp van 'n ingewikkelde onderwysstelsel maklik oorgedra, darenteen het 'n volk met 'n beskawing wat eeue-oud is en 'n hoë peil bereik het 'n lang en sistematiese oordragingsproses nodig. Volkere wat deelgenote is aan die Westerse beskawing het 'n besondere moeilike kultuurinhoud om aan die jeug oor te bring. Dit vind gevolglik as 't ware in verskillende skofte met noukeurige seleksie van stof ooreenstemmend met die psigologiese ontwikkelingsstadia van die kind plaas: daar is basiese feite, waardes en gesindhede wat in die voorskoolse jare in die ouerhuis aangeleer word; die laerskool bou hierop verder en sorg veral vir verdere fundamentele kennisinhoude waarsonder enige absorbasie van kultuurgoedere onmoontlik sou wees: bv. die praat, lees en skryf van die moedertaal, reken, oriëntering in geskiedenis en aardrykskunde, die aanleer van die tweede taal. Die laerskool se taak is dus om kultuurgoedere van elementêre aard aan te bied, en veral te sorg vir die vaardighede wat noodsaaklik is vir verdere studie. Dit spreek vanself dat die leerlinge se absorbasie van die aangebode feite volgens hulle inherente vermoëns sal geskied.

Middelbare onderwys behoort te begin wanneer hierdie proses by die deurslagkind die stadium bereik het dat hy genoeg basiese kultuurgoed geabsorbeer en verwerk het om hom in staat te stel om na gelang van

nuwe belangstellings 'n breër en dieper insig in die kultuurgoedere van sy volk te kry. In hierdie opsig fouteer ons Suid-Afrikaanse skoolstelsel deur te lank met primêre onderwys aan te hou. Stds. V en VI is volgens die leergange van al die provinsies te veel herhaling van die inhoude van Std. IV, en weens die feit dat so 'n lang primêre kursus in vooruitsig gestel word, gaan die leerproses op te stadige tempo.

Vandag word dit deur psigoloë en opvoedkundiges byna algemeen erken dat die leerling op 11 plus leeftyd begin soek na nuwe belangstelling en verbreding van uitkyk op die lewe. Dit is die natuurlike aanvangstydperk van middelbare onderwys. Die Hadow-rapport stel hierdie saak baie duidelik: ¹⁾ "At the age of 11 plus pupils from primary schools should normally be transferred to a different school, or, failing that, to a different type of education from that ²⁾ given to pupils under the age of 11 plus".

Die taak van die middelbare onderwys is dus om 'n kultuurinhoud nie alleenlik van diepgaande gehalte maar ook van groter en meer wisselende omvang aan die leerlinge te verskaf, met inagneming van hulle wyer belangstellings en verskillende persoonlikheidstendense. En hier moet ons terugval op prinsipes, want dit is die kruispad waar opvattinge onverbiddelik uitmekaar gaan. Die kind se nuwe belangstellings gaan oor die lewe in die algemeen maar toon ook neigings om 'n toe-
/167 komstige ,.....

-
- 1) Board of Education: Report of consultative committee on the Education of the Adolescent, 1926, 89.
2) Vgl. ook Board of Education: Curriculum and Examinations in Secondary Schools, 1943, 15.

komstige lewensloopbaan te oorweeg. Die probleem ontstaan: wat is nou die belangrikste van hierdie twee? Die moderne neiging in die praktiese onderwys wat grotendeels deur ons departemente van onderwys gehuldig word is dat die belangstellings in 'n loopbaan op hierdie stadium die voorkeur moet kry; sodoende word beroepsonderwys die eintlike wese van middelbare onderwys. Hierdie gedagte-rigting word later breedvoeriger bespreek,¹⁾ maar ons prinsipe kan reeds op hierdie stadium duidelik gestel word: om die menslike gees reeds op so'n vroeë stadium van enige hoë en wye vlug te ontnem deur dit ~~was~~ te pen aan die voorbereiding vir een of ander onsekere beroep, skyn vir ons nie alleenlik 'n dwase inkorting van die geestesvermoëns van die individu en daarom ook 'n dwarsboming van die hoogste persoonlikheidsontwikkeling te wees nie, maar ook 'n ernstige vergryp teen die skeppingordonnansies van God wat aan die mens die geestesvermoë gegee het om bo die stof uit te styg. Om die middelbare onderwys tot beroepsonderwys te verlaag is om diensbaar aan die materie te wees.

Die doelwit van middelbare onderwys mag dus niks minder ^{wees} as om die leerling met soveel kultuurkennis te voorsien dat hy as 'n verstandswese met die regte perspektief 'n begrip en waardering kan hê van en gevolglik 'n aandeel kan neem aan die geestesgoedere van sy volk en die kultuurgroep waartoe hy behoort. Dit behoort die toets van suksesvolle middelbare onderwys /168 te wees ...

1) Sien bls. 174.

te wees. J. Chris. Coetzee stel dit tereg soos volg:¹⁾
"Die middelbare onderwys moet die verwyderde oogmerke van die lewe en opvoeding nastreef. Deur ons middelbare onderwys moet ons reeds, hoewel slegs aanvanklik, die kind bring tot 'n filosofiese insig in die lewe. Geen middelbare onderwys is die naam van onderwys werd, as dit nie die kind bring tot 'n aanvanklik geformuleerde en wetenskaplik gefundeerde lewens- en wêreldbeskouing nie."

Ons sluit ook aan by die beskouing dat middelbare onderwys alreeds volksonderwys geword het, en nie meer besondere en selektiewe onderwys soos voeër is nie.²⁾

Die provinsiale ordonnansies bepaal alreeds dat verpligte skoolbesoek tot sestienjarige leeftyd of std. VIII strek. Dit beteken dat die grootste meerderheid van blanke kinders sekondêre onderwys ontvang, al is dit net vir een of twee jaar. Dit is 'n voorwaartse verskuiving van belangstellings waarmee rekening gehou moet word as die beginsels van 'n leerplan bespreek word.³⁾

Daar is verskillende stimuli wat behulpsaam is met kultuuroordrag en wat by die stelselmatigheid daarvan in aanmerking geneem moet word. Ons gebruik die woord "stimuli" by voorkeur bo "elemente", wat 'n bloot meganiese handeling, en "faktore", wat 'n siel-dodende analise, aandui. Die menslik gees is deur sy
/169 Skepper

1) Coetzee: Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, 11

2) Vgl. Coetzee: Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, 8.

3) Vgl. T.O.D.: Verslag van Onderwyskomitee, 1920, 1.

Skepper voorsien van die nodige inherente vermoëns om die kultuur van sy omgewing, hoe eenvoudig ook al, te absorbeer en tot sy eie te maak. Daar is egter verskillende^a stimuli wat hierdie proses verhaas en rigting gee. Die belangrikste van hierdie stimuli is die huis, die kerk, die skool en die gemeenskap. Hoewel ons aandag alleenlik tot die rol van die skool beperk is, moet die ander stimuli nie alleenlik volledigheidshalwe genoem word, maar mag wedersydse invloed op mekaar nooit uit die oog verloor of verontagsaam word nie.¹⁾

Die stelselmatigheid waarmee die skool die kultuuroordrag doen kan enigsins aangedui word deur drie groot opvoedkundige grondbeginsels: indoktrinasië, differensiasie en integrasie.

(1) Indoktrinasië:

Ten spyte van die feit dat dit algemeen bekend is dat elke persoonlikheid sy eie struktuur het, bly dit vir alle eeue waar dat 'n sekere kerninhoud van die kultuur van 'n volk deur indoktrinasië aan die jongere geslag oorgedra word. Sekere feite van daardie beskawing val nie te beredeneer of is nie vatbaar vir verskillende voorstellingskakerings nie. Dit bevat die lewens-essense van daardie bepaalde volksiel en word doelbewus en sistematies aan die jongere geslag opgedring. Dink maar aan sekere godsdienstige leerstellings, taalkundige feite, regsbeginne, volkstradisië ...

1) Vgl. Coetzee: Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, hft. III - VI.

disies, ens. Tewens, as 'n noukeurige opname van die verskillende kennisfeite wat deur indoktrinasie by die jongere geslag tuisgebring word,gedoen word, sal die resultaat vir baie miskien 'n verrassing wees.

Vir die daarstelling van 'n leerplan van 'n skool moet met hierdie beginsel rekening gehou word: daar is sekere feite wat die volwasse geslag ten alle koste onder die aandag van die jeug wil bring: "Only after the schools have been reorganized for the purpose of fostering human values that are constantly arising out of the very centre of this changed material world shall we be entitled to hope that a happy equilibrium will again replace the present forebodings of uncertainty."¹⁾ As die gesegde "vitae non scholae discimus" waar is, dan is dit ook die heilige plig van die ouer en meer ervare geslag om sekere lewensbelangrike feite onomwonde aan die jongere geslag op te dring.

Vir die behoud van die blanke beskawing in Suid-Afrika is dit absoluut noodsaaklik dat die westerse beskawing gehandhaaf moet word. Dit stel onteenseglik die onverbiddelike eis aan die skool om te sorg dat sekere kerninhoud by die kinders geïndoktrineer, en nie aan willekeurige absorbasie oorgelaat word nie. Die uitsifting van hierdie essensiële bestanddele van die westerse kultuur is die besondere taak van die middelbare skool.

Sonder miskienning van enige ander bydrae tot die westerse kultuur, wil ons konstateer dat die Grieks-
/171 Romeinse

1) Roman : The new education in Europe, 415.

Romeinse kultuur nie alleenlik die sub⁵stratum van die westerse beskawing vorm nie, maar dat dit so deurstrengel is in die verskillende westerse nasio⁶ne kulture dat dit die saambindende sement daarvan vorm. Vir ons in Suid-Afrika het dit ook nog 'n besondere betekenis. Hier vorm die Romeinse kultuur 'n stewige gemeenskaplike basis tussen die moederlike Britse en Dietse kulture. Waar die twee verskillende volks-groepe dus in hierdie land een nasie moet vorm, kan daar nie 'n noodsaakliker taak vir die middelbare skool wees as om die grondbeginsels van die Romeinse kultuur by die jeug te indoktrineer nie. Dit geskied nie om chauvinistiese redes nie, maar om 'n eenheidsbasis vir 'n gesonde en gerespekteerde samewerking te lê. Die studie van die Romeinse kultuur bied ons die geleentheid om met die perspektief van die gesamentlike oerkultuur 'n holistiese uitsig oor beide kulture te bekom. T.J. Haarhoff druk dit soos volg uit: ¹⁾ "I mean that spirit that looks for significant connections, that seeks a harmony between man and man, between man and nature". En verder: "In this way when we read Lucretius we enlist the services of a man from the chemistry Department to lecture us on the atom; we treat Vergil in a religious spirit; Catiline we discuss in connection with State Socialism; Vergil again in connection with Stoicism and Calvinism; when reading Augustine we relate what he has to say about legis-

/172 lation ...

1) E.G. Malherbe : Educational adaptations in a changing society, 99.

lation to contemporary problems. And thus these become the problems of dictatorship in Rome, bilingualism in Rome, and so forth.¹⁾

Weens verstaanbare redes is dit noodsaaklik dat hierdie gemeenskaplike basis van die Engelse en Afrikaanse kulture in Suid-Afrika met behulp van indoktrinasië gelê word, aangesien die historiese ontwikkeling soms in averegse lyne geloop het, en as so 'n verhewe en onselfsugtige ideaal gestel word, kan die beste opvoedkundiges nie fout daarmee vind nie.

(11) Differensiasie: Die ingebore verskeidenheid in vermoëns van die kinders maak dit noodsaaklik dat vir individuele verskille ook ten opsigte van die leerplan voorsiening gemaak moet word. Die oorgang van middelbare onderwys van selektiewe tot volksonderwys het hierdie aspek van die onderwys sterk na vore gebring. Dit word vandag algemeen erken dat die leerplan ingestel moet wees om te voldoen aan die verskillende aangebore vermoëns, beperkende lewensomstandighede en rypende persoonlikheid van elke middelbare skoolkind. Maar om soos sekere Amerikaanse opvoedkundiges, bv. E.M. Draper, H.H. Giles, S.P. MacCutchen,²⁾ en H. Harap, uit te gaan van die standpunt dat 'n leerplan bloot net op 'n studie van die belangstellings van die betrokke leerlinge opgestel kan word, doen skade aan waaragtige kultuuroordrag en verloën die realiteit. Verder meen ons dat hulle bevindings berus op 'n

/172 sirkel-

1) Ibid., 100.

2) Sien bibliografie.

sirkelredenering, want die belangstellings wat per eksperiment vasgestel word is alreeds die produk van in-doktrinasie van huis, kerk en gemeenskap en selfs die eerste skooljare. Dit beteken dan dat die onryp kultuur-verworwe basis die kriterium vir verdere ontwikkeling moet vorm. Die handhawing van so'n kriterium lei tot die veroppervlakkiging wat ons reeds allerweë bespeur: "Materially our modern world is richer than perhaps any preceding age; spiritually we are paupers."¹⁾

Differensiasie is uiteraard noodsaaklik, maar dan in non-essensiële elemente, want die totaliteitsgedagte mag nooit prysgegee word nie: "That false liberty, that ability to do just as we like, produce what we like, and distribute as we like, is the price we must pay for the step forward we are taking in history. But remember that when this false liberty is found in a living body, when a group of cells start living at the cost of the organism instead of in its service, the result is cancer and the death of the body Only the whole is free; the part is never free, it is determined by its relations to other parts. Man therefore is free only in so far as he identifies himself with the whole."²⁾

In Europa het differensiasie tot die stigting van verskillende soorte skole langs mekaar gelei.³⁾ In Engeland, Amerika en veral in Suid-Afrika is die oplossing van die differensiasie-probleem langs ander weë /174 met ...

1) Dr. J.J. van der Leeuw in Educational Adaptations in a changing society, 16.

2) Ibid., 15.

3) Sien hoofstuk I.

met minder sukses opgelos. Daar is wel verskillende soorte skole, soos landbou, handels- en junior hoërskole, in die lewe geroep, maar wat die eintlike middelbare skool betref het dit grotendeels tot versnippering van die middelbare leerplan gelei. Die praktyk het ook die bewys gelewer dat differensiasie sonder die saambindende krag van 'n allesomvattende en deeglik omskrewe doelwit van die middelbare onderwys chaos in 'n leerplan kan bewerkstellig, en ware kultuuroordrag 'n onmoontlike of vergete taak kan maak.

Teenswoordig het differensiasie ook sinoniem geword met beroepsopleiding wat dreig om terwille van 'n baie vroegrype en oppervlakkige kennis van die teoretiese sy van een of ander beroep die skoonheid van kulturele vorming van die leerling prys te gee: Prof. Fred. Clarke¹⁾ het hieromtrent die volgende raak skets gegee:

"Vocational factors in the general curriculum need not necessarily mean the provision of a group of "vocational studies". Indeed, I am deprecating the division both of subjects and of pupils into cultural sheep and vocational goats, in such a way that those pupils labelled "cultural" are contemptuous, to their own loss, of activities, which are really involved in adequate culture, but now happen to be called "vocational", while those labelled "vocational" are encouraged to sniff at so-called cultural pursuits as being in some way high-brow and unpractical. Such a division only perpetuates that fatal dualism of life which is at the bottom of so many of our modern troubles." En verder:
/175 "By way

1) Malherbe: Educational adaptations in a changing society, 96.

"By way of preface we may admit that vocational values are present in all good curricula, not only legitimate but inevitable. Even the old liberal curriculum was vocational both in origin and effect. The objective, to quote Milton, is entirely vocational in spirit: 'Perform all the offices, both private and public, of peace and war.'¹⁾" (111) As indoktrinasië die metode van die middeleeue tot die negentiende eeu, en differensiasie die probleem van die laat negentiende en eerste helfte van die twintigste eeu was, kan met sekerheid beweer word dat integrasie al meer en meer die probleem van die toekoms sal wees. Dit sal noodwendig moet volg op die oordrewe differensiasie wat ons beleef. Soveel is alreeds aan individuele verskille in aanleg, smaak en vermoëns toegegee dat die probleem vandag is om 'n besef van die geheel temidde van al die versnippering te sien. "In view of this suicidal specialization" and "Excessive smattering" many educators began to urge a reorganization of the curriculum in order to give more continuity and unity to the student's programs.²⁾

Die leerplanne van die meeste middelbare skole loop gevaar om 'n sentrale kultuurgedagte te verloor en om in sekere opsigte kultuurlose mense die lewe in te stuur, want dis 'n ope vraag of so 'n bonte mengelmoes van praktiese vakke genoeg kultuur draagkrag het om 'n harmoniese persoonlikheid te help ontwikkel. Die /176 volgende

1) Ibid., 94.

2) Butts: A cultural history of education, 647.

volgende skets van T.J. Haarhoff is tiperend van menige middelbare skoolprodukt:¹⁾ "Hy voel soos iemand in 'n tienie-basaar. Hy het 'n massa afsonderlike, spesiale punte geleer, 'n klomp skitterende stukkie en brokkies, maar betekenis en prinsiep kan hy gladnie in hul sien nie. Daar is nie orde en verband nie, want wat hy geleer het hang alles soos sand saam."

Die onaanraakbaarheid en betowerende skoonheid van die geheel is universeel en onvernietigbaar; dit sal ook aan die Suid-Afrikaanse opvoedkundige denke sy eise stel. Temidde van al die menigvuldigheid sal die goue drade van eenheid weer opgetel moet word. Korrelasie van vakke is hiervoor nie genoeg nie; daar moet 'n sentrale gedagte wees wat die wese en waarheid aan al die vakke gee. In hierdie opsig kan die Romeinse geskiedenis en die Latynse taal ook 'n groot funksie vervul, want al die vertakkings van ons kulturele lewe kan daarheen herlei word. Die elementêre studie van letterkunde, taalkunde, geskiedenis, sosiale gebruike, regsinstellings, godsdienstige gebruike kan na 'n sentrale punt in die Romeinse kultuur gelei word en so doende 'n eenheidsbasis vorm.

Latyn kan dus wel 'n sentrale plek in die leerplan inneem kragtens die beginsels van indoktrinasië, differensiasie en integrasie, maar dan op voorwaarde dat die leergange doelbewustelik daarvolgens uitgewerk word.

(b) Die waardes wat Latyn aanbied:

Wanneer 'n leerplan saamgestel word, moet die waardes van die verskillende vakke bepaal word. Dit
/177 spreek ...

1) Haarhoff: Primi Gradus, IX.

spreek egter vanself dat sodanige waardes in noue verband met die algemene opvatting van die taak van die middelbare onderwys sal hê. Die doel van hierdie studie is egter nie om 'n afdoende uitspraak oor die relatiewe waardes van die groot aantal sekondêre vakke te gee nie, maar om vanuit 'n bepaalde standpunt oor die taak van middelbare onderwys die redes te gee waarom Latyn as skoolvak in elke leerplan ingesluit behoort te wees.

A priori is sekere argumente ten gunste van Latyn alreeds beskryf, ter ondersteuning en aanvulling daarvan stel ons ook die volgende waardes van **Latynonderwys**:

(1) Kultuurhistoriese waardes: "We are learning that European history, from its first glimmerings to our own day, is one unbroken drama, no part of which can be rightly understood without reference to the other parts which come before and after it. We are learning that of this great drama Rome is the centre, the point to which all roads lead, and from which all roads lead no less. It is the vast lake in which all streams of earlier history lose themselves, and from which all the streams of later history flow forth again." ¹⁾ Die grootste gedeelte van hierdie "drama" is in Latyn geskryf; sonder 'n kennis van Latyn sou ons net die tonele vanaf die sewentiende eeu kon sien, hoe sou ons die "drama" dan verstaanbaar vind?

Die primêre waarde van Latynonderwys lê dus in die "geöpende deur" wat dit bied tot driekwart van die westerse /178 kultuur

1) E.A. Freeman: Comparative politics, soos aangehaal in the Classical investigation, 63.

kultuur, waarvan ons in Suid-Afrika sulke geesdriftige deelgenote is. 'n Kennis van Latyn stel die leerling (en later die volwassene) in geleentheid om die skoonheid en rigtinggewende invloede van 'n moederkultuur eerstehands te geniet. Hierdie primêre waarde sou bv. nie vir die leerlinge van Indië en Japan geld nie.

Dit is byna ondenkbaar dat die moderne skoolleerplan dreig om hierdie omgangsmiddel met ons oerbeskawing uit te skakel. Na ons beskeie mening is hierdie grootse ideaal gedurigdeur verwater deur die Britse en Amerikaanse doelstellings vir Latynonderwys. Volgens die "General Report of the Classical Investigation" in Amerika en die "Report into the position of Classics" in Engeland word die hoofdoel vir die aanleer van Latyn steeds aangedui as "increased ability to read English with correct understanding."¹⁾ Ook in ons land het dit spreekwoordelik geword dat 'n mens Latyn leer om Engels beter te ken. Hierdie verheffing van 'n byproduk tot die grootste doelwit het nie alleenlik die saak van Latynonderwys uit sy regte perspektief geruk nie, maar het 'n groot mate van antipatie by die Afrikaanssprekende deel van ons bevolking verwek. Ons ontken beslis dat in Suid-Afrika die hoofdoel van Latynonderwys hulpverlening aan Engels is. Hoe eerder die voorstanders van Latynonderwys hierdie wanvoorstellings wegdoen, hoe beter sal dit wees vir die stelling van die saak in die regte lig. Net soos met enige taal ter wêreld, /179 is die

1) The American League : The Classical Investigation, 44.

is die hoofdoel van die aânleer van die doel die toegang tot die volkskultuur en derhalwe ook die volksiel: in die geval van Latyn is dit 'n studie van ons eie oerkultuur. Samehangend met die waarde hierbo genoem het Latynonderwys in 'n land met twee tale maar van 'n gemeenskaplike oorsprong 'n besondere taak om skynbaar heterogene elemente in 'n homogene eenheid om te skep. Dit kan alleenlik gebeur as ons die klem minder op verskille laat val en meer op gesamentlike erfenisse. So 'n gesamentlike erfenis het die Engels- en Afrikaanssprekendes in die Romeinse kultuur. Die les in Latyn kan vir die twee blanke seksies van die volk 'n bron van inspirasie en informasie wees as dit in die regte gees gedoen word.

Daar is eindelik nog twee aspekte van kulturele en godsdienstige belang wat nie verontagsaam mag word in Suid-Afrika nie. Ons regsweese en tot 'n mate ons regeringstelsel is gebaseer op die Romeinse reg. Dit is een van ons grootste erfstukke. Sonder 'n eerste-handse kennis van Latyn kan ons die fyn subtiele nuanses daarvan nie aanvoel nie, en gee die eerste werklike aanraking daarmee in die klaskamer vir die leerling dadelik 'n voorsmaak van die strelende logika en onverwifbare regverdigheid daarvan. Met 'n welgekose leerinhoud kan die leerling reeds op 'n vroeë stadium al 'n heilsame kennis van elementêre grondbegrippe opdoen om dit dan op interessante wyse te vergelyk met hedendaagse gebruike op die gebied. Om maar een voorbeeld

/180 te

te noem: uit 'n welgekose redevoering van Cicero met die nodige agtergrond kan die leerling 'n insig kry in die Romeinse regsweese wat buite die klaskamer en in sy toekomstige beroep vir hom verruimend kan wees.

Maar 'n nog groter noodsaaklikheid vir 'n kennis van Latyn lê opgesluit in die feit dat die geskiedenis van die Christelike kerk so nou verbonde is aan Latyn. Wie temidde van die veelvuldige kerklike leerstelling s 'n eenvoudige en helder begrip wil hê van die gebruike en beskouings in die vroeëre geskiedenis van die Christelike kerk, moet in staat kan wees om in die oorspronklike die gedagtegeange van die vrome kerkvaders te lees. Daar is geen rede waarom die leerlinge in die skool nie eerstehandse kennis daarmee sal maak nie. Tewens, 'n waardige professor aan een van die Suid-Afrikaanse universiteite het al die toets gedoen om 'n stuk vertaling uit een van die kerkvaders te gee in 'n matrikulasie-vraestel met skitterende resultaat. Selfs om die vulgata te lees is 'n verkwikkende ervaring vir die leerling, want dit stel hom in staat om die nodige agtergrond in die hervorming voor te stel.

(2) Taalkundige en letterkundige waardes: Wanneer 'n grondige studie van die moderne westerse tale gemaak word is dit noodsaaklik om kennis van Latyn te hê. Maar vir die skoliere in die Suid-Afrikaanse skole is dit net so noodsaaklik vir 'n suiwere begrip van die twee moderne tale wat hulle in die skole leer dat hulle kennis maak, nie alleenlik met die basiese element, maar

ook met die andersoortigheid van die ou taal waaruit die moderne tale ontwikkel het. Waar die wisselwerking tussen Engels en Afrikaans grotendeels net die probleem van taalidioom raak, bring 'n studie van Latyn 'n dieper besef van die funksie van taal mee! Dit kan nie anders as om tot 'n presieser gebruik van die moedertaal te lei nie. Die klagte wat teenswoordig ten opsigte van die swak taalprestasie van matrikulante gehoor word, kan miskien na die gebrek aan 'n grondige studie van 'n ou taal herlei word.¹⁾ "Ons sou ons graag wou vry geag het om aan te beveel dat Latyn die derde taal moet wees. Die sintetiese aard van Latyn, in teenstelling met die analitiese aard van Afrikaans en Engels, sou ons insiens kan dien om studente 'n beter insig in taalstruktuur te gee Bowendien is die twee landstale wat sowel die letterkunde as die filologie betref, geskiedkundig so nou aan Latyn verwant dat ons beswaarlik kan voorstel hoe 'n student in tale of literatuur met sukses kan spesialiseer sonder dat hy enige kennis daarvan het."²⁾

Maar ons beweer dat dit nie hier hoef op te hou nie. Die taal bring die kind in aanraking met die siel van die ou kultuurvolk, 'n onweerstaanbare drang om tot die diepste krogte af te daal word aangewakker; 'n nuwe besieling word ervaar; die kind gewaar dat die magtige verlede nie dood is nie, maar lewe en inspireer: "The pupil may enter, at least in some measure, into the spirit of the great people whose literature he reads. /182 According ,....

1) Bennett en Bristol: The Teaching of Latin and Greek.
2) Rapport : Taalkommissie, 1941, 25.

According to his ability and opportunity he may be a partaker in the heritage that this people has bequeathed." ¹⁾

Dit bly 'n feit dat van die grootste literêre produkte onder inspirasie van die klassieke tot stand gekom het. Die menslike gees kan vandag nog netso wel leiding ontvang van die voorvaderlike meesters. En veral vir ons in 'n land verafgeleë van die ou bakermat van beskawing kan dit nog 'n suiwerende en bestendige invloed hê, veral waar ons met so'n jong Afrikaanse kultuur te doen het.

Dit moet egter goed verstaan word dat die taalkundige waardes van Latynonderwys netsowel vir leerlinge wat Afrikaans as medium as die wat Engels as medium gebruik, geldig is. Op die mediumkwessie kom ons egter later terug.

(3) Praktiese waardes:

(1) Dissiplinêre waardes: Ten spyte van alles wat teen die oordrag- of dissiplinêre waardes van Latyn gesê en geskryf is, bly dit nog altyd 'n feit dat weens die aard van die vak Latyn metodes van presiese denke by die leerling aanbring. Dit wil nie sê dat daar nie ander vakke is wat dit doen nie, maar dis onteensegbaar dat die kind wat Latyn op die regte manier leer 'n geestes-¹⁾ behendigheid bekom soos by min ander vakke.

Onder die praktiese waardes vir 'n Suid-Afrikaanse leerling kan ook nou genoem word die hulp wat Latyn bied by die aanleer van Engels. Aangesien byna 50% van die /183 Engelse ...

1) Vgl. Report Classical Investigation, 55 e.v.

Engelse woordeskat van Latynse oorsprong is, spreek die motief vir homself.

(11) Propedeutiese waardes: Vir die studie van regte en teologie is Latyn 'n sine qua non. Vir mediese en farmaseutiese opleiding is dit wenslik en byna onontbeerlik vir enige studie in moderne tale.

Die praktiese waardes van Latynonderwys is o.i. op verre na die mins belangrike. Tog is dit soms in die verlede as die eintlike doelwit van Latynonderwys voorgestel, sodat die verdienstelikheid van die vak in die leerplan aan hierdie paar praktiese oorwegings onderwerpe is. As ons egter 'n brood- en botter beskouing oor die doelwit van middelbare onderwys daarop nakom, kan die insluiting van Latyn nie geregverdig word nie, maar dan mag ons onself nie 'n kultuurvolk noem nie.

Die beswaar teen so'n vergesig doelwit is al dikwels gemaak dat die gewone leerling tog nie meer as 'n jaar of twee se Latynonderwys geniet nie, en dus nie naby die eintlik doelwit kom nie; daar moet dus 'n meer nabysynde mikpunt gevind word. 'n Mens sou die vraag afdoende kan beantwoord met die gevleuelde woorde-gebesig deur wyle dr. J.J. van der Leeuw: "Without¹⁾ vision the people perish," maar in 'n volgende hoofstuk sal 'n poging aangewend word om aan te toon dat die ideaal wat gestel word wel gedeeltelik reeds in die skool verwesenlik of benader kan word.

/184 (c) Praktiese

1) E.G. Malherbe : Educational adaptations in a changing society, 12.

(c) Praktiese faktore wat die vasstelling van die leerplan beïnvloed.

Voordat ons die leerplanne van die vier provinsies bespreek, is dit nodig om samevattend te let op die verskillende praktiese faktore wat die bepaling van die leerplanne beïnvloed het.

(1) Die departement van onderwys: ¹⁾ Handelende op die bestaande ordonnansies het die departement van onderwys direk en indirek 'n groot invloed op die kurrikulum van elke skool wat onder hom ressorteer. En tog vind ons dat in Suid-Afrika die posisie min of meer ekwivalent is met dié in Engeland en Amerika waar die departement van onderwys hom opsetlik so min as moontlik bemoei met die keuse van vakke deur skole. In Europese lande is dit anders: daar bepaal die onderwysoutoriteite die leerplan vir die verskillende tipes van skole. ²⁾

Die departemente van onderwys behou egter die reg om die leerplan van elke skool te keur. Dit word deur medium van die plaaslike skoolinspekteur gedoen. Voordat enige nuwe veranderinge in die leerplan aangebring kan word, moet die hoof dit eers met die skoolinspekteur bespreek en laasgenoemde moet dan sy goedkeuring daaraan heg. Tot 'n mate verseker dit 'n vorm van bestendigheid, maar soms gebeur dit ook wel dat die inspekteur self die ultra-moderne rigting van praktiese vakke toegedaan is, en dan moet 'n konserwatiewe skoolhoof soms deurloop. ³⁾ Verder is die skoolinspekteur natuurlik ook nie belas /185 met die

-
- 1) Onderstaande informasie is meegedeel deur die sekretarisse van die departement van onderwys van die Kaap-provinsie, Transvaal en die Oranje-Vrystaat.
 - 2) Vgl. hoofstuk 1.
 - 3) Vgl. verslag van Inspekteur P.J. van der Walt in Die Onderwyswet, 27 November 1941.

met die werklike vasstelling van die leerplan nie. Sy optrede is alleenlik kontrolerend oor 'n leerplan wat alreeds bestaan en miskien gewysig moet word, en dan geld dit ook net die afskaffing of invoering van 'n vak, nie die groepering van bestaande vakke binne die leerplan nie. Hieroor mag hy miskien in sy jaarlikse rapport iets meld, maar as daar nie 'n groot skroef los is of die departementele regulasies oortree word nie, het hy verder geen sê daaroor nie.

Die plaaslike verteenwoordiging van die departement, die skoolraad, het ook nie 'n noemenswaardige seggenskap oor die leerplan nie. Gewoonlik moet dit net die werk van die plaaslike skoolkomitees ten opsigte van sulke sake goed-of afkeur.

Die liggaam wat teoreties verantwoordelik is vir die vasstelling van die leerplan is die skoolkomitee. Dit is die beleid van die departement van onderwys om hierdie taak aan die skoolkomitees toe te vertrou, met die opdrag om 'n leerplan wat aan die behoeftes van die omgewing pas saam te stel.¹⁾ Die beweegredes hiervoor lê voor die hand: die persone wat die departement eerste beskuldig as daar iets teen hulle sin in die leerplan is, is die ouers; daarom plaas die departement nou die onus op die ouers. Prinsipieel is daar ook nie iets teen in te bring nie, veral as ons uitgaan van die standpunt dat die kinders aan die ouers behoort, en hulle dus die reg het om te eis wat die kinders moet

/186 leer

1) Dit skyn asof skoolhoofde in Transvaal egter groter seggenskap het.

leer. Prakties egter word baie moeilikhede ondervind: (1) daar is so te sê geen leiding aan die kant van die departement van onderwys nie, sodat die skoolkomitee aangewese is op die beskouings van die hoof of die wispelturige eise van die ouers; (2) die meeste skoolkomitees is van so'n aard dat hulle nie die nodige opgeleide persone daarop het om so'n gewigtige saak soos die vasstelling van 'n leerplan behoorlik ^{te} onderneem nie.

Hier lê ons insiens die kruks van die hele probleem: die skoolkomitee in die uitvoering van sy wetlike plig word die speelbal van baie faktore, soms met onheilsame gevolge. Dit gebeur wel dat enkele persone op die skoolkomitees 'n deeglik studie van die saak maak en diep grondige beskouinge oor onderwys sake daarop nahou, maar dan moet hulle weer swig vir praktiese eise. Ons moet natuurlik nie vergeet dat die skoolkomitees deur die ouers gekies word, en dus tot 'n groot mate van die welwillendheid van die ouers afhanklik is nie.

Die aandeel wat die skoolhoof in die vasstelling van 'n leerplan in sy skool is besonderlik groot. Hoewel nie 'n lid van die skoolkomitee nie, woon hy in adviseerende hoedanigheid die vergaderings by en word na hom opgesien om vakkundige leiding. Soos verwag kan word het die skoolhoof oor sekere sake ook sterk menings, ongelukkig gebeur dit dat hierdie beskouings soms die plek van Latyn in die leerplan raak. By die meeste skole waarin Latyn afgeskaf is, kan die begin daarvan by die skoolhoof gesoek word: sommige skoolhoofde, soos uit skrywer hiervan se praktiese ondervinding in die skole geblyk het, beskou dit as 'n daad van ridderlike

standaard as Latyn so gou moontlik na sy aanstelling as hoof verdwyn.

Dit is gebruikelik dat die skoolhoof oor sulke belangrike sake soos die insluiting of weglating van 'n vak sy personeel raadpleeg; maar die feit dat die weglating van Latyn ter sprake kan kom, is dan reeds 'n aanduiding dat daar geen kragtige ondersteuning of voorspraak daarvoor is nie. In so'n geval sal raadpleging geen effek op die reeds voldonge besluit hê nie.

'n Nagmerrie vir menige skoolhoof is egter die departementele regulasies in verband met personeelvoorsiening. Aangesien die departement streng volgens die getal leerlinge in 'n skool die aantal personeel bepaal, kom Latyn gewoonlik in hierdie opsig in gedrang dat die aantal leerlinge wat Latyn as vak neem klein is en dit dus die ewewig tussen leerlinge en onderwyspersoneel verstoort. Vir menige skoolhoof was dit al rede genoeg om Latyn as vak af te skaf. Die Transvaalse departement van onderwys bepaal bv. dat in std. VII daar 15 leerlinge en in std. IX daar 10 leerlinge moet wees om 'n vak in te stel. Hoewel aan inspekteurs van skole vergunning gegee is om die reël nie te streng toe te pas nie, lewer dit egter vir 'n skoolhoof baie moeilikheid op. Aan die een kant gee hierdie regulasie die nodige stok in die hand van die skoolhoof wat in elk geval antagonisties teenoor Latyn staan, en aan die ander kant verlam dit die hande van die skoolhoof wat werklik simpatiek teenoor die vak staan, maar deur 'n tekort aan personeel gedruk word.

(11) Algemene opvoedkundige denkrigtings: Die feit dat die leerplan prakties deur die skoolkomitee op advies van die skoolhoof saamgestel word, bring die skool onmiddelik in die stroom van die verskillende denkrigtings. 'n Massiewe liggaam soos 'n departement van onderwys sou natuurlik meer bestendigheid getoon het. Opvoedkundige boeke, tydskrifte, dagblaas en toesprake vorm die opinies van die publiek, wat weer druk op die skoolkomitees uitoefen. Die een uiterste van hierdie propaganda-veldtog is waar die departement van onderwys self in sy amptelike blaas en kennisgewings optree, en die ander uiterste waar die publiek die invoering van 'n sekere vak eis omdat 'n naburige skool so 'n vak aanbied. Tussen hierdie twee uiterstes is daar 'n groot hoeveelheid skakerings, waaraan professore, onderwysers, volksleiers, onderwysblaas en die pers meedoen. "Behind all these there stands, and has ever stood, a stronger power, the public opinion of the country, and to the public opinion we have in the last resort to make ¹⁾ our appeal."

Waar die publieke opinie 'n sterk faktor is, daar ontstaan altyd 'n mode; want publieke opinie is nes vloedwater: dit soek die lae en kaal plekke en vorm dan slote (modes). Teenswoordig is tegniese vakke die mode, en vir menige skoolhoof en skoolkomitee woed daar 'n felle stryd tussen tradisie en mode.

/189 (111) Skool-

1) The Board of Education : The classics in education, 268.

(111) Skooleksamens en Universiteite: Die rol wat die matrikulasie-eksamen in die onderwysgeskiedenis van Suid-Afrika gespeel het, is alreeds geskets. Die toegewings van die matrikulasieraad in 1918 het dadelik hul spore op die skole afgedruk. Die sterk hand van die matrikulasieraad word nog deeglik gevoel, ook ten opsigte van die departementele eksamens bv. die vereiste van 'n derde taal of matesis vir vrystellingsdoeleindes sedert 1948.

Die departementele eksamens kan uiteraard nie eintlik die leerplan beïnvloed nie, behalwe net dat die maklikheid of moeilikheid van 'n vak, volgens die aantal hoë of lae simbole daarin behaal, vir menige skoolhoof 'n kriterium van keuse verskaf.

Die eise wat die verskillende universiteite vir toelating tot sekere studierigtings stel het deesdae maar min invloed op die skoolleerplan. Soms gebeur dit wel dat 'n invloedryke persoon, wie se kind(ers) sekere vakke aan die universiteit nodig sal hê, daarin slaag om die vak in die skool erken te kry. Hoewel volgens die ondersoek van die taalkommissie in 1941 al die universiteite unaniem was oor die noodsaaklikheid van die derde taal was alleenlik twee universiteite te vinde daarvoor om die derde taal verpligtend te stel. 1)

(d) Die huidige leerplanne:

Aangesien die plek van Latyn in die junior sertifikaat-eksamens geheel- en - al deur die plek van Latyn in die senior eksamens bepaal word, sal ons hierdie be-
/190 sprekinge ...

1) Verslag : Taalkommissie 1941, 15.

sprekings alleenlik tot die senior eksamens beperk.

(1) Matrikulasie: Soos reeds opgemerk het die matrikulasieraad in 1918 die eerste toegewing gemaak deur 'n keuse tussen Latyn en Duits te stel as verpligte vak. Later is Frans en bantoetale ook by hierdie groep geplaas. In 1931 is 'n verdere toegewing gedoen deur 'n keuse te stel tussen die derde taal of matesis, maar in 1937 het die matrikulasieraad so skiet gegee dat 'n matrikulasiesertifikaat sonder 'n derde taal of matesis behaal kon word. In 1942 het die nuwe vyf-vak matrikulasie in werking getree, maar wat die vakkeuse betref het daar geen verandering ingetree nie. Dat hierdie reëling 'n mislukking sal wees het die meerderheidsrapport van die 1941 taalkommissie (Prof. M.C. Botha, prof. dr. F. Postma, prof. W.S. Mackie en mnr. H.H.G. Krefte) reeds voorspel toe dit 'n verpligte derde taal of matesis aanbeveel het.¹⁾ Van 1948 sal hierdie nuwe regulasie dan ook in werking tree.

Sedert die regulasie wat in 1942 in werking getree het bestaan die matrikulasie-eksamen eintlik nie; die werklike eksamen is die senior sertifikaat-eksamen, en indien aan sekere vereistes voldoen word, word die matrikulasie-sertifikaat verwerf, anders word die senior sertifikaat toegeken. Dié vakke vir die matrikulasie-sertifikaat is dan:²⁾

- (1) Een van die offisiële tale (hoër graad).
- (II) Die tweede offisiële taal, of Latyn, of Grieks, of Duits, of Frans of een bantoetaal.
- (III) 'n natuurwetenskaplike vak of matesis.
- (IV) 'n vak gekies uit (II) of matesis of Hebreeus.

/191 Verder

1) Rapport taalkommissie, 1941, 25.

2) Handboek vir die matrikulasie-eksamen, 1947, 25-27.

Verder moet kandidate in hierdie vier vakke bo 40% slaag en aan die vereistes van senior sertifikaat voldoen (d.w.s. nog een goedgekeurde vak slaag) met 'n verdere bepaling dat nie meer as vier tale geneem kan word nie.

Die praktiese gevolge van hierdie leerplan wat Latyn betref is dat dit uit groep (II) deur die tweede amptelike taal ^{word} geweerd, en uit groep (IV) deur matesis omdat die natuurwetenskaplike vak onder (III) geneem word of anders deur geskiedenis. Dit beteken dat Latyn eers as 'n vyfde vak in aanmerking kom. Gewoonlik kom dit hier te staan teen geskiedenis of een of ander praktiese of kommersiële vak. Geen wonder dat so baie skole op die vraelys van die taalkommissie geantwoord het dat Latyn doodgedruk word deur handels-¹⁾ en ander praktiese vakke nie.

Die netto resultaat word in die volgende woorde van die taalkommissie raak opgesom:²⁾ "Hul gesonde verstand sal skoolhoofde natuurlik lei om aspirant-universiteit-studente te ontmoedig om so 'n ongeskikte keuse van vakke te doen. Maar die uitwerking van die 1927 regulasies was ongetwyfeld dat dit vir sowel skole as leerlinge moontlik geword het om die onderrig en die studie van daardie moeilike en veeleisende kultuurvakke, 'n derde taal en matesis, te vermy en in hul plek beroepsvakke te stel wat makliker is om te doseer en te leer, wat oor die algemeen omrede van hul nuttig-
/192 heid

1) Rapport taalkommissie, 1941, 58-63.

2) Ibid., 7.

heid die goedkeuring van ouers wegdra, en waarin goeie eksamenuitslae soveel makliker behaal word." Uit 170 hoërskole in die Kaap-provinsie was daar in 1941 22 wat geen onderrig in die derde taal gee nie!

Nie alleenlik het hierdie regulasie Latyn aan die wispelturige faktore onder voorafgaande afdeling (c) bespreek, onderwerp nie, maar het dit daar die berugte¹⁾ keuse tussen Latyn of Duits nog verder bestendig.

Hoewel 'n mens van die matrikulasieraad bloot as eksaminerende liggaam nie soiets kan verwag nie, word die matrikulasie-eksamen op hierdie wyse ook 'n siellose saamfrommeling van vakke sonder sentrale kultuurgedagte. Die oorsaak moet natuurlik gesoek word by die steeds onoplosbare probleem van twee doeleindes met een eksamen: 'n eindsertifikaat en toelating tot die universiteite. Ook die regulasie van 1942 bevredig geen een van die partye nie, en die universiteite die allerminste.

Gesien vanuit ons standpunt van kultuuroordrag en die waardes wat Latynonderwys in die verband aanbied, kan dit nie anders as onbevredigend bestempel word nie. John Adamson, die vroeëre filosofiese direkteur van onderwys in Transvaal stel dit so:²⁾ "As a matter of fact the dropping of Latin or a third modern language and mathematics is to be deplored just because they are key subjects and not because they are remote from anything really utilitarian. The real argument for a compulsory third language at matriculation ... is that
/193 without ,....

1) Vgl. afdeling (e) van hierdie hoofstuk.

2) Rapport taalkommissie, 1941, 42.

without them the superstructure which the universities are to erect on the matriculation foundation is hardly safe. It might topple. Anyway it would be a shaky foothold for a future leader of the national life. It is the equipment of the leaders of our corporate life on its professional side, on its economic, social and political side, and on its cultural side, which is the question."

(2) Die Senior Sertifikaateksamen in die Kaap-provinsie:

Die vereistes vir die senior sertifikaat is die
1)
volgende:

- (1) Een offisiële taal op 'n hoër graad.
- (2) 'n Tweede moderne taal (vanaf 1950 die ander offisiële taal).
- (3) 'n Natuurwetenskap;

en drie van die volgende:

- (4) 'n ander taal.
- (5) 'n ander taal.
- (6) 'n ander natuurwetenskap.
- (7) 'n ander natuurwetenskap.
- (8) Boekhou, en handelsrekenre, geskiedenis, kookkuns, aardrykskunde, letterkunde, handwerk, matesis, musiek, snel- en tikskrif.

'n Kandidaat mag nie meer as vier tale neem nie.

Vrystelling van matrikulasie is soos alreeds bespreek.

Hierdie leerplan kom effens gunstiger voor wat Latyn betref, behalwe net dat die vrystellingsvereistes vir matrikulasie dit baie sterk beïnvloed. Indien 'n kandidaat geskiedenis en wiskunde wil neem, kan Latyn en Duits ook nie saam geneem word nie. Die praktyk lewer egter vir Latynonderwys die moeilikhede op.

(3) Die Middelbare Skool Eindsertifikaat in Transvaal:

Vir die middelbare skool eindsertifikaat van die
/194 Transvaalse

1) Handboek vir die senior sertifikaat, 1946.

Transvaalse departement van onderwys word net 'n lys¹⁾ van 27 vakke sonder indeling in groepe gegee:

Skole is dus vry om hulle eie leerplan op te stel solank die moedertaal en nog 'n taal daarby ingesluit is. In die handboek vir skoolhoofde word dit egter gestipuleer dat die leerplan so uitgewerk behoort te word dat daar differensiasie is ten opsigte van stedelike en plattelandse leerlinge, tussen die wat na die ~~Uni~~versiteit wil gaan en die wat nie na universiteit gaan nie, tussen seuns en meisies. 'n Verdere beperkende faktor is die voorwaardes vir die vrystellingssertifikaat van matrikulasie. Die grootte van die personeel van 'n skool sal natuurlik die seleksie van vakke geweldig beïnvloed: hoe groter personeel, hoe groter keuse van vakke.

Wat vir hierdie studie van besondere belang is, is die feit dat teoreties daar niks is wat 'n skool verhinder om Latyn in die kurrikulum in te sluit nie, en dat dit teoreties moontlik is om of Grieks en Latyn, of Duits en Latyn saam te neem nie. Prakties egter is daar die gewone faktore wat meewerk om die keuse tussen Latyn en Duits te stel, of om die posisie vir Latyn onuithoudbaar te maak.

(4) Die skooleindsertifikaat van die O.V.S.:

Die regulasies vir hierdie eksamen is die volgende: 2)

Groep I - Een van die offisiële tale op die hoër graad.
Groep II - Die ander offisiële taal op die hoër of laer graad.

/195 Groep III ...

1) T.O.D. : Handboek vir die Transvaalse Eindsertifikaat van die middelbare skool, 1945, 5.

2) Onderwysdepartement, O.V.S. : Skooleindsertifikaat Leerplanne en regulasies, 1947.

- Groep III - Een van die volgende vakke: Skeinatuurkunde, biologie, landboukunde, huishoudkunde, skeikunde.
- Groep IV - Een van die volgende vakke: Geskiedenis, aardrykskunde, wiskunde, Latyn, Duits, Frans, Hebreeus, Grieks, boekhou.
- Groep V - Twee vakke uit die lys van goedgekeurde vakke, maar 'n kandidaat mag nie meer as vier tale neem nie.

Volgens hierdie leerplan sal Latyn normaalweg eers in groep V geneem word, en dan in meedinging met geskiedenis of wiskunde en die praktiese vakke. Geen wonder ook dat Latyn "aan die uitsterf"¹⁾ is in die Vrystaat nie. Daar is ook geen sprake om Duits en Latyn saam te neem nie.

(e) Redes vir die agteruitgang van Latyn in Suid-Afrikaanse Skole.

Die vraag ontstaan nou hoe dit dan gebeur het dat Latyn se posisie in die skole so geweldig verswak is, hoewel daar teoreties niks is wat die insluiting van die vak belemmer nie. Die hooforsake van die agteruitgang moet dus buite die leerplan gesoek word, en is ons insiens die volgende:

(1) Die geweldige propaganda wat sedert die tweede helfte van die negentiende eeu teen Latyn gevoer word en waarvan departemente van onderwys hulle nie onthou het nie, stel Latyn al by voorbaat in diskrediet by die leerlinge.

(2) Die verkeerde voorstelling van die waardes van Latynonderwys, bv. dat die hoofdoel daarvan is om Engels beter te ken, het Latynonderwys van sy eintlike ratio onthef.

(3) 'n Natuurlike gevolg van hierdie verkeerde voorstelling is dat Latyn juis deur medium Engels geneem

£ /196 word

1) Verslag van eksaminator, 1941, 1942, 1943.

word. Dit wek by Afrikaanssprekendes minder belangstelling vir die vak op sodat die meeste Afrikaanssprekende leerlinge Duits met Afrikaans as medium kies, hoewel dit vir die meeste net so 'n "dooie" taal as Latyn is. Dit is opmerklik dat in die Oranje-Vrystaat, waar Afrikaanssprekende leerlinge by verre in die meerderheid is, geen skool Afrikaans as medium in die onderwys van Latyn gebruik nie, en selfs die Afrikaanssprekende studente van U.K.O.V.S. almal Latyn deur medium Engels leer.

Wat Transvaal betref het die departement van onderwys op 6 Januarie 1942, die volgende informasie aan prof. T.J. Haarhoff verstrekk:

Eindsertifikaat van die Middelbare Skool.

Jaar.	Aantal Latyn kandidate uit Afrikaanse skole.	Aantal Latyn Kandidate uit Engelse Skole.
1939	92	539
1940	68	560
1941	65	516.

In die Kaap-provinsie is volgens 'n mededeling van die hoofeksamenbeampte die posisie niks anders nie. Ons wil geredelik toegee dat Afrikaanse leerboeke in die vak nog ontoereikend is, maar dit ontnem nie die oorsaak van 'n vreemde gevoel teenoor die vak nie.

(4) Die gebrek aan leiding aan die kant van die departemente van onderwys veroorsaak dat die middelbare skool geen sentrale kultuurgedagte meer het nie, en dat daar dus nie na vakke gesoek word om 'n kultuur-ideaal te verwesenlik nie. Die vereiste is ses vakke, /197 en dit

1) T.O.D. - Notule raad van moderatore.

en dit maak vir die meeste geen saak watter ses vakke nie.

(5) As gevolg van 'n tekort aan personeelvoorsiening word Latyn soms stiefmoederlik behandel sodat iemand wat miskien maar 'n eenjarige of tweejarige kursus in Latyn aan die universiteit gevolg het vir die vak verantwoordelik gestel word. Die taalkommissie het in 1941 ook 'n ernstige klag teen die gehalte van Latyn-onderwys ingebring: "Soos uit die klagtes van die universiteite blyk, is daar rede om aan te neem dat onderrig in die derde taal op skool, veral onderrig in Latyn, soms allesbehalwe doeltreffend is. Dit veroorsaak 'n hoë persentasie mislukkings in die derde taal by die finale eksamens, met die natuurlike gevolg dat leerlinge die vak vrees en 'n alternatief kies wat hulle makliker beskou." ¹⁾ Die jag na goeie eksamenuitslae het derhalwe in menige skool die lot van Latyn as keusevak beslis. En tog skuil dit nie inherent in die vak nie, want daar is ook skole waar die simbole vir Latyn van die beste in die skool is. Dit hang dus nou saam met die gehalte en entoesiasme van die onderwyser.

(6) Omdat daar geen sentrale kultuurgedagte in die middelbare skool se leerplan meer is nie, word die waarde van Latyn net geskat volgens die noodsaaklikheid daarvan vir verdere studierigtings aan die Universiteit. Dit het die etiket van 'n "akademiese" vak gekry. Sodra nuwe leerlinge in die middelbare skool /198 kom

1) Rapport taalkommissie, 21.

kom, word hulle verdeel in 'n akademiese en 'n nie-akademiese groep. Vir die nie-akademiese groep is Latyn "taboo". Die taalkommissie handhaaf met reg die benaming "kultuurvak."

(7) 'n Vierjarige kursus op die middelbare skool is te kort om die volle waarde uit die onderwys van Latyn te kry. Daarvoor is minstens 'n vyfjarige en liefs 'n sesjarige kursus nodig.

(8) Verkeerde leërgange, metodes van onderwys en verkeerde tipe eksamenvraestelle het Latyn as skoolvak ook baie **ongewild** gemaak. Hierin het in die laaste jare 'n aansienlike verbetering ingetree, die probleem word egter later breedvoerig bespreek, voorlopig kan dit as een van die belangrikste redes vir die agteruitgang van die vak aangestip word.

(9) Die onbillike en soms onwetenskaplike keuse van vakke maak die voortbestaan van Latyn in sommige skole byna onmoontlik. Latyn met sy geweldige kultuurinhoud moet hom handhaaf teenoor praktiese vakke wat soms meer liggaamlike vaardigheid as kennis behels. Met die menslike natuur altyd geneig tot die "way of least resistance" het Latyn onder sulke omstandighede geen bestaansversekering nie.

(f) Die plek wat Latyn in die middelbare skool se leerplan behoort in te neem.

Kragtens die beginsels alreeds neergelê behoort Latyn in die leerplan van elke blanke skool gevind te word. Om die nodige kultuuragtergrond en basiese taalkennis in Suid-Afrikaanse skole te verskaf is dit raadsaam dat alle leerlinge in stds. V en VI (wat by die middelbare skool ingesluit behoort te /199 word

1)
word) 'n elementêre kursus in Latyn moet neem.

Hierdie kursus moet egter baie noukeurig en volgens 'n definitiewe plan opgestel word. Na twee jaar kan kinders dan kies om verder aan te gaan met die vak om 'n intenser studie daarvan te maak of nie; terselfdertyd kan die twee jaar 'n uitstekende prognose t.o.v. aanleg in die vak lewer.

Die keuse moet egter nie so gestel word dat Latyn gedurig in die gedrang met die praktiese vakke kom nie. Die differensiasie moet liewers gemaak word tussen leerlinge wat 'n taalaanleg het en die wat meer aange-trokke tot die natuurwetenskappe voel.

Aangesien Duits die enigste ander moderne Europese taal is wat op groot skaal in ons skole aangebied word behalwe Engels (wat vir ons leerlinge natuurlik eerstens 'n Suid-Afrikaanse taal is) behoort dit vir leerlinge moontlik gemaak te word om Duits sowel as Latyn te neem. Met die eerste matrikulasie-eksamen in 1918 is hierdie keuse tussen Duits en Latyn gestel en sedertdien het dit stereotiep geword.

Indien 'n sewe-vak senior kursus ingestel word in plaas van die ses-vak een nou in gebruik, sal dit nie alleenlik moontlik wees nie, maar selfs prakties uitvoerbaar om Grieks weer in te sluit. 2)

Sewe vakke met korter leergange sal 'n groter verskeidenheid bied en tog 'n breër kultuuroordrag bewerkstellig. Kom hierby nog 'n verlenging van die middelbare skoolkursus om die teenwoordige stds. V en VI in /200 te

1) Sien bl. 165

2) Die middelbare skoolkursus op die vasteland van Europa sluit nog meer kursusse in : vgl. hf. I

te sluit, dan word ons middelbare onderwys in die geleentheid gestel om aan sy grootse doel te beantwoord.¹⁾ Weer wil ons hierby konstateer dat die leergange vir Latyn dan ook in ooreenstemming met hierdie ideaal opgestel moet wees: Die ideale kursus vir 'n leerling wat aanleg in die "humaniores" toon sal dan vir die laaste vier jaar van sy middelbare skoolloopbaan die volgende wees: Afrikaans, Engels, Latyn, Grieks, Duits of Frans, geskiedenis en 'n wetenskap of matesis.

Die waardes van Latynonderrig moet weer in die regte perspektief gestel word. Dit bring ook mee dat Latyn deur medium van die moedertaal onderrig moet word. Nou dat daar meer eenvormigheid onder die leergange van die verskillende provinsies danksy die moderator²⁾ van die matrikulasieraad gekom het, bestaan die moontlikheid ook om geskikte Afrikaanse leerboeke vir Latynonderwys die lig te laat sien.

Die departemente van onderwys moet egter self die inisiatief neem en leiding gee, desnoods deur regulasies. Daar moet vir die middelbare skool inderdaad 'n kursus saamgestel word, en nie net 'n eksamen die hele kursus laat beheer nie. Die enigste werklike kursus wat 'n departement nog ooit opgestel het was die "High School Course" in die Kaap-provinsie.³⁾ Maar selfs dit is ver-ruil vir 'n eksamenstelsel. [Dit het tyd geword dat opvoedkundiges en departementshoofde 'n beslissing moet

/201 vel

1) Vgl. ook aanbevelings van die de Villiers-kommissie.

2) Prof. dr. T.J. Haarhoff van die Universiteit van die Witwatersrand.

3) sien bl. 73

vel oor wat ons middelbare onderwys in Suid-Afrika se taak en terrein is, en dat die middelbare skool dan sy inhoud volgens daardie ideaal ontvang. As dit sou gebeur, sal die posisie van Latyn ongetwyfeld vir 'n kind van die westerse kultuur nooit meer in die gedrang kom nie.

SAMEVATTING: Indien die taak van middelbare onderwys bepaal word as die verdere en meer volledige kultuuroordrag aan die jeug om hulle in staat te stel om volgens eie talente en persoonlikheidseienskappe 'n aandeel te hê aan die kultuur van die volk waartoe hulle behoort, dan moet die onderwys van Latyn 'n sentrale plek in die Suid-Afrikaanse middelbare skool neem, aangesien dit die moederkultuur van beide Afrikaans- en Engelssprekendes is.

Die waarde van Latynonderwys moet hiervolgens in die regte perspektief gesien word en byprodukte, soos 'n beter begrip van die Engelse Taal, moet nie as hoofdoelwit gestel word nie.

Die skoolhoof se rol in die saamstelling van 'n leerplan is besonderlik groot, want die departement van onderwys neem nie die verantwoordelikheid daarvan op sy skouers nie, die ouers, deur middel van die skoolkomitee, weer steun grotendeels op die advies van die hoof. Nogtans is daar baie invloede van buite wat die in- of uitsluiting van 'n vak beslis.

Die leerplanne van die verskillende provinsies en die matrikulasieraad gee aan Latyn 'n plek, maar soms in groepe waarin dit noodwendig met die sogenaamde praktiese vakke kompeteer. Dit is al genoegsaam oor-

saak vir agteruitgang van die vak, maar heelwat bykomende oorsake kan genbem word soos bv. die gees van die tyd, verkeerde waandebepalings, verkeerde medium, swak onderwys, ontoereikende personeelvoorsiening, verkeerde leergange en metodes en 'n te kort middelbare skoolkursus.

Daarteenoor stel ons 'n skoolkursus met sewe vakke voor en 'n verlenging van die middelbare skooljare deur stds. V en VI by die middelbare skool in te sluit. Gedurende die eerste twee jaar behoort al die leerlinge Latyn te leer, en daarna moet dit moontlik wees vir 'n kind met taalaanleg om Duits, (of Frans), Grieks en Latyn saam met Engels en Afrikaans te neem, en wel deur medium van die moedertaal.

Die stigting of herstigting van 'n klassieke bond in Suid-Afrika met 'n eie maand, - kwartaal- of jaarblad het 'n noodsaaklikheid geword om die aksie vir die klassieke te organiseer en te koördineer.

A F D E L I N G III.

HOOFSTUK VI.

'n Historiese oorsig van die leergange in Latyn.

(a) Die onderwyser as ontwerper van die leergang:
(1714-1858).

Die eerste Latynse onderwysers, ds. Slicher, (1714) Cornelis van Baak (1793) en H. Klein (1803) was self verantwoordelik vir die opstel van die leergange. Ons kan veilig aanneem dat dit tot 'n groot mate: ooreengestem het met die leergange destyds in die Nederlande in gebruik. Tweemaal per jaar is 'n eksamen deur die skoolarge gehou, maar dit het skynbaar berus op die gehalte van "Themata" vooraf ingelewer. 'n Effense nuwe geluid is met die koms van dr. Halloran (1810) gewaar, want sy prototipe was die Engelse "Public Grammar School"¹⁾ 'n strenger toesig aan die kant van die skoolkommissie het nie alleenlik 'n jaarlikse eksamen maar ook kwartaalse rapporte vereis: "Driemaandelyksche Berigten, behelzende het getal en de naamen der Jongelingen, die het Latyn leeren, als mede ook zodanige aanmerkingen, over hunnen vorderingen, hun gedrag, etc. als de Rector zal nodig oordeelen ter kennis te brengen, zullen aan de Schoolcommissie worden ingezonden."²⁾

Die advertensie van Turr (1812) teken sy skool ook maar in terme van die formalisme van sy tyd, want dit lê veral nadruk op "Grammatika, syntaxis en Prosodie", wat egter aangevul is deur "Fabelkunde, oude aardrykskunde, Romeinsche en Grieksche oudheden."³⁾ Die skool /204 van

1) Kaapsche Stads Courant, 9 Junie 1810.

2) Ibid.,

3) Ibid., 19 Desember 1812.

van rev. Hough (1821) het nie veel verandering aangedui nie, maar in 1823 noem Fairbairn en Pringle hulle skool "Classical and Commercial Academy" wat duidelik 'n meer moderne gees verraa. 'n Beskrywing van 'n eksamen in die "Rieheeks Instituut (1822)" toon die "themata" as toetssteen van hierdie skool aan: "De leerlingen vervaardigden enige Latynsche themata, welke hun ad aperturam libri door den Hoog-Edel Achtbare Heer Sir John Truter werden opgegeven."¹⁾

Rev. E. Judge se aanvaarding van die hoofskap van die "Cape Classical School" het vir Latynonderwys baie beteken, want hy was seker 'n bekwame man. Dit bewys beide die feit dat hy in 1829 as professor in die Athenaeum aangestel is en die vleeiende opmerkings van sir John Wylde by geleentheid van 'n openbare eksamen in 1827.²⁾

Die eerste raamwerk van 'n leergang kry ons in die "Plan of Instruction for the Classical Department of the S.A. College" van rev. John Pears, M.A., die opvolger van rev. Judge. Hy het sy klasse in vier "divisions" verdeel:³⁾

1st Division: Latin Grammar, Latin Delectus, Grammatical Exercises, Cornelius Nepos.

2nd Division: Latin Grammar, 2nd Latin exercise, Latin introduction, Cornelius Nepos, Caesar, Vergil, Prosody, The art of scanning, Roman History.

3rd Division: Latin Grammar, Prosody and scanning, Vergil, Livy, Cicero's Orations, the writing of Latin Themes, Roman antiquities, Classical Geography, Roman History.

/205 4th

1) Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, dl. II, 289.

2) Ibid., dl. IV, 475.

3) Letters Received, S.A.C., C.O. 689, No. 7.

4th Division: Cicero : de officiis, Tacitus, Horace,
the writing of Latin verse, Latin Themes,
Roman antiquities, Classical Geography."

'n Beskrywing van 'n eksamen in het Nederduitsch
Zuid-Afrikaansch Tydschrift dui die inhoud van die
studie in die Latynse klasse van Judge en ds.A. Faure
baie duidelik aan: ¹⁾ daar is bv. heelwat gelees uit
Nepos, Cicero (toesprake en briewe), Vergilius
(Georgica en Aeneis), Ovidius, Sallustius, en selfs
Grotius se "de veritate religionis Christianae."

Uit die inspeksierapporte van plattelandse skole
kan ook 'n goeie beeld van die inhoud van die toenter-
tydse Latynonderwys gevorm word. Dit blyk min of meer
dieselfde te wees as in die Athenaeum, hoewel die in-
druk gewek word dat op die platteland meer nadruk op
grammatika gelê ²⁾ is.

Tot op hierdie stadium was die individuele onder-
wysers verantwoordelik vir die ontwerping van die leer-
gang. Selfs toe die departement van onderwys in 1839
in die lewe geroep is, was daar geen sprake van die
samestelling van departementele leergange vir die ver-
skillende vakke nie. Die kontrole is aan die Athenaeum
deur 'n eksamenkommissie en in die departementele skole
deur die skoolinspekteur of skoolkommissie gedoen.

(b) Die "Third Class Certificate" van die "Board of
Examiners."

In Januarie 1865 is die eerste eksamen vir die
/206 "Third

-
- 1) Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tydschrift, dl. VII,
156.
2) Vgl. W.N. Coetzee : Latynonderwys in Kaapland, hf.
XI, en Cape of Good Hope : Education Returns, 1838-
1856.

"Third Class Certificate" gehou. Volgens die eerste leergang sou die kursus in Latyn die volgende insluit: Sallustius : bellum Catilinae; vertaling op sig, vertaling in Latyn: "The papers will also contain questions on the Etymology and Syntax of the languages, and an Roman antiquities." ¹⁾ Die laaste eksamen vir die "Third Class Certificate" is in 1873 gehou volgens dieselfde leergang, alleenlik met afwisseling van skrywers, vir 1874 bv. is Vergilius : Georgica IV en ²⁾ Aeneis VI voorgeskryf.

Die agtjarige bestaan van die "Third Class Certificate" het baie daartoe bygedra om bestendigheid in die leergange te kry. Sodra as 'n liggaam vir die leergange verantwoordelik is, verdwerg persoonlike elemente en word veranderings moeiliker aangebring. Die kontrole van die "Board of Examiners" het ook veel daartoe bygedra om 'n algemene standaard te stel.

(c) Die eksamens van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop.

(1) Matrikulasie: Die eerste leergang vir Latyn volgens die nuwe matrikulasie-eksamen in 1874 het nie veel verskil van die "Third Class Certificate" s'n nie: "The papers will contain passages from the subjects notified, and also other passages in Latin to be translated into English, and English sentences to be translated into Latin. The papers will also contain questions on the grammar of the languages, on Roman anti-
/207 quities

1) Board of Examiners : Report 1864.

2) Hierdie eksamen het egter nie plaasgevind nie.

quities, history and geography." ¹⁾ Die voorgeskrewe boeke was Cicero : de Amicitia en Catilinam I. 'n Ontleding van 1874 se matrikulasievraestel is uiters interessant: Dit was 'n vraestel van drie uur lank en het die volgende vrae bevat: Vertaling uit Latyn: 4 lang passate (70 reëls poësie en 21 reëls prosa); een vraag met drie onderafdelings oor grammatika, een vraag oor Romeinse geskiedenis en oudhede; een vraag (12 sinne) oor vertaling in Latyn.

Die leergang het tot 1894 dieselfde gebly. Dit is duidelik dat die nadruk op vertaling uit Latyn gelê is, want in 1884, 1890 en 1892 se vraestelle is daar byna geen vertaling in Latyn nie. Sedert 1894 het daar 'n klein verandering gekom want by die vorige leergang is die volgende gevoeg: "The Latin paper will be divided into two parts: part I to contain passages from set authors, with questions arising out of them, value 100 marks; part II to contain general questions, unseen work, grammar composition and accidence, value 200 marks. No candidate will pass in this subject who does not show competent knowledge in part II. The passages in part II will be selected from Nepos, Caesar and Ovid." ²⁾

Met die "New regulations" in 1898 het daar ook 'n verandering in die leergang van Latyn gekom, veral wat "part II" betref: dit het nou meer formeel geword, en /208 vertaling

1) University of the Cape of Good Hope : Calender 1875, 48.
2) Ibid., 1892, XCI.

vertaling in Latyn het meer na vore gekom: "Part II :
Accidence, simple Syntax, Parsing and analysis of sen-
tences : Translation into English of (a) some detached
sentences and (b) a simple continuous prose passage from
a work not prescribed; Translation from English into
Latin of (a) some detached sentences, and (b) a simple
continuous prose passage."¹⁾ In 1910 is "accidence" en
"parsing" uit part II (of "section B" soos dit toe ge-
noem is) weggelaat. 'n Radikale verandering het egter
in 1913 plaasgevind. Die stelsel van voorgeskrewe
boeke is opgehef en die volgende leergang is in die
plek daarvan gestel:²⁾

"Section A: Grammatical questions.

Section B: (a) Translation from Latin of some detached
sentences and of two or more continuous passages from
well-known authors suitable for school reading. (b)
Translation into Latin of some detached sentences and
of a simple continuous prose passage#."

Hierdie aweregse afwyking wat stand bly hou het
tot die laaste matrikulasie-eksamen van die Universiteit
van Kaap die Goeie Hoop in 1917, verteenwoordig 'n
rigting in die Latynse leergang wat later 'n geweldige
stryd sou ontketen: die kwessie van voorgeskrewe boeke
al dan nie. Gedurende die laaste paar jaar van hierdie
matrikulasie-eksamen is daar in afdeling B 'n keuse
tussen die vertaling in Latyn van 'n deurlopende stuk
prosa en "a free composition in Latin on a given
subject" gegee.

/209 Dit

1) University of the Cape of Good Hope : Calander,
1896-97, LXV.
2) Ibid., 1913, 58.

Dit val nie te betwyfel dat die leergang gedurende die laaste dekade van die bestaan van die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop 'n skadelike neiging tot formalisme getoon het nie. Geen wonder ook dat die inspekteur van hoërskole in 1913 die oorsaak van die swak eksamenuitslae ten laste van die eksaminatore gelê het nie.¹⁾ Die ontaarding as gevolg van te veel nadruk op grammatika blyk ook duidelik uit die verslae van eksaminatore: "though it was disappointing to find that a considerable number of candidates owed their passes to marks obtained in the grammar part of the paper and would have failed had the test consisted of the unseen translation and composition only. Such evidence of mechanical methods of teaching was specially marked in the case of candidates from smaller centres."²⁾

(11) "The School Examination for Honours" (1880-1889), "School Higher" (1888-1909) en "Junior Certificate" (1910-1917).

Hierdie junior eksamen is nog altyd beskou as die wegbereider van die matrikulasie-eksamen en het, hoewel dit baie populêr geword het, nie veel aandag gekry wat die leergang betref nie. Die leergang was ook altyd vaag; so lui die aanhef van die eerste leergang: "The following particulars are intended to guide candidates." Die vraestel het die volgende ingesluit: "The paper will contain passages from the author prescribed, and also other passages, to be translated into English; and /210 English

1) S.G.O. Rapport, 1912, 14.

2) Cape University Gazette, No. 25, June, 1909, 12.

English sentences to be translated into Latin. The paper is intended to test accuracy of knowledge, and therefore considerable value will be attached to grammatical questions.¹⁾ Uit die vraestelle van daardie tyd blyk egter dat hierdie eksamen 'n hoë standaard behaal het (bv. 'n stuk oratio obliqua) maar dat min aandag aan vertaling in Latyn gegee is.

In 1888 het die "School Higher" eksamen dieselfde leergang oorgeneem. Die volgende vraag in die eerste "School Higher"-eksamen is veelseggend van die gehalte werk wat verwag is: "Draw an outline map of Gaul, inserting the following in their proper places, and giving, where possible, the modern names derived from them: Treveri, Menapii, Eburones, Arduenna Silva, Aedui, Mosa. Senones. What town occupies the site of Lutetia, and whence is its modern name derived?"²⁾

Vanaf 1894 is die vraestel vir "School Higher" nes die vir matrikulasie ook in twee dele verdeel: "Part I will contain passages from the set author, with questions arising out of them. Part II will contain general questions, unseen work (of a simple character, with short vocabulary). composition, grammar, and accident. No candidate will pass who does not show competent knowledge of part II".³⁾ Hier het dus ook weer 'n wending gekom, en sedertdien is die nadruk al meer en meer op grammatika geplaas. So vind ons in die vraestel van 1895 bv. die volgende tiperende vraag:

/211 "Analyse

1) University of the Cape of Good Hope, 1886.

2) University of the Cape of Good Hope, 1889, 152.

3) Ibid., 1892, CXXIII.

"Analyse the following sentence : Tali consulis probato addunt ad superiores totidem naves triremus, suaque omnia, quae moveri poterant, partim Salamina, partim Troezena deportant."¹⁾

In 1898 is die leergang vir Latyn soos volg verander:²⁾

"Section I : Accidence, parsing and analysis and the easier points of Syntax.
Section II: (a) Translation of easy short passages from prose authors, such as Nepos or Caesar, the less usual words being given in a vocabulary - and (b) translation from English into Latin of detached sentences, or a very simple continuous prose passage"

Aan elke afdeling is 150 punte toegeken.

Toe die "Junior Certificate" eksamen in 1910 die "School Higher" eksamen vervang het, het die leergang presies dieselfde gebly tot 1916 toe die Universiteit van Suid-Afrika die beheer van hierdie eksamen oorgeneem het, behalwe dat die voorgeskrewe skrywers tot Nepos en Caesar beperk is.

Dat die nadruk op die fynere punte van grammatika gelê is toon die vraestelle en verslae van eksaminatore baie duidelik aan. Die klagte is gedurig dat kandidate nie die "simplest question in grammar"³⁾ kan beantwoord nie.

(d) Die matrikulasie-eksamen van die matrikulasieraad:

Die eerste leergang vir matrikulasie onder beheer van die matrikulasieraad was baie teleurstellend. Hoewel die organisasie al sedert 1916 beskikbaar was met die aanname van wet nr. 12 van 1916, het die matrikulasie-
/212 raad

1) Ibid., 1896, 228.

2) Ibid., 1903, 209.

3) Cape University Gazette, 1909, 17.

raad vir hulle eerste eksamen in 1918 net die ou leergang van matrikulasie van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop soos in 1913 saamgestel oorgeneem. Hierdeur het dit die spoor heeltemaal byster geraak, veral as ons daarop let dat in afdelings A en B(b), wat grammatika en vertaling in Latyn behels, 200 punte toegeken is teenoor 150 vir afdeling B(a) wat die vertaling uit Latyn bevat. Dit is 'n totaal skewe verhouding wat die eintlike doelstelling van Latyn heeltemal misken.

Dit is egter baie interessant dat op die vergadering van die matrikulasieraad op 16 en 17 Julie 1918 'n pragtige leergang ter oorweging voorgelê is. Hierdie leergang, wat deur 'n komitee waarvan prof. G. Cillie die voorsitter was, saamgestel is, het die kentekens van die huidige leergang gedra en die volgende hoofgedagtes bevat: (I) vertaling uit voorgeskrewe boeke (twee prosa en een poësie) met vrae oor grammatiese punte en die lewens van die skrywers: (100 punte), (II) vertaling op sig uit dieselfde skrywers. (60), vertaling in Latyn van kort sinne en 'n deurlopende stuk prosa (100); (IV) eenvoudige vrae oor Romeinse geskiedenis en oudheidkunde (60); repetisie van die voorgeskrewe digter, omtrent 100 reëls sal voorgeskryf word vir repetisie. (30). Op 'n vergadering van 23 - 28 Januarie 1919, het die matrikulasieraad hierdie leergang aangeneem.

Eienaardig genoeg het hierdie leergang nooit in werking getree nie. Heel waarskynlik is dit deur die onderwysprofessie afgekeur, 'n afleiding wat maklik gemaak kan word uit die reaksie van die onderwysers in

1925. In 1924 egter het die ou leergang wat afdeling B(b)(11) betref 'n klein wysiging ondergaan. Die opstel is afgeskaf en 'n vraag oor Romeinse geskiedenis en oudheidkunde is as keuse gestel teenoor 'n stuk deurendelende prosa om te vertaal in Latyn.

Op die Januarie vergadering, 1925, het die matriculasieraad weer 'n nuwe ontwerpleergang voor hulle gehad. Dit is deur 'n spesiale subkomitee, bestaande uit prof. T.J. Haarhoff (voorsitter) mnr. Davis, Roos, proff. J.J. Smith en W. Ritchie, saamgestel en het heeltemal 'n ander rigting ingeslaan: "In the matriculation Latin paper the subjectmatter of the classics should be emphasised by naming a number of books for the guidance of reading in schools, and by prescribing a period of Roman history - from the beginning of the Punic wars to the death of Augustus - to be studied in outline with reference to books suggested, general questions bearing on this period set." ¹⁾ Die vraestel sou dan soos volg ingedeel word:

- A. Vertaling uit boeke, 125.
- B. Algemene geskiedkundige vrae, 75.
- C. Grammatika en komposisie, 150.

Boeke wat vir die leeskursus aanbeveel is, was: Livius XXI, XXII; Cicero: in Catilinam; Caesar: de bello Gallico IV en V; Ovidius: seleksies.

Die verwarring wat so 'n stelsel destyds geskep het spreek al duidelik uit 'n brief vanaf St. Aidan's College, Grahamstad, om te vra of al hierdie boeke voor-
/214 geskrewe

1) Notule G.M.R. 16, 17, 19 en 20 Januarie, 1925.

1)
geskrewe boeke was.

Dit blyk egter dat die sommige onderwysers nie ten gunste van so'n leergang was nie. Na publikasie van die konsep-leergang het die "High School Teachers Committee" van die S.A.T.A. (Kaap-provinsie) die matrikulasieraad meegedeel dat (1) "The association deprecates the introduction of Roman History as a compulsory part of the paper in Latin; (11) That Caesar's Gallic War, easy passages from Livy and a selection to be prescribed from Ovid should be regarded as an indication of the range of difficulty required in the translation from Latin." 2) As punteverdeling beveel hulle aan: Grammatika-100; vertaling uit Latyn - 150; vertaling in Latyn - 100! Gelukkig was daar ook onderwysers wat anders gedink het want "after full consideration of the replies from the Education departments, Teachers Associations and individual teachers" het die subkomitee aanbeveel dat sy konsep-leergang aangeneem word soos dit oorspronklik opgestel is.

Hoewel die voorgestelde leergang in 1928 in gebruik gestel is, het die matrikulasieraad reeds met die Januarie-vergadering 1927, 'n spesiale komitee aangestel om die leergang nogeens te oorweeg. Hierdie komitee het bestaan uit mnre. Bryan (voorsitter), Gane, Pape, Roos en proff. Haarhoff, Ritchie en Smail. Die resultaat van hierdie komitee se werk was 'n leergang wat baie op die een van die Cillie-komitee in 1918 gelyk het: 3)

/215 Afdeling

-
- 1) Notule G.M.R., 7 en 8 Julie 1926.
 - 2) Ibid., 15 en 16 Julie 1925.
 - 3) Notule G.M.R. 13 en 14 Januarie 1927.

Afdeling A : Vertaling van voorgeskrewe boeke van Cicero, Caesar en Ovidius.

Afdeling B : Vrae oor die inhoud van die voorgeskrewe boeke.

Afdeling C : Grammatika en komposisie.

Die punteindeling sou wees: A 125; B 75; C. 150.

Die komitee het die aandag van die raad daarop gevestig dat vertaling op sig opsetlik uitgelaat is. Die Matrikulasieraad het die konsep-leergang egter in 'n gewysigde vorm aangeneem:

Afdeling A : Vertaling van vier stukke, een uit elk van die voorgeskrewe groepe en die vierde 'n vertaling op sig. Al die vrae telweveel (140).

Afdeling B : Nie meer as drie vrae te beantwoord oor die inhoud van die voorgeskrewe boeke nie (60).

Afdeling C : (1) Grammatika sintaksis (75).

(11) Vertaling in Latyn van kort sinne (35).

(111) Vertaling in Latyn van 'n stuk prosa (40).

Hierdie leerplan het in 1929 in werking getree en het 'n progressiewe ontwikkelingslyn getoon. In Januarie van dieselfde jaar is die volgende komitee aangestel om 'n nuwe leergang op te stel: Prof. T.J. Haarhoff (voorsitter), mnre. Birt, Druce, Malan en prof. Ritchie.

Terwyl hierdie komitee met hulle werk besig was het 'n splinternuwe moeilikheid opgeduik. Ten spyte van die feit dat die leergang drie voorgeskrewe boeke veronderstel het, is vir 1931 en 1932 net twee boeke voorgeskryf. Die eksaminatore het egter opdrag gekry om twee vrae oor Caesar en een oor Ovidius te stel. Daar was nogtans

soveel kritiek en navrae dat die matrikulasierraad in Julie 1931 besluit het om 'n omsendbrief aan skole te rig. Die motivering van veranderings en voorgenome wysigings in die leergang is interessant: "The joint matriculation board was influenced to make a change in the classical syllabus for the following reasons: some years ago very short excerpts from prescribed authors led to the memorisation of the complete work set. A change was made by the abolition of prescribed works. This lead to a reading of disjointed passages and snippets of no educational value and giving no idea of classical literature. Longer excerpts were then prescribed and even then there was evidence that these were also committed to memory. It was very clear to Moderators and Examiners that candidates and teachers relied on the learning of a translation, not on the learning of the language.

The Board is of opinion that it is necessary to prescribe a general course of reading from two selected authors. The hope is that teachers will read with their classes as much as possible of the works prescribed. It will be noted that all parts of the syllabus are built up on the works prescribed.¹⁾

Op die Januarie-vergadering 1932, is baie besware van onderwysers voor die raad gelê maar dit is van die hand gewys, en die nuwe leergang het in 1933 in werking getree.

/217 In

1) Notule G.M.R. 16 en 17 Julie 1931.

In wese het die 1933 leergang nie veel van sy 1929 voorganger verskil nie. Afdeling A sou nou vier stukke vertaling uit twee outeurs (Caesar en Ovidius) bevat (140), en skandering sou ook ingesluit wees. Afdeling B is effens uitgebrei om nie net die inhoud van die voorgeskrewe boeke in te sluit nie, maar ook die lewens en tye van die skrywers (60). Afdeling C (1) buigingsleer en sintaksis gebaseer op sinne uit die voorgeskrewe boeke (75); (11) vertaling in Latyn van kort sinne gebaseer op die voorgeskrewe boeke (35); vertaling in Latyn van 'n deurlopende stuk prosa gebaseer op die voorgeskrewe boeke (40). Dit is ook bepaal dat vir afdeling A daar 'n keuse van vier uit vyf stukke vertaling sou wees.

Dat hierdie leergang nie bevrediging gegee het nie bewys die feit dat die subkomitee vir Latyn op 27 Junie 1935 alweer bymekaar gekom het om veranderings in die leergang te oorweeg. Vyf persone was teenwoordig: Prof. T.J. Haarhoff (voorsitter), prof. F. Postma, mnre. Roos en Crouch en mej. Lindsay. Die motivering vir die aangevraagde wysiging in die leergang en beginsel van prosedure lê in die volgende skrywe aan die Transvaalse departement opgesluit: "While the Committee adheres to the principles by which it has been guided in the past ten years, it feels that it must be guided by the experience of teachers in matters of arrangement and detail. Representations from the conference of the Headmasters of Private Schools and evidence from the Free State and other schools were considered and it was de-

cided to recommend that the range of reading for December 1937 be : Caesar : de Bello Gallico, VI and VII; Cicero: in Catilinam I and II; Ovid : Selections (Freeman); Vergil: Aeneid II."¹⁾

Die leergang sou dan van 1937 soos volg wees: Afdeling A: Vertaling van vier stukke, een uit elkeen van die voorgeskrewe skrywers, skandering van heksameters en pentameters (140). Afdeling B: Vrae oor die algemene inhoud van die aangeduide boeke en van die lewens en tye van die skrywers (60). Afdeling C : bly dieselfde. Hierdie leergang is deur die matrikulasieraad goedgekeur en sou in 1937 in werking tree.

Ma bekendstelling van die nuwe leergang het daar sodanige beswaar aan die kant van onderwysers ingekom dat die studiekomitee vir Latyn op 10 Januarie 1936 'n spesiale vergadering moes hou om die situasie te bespreek. Teenwoordig was prof. F. Postma (voorsitter) prof. Bowles, mej. Lindsay, mnre. Crouch, Malan, Muller, en op uitnodiging prof. le Roux, die eksaminator vir 1935. Die aanbevelings van hierdie komitee was (I) dat die vorige besluit herroep word, (II) dat die leesstof dieselfde bly as in die 1933 leergang, (III) dat 'n klein meerderheid van die onderwysers ten gunste van die insluiting van 'n voorgeskrewe tydperk in die Romeinse geskiedenis is; (IV) dat afdeling B en C omgeruil word; (V) dat aan B 50 in plaas van 60 punte en aan C(3) 50 punte in plaas van 40 punte toegeken word. Die wenslikheid om C(3) (vertaling van 'n stuk prosa in Latyn) heeltemal

/219 weg te

1) Notule G.M.R. 1, 2 en 3 Julie 1935.

weg te laat is bespreek, maar uiteindelik is besluit om hierin geen verandering te maak nie. Hierdie aanbevelings van die subkomitee is op 13 Januarie deur die matrikulasieraad aangeneem, en het feitlik neergekom op die kansellering van die nuwe leergang van 1937 en die handhawing van die leergang van 1933. Skole is in 'n omsendbrief op 28 Januarie 1936 van die nuwe wending in kennis gestel.

In Julie 1936 het daar egter 'n ironiese situasie ontstaan, toe aan die matrikulasieraad gerapporteer is dat sedert die kennisgewing aan die skole soveel protes teen die kansellering van die 1937 leergang ingekom het; "some considering it a retrograde step and others pointing out that considerable expense had been incurred in purchasing the books thus discarded," dat die voorsitter van die studiekomitee, prof. F. Postma, aanbeveel het dat beide die ou (1933) en die nuwe (1937) leergange toegelaat moes word. Die voorsitter van die matrikulasieraad het hierdie aanbeveling bekragtig sodat skole op 17 Februarie 1936 alreeds weer in kennis gestel is van die twee alternatiewe leergange. Die raad het hierdie reëling bekragtig en die dubbele stelsel het tot 1941 in swang gebly. Die verskil tussen leergange I en II het egter net in Afdeling A gelê; afdelings B en C was identies. Oor die sukses daarvan is teenstrydige getuienis. Die eksaminator vir 1937 het gerapporteer: "The experiment of having two syllabuses for Latin has been a success. The results warrant a continuation of the scheme," maar 1939 se eksaminator, prof. J.A. Ross, het die stelsel as ongewens bestempel.

Na aanleiding van laasgenoemde kritiek het die studiekomitee vir Latyn in Januarie 1940 besluit om vanaf 1942 'n nuwe leergang in werking te stel:
Afdeling A.(1) Vertaling van drie stukke uit vier geneem uit die voorgeskrewe boeke. (90)

(11) Vertaling van een prosastuk uit Caesar of Cicero maar nie uit die voorgeskrewe boeke nie. (40)

(111) Skandering van normale heksameters en pentameters. (15)

Afdeling B.(1) Vertaling van kort sinne geneem uit die voorgeskrewe boeke met vrae oor woord en sinkonstruksies (30).

(11) Regstreekse vrae oor formele grammatika gebaseer op die voorgeskrewe boeke. (30)

(111) Vertaling in Latyn van kort sinne en van 'n kort deurlopende stuk prosa gebaseer op die voorgeskrewe boeke. (85)

Afdeling C : 'n Keuse van vrae oor die algemene inhoud van die aangeduide boeke en oor die lewe en tye van die skrywers. (60).

Vir 1942 is die volgende boeke voorgeskryf:

Caesar : de bello civili, I en II; Cicero: pro lege Manilia; Ovidius: Selections 1 - 24 (Freeman); Vergilius: P.J. Loseby se Roman Aeneas (1-435).

Die studiekomitee, wat hierdie keer bestaan het uit prof. F. Postma (voorsitter), proff. Haarhoff en Rollo, eerw. Clarke en mej. Lindsay, het met hierdie leergang die volgende prinsipes gehandhaaf: (1) voorgeskrewe boeke van bepaalde skrywers in die plek van voorgeskrewe skrywers; (11) vier boeke voorgeskryf soos in leergang II van 1937; (111) toespitsing van die hele leergang

om die voorgeskrewe boeke. Dit is gesonde beginsels; geen wonder dus ook dat dit nie alleenlik algemene bevrediging gegee het nie, maar dat dit die vorming van die leergange van die onderwysdepartemente in die Transvaal, die Oranje-Vrystaat en die Kaap-provinsie geweldig beïnvloed het nie. Met regmatige trots op sy werk kon die studiekomitee op 17 Januarie 1946 soos volg¹⁾ rapporteer: "Die komitee het verder met genoeg kennis geneem van die Moderator in Latyn dat die eksamen algemeen bevrediging gegee het, en dat die vrees wat gekoester is aangaande vrae oor die inhoud van voorgeskrewe werke ongegrond is daar kandidate deur hulle antwoorde getoon het dat 'n behoorlike studie van die inhoud gemaak is."

(e) Die junior sertifikaat-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika.

Die leergang vir die eerste junior sertifikaat-eksamen van die Universiteit van Suid-Afrika het plaasgevind volgens dié van die Universiteit van Kaap die goeie Hoop. In 1927 is afdeling II(b) nader omskrywe. In 1928 is die punte vir afdeling I (grammatika) van 150 na 100 verminder en afdeling II(b) (vertaling in Latyn) van 50 na 100 verhoog is. Die gevolge van hierdie oorbenadrukking van vertaling in Latyn het nie agterweë gebly nie. In 1933 waarsku die eksaminator in sy rapport "it would almost appear as if more attention was being paid in the schools to this part of the work than to the other. We would commend the zeal of the teachers in the one direction, but urge them to greater effort in the other." In 1938 stel die eksaminator se rapport dit baie sterker: /222 "The

1) Notule G.M.R. Januarie 1946.

"The advisability of reading some easy selections from Caesar during the two years preceding the Junior Certificate Examination may perhaps be suggested ----. The sentences for translation into Latin proved the salvation of many of the weaker candidates. If this be due to the fact that almost undue emphasis is being laid on this portion of the syllabus, the reflection is at least comforting."

In 1944 is 'n breedvoerige beskrywing van die onderdele van afdelings A en B(b) (vroeër afdelings I en II) bygevoeg asook 'n wysiging in die punteindeling: afdeling A. 120; afdeling B(a) 100 en afdeling B(b) 80.

(f) Departementele eksamens van die departement van onderwys in die Kaap-Provinsie.

(1) Die senior sertifikaat-eksamen:

Van departementsweë het die eerste leergang vir Latyn in 1899 met die instelling van die "High School Course" verskyn.¹⁾ Dit was opgestel vir die klasse A, B, C en D afsonderlik. Vir std. A is buigingsleer en eenvoudige sintaksis voorgeskryf: "any textbook similar to Macmillan's Latin Course part II." Die leergang vir std. C is nog vaer: "Accidence, simple syntax, parsing and analysis of easy sentences from the Latin reading book used in class. (onderstreping deur my) Std. D se leergang is tiperend van daardie tyd: "Translation into English of work set for the University matriculation examination, with study of special points of grammar involved. Accidence, simple syntax, parsing and analysis
/223 of

1) Board of Education : Special Reports on the systems of Education in the Cape Colony and Natal, 1901, 102.

of sentences. Translation from and into English detached sentences and continuous prose passages." Die laaste gedeelte is natuurlik nog 'n erfenis van die formalisme.

Nadat die departement van onderwys besluit het om vanaf 1921 'n eie junior sertifikaat-en vanaf 1923 'n eie senior sertifikaat-eksamen af te neem is op 24 Februarie 1921 'n departementele eksamenkommissie saamgestel, hoewel die eerste permanente eksamenkommissie eers op 16 Februarie 1922 aangekondig is. Dit het bestaan uit vier verteenwoordigers elk van die S.A.O.U. en S.A.T.A., een verteenwoordiger van blanke onderwysers aan inboorlingopleidingskole, en tien verteenwoordigers van die departement van onderwys. Mnr. C.E.Z. Watermeyer, B.A. L.L.B, inspekteur van skole, was die eerste voorsitter.

Op 16 Junie 1921 is 'n konsep-leergang vir stds. IX en X gepubliseer. Hierdie leergang bevat baie interessante gedagtes, wat van des te groter waarde is omdat dit so summier agterweë geskuif is, want op 20 Oktober 1921 is 'n ander leergang met 'n totaal ander rigting gepubliseer. Die leergang van 16 Junie bevat die volgende hoofgedagtes: ¹⁾ "(A) Translation and composition. (a) Translation from Latin of detached sentences, of a prose passage; and of a passage of simple verse. (b) Translation into Latin of short detached sentences, to illustrate important points in grammar and structure of Latin; (c) and either translation into Latin of an easy passage of prose, or a short composition (which may be /224 a dialogue

1) Die Onderwysgaset, 16 Junie 1921.

a dialogue) in Latin on a prescribed subject. (B) Grammar. General range as far as concerns regular forms and uses and such irregular forms as are of frequent occurrence in ordinary Latin. (C) History. To answer briefly one of a number of easy questions."

Verder volg dan in verband met die leeswerk interessante wenke wat onder die afdeling oor metode bespreek sal word. Oor afdeling C vind ons hierdie raak motivering: "C is included mainly to counteract any tendency which may exist to make the study of Latin a narrowly linguistic discipline. The pupils should have something like an intelligent historical background to their studies and should understand - at least broadly - the place of Rome and the Latin language in the history of Europe." (onderstreping deur my).

Hierdie sonstraal van visie en korrekte perspektief op die studie van Latyn is egter spoedig uitgedoof, want in die leergang wat op 20 Oktober 1921 gepubliseer is, lui (a) en (b) van afdeling A dieselfde, maar A (c) is verander na: "either translation into Latin of an easy passage of prose, or translation from Latin of a more difficult passage from a book specially prescribed, e.g. Vergil's Aeneid or Caesar's Civil war or Cicero's Letters or Ovid's Metamorphoses."¹⁾ (onderstreping deur my) Afdeling B bly dieselfde maar afdeling C is heeltemal oorbord gegooi. Op 17 Desember 1921 is die leergang in sy finale vorm gepubliseer. 'n Verdere belangrike verandering is aangebring ten opsigte van A(c), wat nou /225 lui

1) Die Onderwysgaset, 20 Oktober 1921.

lui: "Translation into Latin of an easy passage or passages of prose."¹⁾ Dit beteken dat van die voorskryf van boeke afgesien is. Ter ere van die eksamenkommissie moet hier egter gekonstateer word dat die verandering op aandrang van die matrikulasieraad gedoen is en onder protes van die departementele eksamenkommissie. Op sy vergadering van 8 Desember 1921, met watter geleentheid hierdie verandering gedoen is, het die eksamenkommissie die volgende besluit: "The sub-committee's recommendation that the alternative to continuous prose be deleted was carried ... Though no formal motion was taken, it was understood that the Department's representatives at the forthcoming meeting of the Joint Matriculation Board would make it clear that this had been done in deference to what were understood to be the requirements of the Board, and that the Committee favoured such an alternative as had appeared in the printed draft syllabus."²⁾

Toe die eerste eksamen vir die senior sertifikaat dus in 1923 plaasgevind het,³⁾ is die vraestel volgens die volgende leergang opgestel:

"A. Vertaling en Stel.

(a) Vertaling uit Latyn van los sinne, van 'n stukkies of stukkies prosa, of van 'n stukkies of stukkies poësie.

(b) Vertaling uit Latyn van kort los sinne om belangrike punte in die grammatika en samestelling van die Latynse taal te verduidelik en toe te lig. |

(c) Vertaling in Latyn van een of meer gemaklike stukkies prosa.

/226 B. Taal-

1) Ibid., 17 Desember 1921.

2) Notule D.E.K., 8 Desember 1921.

3) Kaap die Goeie Hoop : Handboek vir die junior en senior sertifikaat, 1925.

B. Taalkunde. Algemene besonderhede oor Latynse buigingsleer en sintaksis sover dit betrekking het op reëlmatige vorme en gebruike, en sulke onreëlmatige vorme as dikwels te vind is in gewone Latyn."

Die punteindeling was: buigingsleer- 100; sintaksis- en vertaling in Latyn - 100; vertaling uit Latyn - 100. In 1925 is dit verander na 80, 110 en 110 respektiewelik.

Hierdie leergang het geen eenheidsgedagte bevat nie, en het oorgehel na oorwaardering van taalkunde soos blyk uit die punteindeling en die vraestel van die eerste eksaminator, mnr. S.D. Stoops.¹⁾ In 1928 is die laaste gedeelte van afdeling B: "en sulke onreëlmatige vorme ..." weggelaat, sodat net 'n kennis van reëlmatige vorms vereis sou word.

Die rigtinggewende rol wat 'n bekwame eksaminator kan speel blyk duidelik uit die optrede van mnr. O.J.S. Satchel, M.A., die eksaminator van 1928 tot 1933. Hy het na sy eerste vraestel 'n skema waarvolgens hy in die toekoms graag die vrae wou stel, aan die departementele eksamenkommissie voorgelê. Op 19 Maart 1930 het die d.e.k. die skema oorweeg, en in die onderwysgaset is kennis gegee²⁾ dat vanaf 1936 die vraestel soos volg ingedeel sou wees: "(a) verskeie prosastukke in Latyn vir vertaling, ingedeel van 'n eenvoudige tot 'n taamlike moeilike. (b) Twee kort stukke Latynse poësie vir vertaling, die een maklik en die ander moeiliker. (c) 'n Getal sinne vir vertaling in Latyn om die meer belangrike beginsels van Latynse sintaksis toe te lig. (d) 'n /227 aaneen-

1) Vgl. besware teen vraestel van dieselfde eksaminator, bl. 233.

2) Die Onderwysgaset, 5 Junie 1930.

aaneengeskakelde prosastuk om in Latyn vertaal te word, van omtrent dieselfde standaard van moeilikheid as vraag 10 in die vraestel van Desember 1929. (e) Vrae oor spraakkuns, wat ontstaan uit die uitgesoekte stukke vir vertaling onder hoofde a en b hierbo." In die Onderwysgaset van 11 Junie 1931 is 'n proefvraestel gepubliseer.

Nogtans het alles sterk daartoe meegewerk om die Latynse kursus meer as ooit tevore op die eksamen toe te spits. Geen wonder dus dat skerp kritiek aan die kant van die onderwysers ontlok is nie. Op 30 September 1931 moes die departementele eksamenkommissie aan die subkomitee vir Latyn en Grieks opdrag gee "to consider whether any change in the syllabus is necessary, and if so, in what form the paper should be set." Op die volgende vergadering, 11 Januarie 1932, het die subkomitee aanbeveel: "(1) that direct questions on accident be eliminated; (2) Marks: Translation into English or Afrikaans: 160. Syntax - 70, retranslation into Latin - 70." (Die departementele eksamenkommissie het die woord "retranslation" verander na "translation"). Wat die vorm van die vraestel betref het die subkomitee aanbeveel: ¹⁾ "Translation: (a) graded Latin passages of prose: (1) a passage of the standard of Eutropius or the easiest Caesar and Nepos. (11) A passage of the standard of Caesar or of Nepos with short periods. (111) Eight lines of verse. Syntax and Translation: a continuous prose passage of /228 about

1) Notule d.e.k. 11 Januarie 1932.

about 100 words of Afrikaans and English." Vir laasgenoemde word prof. Lodge se woordeskat aanbeveel.

Hierdie leergang is goedgekeur en sou van 1934 in werking tree. Die kommentaar van die matrikulasieraad is egter opmerklik: (1) dit is nie wenslik om melding van prof. Lodge se woordeskat te maak nie; (2) dit is nie wenslik om skandering uit te laat nie; (3) sekere bewoordige moet verander word. Die departementele eksamenkommissie het besluit om nie aan punte (1) en (2) toe te gee nie. Maar op sy vergadering van 10 Januarie 1934 het 'n splinternuwe moeilikheid opgeduik, want die subkomitee het gerapporteer dat die S.G.O.: "desires the D.E.C. to suggest, as a guide to schools, two prose books and two books in verse suitable for use." Om die wens van die S.G.O. uit te voer, het die subkomitee aanbeveel dat onderwysers vry moes wees om enige uitgawe van Caesar of Ovidius te laat lees en dat 'n leeskursus van 800 reëls van Ovidius en twee of drie boeke van Caesar genoegsaam sou wees. Hierdie aanbevelings is aangeneem en die nuwe leergang verskyn in die 1934 handboek met 'n inleiding om die bykomende informasie hierbo genoem aan te kondig. Die volgende paragraaf van die inleiding het egter die sserste skaafplek van die nuwe leergang aangedui: "Dit is noodsaaklik dat onderwysers die inhoud sodanig sal behandel, dat dit belangstelling in die onderwerp opwek en tergelykertyd 'n geskikte agtergrond in die geheue van die leerlingeskop. Die studie van poësie behoort met oefening in eenvoudige skandering gepaard te gaan. Skandering en inhoud sal egter geen deel van die eksamen uitmaak .

1)
nie." (onderstreping deur my).

In Januarie 1937 het die departementele eksamenkommissie op aanbeveling van die subkomitee die punteindeling soos volg verander: A - 160 punte, B - 90 punte, en C - 50 punte.

Maar ook hierdie leergang het baie kritiek aan die kant van die eksaminator en onderwysers uitgelok, sodat die departementele eksamenkommissie in Januarie 1938 'n subkomitee (Dr. Rollo, mej. Hawkins en mnr. Stoops) aangestel het om die leergang te ondersoek. Hierdie komitee het aanbeveel dat die punteverdeling effens verander en soos volg moet wees: Afdeling A: - 140, afdeling B - 110 en afdeling C - 50; en dat skandering in afdeling B ingesluit moet wees. Prof. Lodge se woordeskat moet alleenlik as standaard vir die eksaminator dien. Hierdie aanbeveling behalwe dié oor skandering, is aanvaar.

Op sy vergadering in November 1942 het die departementele eksamenkommissie 'n skrywe van die moderator, prof. T.J. Haarhoff, behandel. Dit was die begin van 'n splinternuwe leergang. Eerstens wys prof. Haarhoff die d.e.k. daarop dat dit heeltemaal duidelik is uit die antwoorde van kandidate dat skandering nie behandel word in die skole nie, en dat dit 'n noodsaaklikheid is om poësie reg te lees. Verder behandel hy 'n baie essensiële saak: "It seemed clear that some candidates had read the passages that are officially set as "unseen". Why not prescribe a range of reading /230 such

1) Departement van openbare onderwys : Handboek vir junior en senior sertifikaat, 1934, 80.

such as could be read through once by the normal class. This would give an opportunity for all to have done the prescribed books. You could then further test them by an "unseen" Caesar passage. It was found this year in the matriculation examination that the unseen was often done better than the "set" passages. Prescription of books would also give an opportunity for questions on the lives and times of the authors. This question has become a conspicuous success in the matriculation examination. It would also solve the question of the verse passage, which in the experience of all the provinces is difficult to set and is a thorn in the side of the weaker brethren."¹⁾

Ongelukkig was die reaksie op hierdie gesonde advies byna heeltemal negatief. Skandering is wel ingesluit, maar die subkomitee se aanbeveling was dat die res van die leergang bly soos dit was. Die interessante aanbeveling is egter gemaak dat die d.e.k. 'n komitee benoem om die wenslikheid te oorweeg om afdeling C (vertaling in Latyn) te behou, en of daar nie liewers 'n addisionele stuk vir vertaling uit Latyn bygevoeg moet word nie. Die d.e.k. het daarop so 'n subkomitee (mnre. H. Bowden en P. Roos) benoem en op die vergadering van Januarie 1943 het hulle aanbeveel: "That the whole C should be deleted and the following substituted: Translation from Latin: To prepare for section C teachers are advised to read with their pupils two complete books of Cicero." Boeke wat aanbeveel maar nie /231 voorgeskryf

1) Notule d.e.k. November 1942.

voorgeskryf word nie is: in *Catilinam*, de *senectute*, de *amicitia*. Die bedoeling was egter nie om vertaling in Latyn heeltemal af te skaf nie, maar net die stuk prosa.

Terselfdertyd is 'n tweede nota van die moderator aan die subkomitee voorgelê. In hierdie nota verwys hy weereens na die onmoontlikheid om geskikte versreëls te vind: "far better to have a prescribed book or books that can be read in the time available and demand a higher standard of translation and a knowledge of context and historical background."

Daarop het die subkomitee in November 1943 die volgende leergang by die d.e.k. aanbeveel:¹⁾

"A. Translation from Latin:

(a) Graded Latin passages of prose: (1) a passage of Caesar with short periods (2) a passage of Caesar with long periods. (b) Two passages of average difficulty from Cicero. (c) About eight lines of verse (Ovid).

B. Syntax and Scansion.

Marks A - 210; B - 90."

Die konsep-leergang is in "Die Onderwysgaset" van 4 November 1943 met verduidelikende opmerkings gepubliseer en kritiek daarop is afgewag. Die subkomitee, bestaande uit mnr. H.S. Bowden, O.P. Truter, P.J. Roos en mej. E.B. Hawkins, het die aanbevelings van onderwysers gesif. Dit het op die volgende neergekom:

(1) Caesar en Cicero is te veel; (2) 800 reëls poësie /232 is te

1) Notule d.e.k. November 1943.

is te veel; (3) besware teen die invoer van skandering; (4) een onderwyser stel afskaffing van vertaling in Latyn voor; (5) besware teen woordeskat van prof. Lodge; (6) sommige onderwysers wys op die eenheid wat daar tussen junior- en senior Sertifikaat behoort te wees; (7) sommige onderwysers verkies 'n bloemlesing; (8) een onderwyser probeer uitgaan van die doelwit van Latynonderwys. By die September-vergadering van die d.e.k. in 1944 is die aanmerkings van die moderator op die ontwerp-leergang behandel: (I) dit is 'n stap vooruit; (II) die historiese agtergrond van boeke en skrywers moet ingesluit word; (III) die stelsel van voorgeskrewe boeke word aanbeveel; (IV) Prof. Lodge se woordeskat moet nie genoem word nie.

Weereens is aan die versoek van die moderator nie voldoen nie, want die finale leergang wat in "Die Onderwysgaset" van 30 November 1944 gepubliseer is en in Januarie 1947 in werking sou tree, bevat nog maar die elemente waarteen hy beswaar gemaak het:

A. Vertaling uit Latyn (200 punte).

(a) Gegradeerde Latynse prosastukke:

(I) 'n Eenvoudige stuk uit Caesar (40).

(II) 'n Meer ingewikkelde stuk uit Cicero (50).

(b) Een stuk uit Cicero wat middelmatig moeilik is (55).

(c) Ongeveer tien of twaalf reëls digwerk (Ovidius of Vergilius) (55).

B. Sintaksis en skandering -(100 punte)

1. Verduideliking van sintaktiese vorms. (60).

2. Skandering van normale pentameters en heksameters (10 punte).

3. Vertaling in Latyn van eenvoudige lós sinne om die gewone vorms en sintaktiese gebruike te toets (30). Prof. Lodge se woordeskat word weereens as standaard gestel.

(11) Die Junior sertifikaat-eksamen

Die leergang in Latyn in stds. A en B volgens die "High School Course" is in 1918 hersien en in fynere besonderhede uitgewerk, en in "Die Onderwysgaset" van 6 Junie 1918 gepubliseer. Toe die leergang vir die eerste Junior sertifikaat-eksamen opgestel moes word, is hierdie leergang effens omgewerk en beter gesistematiseer, maar in wese net so oorgeneem. Dit is in "die Onderwysgaset" van 18 Maart 1920 gepubliseer met verklarende opmerkings daarby; maar dit het die oorspronklike vorm van die verdeling in twee standerds (VII en VIII) behou. Die finale leergang is op 20 Oktober 1921¹⁾ bekendgemaak. Eintlik het dit drie hoofafdelings bevat: buigingsleer (100 punte); sintaksis en vertaling in Latyn (100 punte) en vertaling uit Latyn (100 punte).

Nes sy prototipe, die junior sertifikaat van die Universiteit van Suid-Afrika, het hierdie leergang volgens die doelwit wat gestel is, stereotiep gebly. In 1928 het die prinsipale van die Collegiate hoër meisieskool in Port Elizabeth 'n opspraakwekkende brief aan die d.e.k. geskryf en haar teleurstelling oor die tipe vraestel uitgespreek: "It is recognised by the teaching profession that the pupil should be trained as soon as possible to translate the new language and that grammar difficulties and explanations should be given when met

with and alongside the translation. The paper this year appeared to expect the method grammar first and then translation. I consider it would be much more in accordance with modern methods of language teaching to give two continuous pieces of translation, from Latin into English and to give not more than five grammar questions. Teachers would then realise that they were on the right lines when they adopted the more vivid and live method of teaching Latin by speech and by much translation. The paper set for 1928 appears to favour the old dead method which the teachers have been striving to abolish."

Hierdie brief is na die eksaminator verwys, maar hy het nie kans gesien om aan die eis te voldoen nie.

Met geringe en onbelangrike wysigings in 1929, 1936, 1937 en 1939 (meestal ten opsigte van bewoording) het die leergang eers in 1947 'n noemenswaardige verandering ondergaan. Na die publikasie van die ontwerp-leergang in "Die Onderwysgaset" van 10 Mei 1945 is dit in 'n finale vorm in "Die Onderwysgaset" van 1 November 1945 gepubliseer. Dit bestaan uit vier dele:

- A. Buigingsleer (80 punte)
- B. Eenvoudige sintaksis (50 punte).
- C. Vertaling in Latyn van nie meer as sewe sinne gebaseer op die inhoud van afdelings A en B nie (50 punte).
- D. Vertaling uit Latyn (1) sewe sinne om konstruksies onder afdeling B te illustreer; en (11) 'n stuk wat vyftien reëls eenvoudige prosa bevat (Eutropius, Nepos, vereenvoudigde Caesar, Aulus Gellius of Quintus Curtius

word aanbeveel). (120 punte: (1) - 40; (11) - 80).

(g) Departementele eksamens van die departement van onderwys in die Transvaal.

(1) Die eindsertifikaat van die middelbare skool:

Die eerste uitgewerkte senior leergang vir Latyn in die Transvaal is dié van die "Leaving Certificate" in 1903. Dit is kortaf onder vier afdelings gestel: ¹⁾

- "1. Translation at sight of passages of average difficulty from standard Latin authors.
2. Translation from English into Latin of (a) detached sentences; (b) a passage of continuous prose.
3. An accurate knowledge of the rules of Latin accidence and Syntax, and an acquaintance with the ordinary rules of Prosody.
4. A brief outline of Roman History down to the death of Augustus."

In die handboeke oor leergange van 1909 en 1919 vind ons net die leergange tot die "School Certificate" eksamen; vir verdere studie is na die matrikulasielleergang verwys. Toe die eerste leergang vir die eindsertifikaat in 1921 saamgestel moes word, was daar dus eintlik geen ander Suid-Afrikaanse prototipe vir die samestellers as die matrikulasielleergang nie.

Volgens die leergang wat vir die eerste eksamen in 1921 voorgestel is sou daar twee trappe wees (gelykstaande met stds. IX en X). Trap 1 kursus was merendeel ²⁾ formeel:

"1. Accidence.

11. (a) Ability to write short explanatory notes on words /236 illustrating ...

1) T.E.D. Report, 1903, appendix N, 125.

2) T.O.D. Handboek vir die eindsertifikaat van die middelbare skool, 1921-22.

illustrating grammatical construction. (b) Translation of sentences of a simple type from English or Dutch into Latin. (c) Translation of sentences of a simple type from Latin into English or Dutch.

III (a) Short straightforward passages (one prose and one verse) for translation into English or Dutch from wellknown authors suitable for reading in this form.

(b) One short passage for translation into Latin from English or Dutch."

Die punteindeling was soos volg: Buigingsleer en sintaksis 60 punte, vertaling uit Latyn 80; vertaling in Latyn 60.

Trap II het ingesluit:

"Lower Grade: At this stage the candidate's knowledge of Latin should be tested by his ability to translate passages from prose and verse into English (175) and from English into Latin (125).

Higher Grade: At this stage the candidate's knowledge of Latin should be tested by his ability to translate passages from prose and verse into English, and from English into Latin (300). And by a further paper on the history of the period between the dates 91 B.C. and 14 A.D., including questions on constitutional, civic and social conditions of the period. (150). In die handboeke van 1906 is 'n ambisieuse leeskursus aanbeveel. Vir Trap I Caesar, Livius, Cicero, Ovidius en Vergilius, en vir trap II is Sallustius, Cicero en briewe van Horatius.

Die hoë punte wat aan vertaling in Latyn toegeken is, het al dadelik 'n verkeerde neiging by die onderwys

van Latyn laat ontstaan. Die eksaminator vir 1926, dr, H. O'Grady, het 'n lang rapport voor die raad van moderatore (onder wie se beheer die eksamen gestaan het en wat ekwivalent is met die departementele eksamenkommissie in die Kaap-provinsie) geleë en veral twee aanbevelings gedoen: (1) dat bepaalde boeke voorgeskryf word, maar so lank dat die kandidate nie stukke kan memoriseer nie; en (2) dat minder punte aan vertaling in Latyn toegeken word, want "die neiging is om die lees van Latynse werke te verwaarloos en te veel nadruk te lê op die vertaling van Engels en Afrikaans in Latyn." Hierdie brief is na die komitee vir die klassieke verwys, maar op 16 Junie 1927 het die raad van moderatore op advies van die komitee vir die klassieke besluit om geen verandering in die leergang aan te bring nie. 'n Verdere poging om 'n verbetering te probeer kry is deur die "High School Teachers' Association" aangewend toe dit op 8 Junie 1929 hierdie versoek aan die departement van onderwys gerig het: "That the allocation of marks in stage II be revised. At present an undue proportion of marks (125 out of 300) is given to the translation of English into Latin. We suggest that not more than one-third of the total marks be given to translation from English into Latin." Die raad van moderatore het egter op 10 Augustus 1929 besluit dat daar nie noodigheid bestaan om die huidige punteindeling te wysig nie.¹⁾

In 1930 is die verdeling van Latyn in Trap II in 'n /238 hoër

1) Notule raad van moderatore, 8 Junie en 10 Augustus 1929.

hoër en laer graad afgeskaf en aan die einde van 1931 was die laaste eksamen van trap 1, want in die volgende jaar sou die junior sertifikaat-eksamen die plek daarvan inneem.

Waar die neiging by die leergange van die matriculasieraad en die Kaaplandse departement van onderwys was om breedvoeriger en meer omskrywend te word het die Transvaalse leergang die teenoorgestelde geopenbaar, want in die handboek vir 1931 word die leergang uiters kortaf gestel:¹⁾

"Die kandidate se kennis van Latyn moet getoets word hoofsaaklik deur sy bekwaamheid om stukke van gewone moeilikheid uit Latynse prosa en poësie in Afrikaans of Engels, en uit Afrikaans of Engels in Latyn te vertaal.

Eksamenpunte: (1) Vertaling uit Latyn, 175.

(2) Vertaling in Latyn, 125.

Skrywers: Caesar, Livius, Cicero, Ovidius, Vergilius, Sallustius, Cicero (briewe) en Horatius."

Soos verstaan kan word moes hierdie leergang sterk kritiek van die kant van onderwysers uitlok. In 1934 het daar dan ook 'n aansienlike verbetering gekom. Op aanbeveling van die komitee vir die klassieke en die raad van moderatore het daar 'n beperking van die aanbevole skrywers gekom en is skandering ingesluit. Die hoër punte vir grammatika en vertaling in Latyn het egter onveranderd gebly:²⁾

/239 "(1) Vertaling ...

1) T.O.D. Handboek vir die eindsertifikaat, 1931-1933, 20.
2) T.O.D. Handboek vir die eindsertifikaat, 1934, 21.

"(1) Vertaling in die moedertaal van nie meer as twee prosastukke en een stuk poësie nie gekies uit die volgende skrywers: (a) Caesar en Ovidius (120); (b) vrae oor die tye en lewensgeskiedenis van die skrywers (30).

(2) Vrae oor die kandidaat se kennis van buigingsleer, sinsleer en skandering. (50)

(3) Vertaling uit die moedertaal van 'n aaneenlopende prosastuk gekies uit die werke voorgeskryf in paragraaf I. (100).

In 1935 is die punte vir (2) na 75 verhoog en is (3) soos volg ingedeel: ¹⁾ (a) onsamehangende sinne waarin punte van idioom en grammatika gekies uit die werke voorgeskryf in (1)(a) uitkom (30); (b) aanhoudende stukke prosa gebaseer op die bestudeerde werke (45).

Die belangrikste beweegredes van hierdie verandering was om die leergang van die eindsertifikaat makliker te laat aansluit by dié van die junior sertifikaat, ²⁾ Hoewel Vergilius ook aan die raad van moderatore in die konsep-leergang ingesluit is, het daarteen besware ingekom en is dit aanvanklik uitgelaat.

Die behoefte vir 'n nuwe leergang het die raad van moderatore genoop om aan die komitee vir die klas-sieke opdrag te gee om 'n nuwe leergang te oorweeg. Op 12 November 1937 is dit goedgekeur en van 1938 in werking gestel. Op dieselfde vergadering van die raad van moderatore het prof. F. Postma namens 'n subkomitee gerapporteer dat die subkomitee se bevinding is dat die vraestel soos toe gerangskik nie juis makliker as /240 dié van die ...

1) Ibid., 1935.

2) Notule Raad van Moderatore, 6 April 1935.

dié van die ander provinsies en matrikulasie is nie.

Die leergang van 1938 het egter 'n terugwaartse neiging getoon, want die vraag oor die lewens en tye van die skrywers moes hiervolgens uitgeskakel word, en die punte vir vertaling in Latyn is weer van 75 na 100 verhoog, terwyl die punte vir vertaling uit Latyn van 150 na 120 en punte vir sintaksis van 75 na 70 verlaag is. Afdeling 3 (b) sou voortaan 70 in plaas van 45 punte tel.¹⁾ Hoewel die leergang van 'n lang epiloog voorsien was om die belangrikheid van die nodige agtergrond te beklemtoon, verteenwoordig dit 'n steurende fase in die ontwikkelingslyn van die leerplan. Die enigste ligpunt daarin is dat Vergilius as 'n keuse teenoor Ovidius gestel is.

Geen wonder dus dat op die vergadering van 25 Oktober 1940 prof. T.J. Haarhoff aan die raad van moderatore kennis gegee het dat hy die kwessie van die leergang vir Latyn ter sprake gaan bring.²⁾ Intussen het die komitee vir die klassieke onder leiding van prof. Haarhoff as voorsitter 'n nuwe leergang saamgestel. Aangesien prof. Haarhoff ook die grootste aandeel in die vorming van die nuwe leergang vir matrikulasie gehad het, spreek dit vanself dat die voorgestelde leergang ooreenstemmend met dié van matrikulasie was. Toe die konsep-leergang op 18 en 19 April 1941 oorweeg is, was daar voor die raad van moderatore ook 'n memorandum deur prof. Haarhoff opgestel.
/241 Die

1) T.O.D. : Handboek vir die eindsertifikaat, 1938.
2) Notule : Raad van moderatore, 25 Oktober 1940.

Die hoofstrekking van die memorandum was om aan te toon dat vertaling in Latyn as hulpmiddel gewaardeer moet word, en dat 'n kennis van skandering noodsaaklik vir die verstaanbare lees van poësie is.¹⁾

Die konsep-leergang is daarop goedgekeur maar na die komitee vir die klassieke terugverwys om 'n herindeling van die punte te maak en op 7 November 1941 is die leergang, wat in 1947 nog onveranderd gehandhaaf word, goedgekeur en het van 1943 in werking getree.²⁾

"Afdeling I : Caesar en Cicero:

(a) Vertaling van prosa voorgeskryf uit Caesar en Cicero in die verhouding van twee tot een (Caesar 40 punte; Cicero 20 Punte).

(b) Vertaling van 'n stuk ongesiene prosa uit Caesar. (35)

(c) Grammatika oor normale konstruksies in verband met passasies in (a) en (b) (30)

Afdeling II : Vergilius en Ovidius:

(a) Vertaling van poësie voorgeskryf uit Vergilius en Ovidius (40)

(b) Grammatika oor normale konstruksies in verband met passasies in (a) hierbo. (20)

(c) Skandering van normale daktiliese heksameters en pentameters (15)

Afdeling III : Geskiedenis van die Romeinse tydperke waarin die skrywers geleef het. (40)

Afdeling IV : Komposisie : Vertaling uit Engels of Afrikaans in Latyn van nie te ingewikkelde sinne om die kandidaat se kennis van normale konstruksies te toets. (60)"
/242 met voldoening

1) Vir aanhalinge uit die memorandum sien bl. 269.

2) T.O.D. Handboek vir die eindsertifikaat, 1942 en 1945.

Met voldoening het prof. Haarhoff, ^{die} 1943 vraestel se moderator, wat terselfdertyd ook die ontwerper van die nuwe leergang was, aan die raad van moderatore gerapporteer: "It is gratifying to note that the new syllabus, adopted in conformity with the Board's syllabus, was a distinct success."

(11) Die junior sertifikaat-eksamen:

Net soos die eindsertifikaat het die junior sertifikaat sy voorganger in die "Lower Certificate" (later skoolsertifikaat) deur die departement van onderwys in 1903 bepaal. Dit het vier afdelings gehad: "(1) Translation at sight easy passages from Caesar and Nepos; (2) Accidence; (3) Syntax; (4) Translation from English into Latin of (a) detached sentences; (b) a short passage of continuous prose."¹⁾

In 1909 was daar nog geen verandering, ²⁾ maar in 1917 is 'n breedvoerige kursus van die sesde tot die negende skooljaar aangedui, en dan nog volledig uitgewerk vir die "gewone" metode en "direkte metode, gebaseer op 'Limen'", as alternatiewe. Volgens die eerste metode word as leeswerk aangedui Eutropius, Nepos, Caesar, Livius en Ovidius, en volgens die direkte metode 'n vertaling van "Limen" van Druce en Manduell, met hulp van Kennedy se "Latin Primer" en "Longmans Latin Course part III."³⁾

Toe die eerste leergang vir die junior sertifikaat - eksamen in 1932 deur die raad van moderatore saamgestel ⁴⁾ is, is dit per omsendbrief aan skoolhoofde bekendgestel. /243 In 1934

1) T.E.D. Report, 1903, appendix N, 123.

2) T.O.D. Bepalings en Leergangen, 1909, 85.

3) T.O.D. Leergangen, 1917, 15 - 18.

4) T.O.D. Omsendbrief Nr. 59 van 1932.

In 1934 is dit egter gepubliseer.¹⁾ 'n Baie lang uiteensetting met wenke oor die metode van onderwys het die leergang vergesel. Dit het uit twee afdelings bestaan: Afdeling A: Grammatika (50%): (1) Buigingsleer 34% (11) Sintaksis 16%.

Afdeling B: (1) Vertaling uit Latyn 30% (11) Vertaling in Latyn 20%.

Die volgende hulpmiddels word verder aan die hand gegee:

- (1) Nodige agtergrond vir die taal.
- (2) Korrekte uitspraak.
- (3) Juiste spelling.
- (4) Verband tussen Latyn en moedertaal.
- (5) Romeinse Geskiedenis en Oudheidkunde.
- (6) Modelverbuigings en vervoegings om te memoriseer.
- (7) Buigingsleer en sintaksis is 'n middel, nie 'n doel nie.

Op 12 November 1937 het die raad van moderatore 'n nuwe leergang vir junior sertifikaat goedgekeur. Dit het nou uit drie afdelings bestaan en is beter omskrywe:²⁾ "A: Buigingsleer; B: Sintaksis; C: Vertaling: (1) van maklike stukke uit Caesar en Eutropius; (2) Vertaling in Latyn van sinne wat 'n kennis van die buigingsleer en sintaksis in afdelings A en B verg." 'n Kandidaat sal by vertaling uit Latyn 'n keuse hê om twee van die volgende te doen: (a) 'n stuk prosa; (b) 'n tweede stuk prosa; (c) vyf los sinne. By die vertaling in Latyn word dit van /244 kandidate

1) T.O.D. Regulasies en sillabusse vir die Transvaalse Junior Sertifikaat, 1934.
2) T.O.D. Handboek vir die Junior Sertifikaat, 1938.

kandidate vermag om ses sinne, wat nie meer as twee belangrike konstruksies bevat nie, te vertaal. Hierdie leergang het in 1938 in werking getree, en behalwe 'n klein verandering (insluiting van die abl. abs. onder gebruik van die naamvalle) in 1942 hou dit in 1947 nog stand.

(h) Die Departementele eksamens van die Oranje-Vrystaat.

(1) Die skooleindsertifikaat:

Toe die Vrystaatse departement van onderwys 'n leergang vir die skooleindsertifikaat, waarvoor die eerste eksamen in 1938 plaasgevind het, moes saamstel, was dit in die gelukkige posisie om alreeds 'n eksamenraad in werking te hê en om nie alleenlik die ondervinding van die ander provinsies se eksamenkommissies maar ook hulle leergange ter beskikking te hê. Reeds in 1936 was die eerste studiekomitee vir Latyn al besig met sy werk, Die lede van hierdie komitee was: inspekteurs J. Enslin, (voorsitter) en C. de Wet, prof. J. Ross, mnre. I. Malan, King, Wuras, C.P. Venter en mej. Sandall.

Die leergang wat uiteindelik goedgekeur is vertoon dan ook die kenmerke van die ontwikkeling in daardie tyd in die ander provinsies:

"Afdeling A: Vrae oor buigingsleer, woordvorming en sintaksis (54 punte).

Afdeling B : Vertaling uit Latyn (1) vier kort stukke (twee prosa en twee poësie op elk van ondergenoemde skrywers. Kandidate mag drie uitkies (108); (2) Vertaling van vier kort Latynse sinne (12).

Afdeling C: (1) Vertaling in Latyn van vyf kort sinne om die kandidaat se kennis van naamval- en bysinkonstruksies te toets (25); (2) Vertaling in Latyn van 'n kort, maklike en deurlopende stuk prosa. (35)

Totaal 234 plus 116 van skoolrekord - 350.

Geen boeke is voorgeskryf nie, maar dit is by die onderwysers aanbeveel om van die boeke van die volgende skrywers met hulle leerlinge te lees:

Caesar, Cicero, Ovidius en Vergilius.

In 1939 is Vergilius uit die leergang uitgelaat en in 1941 is die punteindeling verander na: A: 80; B. 180; C. 90. Op aanbeveling van die studiekomitee (mnr. I.W. Malan (voorsitter), prof. F. Postma, dr. S. du Toit en mnr. Meiring) het die eksamenraad op 15 Oktober 1940 besluit om ook Cicero uit die leergang uit te skakel. Die matrikulasieraad het dit op 'n vergadering van 4 en 5 Julie 1941 goedgekeur, maar met die volgende kommentaar: "The chairman, after scrutinizing the syllabus and the moderator's comments, instructed the secretary to inform the department that while the omission of Cicero is regretted the Board does not disapprove of the change, but suggests that the whole Latin syllabus be discussed by the O.F.S. Examiner's Board."¹⁾ Sedert 1942 lees afdeling B. van die leergang dan: "vier kort stukke, waarvan twee op elk van bogenoemde skrywers. Hiervan mag kandidate drie kies." In sy rapport oor die vraestel van 1942 het die moderator, prof. T.J. Haarhoff, die stelsel van voorgeskrewe boeke bepleit:
/246 "Voorgeskrewe

1) Notule matrikulasieraad, 4 en 5 Julie 1941.

"Voorgeskrewe leeswerk met vrae oor die inhoud, soos in die matrikulasie-eksamen, sou myns insiens tot beter resultate lei." Hierdie wenke het spoedig vrug gedra. In April besluit die eksamenraad om skandering in te voer vanaf 1944. Dié sou 12 punte tel.¹⁾

Die studiekomitee van 1943-46 (mnr. I.W. Malan, voorsitter; prof. F. Postma, mnr. van Eyssen en Loubser) het die taak op hom geneem om 'n nuwe leergang uit te werk. Blykbaar was die aanleidende motief die feit dat die nuwe leergang van die matrikulasie-eksamen beter kanse aan kandidate gebied, het.²⁾ Op 5 Mei 1944 het die eksamenraad die konsep-leerplan van die studiekomitee bespreek en aangeneem nadat dit teen die einde van 1943 aan skoolhoofde vir kommentaar gestuur is.³⁾ Op 16 Junie 1944 het die matrikulasieraad sy goedkeuring daaraan geheg met die kommentaar: "Prof. Haarhoff welcomes it with enthusiasm."⁴⁾

Die leergang, wat in 1946 in werking getree het, kom baie nou ooreen met dié van die eindsertifikaat van die Transvaalse departement van onderwys en vir matrikulasie.⁵⁾

"Afdeling A: (a) Vertaling van drie stukke uit vier geneem, een uit elk van vier voorgeskrewe werke (75).

Die voorgeskrewe werke sal bestaan uit:

- (1) Een boek van Caesar se de Bello Gallico.
- (2) Een rede van Cicero (bv. in Cat. I of II ens.)
- (3) 'n Seleksie van Ovidius (bv. $\frac{1}{2}$ van Freeman /247 Seleksies)

1) Omsendbrief van departement van onderwys, 23 November, 1942.
2) Volgens 'n mondelinge mededeling van mnr. I.W. Malan.
3) O.V.S. Departement van onderwys, Z. 331/1 dl. II
4) O.V.S. Departement van onderwys, Z. 331/1 dl. III.
5) Onderwysdepartement O.V.S. : skool-eindsertifikaat, 1947.

Seleksies).

(4) Omtrent 300 versreëls uit Vergilius ~~se~~ Aeneis.

(b) Vertaling van een prosastuk geneem uit Caesar de bello Gallico, maar nie uit die voorgeskrewe werk nie (30).

(c) Skandering van normale heksameters of pentameters (10).

Afdeling B: (a) Vertaling van kort Latynse sinne geneem uit die voorgeskrewe werke, met vrae oor woord- en sinskonstruksie (25).

(b) Vrae oor grammatika, wat, sover moontlik, op die voorgeskrewe werke betrekking het (35).

(c) Vertaling in Latyn van kort sinne en van 'n kort en eenvoudige deurlopende stuk prosa gebaseer op Caesar (75).

Afdeling C: 'n Vraag oor die algemene inhoud van die voorgeskrewe werke en oor die lewe, werke en geskiedkundige agtergrond van die skrywers. (50)"

(11) Die Junior Sertifikaat:

Die departement van onderwys het in 1932 besluit om 'n eie junior sertifikaat-eksamen af te neem. Op 26 Junie 1932 is die regulasies deur die administrateur goedgekeur. Om leergange vir die verskillende vakke uit te werk is die voorsitters van studiekomitees op 22 Augustus aangestel. Vir Latyn is mnr. J.M. Meiring, hoof van Greykollege, as voorsitter benoem. Drie dae later het al die voorsitters 'n samespreking met die direkteur van onderwys gehad. Op 3 September is die leergange van die Kaaplandse en Transvaalse junior sertifikaat-eksamens aan mnr. Meiring gestuur. Daarop het die

studiekomitee vir Latyn, bestaande uit mnre. J.M. Meiring, (voorsitter), I.W. Malan, C.P. Venter, C.F. de Wet en J.F. van Eyssen, aan die werk gespring. Hoe deeglik te werk gegaan is blyk uit die feit dat die leergang behalwe punteindeling feitlik onveranderd gebly het. Op 9 September 1932 het die eksamenraad sy eerste vergadering¹⁾ gehou.

Die leergang, wat voorafgegaan is deur 'n pragtige en raak inleiding²⁾ het uit drie afdelings bestaan:

- A. Buigingsleer (120) Interessant hierin is die volgende onderdeel: "One general question will be set on the meanings of Latin phrases in everyday reading e.g. sine qua non, status quo, etc.)"
- B. "Translation from Latin of two easy short passages of a standard equal to the simpler parts of Nepos and Caesar, one of the passages to be an Anecdote." (100)
- C. Sintaksis en vertaling van sinne in Latyn (80).

Aan die einde van 1933 het die eerste eksamen met mnr. (nou prof. dr.) H. Blignault as eksaminator en mnr. J.M. Meiring^{as} moderator, plaasgevind.

Al veranderings wat sedertdien aangebring is, is dat in 1937, 1941 en 1945, die punteindeling gewysig is: 1937 : A. 90; B. 75; C. 60. 1941: A. 80; B. 65; C. 55. 1945: A. 120; B. 100; C. 80.

SAMEVATTING: Na 'n periode van individuele verantwoordelikheid teen die leergang het die eerste kontrole in 1858 gekom toe die "Board of Examiners" vir die leergang /249 van die ...

1) O.V.S. departement van onderwys, E. 2927,
2) Sien bl. 269.

van die "Third Class Certificate" verantwoordelik gestel is. Hierdie leergang het 'n breedheid van visie openbaar wat lateraan totaal verlore gegaan het en eers in die veertiger jare van die twintigste eeu weer na vore gekom het.

In 1874 het die matrikulasie-eksamen van die Universiteit van Kaap die Goeie Hoop begin; die leergang en veral die vraestelle hiervan toon duidelik aan dat daar 'n korrekte opvatting oor die eintlike doelwit van Latynonderwys gehuldig is. In 1913 is 'n totale ander rigting ingeslaan met die afskaffing van voorgeskrewe boeke. Hierdeur het Latynonderwys noodsaaklikerwyse meer formeel geword. Die matrikulasieraad het hierdie leergang in 1918 oorgeneem en dit het onveranderd van krag gebly tot in 1924, ten spyte van die feit dat 'n skitterende leergang al in 1918 bespreek en aangeneem is. In 1924 is die Latynse opstel afgeskaf. Eers in 1928 kom daar 'n wending. Die subkomitee vir Latyn het daarin geslaag om 'n leeskursus van bepaalde boeke te laat voorskryf. Dit was die begin van 'n nuwe fase in die ontwikkeling van die leergang. In die toekoms sou die stryd gaan oor hoeveel en watter boeke voorgeskryf moet word. Die hoeveelheid boeke wat voorgeskryf word het selfs daartoe gelei dat van 1937 tot 1941 twee alternatiewe leergange bestaan het, sekerliks' iets unieks in die onderwyswêreld. In 1942 het 'n stewige leergang in werking getree wat die beginsels van voorgeskrewe boeke van Cicero, Caesar, Vergilius en Ovidius handhaaf en verdor die hele leergang konsentreer op die voorgeskrewe boeke.

Die eerste leergang van die senior sertifikaat in die Kaap-provinsie het net so 'n geheimsinnige stukkie geskiedenis met sy ontstaan gehad. Dit is ook baie interessant om te konstateer dat die stelsel van voorgeskrewe boeke eers deur die departement voorgestaan is maar dat die matrikulasieraad dit afgekeur het! Waarskynlik is dit die verklaring waarom die Kaaplandse departement van onderwys die enigste is wat nie aan die versoek wou toegee om 'n leergang met voorgeskrewe boeke te aanvaar nie. Wat vertaling uit Latyn betref het die departementele eksamenkommissie vasgehou aan die beginsel van blote vertaling op sig, hoewel in 1932 die standaard op die van Eutropius, Nepos en Caesar vasgestel is. In dieselfde jaar het die S.G.O. self die kwessie van voorgeskrewe boeke te berde gebring, sodat in 1934 Caesar en Ovidius as aanbevole skrywers in die leergang genoem is. Skandering is egter nie ingesluit nie. Hoofsaaklik deur toedoen en aansporing van die moderator, prof. T.J. Haarhoff, het in 1947 'n nuwe leergang wat Caesar, Cicero, Ovidius of Vergilius as voorgeskrewe skrywers behels en skandering insluit, in werking getree.

Die leergang vir die Transvaalse eindsertifikaat het aan die begin 'n sterk formalistiese tendens getoon en 'n te ambisieuse leeskursus is aan die onderwysers voorgelê. In 1934 is die aanbevole skrywers aansienlik ingekort om net Caesar en Ovidius en vrae oor die lewens en tye van genoemde skrywers in te sluit. In 1938 was daar 'n tydelike terugslag maar nogmaals onder die leiding van prof. T.J. Haarhoff is in 1943 'n leer-

gang wat min of meer ekwivalent met die van matriculasie is in Transvaalse skole in gebruik geneem.

Die onderwysdepartement in die Oranje-Vrystaat het 'n goeie begin met sy eerste leergang vir die skool-eindeksamen in 1938 gemaak. Die beginsel van voorgeskrewe skrywers is dadelik gehandhaaf. In 1939 is Vergilius en in 1942 is Cicero egter uit die leergang uitgeskakel. In 1946 is die status quo gelukkig herstel toe beide Cicero en Vergilius weer in die leergang ingesluit is.

Wat die junior sertifikaat-eksamens van die verskillende liggame betref kan aangemerkt word dat hulle baie stereotiep is en almal uitgaan van die beginsels dat gedurende die eerste twee studiejaar die hoofnadruk op buigingsleer en sintaksis gelê moet word. Geen leeskursus word dus hier voorgeskryf nie.

H O O F S T U K VII.

'N KRITIESE BESPREKING VAN DIE HUIDIGE LEERGANGE.

(a) Praktiese faktore wat die samestelling van die verskillende leergange in Latyn beïnvloed het.

(1) Prosedure by samestelling van 'n leergang:

Die volgende memorandum opgestel deur Mr. A.M. Muller, hoof van die normaalkollege te Heidelberg, gee 'n baie helder insig in die prosedure wat by die samestelling van die leergange gevolg is: "The accepted procedure for drawing up a syllabus is: (I) A Committee is appointed for each subject; (II) the members of the committee come to an agreement as to what the content and length of the syllabus should be; (III) the draft syllabus is sent to the various vocational authorities and institutions for criticism; (IV) the final form of the syllabus is determined in the light of the criticisms submitted." ¹⁾ Dit stem volkome ooreen met 'n omsendbrief aan die verskillende skole van die onderwysdepartement in die Oranje-Vrystaat: "These syllabuses were drawn up exclusively by teachers in service. The Director appointed for each subject a Committee, consisting of teachers of that subject. These committees drafted the syllabuses and later on after considering the criticism submitted by the schools revised them. The syllabuses are now being sent to schools in their final form." ²⁾

Die faktore wat in hierdie prosedure die meeste invloed op die uiteindelijke samestelling van die leergang /253 bygedra

1) T.O.D.: Notule raad van moderatore 19 en 20 Mei 1938.

2) O.V.S. onderwysdepartement : notule eksamenraad.

bygedra het kan onder dieselfde vier hoofde bespreek word:

(1) die persone wat op die subkomitee aangestel word.

Die matrikulasieraad het gewoonlik die ewewig tussen professore (teoretici) en onderwysers (practici) bewaar; die Transvaalse onderwysdepartement het dit ook wel, maar in 'n minder mate gedoen; die Kaaplandse onderwysdepartement het baie min gebruik gemaak van die sogenaamde teoretici, maar aan die ander kant meer van die diens van inspekteurs van skole, d.w.s. oud-practici, gebruik gemaak; die Vrystaatse onderwysdepartement het, soos blyk uit die aanhaling hierbo, byna uitsluitlik diensdoende onderwysers op die subkomitee geplaas. Die praktyk het egter uitgewys dat die matrikulasieraad baie gouer die regte koers gevind het, en dat die onderwysdepartemente eers na sterk invloed van die matrikulasieraad tot nuwe insigte gekom het. Indien die matrikulasieraad dadelik die heel eerste leergang van die Cillie-onderkomitee in werking gestel het, sou daar nooit sulke skommeling gewees het nie.

Dit blyk dus dat vir die samestelling van 'n leergang 'n diepere insig in die wese van die taal, die doelwit van die onderwys van die vak, en die subtiele wisselwerking van die verskillende onderdele 'n essensiële faktor is. Hierdie diepere studie verwag 'n mens by die professore van die vak, en daarom het die matrikulasieraad verstandig gehandel om 'n suiwere ewewig te bewaar. Dit sou natuurlik netso dwaas wees om nie die praktyk daarby in te sluit nie. Maar die standpunt van die matrikulasieraad was in hierdie opsig altyd verstandig:

/254 "While

"While the Committee adheres to the principles by which it has been guided in the past, it feels that it must be guided by the experience of teachers in matters of arrangements and detail."¹⁾ Dieselfde gesonde beginsel kan ook binne die subkomitee gehandhaaf word, sodat teorie en praktyk van mekaar leer en mekaar aanvul. Nogtans bly dit 'n feit dat die uiteindelijke leergang grootliks afhanklik is van wie eventueel op die verantwoordelike komitee dien.

(11) Die eerste taak van die komitee is om te besluit wat die inhoud en omvang van die leergang moet wees. Mnr. Muller sê egter self daarvan: "In addition, experience only and, it must be said, existing textbooks, are often the main guides to the content of the syllabus."²⁾ Verder spreek hy die hoop uit dat 'n wetenskaplike ondersoek in hierdie verband nog ingestel sal word. Dit raak onmiddellik die kruks van die saak want net deur prinsipiële en diepgaande studie kan helderheid op hierdie probleem gewerp word. Met die bestaande leergange was daar egter merendeels praktiese oorwegings soos bv. die onmoontlikheid om 'n billike vraestel vir alle kandidate te vind as daar 'n vry leeskursus is; die feit dat leerlinge nie leer of geleer word wat nie voorgeskryf is nie; verkeerde metodes wat toegepas word om goeie eksamenuitslae te bekom en selfs die maklikheid of moeilikheid van die een provinsie se leergang teenoor die ander s'n.

/255 Die

1) Notule G.M.R. 1,2,3 Julie 1935.

2) T.O.D. : Raad van moderatore, 19 en 20 Mei 1938.

Die resultaat sal dus afhang van die oorwegende standpunt binne die komitee. Hierin lê ook die geheim agter die wisselende leergange. Dit is duidelik bewys dat 'n verandering in samestelling van 'n studiekomitee 'n wysiging in die leergang veroorsaak, want daardeur verkry die komitee 'n ander oordeelsewewig. Die enigste uitweg skyn te wees dat die komitee sy beraadslagings op 'n voorafgaande prinsipiële ondersoek van die probleem moet grondves, sodat die breëre visie en korrekte perspektief onbetwisbaar aangedui is. Die beste leergange het ook hulle ontstaan te danke aan 'n deeglike opgestelde memorandum vooraf, soos bv. die memorandum van prof. T.J. Haarhoff by die samestelling van die Transvaalse leergang in April 1941.¹⁾ In hierdie memorandum is die prinsipiële motivering van die belangrikste aspekte van die leergang vasgelê, en handelende hiervolgens het die komitee 'n hegte leergang saamgestel. Die praktyk het dus telkemale die onteenseglike waarheid bevestig dat die idee magtiger, en tewens ook bestendiger, as die praktiese oorwegings is. Hoe dieper 'n studiekomitee dus delf om die onbevleete en absolute grondbegrippe van Latynonderwys te ontdek, hoe skoner en onvergankliker sal die resulterende leergang wees.

(111) Wanneer die konsep-leergang aan die verskillende skole en onderwysoutoriteite vir konsultasie gestuur word beteken dit dat die bootjie op onstuimige waters kom. Die reaksie, wat sigbaar is in persoonlike briewe aan die onderwysdepartemente en matrikulasieraad, en in be-
/256 sluite

1) T.O.D. Notule raad van moderatore, 18 en 19 April 1941.

sluite van onderwysverenigings, is verbysterend. Die treffendste voorbeeld is seker die teenstrydige opvattinge wat gelei het tot 'n dubbele leergang vir matrikulasie van 1937 tot 1941. Veelseggend is ook die volgende sinnetjie in die reedsvermelde omsendbrief van die onderwysdepartement in die Oranje-Vrystaat: "On account of the contradictory nature of much of the criticism - some schools condemning what other advocated - it was impossible to incorporate all the suggestions put forward."¹⁾ Die werklike invloed van hierdie soort konsultasie is volgens die getuienis uit die notules van die eksamenrade onbenullig. Dit is sekerlik waar dat die onderwyskorps deur sy ontevredenheid oor 'n bestaande leergang by voorbaat 'n leergang se samestelling beïnvloed in daardie aspekte waaroor die ontevredenheid ontstaan, maar dat enige radikale veranderings in 'n konsep-leergang aangebring is op wenke van diensdoende onderwysers buite die studiekomitee kan alleenlik betwis word. Die teenoorgestelde is eerder waar: dat die meeste veranderings in leergange teen die wense van die moorderheid van onderwysers wat gereageer het op die konsep-leergang aangebring is. Die teenstand teen die insluiting van skandering by al die onderwysdepartemente se leergange, en die uitbreiding van die leeskursus in die Kaaplandse leergang is hiervan die sprekendste bewyse.

Hierdeur wil ons nie voorgee dat diensdoende onderwysers nie geraadpleeg moet word nie, maar deur hulle verteenwoordiging op die studiekomitee en deur hulle eie /257 studiekomitee

1) O.V.S. Onderwysdepartement, notule eksamenraad.

studiekomitee vir Latyn (iets wat elke onderwyserskorps behoort te hê) kan 'n baie besadiger en as 't ware gedistilleerde opinie van die onderwysers bekom word. Die praktiese onderwyser se grootste gevaar is om in 'n groef te kom: en die grootste hiervan is die eksamengroef. Byna elke onderwyser beland mettertyd hierin - nie deur sy eie skuld nie maar grotendeels deur ons stelsel - en 'n nuwe leergang word dan meestal vanuit die eksamenstandpunt bejeen, want die onderwyser "must deliver the goods." Ons neem hom dit nie kwalik dat hy dit noodsaaklikerwyse in sy daelikse werk doen nie, maar vir die samestelling van die ideale leergang moet ons bou op prinsipes en nie praktiese oorwegings nie. En eindelik moet ook nog in aanmerking geneem word dat gewoonlik net die ontevredenes van hulle laat hoor. Dit kan maklik 'n wanindruk verwek, soos dit werklik ook met die 1937 matrikulasiële-leergang gebeur het.

(IV) Die samevatting van al die uitgesproke opinies om die konsep-leergang in sy finale vorm te giet is gewoonlik nie 'n moeilike ^{taak} weens die genoemde redes nie. Byna sonder uitsondering is die konsep in sy oorspronklike vorm aanvaar, en wysigings wat daarna aangebring is, is op die eksamenrade aangebring nadat weloorwoë gedagtes daar uitgespreek is.

(2) Eksaminatore: Op stuk van sake is die eksaminatore enersyds die vertolkers van die leergang en andersyds die beoordelaars oor die welslae of mislukking van 'n leergang. Die tipe vraag in hulle vraestelle swaai die aandag van onderwysers en die rapporte oor die eksamens lê nadruk op bepaalde onderdele van die leergang.

Ongelukkig moet ons konstateer dat daar 'n spraakverwarring van Babel is ten opsigte van vertolking van die leergang en bepaling van aandag op verskillende onderdele van die leergange. 'n Paar voorbeelde kan voldoende bewys lewer:

Kaap-provinsie, 1922: Junior sertifikaat : "The translation from Latin was weak."

1923: Junior sertifikaat: "Few candidates could translate the short detached sentences into English."

1924: Senior sertifikaat : "The short Latin sentences and the prose unseen passage were done satisfactorily."

1925: Junior sertifikaat: "The translation into English was a weak feature and in many schools little time is evidently being given to this."

1925: Senior sertifikaat: "The short sentences for translation into English were very badly done in most instances. The short sentences for translation into Latin, on the other hand, were on the whole well done."

1926: Junior sertifikaat: "It is a curious fact that almost without exception the translation into Latin was done much better than the translation from Latin." (As die eksaminator die vorige rapporte gelees het, sou hy dit nie "curious" gevind het nie.)

1926: Senior sertifikaat: "The sentences and continuous prose for translation into Latin were creditably done."

1928: Junior sertifikaat: "As usual the translation from Latin was the weak point in the

majority of papers."

1928: Senior sertifikaat: "More attention should be devoted to translation from Latin as a fair facility in translation into Latin."

1929: Senior sertifikaat: "probably better work would be done in the schools, if the paper were confined to the translation of passages from and into Latin."

En hier is 'n contradictio in terminis of anders 'n taalkundige misterie:

O.V.S. 1939: Skooleindeksamen: "Die verandering wat aangebring is in verband met die lees van Latyn is 'n besliste verbetering, Die vertaling van die ongesiene stukke Latyn was dan ook een van die mees suksesvolle dele van die antwoorde. Die deel van die leerplan oor Grammatika en Sintaksis het skynbaar baie min aandag geniet."

'n Mens vra homself af hoe hierdie twee sake met mekaar te rym is, en as dit die werklike feit is dan is dit die duidelikste bewys dat 'n mens die eintlike doelwit, die lees en verstaan van Latyn, kan bereik sonder die beslommernis van sintaksis en grammatika!

Nogtans vind ons hierdie refrein tot vervelens toe in die verslae van die Vrystaatse eksaminatore:

1940: "Die afdeling sintaksis en grammatika word in baie skole waarskynlik geïgnoreer."

1943: "Hierdie deel van die leerplan word skynbaar verwaarloos."

1944: "Ek wil sterk aandrang op 'n beter kennis van grammatika."

Onheilspellend vir Latynonderwys klink die volgende woorde van 'n Vrystaatse eksaminator vir junior sertifikaat: "Dit blyk asof daar 'n gebrek aan daelikse Latyn drill is. Wat mees opmerklik is, is dat daar kandidate is wat nie eers kon begryp wat bedoel is deur "woordeontleding" nie."

Eindelik nog het hierdie voorbeeld om aan te toon hoe 'n eksaminator op 'n onbelangrike onderdeel kan hamer ten koste van die eintlike leesstof.

O.V.S. skooleindeksamen: 1940: Eksaminator kla oor die swak gehalte van die afdeling woordvorming.

1941: "Woordvorming was weer swak. Hierdie afdeling is ingevoeg om leerlinge 'n wyer belangstelling in die taal te gee maar ongelukkig moet die kandidate maar elke jaar reg raai."

1942: "Die vraag oor woordvorming het einde ten laaste in hoër mate tot sy reg gekom."

In die Transvaal het sommige eksaminatore weer net die teenoorgestelde in hulle rapporte probeer bewerkstellig. In 1941 maak die eksaminator vir die eindsertifikaat die volgende aanbeveling: "Accidence questions be omitted or drastically curtailed and be replaced by another translation." In 1942 stel hy dit effens anders: "The ability to use Latin appear to come through reading first and grammar second Even in Latin Grammar is the handmaiden of the language."

Daarteenoor is egter baie voorbeelde op te noem waar goeie eksaminatore die korrekte perspektief help bevorder het. Ons sal volstaan om een voorbeeld te noem:

mnr. O.J.S. Satchel, M.A., eksaminator vir die Kaaplandse senior sertifikaat in 1931 rapporteer soos volg: "Miskien is dit die mees uitstaande strekking wat die eksamen aan die lig gebring het, die ongelooflike aandag wat in 'n aantal skole aan vertaling in Latyn bestee word, waar die leërlinge baie swak in vertaling uit Latyn is. Dit is waarlik 'n geval van die kar voor die perde span, want die vermoë om Latynse prosaskrywers te kan lees en vertaal, behoort die hoofdoel te wees. Die skrywe van Latyn behoort pari passu met die lees daarvan onderwys te word, maar dit is nie reg om 'n leerling in die skrywe van Latynse sinne af te rig nie as geen vaardigheid in vertaling aangekweek word nie."

Hierdie voorbeelde, en talle ander wat opgenoem kan word, illustreer die stelling dat eksaminatore 'n geweldige invloed op die vertolking van 'n leergang het. Aanbevelings aan die eksamenrade het ook al dikwels tot hervorming van 'n leergang gelei; bv. het die klagte van die eksaminator in 1928 en 1929 dat leërlinge die voorgeskrewe boeke uit die kop leer eventueel tot 'n uitbreiding van die leesstof gelei soos deur hom aanbeveel.

Die vraag ontstaan of dit 'n gesonde toestand van sake is dat eksaminatore, soms met 'n gebrekkige perspektief, die vryheid besit om die weerlose onderwyserskorps so heen en weer te slinger. Ons insiens sou dit gerade wees om die verslag van die eksaminator aan die keuring van die moderator en eksamenraad te onderwerp voor publikasie, en as daar 'n ernstige saak is waarop die aandag gevestig moet word, dat dit eers na 'n studie-

1) komitee verwys word. Sodoende kan 'n bestendige en heilsame invloed in ooreenstemming met die wesentlike strekking van die leergang op die onderwys van die vak uitgeoefen word. Dit sal die gemoedere van die onderwyspersoneel ook gerusstel en baie groter waardigheid en waarde heg aan die verslae van eksaminatore.

(3) Moderatore: Al sou die matrikulasieraad niks anders bewerkstellig het nie as net die stelsel van moderatore vir die eindeksamens van die verskillende onderwysdepartemente, dan sou dit nogtans in ruime mate sy bestaan geregverdig het. Die heilsame invloed van die moderatore is haas onberekenbaar.

Die klassieke voorbeeld van hoe een moderator die leergange van die verskillende onderwysdepartemente 'n eenheidsbeeld kan laat aanneem is natuurlik die van prof. T.J. Haarhoff, wat direk of indirek die huidige leergange van matrikulasië en die van provinsiale onderwysdepartemente tot uniformiteit geïnspireer het. In 'n later afdeling van hierdie hoofstuk wil ons graag op hierdie grondgedagte verder bou.

(4) Die onderwyspersoneel: Teen die onderwyspersoneel van Latyn is al dikwels onsmaaklike taal gebruik. Die eerste eksaminator van die Transvaalse skoleindeksamen in 1921 het nie geskroom om te sê: "We do not hesitate to say that in a good many schools the teachers of Latin would have been better employed in teaching some other subject of which they had a better knowledge."

/263 Nog

1) Sien bl. 273.

Nog onlangs het die taal-kommissie beweër: "Dit kom voor asof onderrig in Latyn dikwels gegee word deur onderwysers wat nie die behoorlike bevoeglikheid daar-¹⁾voor besit nie."

Dat daar swak Latynonderwysers is sal niemand ontken nie (watter vak het nie sy swakkeling nie?) maar ons insiens moet die grondoorsaak nie by die onderwyser gesoek word nie. Dit is wel waar dat 'n swak onderwyser 'n leergang kan maak of breek, maar vir geïnspireerde belangstelling in die leergang (waarsonder sukses geen moontlikheid is nie) is dit noodsaaklik dat die onderwyser nie alleenlik binne die leergang die beweegruiimte vir sy besondere belangstellings vind nie maar dat hy langs die regte kanale ook 'n bouer aan die ideale leergang moet wees. Dit kan op verskillende maniere gebeur, maar hoofsaaklik deur gekontroleerde en langdurige eksperiment. Elke leergang word idealiter opgestel, maar moet noodwendig deur die verstandige eksperiment gekontroleer word. Die onderwyser moet dus inskaker in 'n doelmatige sisteem om die leergang uit te bou. Hoe dit gedoen kan word, word later bespreek. Dit alleen kan ons konstatêr dat in die verlede die onderwyserskorps 'n geringe en onwaardige aandeel in die bouwerk van 'n leergang gehad het.

(5) Die opvoedkundige denkrigting ten opsigte van die vak.

In Suid-Afrika word miskien nog meer as in Europese of Amerikaanse lande gevra na wat in ander lande gebeur in verband met 'n sekere saak. Die jongste ontwikkelings
/264 oorseë

1) Rapport Taalkommissie, 1941, 19.

oorsee het dan ook gewoonlik , ten goede of ten kwade, hulle weerklanke in ons opvoedkundige stelsel. Dit sou ook nie anders kan wees nie, want ons geografiese afgesonderdheid maak ons juis soms traag om op nuwe ingewings te reageer. Die jongste ontwikkelings in die leergang weerspieël ook op onmiskenbare wyse die denkrigtings oorsee; prof. Haarhoff noem dit ook in sy "memorandum on the proposed Latin Syllabus" met 'n nota bene:¹⁾
"This is the practice in the London matriculation."

(6) Tradisie:

As teenvoeter vir die invloed van die moderne denkrigting staan die tradisie vierkantig vyandiggesind. Die skynbaar chaotiese reaksie van die onderwyspersoneel is getuienis van die bindende mag van die tradisie; dit het selfs spreekwoordelik geword om te sê dat elke onderwyser op stuk van sake maar net so skoolhou soos sy onderwyser skoolgehou het. Met die samestelling van die leergange vir Suid-Afrikaanse skole het tradisie 'n omvangryke rol gespeel. Dit blyk veral uit die moeilike en langsame proses om ontdoening van 'n oorwaardasie van vertaling in Latyn en die onderverdeling van die vak in waterdigte kompartemente. Die volgende klag van die taalkommissie van onlangs nog is terselfdertyd 'n aanduiding van die wurggreep van die tradisie: "Apartheid, word in een verslag verklaar, is die vernaamste euwel in die onderrig van Latyn op skool - aparte grammatika, aparte prosa-stelwerk, aparte geskiedenis, aparte skandering, geen behoorlike poging word aangewend om die vak as 'n organiese geheel te doseer nie."²⁾

1) T.O.D. Notule raad van moderatore, 18 en 19 April 1941.
2) Rapport Taalkommissie, 1941, 19.

(7) Die tyd wat volgens die skoolrooster aan Latyn bestee word.

Skynbaar onbenullig het die werklike tyd, jare en periodes, wat aan Latyn bestee word sy invloed op die samestelling van die leergang. As 'n vierjarige kursus met net vyf periodes per week in die oog gehou word, sal die leergang daar baie anders moet uitsien as vroeër toe Latyn 'n vyf of sesjarige kursus was met tien tot twaalf periodes per week. Die huidige leergange dra ook die stempel van 'n "kort kursus" wat die vlerke vir die ideale hoë vlug kortwiek.

(b) Prinsipiële stellings ten opsigte van die samestelling van 'n leergang vir Latyn.

Ten einde die huidige leergange krities te bespreek en die raamwerk vir die ideale leergang neer te lê is dit nodig om sekere prinsipiële stellings as uitgangspunte neer te lê:

(1) Die doelwit van Latynonderwys: Dit is die sine qua non van elke leergang. Dit moet nie alleenlik die leidende ster op 'n verre afstand wees nie, maar moet die hele leergang omstraal en besiel. Dit moet die verblydende strale van 'n lighuis vir 'n verbysterde onderwyser wees.

Hierdie doelwit is alreeds in 'n vorige hoofstuk vasgelê,¹⁾ maar dit is nodig om nogeens helder te stel dat die hele Romeinse kultuur in sy selektiewe vorm, en waarvan taal en letterkunde 'n baie belangrike maar nie die enigste onderdeel is, die sentrale mikpunt moet wees. Daarom wil ons nie 'n indeling maak van nabysynde /266 en veraf.....

1) Sien hf. V.

en veraf doeleindes nie, iets waarvoor die Amerikaanse opvoedkundiges baie lief is.¹⁾ Al sou 'n kind net een jaar Latyn neem, moet hy nog sy volle waarde vir daardie jaar kry; as dit nog nie bereik kan word in taal en letterkunde nie, dan wel in ander opsigte.

(2) Volgens die eise van indoktrinasië moet ons 'n seleksie uit die Romeinse kultuur doen; vanselfsprekend sal dit daardie deel wees waarop die Afrikaanse en Suid-Afrikaans-Engelse kultuur gegrondves is. Dit is ons insiens die volgende: (a) die Latynse taal en letterkunde; (b) Romeinse geskiedenis veral vanaf 70 v.C. tot 'n kursoriese oorsig van die belangrikste keisers, (met 'n voorstudie oor die uitbreiding van die Romeinse ryk); (c) die Romeinse sosiale lewe, insluitende die leër; (d) die Romeinse konstitusie en regsweese; (e) Romeinse letterkunde en boukuns.

Hieruit moet nou daardie dele gekies word wat nodig is vir 'n grondige begrip van ons eie kultuur. Met intensiewe en vergelykende studie van die belanghebbend kulture behoort dit nie 'n onoorkomelike taak te wees nie.

(3) Hierdie seleksie moet egter ook aan die eise van differensiasie voldoen; dit wil sê die belangstellings van die kinders op daardie bepaalde ouderdomme moet in aanmerking geneem word. Dit bied 'n pragtige arbeidsveld vir die praktiese onderwyser, die kenner van die kind. Die loergang moet dus gegradeerd wees en die aanbieding van die verskillende onderdele van die leesstof moet nie alleenlik bevatlik maar ook interessant vir die leerlinge wees.

(4) Nogtans moet hierdie seleksie 'n totale eenheid vorm,

/267 nie alleenlik

1) Vgl. The Classical Investigation : General Report, 29-82.

nie alleenlik oor die hele kursus nie, maar binne dieselfde jaar en hoofsaaklik in siklusse van twee jaar. Gedurige integrasie is noodsaaklik, want die gebrek hieraan is noodlottig vir die bepaling van die aandag van die leerlinge. Verdere integrasie kan ook die vorm van korrelasie met ander vakke aanneem, veral in die eerste stadia.

(5) Die leerlinge in Suid-Afrikaanse skole begin te laat met Latyn. 'n Sesjarige studie wat met die huidige std. V begin is absoluut noodsaaklik. Dit is egter nie 'n nuwe begrip in die Suid-Afrikaanse onderwysgeskiedenis nie, want tot nie lank gelede was daar baie skole waar hierdie stelsel in gebruik was, en vandag is daar nog enkele skole wat dit toepas. Die stelsel in Europa en Engeland bevestig ook hierdie standpunt.

(6) Die doelwit van die kennis van die Latynse taal is om die Latynse letterkunde te kan lees en geniet. Daarom moet enige middel wat daartoe bevorderlik is alleenlik as middel tot 'n doel bejeen word. Kennis van grammatika, sintaksis en vertaling in Latyn is almal hulpmiddels wat nooit in waarde neffens die lees van die taal geplaas kan word nie. Dis tog eienaardig dat mense wat hierdie metodes ten opsigte van die moderne tale beveg so ontsteld kan voel wanneer daar 'n vermeende geringskatting van die Latynse grammatika en vertaling in Latyn is. Ons standpunt is dat in die vroeëre stadium aandag aan taalkunde pari passu met die leeswerk gegee moet word, maar dat grammatika en veral vertaling in Latyn op hulleself vir hedendaagse Suid-Afrikaanse leerlinge geen doelwit is nie, en as sodanig behandel moet word.

(7) Uniformiteit ten opsigte van die leergange van die provinsiale onderwysdepartemente en die matrikulasieraad is 'n absolute noodsaaklikheid. Latyn word vandag deur 'n klein groepie leerlinge geneem; geen inisiatief kan onder hierdie omstandighede aan die kant van onderwysers, professore of ander belangstellendes verwag word nie; daar heers gevolglik 'n dodende stagnasie waar enige progressiwiteit al by voorbaat in die kiem gesmoor is.

(8) Eksamenvraestelle moet die eintlike doelwit van Latynonderwys dien: hulle moet ligpunte op die pad van die onderwyser wees om die nodige prikkels vir studiekonsentrasie te voorsien. Daarom moet die kontrole daarvan feitlik foutloos wees en die werklike toestand van sake moet daardeur gedurigdeur getoets word.

(c) 'n Kritiese bespreking van die huidige leergange:

Voordat enige kritiek uitgeoefen word wil ons met nadruk beweer dat daar sedert 1942 wat leergange betref 'n uiters gunstige wending gekom het, en dat ons alleenlik waardering daarvoor het. Maar ook 'n leergang is dinamies en sal seker nooit die absolute volmaaktheid bereik nie. Dit bly dus maar 'n relatiwiteit tussen einddoel en praktiese vordering in kennis.

Om die logiese trant te behou beperk ons ons tot die verskillende prinsipiële uitgangspunte reeds genoem.

(1) Die doelwit van Latynonderwys is nie duidelik in die verskillende leergange gestel nie. Daar is wel 'n ligstraal hier en daar waarvan twee voorbeelde voldoende sal wees: (a) Die leergang vir die Junior sertifikaat in die Oranje-Vrystaat het hierdie mooi inleiding:

"As a preliminary introduction to the study of Latin the pupils should be told who spoke the language, and what their origin was; how the nation grew and spread its power over the then known world; the part that the Roman civilisation has played in the development of the civilisation of Western Europe; that Latin was the international language of the West for centuries; and that it is still extensively used in connection with Law. The way in which it has been so largely incorporated into English should be stressed, as also the effect it has had on the other European languages."

Die enigste beswaar teen bogenoemde is dat dit 'n "inleiding" en nie werklik deel van die leergang is nie. Die gedagtegang van die opsteller hiervan was korrek, maar hy moes net die moed gehad het om dit 'n integre- rende deel van die leergang te maak.

'n Tweede ligpunt wat ons in hierdie verband gevind het is die reedsvermelde "memorandum" van prof. Haarhoff: "The main aim at this stage should be to give a pupil a reading knowledge of Latin." En verder word dan deurgaans 'n motivering van die ingeslote onderdele van die leergang gegee.

Maar hierdie doelstellings is ons insiens nog te eng, want die ondervinding het getoon dat die studie dan gedurig neig om bloot taalkundig te word en in abstraksie te verval. Solank die leergang hierdie eng doelwit hand- haaf, solank sal die praktiese onderwys van Latyn lin- guisties bly. Daarom moet die visie verbreed word om die Romeinse kultuur in te sluit.

(2) In die huidige leergange vind ons geen bepaalde

en uitgesogte deel van die Romeinse kultuur wat aan die jeug voorgehou word as die basis van ons eie Westerse kultuur nie. Tewens dit skyn of die leergang hierdie doelwit heeltemaal misloop in die sin dat geen opsigtelike band tussen die twee kulture in die leerstof (dus nie terloops nie) gelê word nie. Geen wonder dus ook dat die gemiddelde matriek-leerling salig onbewus is van die verbasende invloed van die Romeinse kultuur op die Suid-Afrikaanse kultuur is nie.

(3) In die seleksie van leesstof vind ons baie min differensiasie om by die belangstellings van die kinders aan te sluit. Die leergang is stereotiep wat dit betref. Eksaminatore hamer gedurig in hulle verslae oor die junior sertifikaat-eksamen daarop dat die leerlinge selfs in die eerste twee jaar baie meer moet lees.

(4) Die meeste leerlinge kry hulle kursus in sulke brokkies en stukkies dat hulle nie die eenheidsband binne die kursus kan sien nie. Integrasie ontbreek.¹⁾ Ons sou as ideaal wil stel dat die matriekleerling aan die einde van sy kursus 'n eenheidsbeeld van 'n stuk van die Romeinse kultuur moet hê; iets wat dan in sy werklike lewe as westerling vir hom tot onderskraging en genot kan wees. Prof. T.J. Haarhoff stel dit mooi: " 'n Goeie onderwyser sal probeer om die kind in te lei in 'n kultuur anders as die van ons en tog aan die wortels daarvan. Hy sal die kind toon, deur hom iets van die taal, die letterkunde en die geskiedenis te leer dat /271 dat die

1) Vgl. Haarhoff : Primi gradus, IX

dat die Romeine essensieël mense soos ons was, mense van gelyke bewegings as ons, mense wat te doen gehad het met baie van die fundamentele probleme van die moderne wêreld. Hy sal die letter gebruik om die gees te interpreteer; hy sal die idee van die geheel gee om die deel te illumineer.¹⁾ Gee die vier skrywers Cicero, Caesar, Vergilius en Ovidius hierdie eenheidsbeeld? Hulle kan sterk faktore wees om dit te verkry want al vier val binne 'n veelbewoë tyd in die Romeinse geskiedenis, maar dek hulle nie 'n te klein area nie?

(5) Dit is natuurlik nie die samestellers van die leergang se skuld dat ons 'n vierjarige kursus in Latyn in Suid-Afrikaanse skole het nie, maar volgens ons standpunt is hierdie tydperk te kort om 'n behoorlike leerstof-inhoud aan te bied. Hoewel daar gedurende die afgelope paar jaar sterk pogings aangewend is om die leeskursus sover moontlik uit te brei, bly dit nog maar skraal as ons dit bv. vergelyk met die Duitse of Hollandse kursusse.

(6) Daar word nog te veel waarde aan vertaling in Latyn in die verskillende leergange geheg. Enige praktiese onderwyser sal kan bevestig dat of nou 75 of 100 punte uit 300 aan vertaling in Latyn toegeken word, dit nogtans omtrent twee-vyfdes van die tyd in beslag neem, want dieselfde area moet gedek word. Dis ook die rede waarom die onderwysers so kla dat hulle nie tyd vind om vier boeke in twee jaar se tyd deur te lees nie.

/272 Alleenlik....

1) Ibid.

Alleenlik 'n goed gekontroleerde en omvangryke didaktiese eksperiment sal n staat wees om te bepaal of al hierdie tyd bestee aan vertaling in Latyn werklik nodig is om die Latynse literatuur te lees en te verstaan. As die uitslag van so'n eksperiment sou bewys dat vertaling in Latyn nie essensieël is vir die intelligente lees van Latyn nie, dan moet dit onmiddellik uit die leergang verwyder word. Dit het niks met ons eintlike doelstelling te doen nie, en neem te veel tyd in beslag om as onnodige hulpmiddel gebruik te word. Een van die aanbevelings van die "Classical report" is: "The practice in writing Latin be continued throughout the first, second and third years. It may well be omitted from the work of the fourth year in order to allow full time for reading."¹⁾ Oordrewe waardebepling aan vertaling in Latyn is ons insiens een van die hooforsake van die agteruitgang van Latyn op die middelbare skool.

In al die departementele leergange en in die van matrikulasie word te min punte aan vertaling op sig toegeken. In die Vrystaatse leergang (skooleind) tel dit maar 30 uit 300; in Transvaal s'n 35 uit 300; in die matrikulasie-leergang 40 uit 350. Die Kaaplandse leergang het natuurlik geen voorgeskrewe boeke nie. Dit is ons insiens by verre 'n onderskatting van die waarde van vertaling op sig as die eintlike toets van taalkundige vordering. Daardur ontstaan sulke anomalieë soos die reeds genoemde eksaminatorsverslag, waarin die prestasie van leerlinge ten opsigte van vertaling op sig

/273 vertroebel

1) The Classical Investigation, General Report, 124.

vertroebel word met onbenullighede oor grammatika. Histories beskou was dit ook altyd die toets by uitnemendheid gewees. Deur so min punte daaraan toe te ken word vertaling op sig by die leerling as minderwaardig bestempel, terwyl dit tog die veelgesogte doelwit is. Indien Latynonderwys van die beginstadium af volgens die regte leergang en metode onderrig is behoort die laaste eksamen net te bestaan uit: (a) vertaling van voorgeskrewe boeke met inhoudsvrae (120); (b) vertaling op sig, (100), en vrae oor kulturele aangeleenthede (80). Die grammatika en sintaksis wat hulpmiddels is (hoe intelligenter gebruik hoe groter die sukses in vertaling) word net indirek getoets in a en b. Vertaling in Latyn het vandag geen ander waarde as net die van 'n hulpmiddel en word dus in sy resultaat getoets, d.w.s. in a en b.

(d) Die samestelling van 'n ideale leergang:

(1) Die prosedure: In 1941 het die taalkommissie die volgende aanbeveling gedoen: "Ons keur dus die werk van prof. Harhoff goed, nl. dat verteenwoordigende deskundige komitees aangestel word om na die onderrig en die eksamineer van (1) die landstale, (2) Latyn en Grieks, (3) Frans en Duits, en (4) Bantoetale, ondersoek in te stel en na oorweging verslag daaroor uit te bring. Ons beveel aan dat hierdie komitees permanent van aard moet wees."¹⁾

Om die ideale leergang saam te stel wil ons dus so'n permanente en uniale studiekomitee vir Latyn veronderstel.
/274 Die lede

1) Verslag taalkommissie, 1941, 27.

Die lede van die komitee moet professore en onderwysers van die vak insluit, maar dit moet daarbenewens die samewerking van die departemente van onderwys en die hele onderwyspersoneel hê. 'n Praktiese wenk in verband met die samestelling van so'n komitee is die volgende:

Die uniale studiekomitee sal bestaan uit die studiekomitees van die onderwysdepartemente van Transvaal, Kaapland en die Vrystaat en van die matrikulasieraad, met twee of drie verteenwoordigers uit Natal. Die werklike samestelling van die leergang moet voorafgegaan word deur (a) 'n grondige ondersoek na die eintlike doelwit van Latynonderwys in Suid-Afrika en (b) 'n volledige opgawe van die posisie van Latyn in die middelbare skole in Suid-Afrika;¹⁾ (c) 'n omvattende oorsig van die toestanden ten opsigte van Latynonderwys in ander lande wat kultureel aan ons verbonde is.

Die tentatiewe leergang word dan aan provinsiale studiekomitees en aan die onderwyserskorps voorgelê. Aan laasgenoemde kan dit lievers in die vorm van 'n questionnaire gedien word want dit leen homself maklik om ootivoring van die wenke te verkry. Uiteindelik kan die konsep-leergang van al die gesigspunte saamgestel word. Dit is egter nie 'n finale leergang nie maar andersyds word dit as standhoudend vir 'n periode van ses jaar beskou. Alle kragte word nou ingespan om die geldigheid van die idees in die rooster te toets. Die onderwyserskorps kry definitiewe opdragte wat deur opgeleide persone gekontroleer word. Op hierdie wyse kan binne die bestek van ses jaar 'n geweldige hoeveelheid belangrike gegewens oor leerstof en metode ingewin word,

/275 en in die

1) d.w.s. die aanstelling van 'n onderwyskommissie deur die regering.

en in die lig hiervan kan na 'n grondige en wetenskaplike ontleding van versamelde feite, die leergang weer hervorm word.

Die samestellers van die leergang het dan nog die voordeel om aan die einde van ses jaar die produk van daardie bepaalde kursus met 'n eindeksamen te toets. Terselfdertyd moet die kontrole van die eksamenvraestelle ook in die hande van hierdie permanentekomitee wees, sodat daar geen geleentheid vir wanvoorstelling en uitbuiting van persoonlike oortuigings kan wees nie.

Die provinsiale ~~onder~~ wysdepartemente moet die nodige fasiliteite skep om Latyn op nasionale grondslag vanaf std. V te laat doseer. Die Latynonderwyser sal hierdie werk moet doen en gevolglik moet 'n spesiale konsessie ten opsigte van die personeelkwota in die middelbare afdelings gemaak word om te vergoed vir die ekstra tyd wat hy nou aan hierdie twee klasse bestee. Dit sou meebring dat die onderwyser voltyds met Latyn besig kan wees. Dit sal 'n sesjarige kursus in Latyn 'n praktiese moontlikheid maak sonder enige groot omwenteling. Plaatskole sal dan net tot std. IV onderrig kan gee, ook 'n wenslikheid wat al meer en meer inresien en in die praktyk alreeds uitgevoer word.

(2) Die raamwerk van 'n ideale leergang.

Die voorgestelde prosedure by die vasstelling van 'n leergang maak dit al by voorbaat onmoontlik om hier 'n ideale leergang meteens te bepaal. Onderstaande is dus alleenlik wenke wat vir die samestelling van 'n

tentatiewe leergang in aanmerking geneem kan word, en dien ook terselfdertyd om die verskillende gedagtes oor Latynonderwys in hierdie studie uitgespreek te beliggam.

Eerste jaar: (Gemiddelde ouderdom 11 plus) 'n Leesboek moet vir hierdie jaar saamgestel word. Die kind is op 'n stadium dat sy belangstellings wyer vlug slaan, en hy is besonderlik geïnteresseerd in stories van helde. Daarom moet in eenvoudige Latyn verhaaltjies van Rome en sy helde gestel word; veral die manlike deugde soos dapperheid, vaderlandsliefde, opregtheid, huislikheid, eerbaarheid, godsvrug ens. Vir al hierdie deugde is daar skitterende voorbeelde in die Latynse literatuur.

Die leesboek moet so opgestel wees dat dit 'n tweërlei doel dien:(a) Dit moet die besonderhede van die Latynse taal soos verbuigings, vervoegings en sinsbou op sistematiese wyse by die kind tuisbring en (b) dit moet 'n elementêre agtergrond gee van die Romeinse kultuur. Wat a en b betref moet dit korreleer met vakke soos Afrikaans en Engels, geskiedenis, aardrykskunde, rekenkunde (bv. die Romeinse syfers en die kalender van Julius Caesar) natuurstudie, en selfs handwerk waar Romeinse voorwerpe gemaak kan word. (bv. penates en modelle van huise en tempels uit karton of hout).

Tweede jaar: (Gemiddelde ouderdom 12 plus): 'n Leesboek sal aanvanklik ook hier gebruik moet word. Die onderwerpe van behandeling kan nou 'n wyer vlug neem om geografies Italië, Sisilië en Noord-Afrika en Gallië in te sluit (korrelasie met aardrykskunde), boerderybelange (natuurstudie) militêre prestasies (geskiedenis), die

Romeinse boukuns en tempels veral in die tyd van Augustus (om aan te sluit by die bybelgeskiedenis van die nuwe testament), huislike lewe en ontspanningslewe, korrespondensiegeriewe, kleredrag (korrelasie met handwerk), teater ('n eenvoudige drama kan in die oorspronklike kleredrag opgevoer word.)

Indien hierdie kulturele aanbieding in die eerste twee jaar aangebied word sal dit 'n oorweldigende gloed van entoesiasme opwek. Gaandeweg word die Latynse taal aangeleer, en hoewel aan die begin vereenvoudigde Latyn gebruik word, moet die kind so gou as moontlik by die klassieke Latyn uitkom. Die temas van behandeling moet nooit modern wees nie, want die doel is juis om die Romeinse kultuur tuis te bring. Die onderwyser kan die nodige vergelykings tussen toe en nou tref.

Volgens 'n leergang op hierdie trant sal by die kind 'n wye belangstelling vir sy kulturele agtergrond gewek word en hy sal stof aangebied word wat ooreenstem met sy psigologiese ontwikkeling. Die ander korrelerende vakke sal ook geweldig geïnspireer word. Maar die belangrikste is dat die leerling aan die einde van die twee jaar 'n kennisinhoud van die grondlegging van die westerse kultuur weg het om hom vir die res van sy lewe bewus of onbewus by te bly. Daar hoef dus nie na onbenullige nabysynde doelwitte gesoek te word om 'n veraf doelwit te regverdig nie.

Derde jaar: (Gemiddelde ouderdom 13 plus): Soos reeds voorgestel vind hier nou 'n seleksie van leerlinge plaas, hoewel ons die stoute bewering wil waag dat na 'n pragtige kursus van twee jaar Latyn nie meer op

slegte reputasie 'n afskrik vir leerlinge sal wees nie.

Vanaf die derde jaar moet die kulturele agtergrond wat ons graag wil tuisbring by die leerlinge, meer sistematies aangebied word en die leeswerk moet al meer en meer oorslaan na die oorspronklike Latyn van die outeurs. 'n Groot deel van die veld in die eerste twee jaar op baie elementêre wyse gedek, kan nou stelselmatig en met groter omvang en volledigheid behandel word in aansluiting van die besondere belangstelling van die leerlinge op hierdie ouderdom.

Geskiedenis: die konings en die stryd teen Kartago (Afrika) met behulp van vereenvoudigde geskiedskrywing soos Allen: "Tales of Early Rome"; Allen: "Tales of the Roman Republic part II"; Macaulay: "Hannibalian War".

Romeinse helde aan die hand van Nepos.

Daelikse lewe van die Romeine aan die hand van Appleton en Jones se "Puer Romanus" en Paxson se "Two Latin Plays" ('n Romeinse skool en huwelik).

"Die Romeinse roman of novelle" aan die hand van Phaedrus se fables. (Leerlinge stel op hierdie leeftyd veral belang in heldedade en die leefwyse van ander mense in ander lande).

Vierde jaar: (Gemiddelde ouderdom 14 plus):

Geskiedenis: die troebeljare van Sulla tot die dood van Caesar aan die hand van Caesar se "de bello Gallico" en "de bello civili" (uittreksels om 'n eenheid te vorm), met verwysing na die Romeinse militêre stelsel. Aanvullend ook uittreksels uit Eutropius se

"Historia Romana" en Sallustius "Bellum Catilinae" (vereenvoudig).

Die Romeinse teater met vereenvoudigde Latynse dramas bv. "Ludi Persici" van Appletton.

Romeinse Godsdiens aan die hand van Morton se "Legends of Gods and Heroes."

Letterkunde: die Romeinse drama. (leerlinge is op hierdie leeftyd baie lief vir toneelspel en grootdoenerigheid, daarom militêre geskiedenis).

Vyfde jaar: (Gemiddelde ouderdom 15 plus):

Geskiedenis: Augustus met maklike uittreksels uit Suetonius se "Augustus" en Tacitus "Annales I", Romeinse regsweese met een of twee van Cicero se toesprake.

Romeinse sosiale lewe met uittreksels uit Catullus en Ovidius (Tristia).

Heldeverering en mitologie met Vergilius se "Aeneis" en Ovidius se "Metamorphoses".

Letterkunde: 'n Vlugtige oorsig van die goue tydperk (leerlinge is op hierdie leeftyd meer sosiaal, huislik en romanties).

Sesde jaar: (Gemiddelde ouderdom 16 plus).

Geskiedenis: - die keisers met nadruk op Tiberius, Nero, Hadrianus en Konstantyn aan die hand van Plinius se briewe (maklike uittreksels); Augustinus se "civitas dei" of Thomas a Kempis se "de imitatione Christi" (uittreksels) en dele van die vulgata.

Romeinse provinsies en burgerlike regte met dele van Cicero se toesprake en briewe wat hierop betrekking het.

Die epos met 'n boek of gedeelte van 'n boek van Vergilius of die Latynse satire met gedeeltes uit

Horatius se "Sermones" en Juvenalis se "Saturnae", of Latynse liriek met uittreksels uit Vergilius se "Eclogae"; Horatius en Catullus se "Carmina".

Letterkunde: 'n vlugtige oorsig van die silwer tydperk en 'n paar van die belangrikste kerkvaders. (Op hierdie leeftyd vind daar verdieping plaas wat veral uiting vind in die vorming van 'n lewens- en wêreldbeskouing. Daarom word die Christelike kerk se voorgeskiedenis genoem).

(3) Opmerkings in verband met hierdie leergang:

(a) Grammatika, sintaksis en vertaling in Latyn word nêrens genoem nie omdat dit geen doelwit is nie. Dit val onder die afdeling metode, want op stuk van sake is dit maar net hulpmiddels om by die eintlike lees van Latyn te kom.

(b) Die leergang mag miskien te ambisieus lyk in hierdie vorm, maar dit moet in die oog gehou word dat die aandag op leeswerk toegespits word en dat uit die genoemde boeke 'n seleksie gemaak kan word om by die praktiese uitvoerbaarheid aan te pas. Dit is 'uis in hierdie verband dat die onderwyserskorps so'n pragtige studieterrein het om die relatiewe waardes van die verskillende boeke ten opsigte van die voorgestelde studietoek taak vas te stel. Ons wil dan ook **beweer** dat so'n leergang die belangstelling van die onderwyser gaande sal maak en bly behou. Die uniale studiekomitee kan 'n bepaalde leeskursus vir die eerste ses jaar vasstel, en met die versamelde informasie verbeterings aanbring. Daarom is die boeke wat in die leergang genoem is bloot

tentatief, en is die moontlikheid of selfs die waarskynlikheid dat ervare onderwysers en professore uit die staanspoor heelwat verbetering kan aanbring nie uitgesluit nie.

(c) Die eksamens wat op hierdie leergang gebaseer word moet so ingerig word dat dit die eintlike en belangrike saak toets. Daarom sal dit hoofsaaklik bestaan

uit: ¹⁾ (1) Begripstoetse, dit wil sê die beantwoording van inhoudsvrae op 'n gegewe passasie Latyn sonder vertaling daarvan.

(2) Vertaling op sig uit Latyn.

(3) Vertaling van voorgeskrewe boeke met inhoudsvrae.

(4) Vrae oor geskiedenis, letterkunde en antiekwiteite.

Grammatika en sintaksis word indirek deur die vertalings getoets en vertaling in Latyn kom gladnie in aanmerking nie.

(c) Die welslae van die leergang moet daaraan getoets word of dit aan die einde van die kursus 'n totaalbeeld van die Romeinse kultuur by die leerling tuisgebring het. Indien hierdie leergang praktiese moontlik gemaak word in ons middelbare skole, is ons kontensie dat die moontlikheid om daardie doel te bereik in die leergang opgesluit lê.

(e) Dit sou goed wees as sekere aspekte van die leergang eers deur didaktiese eksperiment op kleiner skaal uitgetoets word om die aanneemlikheid daarvan vir onderwysdepartemente te verhoog.

/282 Samevatting:

1) Vgl. The Classical Investigation, General Report, 167.

SAMEVATTING: By die nagaan van die faktore wat die leergange se vorming beïnvloed het kan die van procedure die belangrikste beskou word; en binne hierdie sirkel het die aanbevelings van die moderator in die veertiger jare van ons eeu uniformiteit tot 'n hoë mate bewerkstellig.

Prinsipieel moet die vereistes van 'n leergang eers vasgestel word voordat die bestaande leergange getoets of 'n ideale leergang saamgestel kan word. Die bestaande leergange, hoewel hulle van groot vooruitgang getuig, beantwoord nie al hierdie prinsipiële norme nie.

Die ideale leergang sal 'n sesjarige moet wees en gegradeerd die leerstof aanbied. Terselfdertyd moet die belangstellings van die leerlinge in aamerking geneem word. Die kursus moet 'n eenheidsbeeld van die Romeinse kultuur aanbied. Grammatika, sintaksis en vertaling in Latyn is metodiese hulpmiddels. Onderwysers, professore en ander belangstellendes sal egter deur didaktiese eksperiment die waardebeplanninge van die verskillende onderdele eventueel moet doen.

'n Uniale permanente studiekomitee met uitgebreide mag word voorgestel. Onderwysdepartemente se hulp word verlang en die vorm van eksamenvraestelle moet na gelang van die leergang verander word.

E P I L O G.

Hoewel hierdie studie histories van aard is en dus nie eintlik die terrein van die metodiek van Latynonderwys betree nie, moet volledigheidshalwe tog 'n paar opmerkings daarvoor gemaak word.

Histories is daar in verband met die metode van Latynonderwys nie rigtingslyne aan te toon nie. Die formele metode is blykbaar die enigste wat deurgaans vanaf die vroegste tye gebruik is. Die woorde van die "Committee to inquire into the position of Classics in the Educational System of the United Kingdom" in 1923 som toestande in Suid-Afrika goed op: "It is often objected that while methods of instruction in nearly all other subjects have in the past few years been fundamentally reformed, no similar change except one notable experiment has been made in Classical teaching. It is urged that in most schools with a classical tradition pupils of 14 or 15 are still construing Caesar or Ovid in the same way as their fathers did, and are writing the same kind of sentences or continuous prose and learning the same rules of grammar and syntax, often out of the same books."

Daar is egter getuienis dat voor 1900 meer aandag aan leeswerk bestee is, maar dan moet ook in aanmerking geneem word dat die tyd wat Latyn volgens rooster tot sy beskikking gehad het soveel meer as later was.

Van departementsweë is deur publikasie in amptelike blaaië en rapporte van inspekteurs van middelbare skole /284 sporadies

1) Report Classics Committee, 1923, 139.

sporadies 'n poging aangewend op leiding oor die metode van Latynonderwys te gee . Ons noem 'n paar voorbeelde: dr. W.J. Viljoen, direkteur van onderwys in die "Orange River Colony":¹⁾ "In Latyn wordt het kind niet gauw genoeg geleerd om te lezen. Men dient het kind eerst een weinig spraakkunst te leren, daarna te laten lezen en vertalen, met slechts zoveel hulp als nodig is, en als een kind een stuk goed proza gelezen en van buiten geleerd heeft, dan kan het beginnen te schryven. Als het kind eerst gevoelt dat Latyn een ware taal is, zal het meer belang daarin stellen en zal de vordering sneller en meer bevredigend zyn."

In 1910 skryf die S.G.O. in die Kaap-provinsie:²⁾
"A very suitable conclusion to a Latin reading lesson is for the class to read aloud the passage in Latin, with such intelligent attention to the phrasing that the teacher feels they are following the meaning." In 1912 beklemtoon die S.G.O. weer 'n ander aspek: "Composition is carried only so far as to enable the pupil to understand the syntax of the complex sentence. Some attention is also given in the Latin lesson to the study of the Latin element in English."³⁾

Die Transvaalse inspekteur van sekondêre onderwys wys in 1919 op 'n baie groot wanpraktyk in die onderwys van die vak: "The great need is to devote far more time and attention to continuous reading in prose and verse, and to avoid like poison the type of publication /285 that

-
- 1) Orange River Colony : Verslag direkteur van onderwys, 1909-1910 - 48.
 - 2) Report S.G.E., 1910, 12.
 - 3) Report S.G.E., 1912, 63.

that contains collections of little snippets selected to anticipate and outwit the examiner. This kind of production and the prescribed book between them have done much to debase the teaching of Latin in this country." ¹⁾

In die 1917 handboek van die Transvaalse onderwysdepartement word in die "Lower Certificate" 'n leergang volgens die nuwe direkte metode en die ou formele metode ²⁾ gegee. Hiervan sê die inspekteur van middelbare skole: "Zowel de ~~oude~~ als de direkte metode is nu verteenwoordig by het onderwys op de hogere scholen, en op twee scholen word uitstekend werk gedaan onder het laatgenoemd stelsel. Het zou de moeite waard zyn op een van de grootste scholen de beide stelsels onderwezen te zien in parallelklassen met gelyk materiaal en met hetzelfde degelijke onderwys de gehele kursus door, vooral in dit vak hangt zoveel af van de persoonlike kracht van de onderwyzer, dat het moeilik te schatten is welk deel van het bereidte sukses te danken is aan de onderwyzer en welk deel aan het stelsel."

Die direkte metode waarna hier verwys word is natuurlik die wat sy beste ontwikkeling in die Perse skool te Cambridge onder leiding van dr. W.H.D. Rouse gehad het. Dit het in Engeland en in Europa aan die begin van die twintigste eeu groot opgang gemaak, maar word vandag meer krities bejeen, en gaan inderdaad ook mank aan ernstige gebreke. Die bekende taalboekie "Primi Gradus" van prof. T.J. Haarhoff is 'n poging om hierdie metode vir die Afrikaanssprekende leerling toeganklik te maak.
/286 Dit is

1) T.O.D. Rapport van direkteur van onderwys, 1919, 81.

2) Ibid., 1918, 100.

Dit is tewens ook die enigste Suid-Afrikaanse handboek vir hierdie metode; want die ander groot getal leerboeke volgens hierdie metode in Suid-Afrika beskikbaar kom van Engeland en Amerika.

Behalwe vir die poging in Transvaal en van enkele onderwysers om die direkte metode toe te pas kan ons veilig konstateer dat die formele metode met sy verskillende nuanses die tradisionele metode in Suid-Afrikaanse skole is. Dit is egter nie sonder rede nie want daar is hoofsaaklik vier faktore wat 'n onderwyser se metode bepaal: (1) Sy opleiding aan die universiteit; (2) Die leerstof, dit wil sê die leergang; (3) Die leerboeke; en (4) die eindeksamens. Tot dusver het al vier hierdie faktore die formele metode aan die hand gewerk.

Indien daar 'n nuwe visie in die onderwys van Latyn verlang word (en daar is sekerlik 'n skreeuende behoefte daaraan) moet hierdie vier faktore ontleed en aan hervorming onderwerp word voordat 'n nuwe bedeling in die metode van Latynonderwys verwag kan word. Dit is ons insiens die fout wat die voorstanders van die direkte metode met hulle lofwaardige poging gemaak het: hulle het van die verkeerde kant begin hervorm. Voordat 'n mens die "hoe?" kan bepaal moet die "wat?" eers vasgestel word. Inhoud kom voor metode. Die mislukking lê dus daarin dat die direkte metode 'n oninteressante en bloedlose inhoud deur die metode van aanbieding aanneemlik wou maak - 'n onmoontlike taak.

Ons stel dus voor om eers op die inhoud (leergang) die soeklig te laat val. Hierdie studie wil in alle beskeidenheid 'n deeltjie daartoe bydra. Wanneer volgens die voorgestelde prosedure die chirurg se mes die diep-

verstoek kwaad hierin ontdek het en die geneesmiddels aangewend is, moet met volle aandag die tweede deel van die probleem, die metode van Latynonderwys, grondig ontleed en wetenskaplik opgelos word.

Die volgende sake sal dan as metodiese hulpmiddels bestudeer moet word: (1) Die opleiding van Latynonderwysers aan ons universiteite; (2) die daarstelling van leerboeke wat die inhoud en gees van die nuwe leergang kan vertolk. Hierdie leerboeké moet deur Suid-Afrikaanse geleerdes vir Suid-Afrikaanse leerlinge in Afrikaans en Engels (identies tot selfs wat bladsye betref) geskryf word om 'n Suid-Afrikaanse vertolkking van die Romeinse kultuur te verwesenlik; (3) die hervorming van ons eksamenstelsel om as 'n metodiese hulpmiddel en eind-toetsmiddel aan sy doel te beantwoord; (4) die relatiewe waarde van vertaling in Latyn; (5) die relatiewe waarde en beskikbaarstelling van ander hulpmiddels soos kaarte, prente, teateruitrusting, gipsbeeldjies, ens.; (6) die mees ekonomiese orde waarin die Latynse woordvorming en sinsbou aangebied moet word; (7) die doeltreffende wyse waarop woordeskat opgebou word; (8) 'n studie van die leerproses met besondere verwysing na Latyn; (9) die daarstelling van 'n geskikte aanvullende boekery oor al die aspekte van die Romeinse kultuur.

Latynonderwysers en opvoedkundiges het dus 'n groot braakland, en indien die ontginning ferm aangepak word sal die entoesiasme en nuwe besieling hoog oplaai. Maar al hierdie werksaamhede kan eers plaasvind nadat die kwessie van leerstof besleg is want 'n studie oor metode sal merendeels empiries moet wees.

As die westerse kultuur vir Suid-Afrikaanse burgers dierbaar is, moet die skel wekroep van die bekommerde onderwysers en liefhebbers van die klassieke tot die ore van onderwysdepartemente en navorsingsburo's deurdring, want die fundamente van daardie beskawing sal deur gebrek aan kennis van grondbegrippe wat ver in die verlede lê verkrummel en ons hele kulturele struktuur in puin lê: *sublatis studiorum pretiis, etiam studia peritura.*
(Tacitus : Annales XI-7)

Die belangrikste prinsipiële stellings wat in hierdie studie gebesig is.

1. Die Romeinse kultuur vorm die agtergrond en tot 'n groot mate die inhoud van die westerse beskawing.
2. Die doelwit van Latynonderwys op die middelbare skool is om die essensiële deel van die Romeinse kultuur aan die leerling tuis te bring.
3. Die Romeinse kultuur is hoofsaaklik in die Latynse letterkunde beliggaam; daarom is 'n kennis van die Latynse taal 'n noodsaaklike sleutel vir toegang tot die grondbegrippe van die westerse beskawing.
4. Die wanvoorstelling dat Latyn alleenlik dien om 'n dieper kennis van die Engelse taal te bekom, het die saak van Latynonderwys groot skade berokken.
5. Eweveel nadelig vir die ontplooiing van die vak is die feit dat Latyn deurgaans aan Afrikaanssprekendes deur medium Engels onderrig word. Daardeur ly die Afrikaanse taal ook skade.
6. Latynonderwys behoort op nasionale grondslag vir twee jaar aan alle leerlinge van die huidige standerds V en VI onderrig te word. Hoewel dit die naam van Latynonderwys dra is dit eintlik Romeinse kultuur met die Latynse taal as draer daarvan.
7. Na twee jaar nasionale onderrig moet Latynonderwys vir vier jaar lank in elke middelbare skool ter beskikking van elke leerling wat dit verkies gestel word.
8. Die skooleindkursus behoort sewe vakke in te sluit en die keuse moet so gereël word dat leerlinge wat aanleg vir tale het Afrikaans, Engels, Latyn, Grieks en Duits of Frans kan neem.
9. Daar behoort 'n uniale studiekomitee vir Latyn te wees om leergange, eksamenvraestelle en metode vir al die

provinsies of uniforme basis te reël.

10. Die leergange vir die voorgestelde sesjarige Latynkursus moet die Romeinse kultuur soos verteenwoordig in die Latynse letterkunde op stelselmatige wyse volgens die belangstellings en bevattingsvermoë van die leerlinge aanbied.

11. Die toets vir die welslae van die kursus al dan nie is geleë in die mate waarop die leerling 'n eenheidsbeeld van die Romeinse kultuur aan die einde van sy kursus verwerf het.

12. 'n Totale hervorming van die leergang is noodsaaklik voordat nuwe metodes aangewend kan word.

13. Die eksamenvraestelle moet so ingerig word dat dit die eintlike doelwit dien. Daarom moet die verwerwe kennis van grammatika en sintaksis alleenlik indirek getoets word.

14. Vertaling in Latyn is 'n metodiese hulpmiddel, en maak as sodanig nie 'n deel van die leergang uit nie.

15. Die relatiewe waardes van sommige samestellende dele van leerstof moet onder leiding van die uniale studiekomitee en met behulp van die onderwyserskorps deur gekontroleerde didaktiese eksperiment bepaal word.

16. Die formele metode is in Suid-Afrikaanse skole tradisioneel. In die plek daarvan word 'n leesmetode in vooruitsig gestel, onderworpe aan die praktiese uitvoerbaarheid van die voorgestelde leergang en verdere didaktiese eksperiment ten opsigte van sekere aspekte van metode.

17. Die tyd is ryp vir die stigting van 'n klassieke bond en die uitgee van 'n blad aan die klassieke gewy.

18. 'n Nuwe visie vir die welsyn en oplewing van Latynonderwys in ons skole is noodsaaklik. Dit sal verseker kom as ons weer opnuut glo dat vir die behoud van die westerse beskawing in donker Afrika selfs vandag nog in 'n oordragtelijke sin alle paaie na Rome lei.

B I B L I O G R A F I E.

- Allport, G.W. : Personality, Constable, Londen, 1938.
- Argiefstukke : S.G.E. - Kaapse argief.
: C.O. Letters received (seleksie).
: C.O. Letters despatched (seleksie).
- Arnold, Matthew : Higher Schools and Universities in
Germany, Macmillan, Londen, 1892.
- Aschmole, S.G. : The Classics and modern training,
Pitman, New York, 1905.
- Bagley, W.C. en : An introduction to teaching, Macmillan;
Keith, J.A. : New York, 1924.
- Ballard, : The changing school, Hodder and
Strongton, Londen, 1925.
- Bavink, H. : De Nieuwe opvoeding, Kok, Kampen, 1917.
- Bavinck, J.H. : Persoonlykheid en wêreldbeskouwing,
Kok, Kampen, 1928.
- Bennet C.E. en : The teaching of Latin and Greek in
Bristol, G.C. : the secondary school, Longman's,
: Green en Kie., 1901.
- Board of Educa- : Curriculum and Examinations in
tion. : Secondary Schools, Londen, 1943.
- Board of Educa- : Memorandum on the present position of
tion. : Latin and Greek in Grant-aided second-
: ary schools in England, Londen, 1929.
- Board of Educa- : Suggestions for the teaching of
tion. : Classics, Londen, 1939.
- Board of Educa- : The education of the adolescent,
tion. : Londen, 1926.
- Board of Educa- : Report of the consultative committee
tion. : on the differentiation of the curri-
: culum for boys and girls respectively
: in secondary schools, Londen, 1923.
- Board of Educa- : Secondary Education in the states of
tion. : New York and Indiana, Londen, 1928.
- Board of Exami- :
ners. : Reports (1858-1873).
- Bobbit, F. : How to make a curriculum, Houghton
Mifflin & Co., 1924.
- Bobbit, F. : The curriculum, Houghton Mifflin
and Co., 1918.

- Bot, A.K. : Honderd jaar onderwys in Transvaal, Staatsdrukker, Pretoria, 1936.
- Bouscaren, T.L. : Artistic translation as an aid to English composition, Classical Journal, April, 1923.
- Boyd, W. : The history of Western Education, Black, Londen, 1928.
- Brereton, C. : Studies in foreign education, Harrap, Londen, 1913.
- Brink, W.G. : Directing study activities in secondary schools, Doubleday Doran, New York, 1937.
- Bühler, C. : From birth to maturity. Londen, 1937.
- Burger, H. : Die hervorming van ons middelbare onderwys en die klassieke opleiding, 1922.
- Butts, R.F. : A Cultural history of education, McGraw - Hill Book Company, New York, 1947.
- Charters, W.W. : Curriculum construction, Macmillan, 1923.
- Clement, J.A. : Curriculum making in secondary schools, Holt & Co., 1923.
- Coetzee, J. Chris: Beginsels en metodes van die middelbare Onderwys, van Schaik, 1947.
- Coetzee, J. Chris: Die moderne opvoeding, van Schaik, Pretoria, 1939.
- Coetzee, J. Chris: Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1944.
- Coetzee, J. Chris: Onderwys in Transvaal, van Schaik, Pretoria, 1941.
- Coetzee J. Chris : Opvoedkundige teorie en praktyk deur die eeue, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1943.
- Coetzee, J. Chris: Vraagstukke van die opvoedkundige politiek, Die Weste, Potchefstroom. 1930.
- Coetzee, W.N. : Die geskiedenis van Latynonderwys in Kaapland tot 1839. Stellenbosch, Ongepubliseerde verhandeling.
- Colvin, S.S. : An introduction to high school teaching, Macmillan, New York, 1926.
- Corcoran, T. : Studies in the History of Classical Teaching, Longmans, Green & Co., Londen, 1911.

- Cox, P.W.L. : Curriculum adjustment in the secondary school, Lippincott, Londen, 1925.
- Cruickshand, A.H.: Notes on the advance of Greek and Latin scholarship in 1910, Durham, 1911.
- Cubberley, E.P. : The History of education, Constable, Londen, 1920.
- Dale, F.R. : On the teaching of Latin, Constable, Londen, 1915.
- Deetweiler, P. : Didaktik Methodik des Lateinschen Unterrichts.
- Departemente van Onderwys. : Kaap-provinsie, Natal, Oranje-Vrystaat, en Transvaal (ig. twee insluitende republiek, kroonkolonie en provinsie).
Eksamenvraestelle (volledig.)
Handboeke vir departementele skool-eksamens (senior en junior).
Notule van eksamenrade (d.e.k. en raad van moderatore).
Omsendbriewe aan skoolhoofde.
Onderwyswette (volledig).
Rapporte van S.G.O. en direkteure van onderwys (volledig).
Rapporte van onderwyskommissies (volledig).
Rapporte van eksaminatore. (volledig).
- de Vos, H.J. : Moedertaalonderwys in de Nederlanden, (dte. I en II), Turnhout, 1939.
- Dewey, J. : Schools of to-morrow; Dutton, New York.
- Dillard, J.H. : A sin against Latin, School and Society, 15 April, 1922.
- Donaldson, J.W. : Classical scholarship and classical learning, Deighton, Bell & Co., Cambridge, 1856.
- Douglas, A.A. : Modern methods in High school teaching, Houghton Mifflin, Boston, 1926.
- Draper, E.M. : Principles and techniques of curriculum making, Appleton, New York, 1936.
- Duggan, S.P. : A student's textbook in the history of education, Appleton, New York, 1927.
- du Toit, P.S. : Onderwys in Kaapland, 1652-1939, van Schaik, Pretoria, 1940.
- Eby, F. en Arrowood, C.F. : The development of modern education, Prentice Hall, New York, 1947.
- Education Office Notices, 1895-1901.
- Education official pamphlets, (1900-1907).

- Foght, Hope, Kandal,
Russel, Sandiford : Comparative education, Dent & Sons,
Londen, 1927.
- Game, J.B. : Teaching High School Latin, Appleton,
New York, 1929.
- Gedenkboek van die Teologiese Seminarie, Stellenbosch,
(1859-1934).
- Gemeenskaplike : Eksamenvraestelle vir matrikulasie.
Matrikulasieraad : Handboek vir matrikulasie.
Notule van matrikulasieraad.
Rapporte van eksaminatore.
- Giles, McCutchen, Zechiel : Exploring the curriculum, Harper,
New York, 1942.
- Graves, J. : Policy and progress in secondary
education, Nelson, Londen, 1943.
- Gray, M.D. : The teaching of Latin, Appleton,
New York, 1929.
- Haarhoff, T.J. : Die klassieke in Suid-Afrika, van
Schaik, Pretoria, 1931.
- Hale, W.B. : The art of reading Latin, Atkinson,
1929.
- Hearnshaw, F.J.C. : Education advancement abroad, Harrap,
& Co., Londen, 1925.
- Hecker, E.A. : The teaching of Latin in Secondary
Schools, Schoenhob, 1909.
- Irwin, S.T. : Why we learn Latin and Greek, Constable,
Londen, 1904.
- Janssen, J. en Visser, S. : van Plato tot Decroly, Purmerend,
: 1947.
- Joint Committee on curriculum - the changing curriculum,
Appleton, New York, 1937.
- Jones, W.H.S. : The teaching of Latin, Blackie, Londen.
- Judd, C.H. : Psychology of Secondary Education
(hf. XII), Gim & Co., 1927.
- Kandel, J.L. : Educational yearbook of the international
institute of teachers college. Bureau
of publications, Columbia University,
New York, 1934.
- Kelsey, F.W. : Latin and Greek in American Education,
Macmillan, 1927.

/ Kemp,

- Kemp, E.L. : History of Education, Lippincott, Philadelphia, 1901.
- Keyter, J. de W. : Opvoeding en Onderwys, Nasionale Pers, Bloemfontein, 1936.
- Koos, L.V. : The American secondary school, Ginn, Boston, 1927.
- Leach, A.F. : Educational Charters and documents, 598 - 1909, Cambridge, 1911.
- le Clus, P.G. : 'n Histories-kritiese studie van die administratiewe organisasie van middelbare onderwys aan blankes in Kaapland gedurende die twintigste eeu - 1946. Ongepubliseerde proefskrif.
- Leggot, G.H. : Shall my son learn Latin, Juta, Kaapstad.
- Livingstone, R.W. : A defence of classical education, Macmillan & Co., Londen, 1917.
- Lugtenburg, A.H. : Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, van Schaik, Pretoria, 1925.
- Malan, W. de Vos : Tendencies in Secondary Education, New York, 1923.
- Malherbe, E.G. : Educational adaptations in a changing society, Juta en Kie., Kaapstad, 1937.
- Malherbe, E.G. : Education in South Africa, Juta en Kie., Kaapstad, 1925.
- Mckerron, M.E. : A History of Education in South Africa (1652-1932), van Schaik, Pretoria, 1934.
- Monroe, W.S. en Engelhart, M.D. : The scientific study of educational problems, Macmillan, New York, 1936.
- Moormann, J.G.M. : De moedertaal, een didaktiek voor het middelbaar onderwys, Utrecht, 1936.
- Norton, J. en Norton, A. : Foundations of curriculum building, Ginn & Co., Boston, 1936.
- Norwood, Cyril, : The English tradition of education, Murray, Londen, 1931.
- Odell, C.W. : Educational measurement in high school, Century, New York, 1930.
- Paulsen, F. : German Education, past and present, Unwin, Londen, 1908.
- Pelzer, A.N.P. : Die reëling vir, en die organisasie van die laer, middelbare en voorbereidend-hoër onderwys in Nederland met 'n vergelykende toepassing op ooreenkomstige verhoudinge in die Unie van Suid-Afrika, Amsterdam, 1940.

- Province of Transvaal. : Report of Education commission, Pretoria, 1920.
- Ramsay, G.G. : The classics and popular education, address delivered at the second annual meeting of the Scottish Classical Association, 5th December, 1903.
- Raymont, T, : The principles of education, Longmans, Green en Kie., Londen, 1927.
- Report of the Committee appointed by the prime minister to enquire into the position of Classics in the Educational System of the United Kingdom, Londen, 1923.
- Ritchie, W.F. : The History of the South African College (2 vols.) Maskew Miller, Kaapstad, 1918.
- Roberts, R.D. : Education in the nineteenth century, Cambridge, 19
- Roman, F.W. : The new education in Europe, George Routledge and Sons, Londen, 1930.
- Rombouts, F.S. : Leerboek der historiese pedagogiek, Amsterdam, 1929.
- Rouse, W.H.D. : Latin on the direct method, Londen, 1925.
- Russel, J.E. : German Higher Schools, Longmans, Green en Kie., Londen, 1899.
- Sandys, J.E. : A short history of classical scholarship, Cambridge, 1915.
- Smith, W.A. : Secondary Education in the United States, Macmillan, New York, 1932.
- Smuts, J.A. : The education of the adolescent in South Africa, Juta, Kaapstad, 1937.
- Steenkamp, L.S. : Onderwys vir blankes in Natal, J.L. van Schaik, 1941.
- Taute, B. : Opvoedende onderwys, Unie- volkspers, 1938.
- Transvaal : Administration reports for 1902, Pretoria, 1903.
- The American Classical League : The Classical Investigation, part I and III, New York, 1934.
- The Claim of antiquity - issued by the councils of societies for the promotion of Hellenic and Roman studies and of the classical association, Oxford University Press, 1927.
- The Education Gazette - (1907-1947).
- The Education Manual (1883-1895).

The school for the reform of Latin teaching, report of the first meeting at Bangor, August, 1911. Bell & Sons, Londen, 1911.

The Value of the Classics, Princeton University Press, 1917.

The Year's work in classical studies, 1906-1939, Murray, Londen.

- Tydskrifte : Die Huisgenoot, 11/11/32, 1/5/36.
Die Erziehung, 3/33, 4/34, 9/37, 8/38.
Die skoolblad, 5/41, 6/41.
Die Unie, 10/35, 11/41, 2/42.
Educational administration and supervision, 2/32, 10/38, 3/41.
Education, 5/45.
Journal of educational psychology, 3/25, 11/22, 3/23, 10/28, 2/32, 10/33.
Kwartaalblad vir middelbare skole, 6/22, 9/22, 6/23, 9/24, 3/26, 3/28, 3/29, 3/30, 9/30, 12/30, 10/34, 9/37, 3/40.
School and Society, 6/2/32, 11/3/33, 13/11/37, 5/11/38, 5/3/41, 3/5/41, 2/8/41, 4/2/42.

School Review, 10/27, 2/28, 3/28, 11/28, 1/34, 11/37, 10/38, 2/44, 6/44.

The New Era, 6/31, 2/35.
Transvaal educational news, 3/37, 9/38.
- Uhl, W. : Secondary School curricula, Macmillan, New York, 1927.
- Uhl, W.L. and Others. : The supervision of Secondary subjects, : Appleton, New York, 1929.
- Unie Onderwys-departement. : Verslag van die komitee om ondersoek : in te stel na die stand van tale in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel, Pretoria. 1941.
- Unie van Suid-Afrika.. : Verslag van de Onderwyskommissie in : Transvaal, Pretoria, 1920.
- Union of South Africa. : Report of the commission on technical : and vocational education, 1943.
- Universiteit van Kaap die Goeie Hoop. : Kalenders 1874-1917. Cape University : Gazette.
- Valentine, C.W. : Latin, its place and value in education, : Londen, 1935.
- Walker, E. A. : The South African College and the Uni- : versity of Cape Town, Cape Times, : Kaapstad, 1929.
- Warren, E.P. : Classical and American education, : Blackwell, Oxford, 1918.

- Welton, J. : Principles and methods of teaching,
Tutorial press, London, 1929.
- West, A.F. : The value of the classics, Princeton,
1917.
- Wilson, J.D. : The Schools of England, Sidgwick &
Jackson, London, 1928.
- Woltjer, J. : Ut cognoscant te, Amsterdam, 1923.
- Woodring, M.W. : A study of the quality of English into
Latin translations, Columbia, 1925.